# DIE VERBAND TUSSEN DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS BY VOLWASSENES EN VERWERPING DEUR HULLE OUERS IN HUL KINDERJARE.
# 'N VERKENNING MET DIE OOG OP PASTORALE BEDIENING.

**Magrieta Elisabeth Pieterse**

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium in Praktiese Teologie aan die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus

Studieleier: Prof GA Lotter

Medestudieleier: Dr V Combrink

Potchefstroom

2006

**Kinders leer wat hulle lewe**

'n Kind wat met kritiek lewe, leer om te veroordeel.
'n Kind wat met vyandigheid lewe, leer om te veg.
'n Kind wat met spot lewe, leer om skaam te wees.
'n Kind wat met skaamte lewe, leer om skuldig te wees

'n Kind wat met verdraagsaamheid lewe, leer om geduldig te wees.
'n Kind wat met aanmoediging lewe, leer selfvertroue.
'n Kind wat met lof lewe, leer om te waardeer.
'n Kind wat met billikheid lewe, leer regverdigheid.
'n Kind wat met veiligheid lewe, leer om geloof te hê.
'n Kind wat met goedkeuring lewe, leer om van hulleself te hou.

As kinders met aanvaarding en vriendskap lewe,
leer hulle om Liefde in die Wêreld te vind.

(Vertaling van Dorothy Law Nolte se gedig, geskryf in 1954. *Uit* Drane, J. & Fleming-Drane, O.M, 2004:42.)

## REJECTION

I'm really not quite good enough; I do not make the grade,
I have REJECT stamped all over me; I would love to be remade.
If only I was like my brother, or even sister Kate,
But I am a total failure, a reject – second rate!
Anything I try to do just ends up in a mess,
I feel that I'm a zero, and believe I'm even less.
So I built a wall to hide behind, and buried all my fear,
No one could come close to me, I wouldn't let them near/
I dug myself a hiding place; it was both deep and black,
And I could run there safely, and never need come back.
Then Jesus came along one day, and took me by the hand,
He whispered, oh, so gently, "Here, let me help you stand.
I came to open prison doors, to set the captives free,
I know just what rejection means; they nailed me to a tree.
But death could never hold me; I am risen from the dead,
Now I have come to set you free." Yes, this is what He said.
He told me that He loved me, in me He does delight.
I bowed in adoration and submitted to His will,
He knocked my wall right over; the deep black hole did fill!
He flooded me with Sunlight, the release of His great love,
He led me in His freedom, it covered like a glove.
I am loved by God my father, and by Him am accepted,
Covered in His righteousness, I no longer feel rejected.
I am completely different; my life is not the same,
Oh thank you, precious Jesus, praise you holy name.
For now I live in victory, and every day I sing,
All praise to my deliverer, Jesus Christ the King.'

*"The Lord is close to **the brokenhearted,** and saves those who are **crushed in spirit.**"* Ps. 34:18 (emphasis added) (*In* Excuse me ... Your Rejection is showing. Gibson & Gibson, 1992:250).

**VOORWOORD**

My opregte dank aan:

- My Hemelse Vader vir sy wysheid, insig, krag en hulp. Hy het my dikwels opgetel en Deut. 33:27 in my lewe waargemaak – Hy was 'n skuilplek én sy arms was altyd onder my.

- My man, Frans, vir sy geduld, begrip, bystand, hulp, opoffering, onderskraging en aanmoediging deur al die maande. Hy was my stut en steun!

- My dogter, Mariët, vir al die harde, opofferende, tydrowende werk op die rekenaar. Sy was 'n onontbeerlike hulp en is 'n ster!

- Enoné Walkenshaw vir die flinke tik van die laaste vier hoofstukke, asook al die bylaes en bekomende stukke.

- My studieleier, prof. George Lotter vir sy positiewe en wyse kommentaar; en sy onontbeerlike hulp, veral op die einde van my navorsing.

- My mede-studieleier, dr. Vorster Combrink, vir sy wyse leiding en opbouende kommentaar; vir die flinke manier waarop my hoofstukke nagegaan en teruggestuur is. Sy kalme aanmoediging was 'n riem onder die hart!

- My vriendinne, Cheryl Hoffman en Henriëtta Klaasing vir hulle getroue gebede, asook hulle volgehoue belangstelling en aanmoediging.

- My taalversorger, Ans Wolmarans, vir haar spoedige en flinke diens.

- Gerda van Rooyen van Ferdinand Postma Biblioteek vir haar bereidwilligheid om soektogte vir bronne op tou te sit.

- Dr. Ansie Pieterse uit wie se lewe ek geleer het dat 'n mens in die ouderdom nóg uitdagings aanpak. Sy het my altyd aangemoedig en in my studies belanggestel. Al lewe sy nie meer om die voltooiing van my verhandeling te sien nie, weet ek sy sou op my trots gewees het.

**Hierdie navorsing word opgedra aan:**

Alle volwassenes wat deur ouerverwerping in hul kinderjare verwond is. Mag elkeen van julle spoedig genesing deur God se wonderlike liefde en aanvaarding ervaar. Mag julle eendag soos Paulus uitroep: *"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet."* (Rom. 8:37). Mag die refrein van hierdie lied ook eendag die getuienis van Jesus Christus se helende en opheffende krag verwoord.

*You raise me up, so I can stand on mountains,*
*You raise me up, to walk on stormy seas,*
*I am strong, when I am on Your shoulders,*
*You raise me up to more than I can be.*

## INHOUDSOPGAWE

# DIE VERBAND TUSSEN DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS BY VOLWASSENES EN VERWERPING DEUR HULLE OUERS IN HUL KINDERJARE.
# 'N VERKENNING MET DIE OOG OP PASTORALE BEDIENING


HOOFSTUK 1: INLEIDING

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | TITEL | 1 |
| 1.3 | ORIËNTERING | 1 |
| 1.4 | PROBLEEMSTELLING | 2 |
| 1.4.1 | Inligting uit die literatuur | 2 |
| 1.4.2 | Leemte in die huidige kennis oor die onderwerp | 5 |
| 1.4.3 | Die area waarin 'n nuwe bydrae gemaak kan word | 5 |
| 1.4.4 | Onlangse navorsing | 6 |
| 1.4.5 | Onbeantwoorde vrae | 7 |
| 1.4.6 | Aktualiteit | 8 |
| 1.5 | NAVORSINGSVRAAG | 9 |
| 1.6 | DOELSTELLING EN DOELWITTE | 10 |
| 1.6.1 | Doelstelling | 10 |
| 1.6.2 | Doelwitte | 10 |
| 1.7 | SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT | 10 |
| 1.8 | METODE VAN ONDERSOEK | 11 |
| 1.9 | HOOFSTUKINDELING | 12 |
| 1.10 | SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE AAN TE DUI | 13 |

HOOFSTUK 2: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE VERBAND TUSSEN OUERVERWERPING EN DIE KIND SE LATERE MENSEVERHOUDINGS

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 15 |
| 2.2 | METATEORIE | 15 |
| 2.2.1 | Inleiding | 15 |
| 2.2.2 | Die term metateorie | 15 |
| 2.2.3 | Die verband tussen psigiatrie, psigologie en pastoraal | 16 |
| 2.2.4 | Samevatting | 16 |
| 2.3 | OUERVERWERPING | 16 |
| 2.3.1 | Inleiding | 16 |
| 2.3.2 | Die aard van ouerverwerping | 16 |
| 2.3.2.1 | Aktiewe ouerverwerping | 17 |
| 2.3.2.2 | Passiewe ouerverwerping | 18 |
| 2.3.3 | Intensiteit van ouerverwerping | 19 |
| 2.3.4 | Tydsduur van ouerverwerping | 19 |
| 2.3.5 | Kritieke tydperk van ouerverwerping | 19 |
| 2.3.6 | Atmosfeer van ouerverwerping | 20 |
| 2.3.7 | Worteloorsake van ouerverwerping | 20 |

2.3.8 Samevatting ... 21
2.4 DIE VERWERPTE KIND SE SOSIALISERING ... 21
2.4.1 Inleiding ... 21
2.4.2 Die aard van sosialisering ... 21
2.4.3 Sosialiseringsagente ... 22
2.4.3.1 Ouers ... 22
2.4.3.2 Portuurgroep ... 30
2.4.4 Die kind se sosiale verhoudings buite sy ouerhuis ... 32
2.4.5 Sosiale interaksies ... 34
2.4.6 Samevatting ... 35
2.5 DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERWERPTE KIND SE SOSIALE SELF.. 37
2.5.1 Inleiding ... 37
2.5.2 Die self ... 38
2.5.3 Die selfkonsep ... 39
2.5.4 Die selfbeeld ... 40
2.5.5 Die selfwaarde ... 41
2.5.6 Samevatting ... 42
2.6 DIE KIND SE HANTERING VAN OUERVERWERPING ... 43
2.6.1 Inleiding ... 43
2.6.2 Uniekheid in hantering ... 43
2.6.3 Ontkenning ... 43
2.6.4 Vrees vir verwerping ... 44
2.6.5 Selfverwerping ... 45
2.6.6 Rebellie / aggressie (uiterlik) ... 45
2.6.7 Die afwesige vader-sindroom ... 46
2.6.8 Sensitiwiteit ... 46
2.6.9 Veerkragtigheid ... 47
2.6.10 Samevatting ... 47
2.7 DIE VERWERPTE KIND SE DESTRUKTIEWE SOSIALE VERHOUDINGS IN SY VOLWASSENHEID ... 47
2.7.1 Inleiding ... 47
2.7.2 Die volwassene se belewing van kinderjare-verwerping ... 47
2.7.3 Volwasse verdedigingsstyle ... 50
2.7.3.1 Herlewing ... 50
2.7.3.2 Weerhouding ... 51
2.7.3.3 Martelaarskap ... 51
2.7.3.4 Misbruik van psigiese pynstillers ... 51
2.7.3.5 Fantasie ... 51
2.7.3.6 Destruktiewe verbintenisse ... 51
2.7.4 Disfunksionele sosiale verhoudings ... 52
2.7.5 Samevatting ... 55
2.8 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS ... 55
2.9 SLOT ... 60

HOOFSTUK 3: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN OUERVERWERPING EN DIE KIND SE LATERE DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS
3.1 INLEIDING ... 61
3.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK ... 61
3.3 EMPIRIESE NAVORSING ... 61

3.4 METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK ... 62
3.5 KWALITATIEWE NAVORSING ... 62
3.5.1 Waarde van kwalitatiewe studie ... 62
3.5.2 Kenmerke van kwalitatiewe studie ... 63
3.5.3 Afbakening en implementering van die kwalitatiewe navorsing ... 63
3.6 MEDEDELINGS VAN GESPREKSGENOTE ... 67
3.6.1 Gevallestudie 1 – A ... 67
3.6.1.1 Optrede van die verwerpende ouer ... 68
3.6.1.2 Reaksie van die gespreksgenoot op ouerverwerping ... 68
3.6.1.3 Die verband tussen ouerverwerping en die gespreksgenoot se sosiale verhoudings ... 70
3.6.1.3.1 Algemene menseverhoudings ... 70
3.6.1.3.2 Romantiese verhoudings ... 70
3.6.1.4 Samevatting ... 71
3.6.2 Gevallestudie 2 – B ... 73
3.6.2.1 Optrede van die verwerpende ouer ... 73
3.6.2.2 Reaksie van die gespreksgenoot op ouerverwerping ... 74
3.6.2.3 Die verband tussen ouerverwerping en die gespreksgenoot se sosiale verhoudings ... 75
3.6.2.3.1 Algemene menseverhoudings ... 75
3.6.2.4 Samevatting ... 76
3.6.3 Gevallestudie 3 – C ... 78
3.6.3.1 Optrede van die verwerpende ouer ... 79
3.6.3.2 Reaksie van die gespreksgenoot op ouerverwerping ... 80
3.6.3.3 Die verband tussen ouerverwerping en die gespreksgenoot se sosiale verhoudings ... 81
3.6.3.3.1 Algemene menseverhoudings ... 81
3.6.3.3.2 Romantiese verhoudings ... 82
3.6.3.4 Samevatting ... 82
3.7 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS ... 85
3.8 SLOT ... 91

HOOFSTUK 4: SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE VERBAND TUSSEN OUERVERWERPING EN DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS
4.1 INLEIDING ... 93
4.1.1 Wat is basisteorie? ... 93
4.1.2 Die plek van die Skrif in die formulering van 'n basisteorie ... 93
4.1.3 Doelstelling van die hoofstuk ... 94
4.2 GOD SE MODEL VIR 'N VADER EN MOEDER ... 94
4.2.1 Inleiding ... 94
4.2.2 Die model van 'n vader ... 94
4.2.2.1 Barmhartigheid / ontferming ... 94
4.2.2.2 Liefdevolle vermaning en bemoediging ... 95
4.2.2.3 Sorg / omgee ... 95
4.2.3 Die model van 'n moeder ... 95
4.2.3.1 Rus / tevredenheid ... 95
4.2.3.2 Sorg / omgee / beskerming ... 96
4.2.4 Samevatting ... 96
4.3 GOD SE BEMOEIENIS MET EN HOUDING TEENOOR DIE KIND ... 96
4.3.1 Inleiding ... 96

4.3.2 God se bemoeienis voor, by en vanaf geboorte ........ 96
4.3.3 Waardevolheid van kinders ........ 97
4.3.4 Jesus se optrede teenoor kinders ........ 97
4.3.5 Samevatting ........ 98
4.4 DIE OUER-KIND VERHOUDING ........ 98
4.4.1 Inleiding ........ 98
4.4.2 Ouers se houding en optrede teenoor kinders ........ 98
4.4.2.1 Doelmatige opvoeding ........ 98
4.4.2.2 Goeie dissipline ........ 100
4.4.2.3 Onvoldoende dissipline ........ 101
4.4.2.4 Begunstiging deur ouers ........ 102
4.4.2.5 Die Vader se verhouding met sy Seun ........ 104
4.4.2.6 Die optrede van ouers volgens die huistafels ........ 104
4.4.3 Kinders se houding en optrede teenoor ouers ........ 108
4.4.3.1 Gehoorsaamheid en eerbetoon ........ 108
4.4.4 Samevatting ........ 110
4.5 DIE OUERHUIS AS BASIS VIR GESONDE MENSEVERHOUDINGS ........ 110
4.5.1 Inleiding ........ 110
4.5.2 Grondbeginsels van kinderopvoeding ........ 111
4.5.3 Familie ongeregtighede ........ 112
4.5.4 Die regte soort ouer-kind verhouding ........ 113
4.5.4.1 Liefde ........ 113
4.5.4.2 Dissipline ........ 113
4.5.4.3 Konsekwentheid ........ 114
4.5.4.4 Ouerlike voorbeeld ........ 114
4.5.4.5 Die vader se hoofskap van sy huisgesin ........ 114
4.5.5 Samevatting ........ 115
4.6 OUERVERWERPING EN DIE GEVOLGE DAARVAN ........ 116
4.6.1 Inleiding ........ 116
4.6.2 Menslike behoeftes en die vrees vir mense ........ 116
4.6.3 Blaamverskuiwing ........ 118
4.6.4 Gebondenheid ........ 120
4.6.5 Beskermingsmaatreëls teen ouerverwerping ........ 120
4.6.6 Die kind se innerlike belewenis van ouerverwerping ........ 121
4.6.7 Christus, die bron van genesing ........ 123
4.6.8 Samevatting ........ 124
4.7 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS ........ 125
4.8 SLOT ........ 127

HOOFSTUK 5: PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEDIENING VAN DIE VOLWASSENES WAT IN DIE KINDERJARE DEUR HUL OUERS VERWERP IS

5.1 INLEIDING ........ 128
5.1.1 Praktykteorie ........ 128
5.1.1.1 Die benaming praktykteorie ........ 128
5.2 PASTORALE BEDIENINGSRIGLYNE ........ 129
5.2.1 Inleiding ........ 129
5.2.2 Die rol van gebed in die bedieningsproses ........ 129
5.2.3 Fase 1 – Eksplorasie (Waar is jy nou?) ........ 130
5.2.3.1 Die doel van Fase 1 ........ 130
5.2.3.2 Selfopenbaring en begrip / besef van die probleem ........ 130

5.2.3.2.1 Instrumente vir verstaan ... 130
5.2.3.2.2 Struikelblokke vir verstaan ... 131
5.2.3.2.3 Voorwaardes vir selfverstaan ... 132
5.2.3.3 Identifisering van probleme ... 132
5.2.3.3.1 Identifisering van verdedigings- of hanteringsmeganismes ... 132
5.2.3.3.2 Identifisering en uitdrukking van emosies ... 132
5.2.3.3.3 Identifisering en herroeping van die pyn ... 134
5.2.3.3.4 Identifisering van die verliese en ervaring van verdriet ... 134
5.2.3.3.5 Identifisering van onbevredigde behoeftes ... 135
5.2.3.3.6 Identifisering van vals geloofsoortuigings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag ... 135
5.2.3.3.7 Identifisering van negatiewe selfpersepsie ... 136
5.2.3.3.8 Identifisering van bronne van aanvaarding en goedkeuring ... 137
5.2.3.3.9 Identifisering van negatiewe selfspraak ... 138
5.2.3.3.10 Identifisering van gewoontepatrone in verhoudings ... 138
5.2.3.3.11 Identifisering van verkeerde gedagtes, houdings en gedrag ... 138
5.2.3.3.12 Identifisering van en berou oor verkeerde gedragspatrone ... 139
5.2.3.4 Samevatting ... 139
5.2.4 Fase 2 – Visie en keuse (Waar wil jy wees?) ... 139
5.2.4.1 Inleiding ... 139
5.2.4.2 Visie en moontlikhede ... 140
5.2.4.2.1 Visie ... 140
5.2.4.2.2 Moontlikhede ... 141
5.2.4.3 Keuse ... 141
5.2.4.4 Verantwoordelikheid en doelwitte ... 142
5.2.4.4.1 Verantwoordelikheid ... 143
5.2.4.4.2 Doelwitte ... 143
5.2.4.5 Toewyding ... 143
5.2.4.6 Samevatting ... 144
5.2.5 Fase 3 – Strategieë (Hoe kom jy daar?) ... 144
5.2.5.1 Inleiding ... 144
5.2.5.2 Konatiewe vlak (wilsvlak) ... 144
5.2.5.3 Gevoelsvlak ... 145
5.2.5.3.1 Treur en rou oor verliese ... 146
5.2.5.3.2 Verband tussen geloofsoortuigings, emosies en gedrag ... 147
5.2.5.3.3 Beheer van emosies ... 147
5.2.5.4 Kognitiewe vlak (denkvlak) ... 148
5.2.5.4.1 Verandering in Godspersepsie ... 149
5.2.5.4.2 Loslating van die verantwoordelikheid vir oueverwerping ... 150
5.2.5.4.3 Identiteitsverandering in Jesus Christus ... 151
5.2.5.4.4 Selfaanvaarding ... 154
5.2.5.4.5 Negatiewe, skadelike denkpatrone ... 156
5.2.5.5 Gedragsvlak ... 157
5.2.5.5.1 Denkverandering as sleutel tot gedragsverandering ... 157
5.2.5.5.2 Reaksie in plaas van gevoeligheid ... 157
5.2.5.5.3 Die regte hantering van onbevredigde behoeftes ... 158
5.2.5.6 Verhoudingsvlak ... 159
5.2.5.6.1 Vergifnis ... 159
5.2.5.6.2 Betrokkenheid en nuwe verhoudings ... 163
5.2.5.7 Samevatting ... 164
5.2.6 Fase 4 – Beloftes (Verydeling of seën) ... 164

5.2.6.1 Oordeelsbeloftes ... 164
5.2.6.2 Seënryke beloftes ... 165
5.3 SLOT ... 167

HOOFSTUK 6: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS
6.1 INLEIDING ... 168
6.2 HOOFSTUK 2 – METATEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT LITERATUUR NAVORSING ... 168
6.3 HOOFSTUK 3 – METATEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT EMPIRIESE NAVORSING ... 170
6.4 HOOFSTUK 4 – BASISTEORETIESE (SKRIF) PERSPEKTIEWE ... 170
6.5 HOOFSTUK 5 – PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE ... 171
6.6 FINALE BEVINDING ... 172
6.7 MOONTLIKE VERDERE NAVORSINGSTEMAS ... 172

OPSOMMING ... 174
ABSTRACT ... 176
BRONNELYS ... 178
BYLAAG A ... 192
BYLAAG B ... 199
BYLAAG C ... 204
BYLAAG D ... 205
BYLAAG E ... 207
BYLAAG F ... 209
BYLAAG G ... 211
BYLAAG H ... 212
BYLAAG I ... 214
BYLAAG J ... 215
BYLAAG K ... 217
BYLAAG L ... 219
BYLAAG M ... 220
BYLAAG N ... 221
BYLAAG O ... 223
BYLAAG P ... 224
BYLAAG Q ... 225
BYLAAG R ... 226

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1.1 INLEIDING

Die doel van hoofstuk 1 is om ‘n inleiding tot die studie te verskaf deur die volgende aspekte te bespreek: die navorsingstitel; oriëntering tot die studie; die probleemstelling van die navorsing; die navorsingsvraag; doelstelling en doelwitte; ‘n sentrale teoretiese argument; metodes van ondersoek; hoofstukindeling; en om die korrelasie tussen die navorsingsvraag, doel en metode van ondersoek skematies voor te stel.

## 1.2 TITEL

Die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en verwerping deur hulle ouers in hulle kinderjare: 'n verkenning met die oog op pastorale berading.

**Sleutelterme of kernwoorde:**

Disfunksionele sosiale verhoudings, volwassenes, kinderjare, verwerping (vir die doel van hierdie studie word verwerping van ‘n kind deur sy ouers aangedui as ouerverwerping), pastorale berading.

## 1.3 ORIËNTERING

In die navorser se hoedanigheid as Bybelse berader het 'n navorsingsvermoede ontwikkel dat ouerverwerping 'n geweldige rol in die kinders se toekomstige interpersoonlike verhoudings kan speel. Ouerverwerping in die vroeë kinderjare kan 'n onuitwisbare merk op menselewens laat.

Kliënte se aanmeldingsprobleem is selde ouerverwerping, maar algaande word insig verkry in die oorsprong van hulle liefdes- of huweliksprobleme, verhoudingsprobleme met hulle eie kinders, perfeksionisme, depressie, lae selfbeeld, asook eetversteurings soos bulimie. Die wortel van die probleme by volwassenes lê dikwels by vroeë ouerverwerping. Die navorser sien in kliënte se lewens dat die seekat tentakels van verwerping selfvertroue en selfwaarde, maar veral ook menseverhoudings, beïnvloed.

Mense ervaar verskillende vorms van verwerping in hulle lewens. Hoe nouer die verwantskap met die verwerper, hoe pynliker die verwerping. Verwerping wat strek van die vroeë kinderjare tot in volwassenheid mag volgens Rohner (1986:121) vir 'n leeftyd voelbaar wees.

Die navorser kan nie saamstem met Roudinesco, aangehaal deur Evoy (1981:15), dat suksesvolle terapie nié die seer van verwerping uitwis nie. Roudinesco se kliënte kon net gehelp word met die meer effektiewe baasraak van gevoelens van verwerping. Christus wil volkome heling bring, nie nét hanteringsvaardighede verskaf nie. Die navorser stem saam met Evans (2004:26) dat die Hemelse Vader elke verwerpte 'n nuwe, Goddelike lewensontwerp kan gee.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING

Die volgende aspekte met betrekking tot die tema word bespreek: inligting uit die literatuur, leemtes in die huidige navorsing, die bydrae van hierdie studie, vrae en die aktualiteit van die onderwerp.

### 1.4.1 Inligting uit die literatuur

Crabb (1987:67) kom tot die gevolgtrekking dat iets in mense se interpersoonlike verhoudings skort; dat die menslike masjien iewers sy drade gekruis gekry het. Sommige word depressief en mismoedig wanneer 'n vriend(in) teen hulle onvriendelik is; ander is woedend daaroor; terwyl 'n derde groep blykbaar geen verwerping daarin belewe nie. Hepden (1992:7) noem dat verwerping elke menslike lewensarea beïnvloed, met diep verwonding van die innerlike persoonlikheid en gees.

Volgens Evoy (1981:10-11) het navorsers aanvanklik geen aandag gegee aan die area van menslike verwerping en die gevolge daarvan nie. Die belangrikheid daarvan in menslike gevoelens en gedrag is nie herken nie. Hy sê die term "verwerping" is in 1929 voorgestel in 'n artikel van Levy en in 'n boek deur Lee en Kenworthy. Daaropvolgende studies van ouerverwerping het gefokus op ouergedrag en -houdings óf op kinders se reaksies.

Harde data oor die voorkoms van ouerverwerping was aanvanklik problematies, omdat 'n bevredigende definisie van verwerping gesoek is (Evoy, 1981:22). Ontoereikende de-

finisies vir psigiese mishandeling was 'n tyd lank 'n struikelblok in die vooruitgang van navorsing en intervensie (Brassard, 1987:6). Onwilligheid van ouers én kinders om die verwerping te erken, het ook navorsing bemoeilik (Evoy, 1981:22).

Rohner, die antropoloog, het die betekenis van verwerping transkultureel bestudeer, en verwerping 'n "psigologiese kwaadaardigheid" genoem. Verwerping was dus geassosieer met die negatiewe gevolge daarvan in 'n bepaalde kultuur (Dubowitz, 1999:11). Psigiese mishandeling behels dade van verwerping en verstandelike wreedheid (Brassard, 1987:6, 29). Navorsers kom uiteindelik tot die slotsom dat kenmerkende ouerhoudings teenoor kinders dikwels méér verwerpend is as spesifieke dade (Evoy, 1981:13).

Evoy (1981:12-13) stem saam met Hawkes dat die kruks van ouer-kind verhoudings die kind se persepsie van die ouers is. Ausubel en Kirk (1977:50) ondersteun hierdie mening en sê dat kinders se ervaring van verwerping afhanklik is van individuele verskille in perseptuele sensitiwiteit of empatiese vermoë. Dus is dit belangrik hoe die kind, as verworpene, die verwerping subjektief ervaar. Evoy se kliënte het verwerping beskryf as die emosionele wete dat hulle nie onvoorwaardelik geliefd en gewens was nie (Evoy, 1981:14-15). Sommige van sy kliënte het openlik verwerping erken; ander het net 'n ongedefinieerde wete daarvan gehad. Baie min kliënte het egter hulle verwerping betwyfel.

Selfs waar álle kinders in 'n kulturele gemeenskap verwerping ervaar, sonder 'n vergelykbare teenoorgestelde model, het Rohner (1986:26) bevind dat dié kinders nogtans met ontevredenheid gereageer het as gevolg van die gebrek aan oueraanvaarding. Daarom kom hy in sy antropologiese navorsing tot die slotsom dat elke mens in die wêreld 'n filogenetiese *behoefte* het vir positiewe reaksie van geliefdes (ouers). Kinders het ook 'n filogenetiese *neiging* om op konsekwente wyses te reageer op 'n positiewe respons. Reaksies op die effekte van verwerping is soms onvolledig as gevolg van individuele verskille in kognitiewe aktiwiteit in die filogenetiese model en ervaring. Laasgenoemde is juis vatbaar vir baie interpretasies. Dít kan dalk die veranderlikes verklaar (Rohner, 1986:165).

Verwerping beteken nie altyd die afwesigheid van liefdesdade nie, maar is soms 'n aanduiding van ontbrekende geneentheid en aanraking óf van 'n opbouende, bevestigende gesproke woord. Daarom beskou Hepden (1992:6, 8) verwerping as 'n liefdesontkenning, want laasgenoemde beteken afkeur en nie-aanvaarding.

Volgens Shaffer (1994:455) is verwerping 'n magtige vorm van mishandeling wat lewenslange emosionele littekens laat. Vir Forward (1989:5) is die emosionele skade van baie ouers se negatiewe gedragspatrone in 'n kind se lewe soos 'n chemiese gifstof – dit versprei dwarsdeur die kind se wese en die pyn word groter soos die kind groei. Daarom noem sy sulke ouers "toksies / giftig".

McMinn (1996:183) beweer dat baie mense letsels dra van verwerping, spot en verlatenheid, begrawe onder jarelange pyn en verdedigingsmeganismes. Hulle het ook foutiewe maniere aangeleer vir aanpassing by lewenseise en interpersoonlike omgang.

Verwerping word deur McGee (1998:57) beskou as 'n tipe kommunikasie met 'n boodskap dat 'n persoon onbevredigend is en nie opweeg teen die aanvaarde of geskepte standaarde nie. Volgens Brassard (1987:29) is die boodskap van verwerping altyd: "Jy word nóg waardeer nóg bemin". Verwerping kommunikeer disrespek en 'n gebrek aan waardering. Niks maak só seer as hierdie boodskap nie.

Teoloë het ook besin oor ouerverwerping. Prince (1993:10) sê die ergste verwerping is die pyn van 'n liefdelose vader / moeder. Volgens hom is verwerping een van die mees algemene wortels van menslike probleme. Evans (2004:15-16; 22-23) beweer dat die woorde "vader" en "moeder" met baie verwagtings geassosieer word. Hy sê kindermishandeling / verskeurde ouer-kind verhoudings ontneem dele van mense se lewens; verteer hul identiteite; isoleer en vervreem hulle. Brink & Brink (1999:58) beweer dat 'n gebroke ouer-kind verhouding die grootste moontlikheid vir diep pyn het. Hulle voeg by dat dít mense dikwels na hul eie planne en strategieë laat gryp in plaas van na God. Maskers en manipulering word dan belangrike elemente in hul menseverhoudings.

'n Daaglikse stroom ontmoedigende woorde wat verkleineer, kritiseer en seermaak, beïnvloed mense die ergste (Welch, 1997:52). Omdat die verwerping die hart en siel pene-

treer, word erger kneusplekke as fisiese beserings gelaat (Cassiday-Shaw, 2002:61). Volgens Anderson (1993:173, 177) kan die teisterende gedagtes en gevoelens van verwerping, mense se groei en volwassenheid baie strem indien hulle dit nie positief hanteer nie. Baie volwasse Christene lei aan 'n gebrekkige eiewaarde as gevolg van ouers se verbale en emosionele mishandeling in hul kinderjare (Hamilton, 1992:52-53). Die skrywer sê dat hierdie volwassenes dan dikwels soortgelyke onreg teenoor hulle eie kinders pleeg.

Evans (Evans & Billington, 1994:39-40) voer aan dat ouers se houdings en gedrag God se karakter ontbloot óf verwring; dit skep óf 'n gesonde opvoedingsomgewing waar kinders behoorlik kan grootword, óf 'n "wind van sonde" wat hulle verkeerd buig. Seamands (2002:32) beaam dat foutiewe ouer-kind verhoudings in die vroeë kinderjare emosionele skade veroorsaak wat geestelike persepsie verwring. Vanuit hierdie geïnternaliseerde houding word mense, die self én God dan waargeneem.

### 1.4.2 Leemte in die huidige kennis oor die onderwerp

Die geraadpleegde bronne beskou verwerping meesal as een van die baie oorsake van wanaanpassings in menseverhoudings óf 'n aspek van ouers se kinderopvoeding. Evoy (1981), Rohner (1981, 1986), Gibson & Gibson (1992), Hepden (1992), McGee, Springle & Craddock (1993), Prince (1993) en Sorge (2002) is uitsonderings op dié gebied. McGee (1998) behandel die impak van ouerverwerping op menseverhoudings.

Geen volledige studie is nog gedoen oor die verskynsel van veerkragtigheid ("resilience") nie, naamlik dat kinders verwerping kan weerstaan en baasraak. Daarom wonder Rohner (1986:126, 172) of bekende mense soos Emily Brontè, Louis Armstrong, Mark Twain, George Bernard Shaw en andere bó verwerping uitgestyg het as gevolg of ten spyte van verwerping. Die navorser kon ook geen bron vind wat die invloed van ander se liefdevolle sorg / invloed as 'n teenvoeter / elimineerder van verwerping, bestudeer het nie.

### 1.4.3 Die area waarin 'n nuwe bydrae gemaak kan word

Nêrens is volledige pastorale riglyne gevind vir die berading van verwerptes nie. Die navorser beskou Christus as die **weg** tot die Vader se onvoorwaardelike liefde (Joh. 3:16),

die **waarheid** omtrent die verwerpte se waardevolheid (Jes. 43:4; 49:16; Matt. 10:30; Luk.12:7), en die **lewe** in oorvloed (Joh. 10:10). In hierdie area kan 'n nuwe bydrae gemaak word, veral met betrekking tot Prakties-Teologiese riglyne vir die pastorale bediening van die verwerpte man / vrou.

### 1.4.4 Onlangse navorsing

Alhoewel sistematiese navorsing oor die ouer-kind verhouding alreeds in die 1890's begin het, is empiriese werk aangaande die gevolge en veral die effekte van ouerverwerping, eers in die dertigerjare van die twintigste eeu gedoen. Sedert 1930 is omtrent 800 studies oor ouerverwerping en die voorgeskiedenis daarvan , maar veral oor die gevolge van verwerping, voltooi. Rohner het in 1960 navorsing gedoen en bevind dat die warmte-dimensie van ouerskap, kinders en volwassenes oral oor die wêreld konsekwent beïnvloed het, afgesien van variasies in klas, ras, etnisiteit, kultuur of tydsperiode. Uit Rohner en Nielsen se hersiene studies in 1975 en 1978, blyk dit duidelik dat die effekte van ouerverwerping dikwels, maar nie onvermydelik nie, ernstige gevolge vir die funksionering en ontwikkeling van die persoonlikheid het (Rohner, 1986:66, 69).

Die studies van McCrae en Costa met volwassenes in 1988 bevind dat optrede van ouers tydens die kinderjare, die uitkomste van jare later voorspel en bydra tot egoontwikkeling (Cloninger, 1996:375). 'n Ondersoek in 1991 met adolessente op tersiêre vlak toon dat dié met onverskillige / onbetrokke ouers nie goed presteer het nie; hulle was afhanklik en het hulleself wangedra (Kail & Cavanaugh, 2002:242).

Miller se navorsing in 1993 wys uit dat die min toegeneentheid en beheer waaraan verwaarloosde en verwerpte kinders blootgestel was aggressie bevorder het (Berk, 1998:269). Verder bevind Briere in 1992 en Sternberg in 1993, dat kinders deur vernederende ouerboodskappe bespot, verneder, verwerp en geterroriseer is. Dit het gelei tot lae selfwaarde, hoë angs, selfblaam en psigiese pyn. Soms was dit erg genoeg om adolessente tot selfmoord te dryf (Berk, 1998:269). Trickett en McBride-Chang het in 1995 gesê dat fisiese óf emosionele verwaarlosing óf 'n mengsel daarvan, definitief 'n betekenisvolle ongunstige effek het op die ontwikkeling en aanpassing van kinders, adolessente en volwassenes (Dubowitz, 1999:89).

In 1997 het Harriston en ander bevind dat verwerpte kinders op skool onpopulêr is; dat klasmaats hulle afkeur; dat die meeste van hulle sosiaal onbekwaam is en dat baie van hulle aggressief is (Kail & Cavanaugh, 2002:258-259). Die skrywer noem verder dat Robin, Chen en Hymel alreeds in 1993 bevind het dat baasspelerige kinders deur die portuurgroep vermy word. Volgens Kail beweer Volling en ander egter dat verwerpte kinders teruggetrokke en vreesagtig is. Die langtermyn gevolge van portuurgroep-verwerping is volgens navorsing van Bagwell, Newcomb en Bukowski, asook Rubin in 1998, skoolverlating en jeugmisdaad.

Gibson & Gibson (1992:107), Hepden (1992:17) en Prince (1993:15) beskou die finale resultaat van verwerping, naamlik gebroke verhoudings, as 'n vloek waarvan Satan die bron is. Anderson (2002:183) voer aan dat Satan se magtigste taktiek / wapen van die begin af in die Paradys **misleiding** was. Hy het twyfel oor God se betroubaarheid gesaai en die ongehoorsaamheid van die eerste mensepaar verwyder hulle van God. Daarna het verwerping spoedig 'n wortel geword wat menseverhoudings beskadig het. Anderson (1993:172) konstateer dat die mens sedert die sondeval die teiken was van Satan, die aanklaer van medegelowiges (Op. 12:10) – Satan hou nooit op om mense te bedrieg oor hulle waardeloosheid voor God én ander nie. Seamands (1998?:74) meen dat Satan mense se gevoelens van selfveragting, onbekwaamheid en minderwaardigheid gebruik as 'n wapen in die drie rolle wat hy speel – leuenaar (Joh. 8:44), aanklaer (Op. 12:10) en verblinder van die sinne (2 Kor. 4:4). Só trek Satan dan volgens Gibson & Gibson (1992:70) voordeel uit élke negatiewe, nadelige of ongelukkige ervaring. Die deur word daardeur geopen vir Satan se teistering en onderdrukking (Hepden, 1992:16). Sodoende word mense tot selfvernietiging gelei wat volgens Jesus in Joh. 10:10, tóg die "dief" se eintlike doelwit is. Niks is effektiewer as verwerping wat die mens in álle lewensareas aanraak nie.

Anderson (2002:183) is daarvan oortuig dat die mens aan Satan die **reg** gee om sy lewe te beheer deur toegewing aan sy leuens, asook deur sondige denke, gewoontes, houdings en optredes.

### 1.4.5 Onbeantwoorde vrae

Evoy (1981:3-4) het gewonder of sekere skadelike houdings en gedrag slegs deur ouer-

verwerping *veroorsaak* word en of hulle eerder die gevolg is van 'n opeenstapeling van faktore waarvan verwerping één sou wees. Na 25 jaar se ondervinding met verwerptes, begunstig Evoy eersgenoemde stelling. Clark en Clarke (1976:18) ondersteun eerder laasgenoemde stelling, naamlik dat vroeë leer nét die fondasie vir karakter lê, en nié meer as 'n skakel in die ontwikkelingsketting is nie. Latere afwykings sou dan die gevolg wees van die oorspronklike ouerverwerping, sowél as van latere aanhoudende verwerping deur ander mense wat die negatiewe denke, gevoelens en gedrag versterk (Feldman & Orford, 1980:42). Gibson & Gibson (1992:65) praat ook van veelvuldige lae van verwerping wat seer veroorsaak. Soos in 3.2 genoem, bly die vraag: Was verwerping vir mense 'n aansporing en motivering? Of was dit hulle unieke temperament en geesteskrag wat die baasraak-vaardighede verskaf het? Is ouerverwerping die oorsaak van latere disfunksionele sosiale verhoudings?

### 1.4.6 Aktualiteit

Saul (1979:418, 472), het aangevoer dat verandering in persoonlike en sosiale afwykings moontlik is deur die skepping van 'n gesonder emosionele periode vir elke kind – van bevrugting af tot by sy of haar kwesbaarste tyd, nl. 0-6 jaar.

In sy boek van 1981, beklemtoon Evoy (1981:6) die belangrikheid van ouerliefde en oueraanvaarding vanaf babadae. Elf jaar later het Prinses Diana van Engeland op 'n konferensie oor dwelms, ouerlike geneentheid as 'n voorkomende faktor in dwelmmisbruik bepleit. Sy het verwys na die teorie dat kinders wat geneentheid ontbeer, stabiliteit ontbreek wat hulle kwesbaar maak vir dwelmverslawing. Daarom moet ouers 'n kind waardevol laat voel, veral deur omhelsings / drukkies (Burman, 1994:91).

Renn (1989:56-57) sê Alice Miller het in 1981 Hitler se kinderjare ontleed en bevind dat hy fisies én emosioneel deur sy pa mishandel is. Hierdie tweevoudige verwoesting van sy kinderjare (psigiese moord) is vir die hele wêreld herskep, veral met betrekking tot die Jode. Miller reken dat dit tyd is vir die gemeenskap om verantwoordelikheid te aanvaar vir die tragedie van sulke mense se lewens – Hitler se misdade was sy eie verantwoordelikheid, maar om 'n mishandelde, hulpelose kind in die steek te laat, kon wél voorkom word. Die verwerpte kind van vandag word ook die ouer van môre (Renn, 1989: 62, 67). Dubowitz (1999: 20) stem saam dat daadwerklike bewuswording nodig is

van die emosioneel-verwaarloosde en psigies-seergemaakte kind, wat nét soveel hulp benodig as 'n kind met 'n uiterlike kneusplek.

Prince (1993:14) is oortuig dat ten minste 50 % van die mense in die Verenigde State aan 'n vorm van verwerping ly. Brassard (1987:xi) verwys na 'n distriksaanklaer se woorde dat die meerderheid menslike lyding in die geskiedenis, te wyte mag wees aan psigiese mishandeling.

Volgens Sorge (2002:5, 6) sal verwerping altyd een van die vernaamste sake in die dinamika van interpersoonlike verhoudings wees. Dit het dus in die verlede voorgekom en is immerteenwoordig. Daarom beskou hy verwerping as 'n baie diverse en ingewikkelde tema – 'n fassinerende onderwerp wat mense in hulle unieke omstandighede en situasie sal aanspreek.

Die aktualiteit van liefdevolle opvoeding word ook in die Bybel beklemtoon, onder andere in Spr. 13:24; 19:18; 29:15. In sy sendbriewe vermaan Paulus die vaders twee maal: Ef. 6:4; en Kol. 3:21. Soos God sy kinders uit liefde tug (Heb. 12:4-11) verwag Hy dat vaders dit op soortgelyke wyse moet doen.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

Uit die voorafgaande oriëntering en probleemstelling kan die volgende navorsingsvraag geformuleer word: Watter verband is daar tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het, en watter riglyne kan aangebied word vir die pastorale bediening van hierdie volwassenes?

Vrae wat hieruit voortspruit, is:

1.5.1 Watter verklarings of perspektiewe bied die **menswetenskappe** vir die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het?

1.5.2 Watter insigte oor die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het, kan deur 'n **empiriese ondersoek** na vore kom?

1.5.3 Watter perspektiewe bied die **Skrif en teologie** op die verband tussen ouerverwerping en latere disfunksionele sosiale verhoudinge?

1.5.4 Watter **praktykteoretiese riglyne** kan formuleer word vir die pastorale bediening van volwassenes wat in hulle kinderjare deur hulle ouers verwerp is?

## 1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.6.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die verwerping wat hulle as kinders deur hulle ouers ervaar het, aan te toon, asook om riglyne vir pastorale bediening vir hierdie volwassenes te bied.

### 1.6.2 Doelwitte

Om die doelstelling van die studie te kan bereik, word die volgende doelwitte gestel:

- Om te bepaal of die **menswetenskappe** vernuwende perspektiewe bied vir die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het.

- Om vas te stel of daar enige vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid is wat deur 'n **empiriese ondersoek** na vore sal kom.

- Om vas te stel watter perspektiewe die Teologie en die **Skrif** bied oor die verband tussen ouerverwerping en disfunksionele sosiale verhoudinge.

- Om **praktykteoretiese riglyne** te formuleer vir die pastorale bediening van die man of vrou wat in hulle kinderjare deur hul ouers verwerp is.

## 1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat daar 'n verband is tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het, en dat pastorale riglyne geformuleer kan word vir die bediening van die verwerpte man of vrou om tot heling in Christus te kom.

## 1.8 METODE VAN ONDERSOEK

In die studie word gebruik gemaak van die model wat Zerfass (1974:166) vir die Praktiese Teologie ontwerp het.

1.8.1 **Literatuur** sal met behulp van rekenaarmatige soektogte gevind en **geanaliseer** word vir die ondersoek van verklarings en / of resultate van die **metateoretiese perspektiewe** met betrekking tot sosialisering en ouerverwerping.

1.8.2 Om die uitwerking van ouerverwerping op menseverhoudings vas te stel sal 'n **empiriese ondersoek** gedoen word. Inligting sal deur middel van 'n **kwalitatiewe ondersoek** met drie jong volwasse dames deur onderhoude en vraelyste bekom word. Rohner (1986:198-201; 204-206) se ouerverwerpings-vraelys en persoonlikheidsassesserings-vraelys sal gebruik word.

1.8.3 Vir die nagaan van **Skrifperspektiewe** wat kan bydra tot die tema, word beoog om gebruik te maak van die **grammaties-historiese eksegese** van relevante Skrifgedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3ev). Toepaslike temas soos die ouer-kind verhouding, asook ouerverwerping en menseverhoudings sal geïdentifiseer word. Uit die Ou Testament sal etlike verse uit Genesis, Psalms, Spreuke, 1 en 2 Samuel gebruik word. Uit die Nuwe Testament sal Paulus se huistafels (Ef. 6 en Kol. 3), asook Heb. 12 gebruik word. Relevante teologiese gesigspunte sal deurgaans geïntegreer word.

1.8.4 Om **praktykteoretiese riglyne** te formuleer wat as riglyn kan dien vir die pastorale bediening van die man of vrou wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het, sal 'n **hermeneutiese wisselwerking plaasvind tussen basis- en metateorie** ten einde beradingsriglyne daar te stel. 'n Literatuurstudie sal gedoen word en inligting byeengebring word. In die proses sal daar eklekties met die inligting omgegaan word.

## 1.9 HOOFSTUKINDELING

1.9.1 Hoofstuk 1: Inleiding

1.9.2 Hoofstuk 2: Metateoretiese perspektiewe op die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het.

1.9.3 Hoofstuk 3: 'n Empiriese ondersoek van die verband tussen ouerverwerping en disfunksionele menseverhoudings.

1.9.4 Hoofstuk 4: Skrifperspektiewe op die verband tussen ouerverwerping en volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings.

1.9.5 Hoofstuk 5: Praktykteoretiese riglyne vir die pastorale bediening van die volwassene.

1.9.6 Hoofstuk 6: Samevattende gevolgtrekkings.

## 1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN PUNT 1.5, 1.6 EN 1.8

| 1.5 Probleemstelling | 1.6 Doelstelling en doelwitte | 1.8 Metodes |
|---|---|---|
| Watter verklarings of perspektiewe bied die hulpwetenskappe vir die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het? | Daar word beoog om te bepaal watter perspektiewe die hulpwetenskappe bied vir die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het. | 'n Literatuurstudie oor die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines, sal gedoen word. In die proses sal daar eklekties met die inligting omgegaan word. |
| Watter insigte, betreffende die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het, kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom? | Die doelwit hier is om vas te stel of daar enige vernuwende insigte, betreffende die aangeleentheid is wat deur 'n empiriese ondersoek na vore sal kom. | Daar sal gepoog word om vas te stel of enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema deur 'n empiriese ondersoek na vore kom. Dié inligting sal deur middel van 'n kwalitatiewe ondersoek deur onderhoude en vraelyste bekom word. |
| Watter perspektiewe bied die Skrif en teologie om tot nuwe insigte te kom betreffende die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het? | Die doelwit is om vas te stel watter perspektiewe die Skrif en teologie bied om tot nuwe insigte te kom betreffende die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het. | Die doelwit is om vas te stel watter perspektiewe die Skrif en teologie bied om tot nuwe insigte te kom betreffende die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het.<br>Skrifperspektiewe, wat bydra tot die tema, sal nagegaan word, Skrifgedeeltes sal geïdentifiseer word en eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word. Relevante teologiese gesigspunte sal deurgaans geïntegreer word. |

| | | |
|---|---|---|
| Watter Praktykteoretiese riglyne kan geformuleer word vir die pastorale bediening van volwassenes wat as kinders deur hul ouers verwerp is? | Die doelwit is om Praktykteoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale bediening van volwassenes wat as kinders deur hul ouers verwerp is. | 'n Literatuurstudie sal gedoen word en inligting byeengebring word. In die proses sal eklekties met die inligting omgegaan word. 'n Hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese riglyne en die huidige stand van sake sal plaasvind ten einde verbeterde bedieningsriglyne daar te stel. |

# HOOFSTUK 2

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE VERBAND TUSSEN DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS BY VOLWASSENES EN DIE OUERVERWERPING WAT HULLE AS KINDERS ERVAAR HET

## 2.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om na te vors watter perspektiewe ander mensweten-skappe bied om die verband te verklaar tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het. Die metateorie word verder uitgebou in hoofstuk 3 met 'n empiriese ondersoek na die verband tussen volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het.

Vervolgens word ‘n omskrywing van metateorie gegee en daarna word aandag gegee aan: ouerverwerping; die verwerpte kind se sosialisering; die ontwikkeling van die verwerpte kind se sosiale self; die kind se hantering van ouerverwerping; en die verwerpte kind se disfunksionele sosiale verhoudinge in sy (latere) volwassenheid.

## 2.2 METATEORIE

### 2.2.1 Inleiding

In die afdeling word die term “metateorie” omskryf en daarna word die verband tussen psgiatrie, psigologie en pastoraal aangetoon.

### 2.2.2 Die term metateorie

Metateorie dui 'n teorie aan wat raakvakke met ander teorieë deel (Heyns & Pieterse, 1990:53; Pieterse, 1993:51; Venter 1993:247). Van den Berg & Dreyer (1995:212) sê dit is die teorie wat die Praktiese Teologie met ander wetenskappe in gemeen het. Volgens laasgenoemde skrywers sal die metateoretiese raakpunte afhang van die stof wat ondersoek word en die basisteorie wat ontwerp word. In die geval van hierdie navorsingsonderwerp het pastoraal raakvlakke met veral die psigologie, sosiologie, psigiatrie en kriminologie. Vir die doel van die navorsing word enkele relevante

gesigpunte uit die voorgenoemde wetenskappe bespreek sonder om die betrokke wetenskappe in die besprekings te onderskei of in diepte te ontgin.

### 2.2.3 Die verband tussen psigiatrie, psigologie en pastoraal

Psigiatrie is die vertakking van die geneeskunde wat 'n studie maak van die diagnose, behandeling en voorkoming van psigopatologiese toestande. Die sielkundige en psigiater span dikwels saam: Die psigiater skryf die medikasie voor vir die gediagnoseerde psigopatologie en die sielkundige pas psigoterapie toe. Laasgenoemde vind hoofsaaklik plaas op die kognitiewe-, gedrags- en emosionele vlakke van die mens, met betrekking tot die aard van die gediagnoseerde psigopatologie (Joubert, 2006:1-3). Die pastorale berader bedien die mens in sy totale leefwêreld: na liggaam, siel en gees, met die klem op heling van die persoon in Jesus Christus (Anon, 2002:2). Die pastorale berader behoort saam te werk met ander toepaslike hulpverleners en kan 'n persoon met 'n psigopatologiese toestand ook na 'n sielkundige / psigiater verwys vir toepaslike terapie.

### 2.2.4 Samevatting

In díe die afdeling is aangetoon dat metateorie raakpunte met ander wetenskappe het, en dat samewerking tussen die psigiater, psigoloog en pastorale berader moontlik is as gevolg van die verband tussen hierdie drie vakgebiede.

## 2.3 OUERVERWERPING

### 2.3.1 Inleiding

Die volgende sake sal met betrekking tot ouerverwerping hanteer word: die aard van verwerping (aktief en passief); intensiteit; tydsduur; kritieke tydperk; atmosfeer en worteloorsake.

### 2.3.2 Die aard van ouerverwerping

Ouerverwerping word gekenmerk deur die aanwesigheid of afwesigheid van bepaalde gedrag. Die volgende kan bv. aanwesig wees: afwys of afkeur; beskou en behandel as nutteloos, onbevredigend / waardeloos / ongewens / nie volgens standaard of vereistes; wegstoot; en versaak. Ouerverwerping geskied ook deur die afwesigheid / weerhouding

van erkenning, aanvaarding, liefde, warmte en toegeneentheid (Rohner, 1975:45; Hepden, 1992:7-8; en Berk, 1998:268) (vergelyk 4.5.4.1).

Die aanwesigheid en afwesigheid van sekere ouergedrag word nou verder uitgewerk as aktiewe en passiewe verwerping:

**2.3.2.1 Aktiewe ouerverwerping**

Kinders beskou aktiewe verwerping as daadwerklike of gesproke oueroptrede (Evoy, 1981:15). Die tipe en felheid van die ouer se optrede / aksie, eerder as herhaaldelike straf, bewys verwerping (Evoy, 1981:43). Dit is juis ouers se konsekwente en oorheersende negatiewe gedragspatrone wat in Forward (1989:5) se opinie die skade aanrig. 'n Klimaat van vrees kan ook geskep word deur afknouery en skrikmaak deur middel van gewere, messe / swepe (Hamarman & Bernet, 2000:928). Wolfe, Scott, Wekerle & Pittman (2001:282-283) is van mening dat kindermishandeling in alle vorms nadelige effekte het, want dit beïnvloed interaksie met die portuur en latere intieme verhoudings, sosiale bekwaamheid en gedragsaanpassings.

Forward (1989:97) onderskei twee kenmerkende style van verbale mishandeling, naamlik direk en indirek.

- **Direkte verbale ouerverwerping**

Openlike, venynige degradering van die kind takel die selfwaarde af. Evoy (1981:43) noem ook die skadelike effek van reaksionêre opmerkings wat die ouer oor die kind maak onder die invloed van drank, woede / emosionele stres; afgeluisterde, oorvertelde / geskrewe opmerkings van die ouers oor / aan die kind. Opmerkings maak net soos fisiese straf ook seer. Navorsers het bevind dat fisiese pyn en verwerpingspyn deur dieselfde breinareas geprosesseer word (Anon, 2003:81).

Die ouer se bespotting, verwerping en vernedering van die kind laat geen merkbare fisiese letsel nie. Daarom is dit volgens Renn (1989:4-5) moeiliker identifiseerbaar as fisiese óf seksuele mishandeling. Sy sê woordinhoud kan selfs verwerpend wees in terme van gesigsgebare, houding en stemtoon.

Té hoë verwagtinge van die kind en gevolglike kritiek en straf, asook vergelyking met ander kinders, kommunikeer die boodskap van voorwaardelike liefde (Hamarman & Bernet, 2000:929).

- **Indirekte verbale ouerverwerping**

Forward (1989:97) beskou 'n konstante spervuur van tergery, sarkasme, beledigende byname en subtiele vernederings – wat dikwels deur ouers as humor afgemaak word – as indirekte verbale verwerping. Sy wys daarop dat jong kinders onbevoeg is om te onderskei tussen die waarheid en 'n grap óf tussen 'n dreigement en terg. Volgens Forward neem kinders sarkasme en spot op sigwaarde, en voel verneder / bevrees. Bugental voeg by dat jonger kinders selfs reageer op negatiewe emosie en vokale stemintonasie, sónder dat hulle in staat is om die die teenstrydige komponente van die boodskap te onderskei (vergelyk Peters, Mahon & Quinsey, 1992:16).

**2.3.2.2 Passiewe ouerverwerping**

Kinders ervaar passiewe verwerping as 'n langdurige en konstante ouerlike belangeloosheid en verwaarlosing (Evoy, 1981:16). Die vader en / of die moeder is onbegaand oor die kind se doen en late. Die minimum persoonlike interaksie is die ergste van passiewe verwerping. Die volgende areas word nagelaat:

- toewyding aan die kind se belange;
- sensitiwiteit vir die kind se behoeftes en begeertes;
- die gee van liefde, stimulasie en motivering;
- erkenning van die kind se identiteit deur die aanspreek van die kind op sy naam (Berk, 1998:268; Hamarman & Bernet, 2000:928-929).

Enige ontneming, minagting / ignorering van essensiële liefde, stimulasie en aandag, is vir Brassard (1987:4, 32) interpersoonlike verwerping. Die navorsers Firestone & Catlett (1989:5) se bevindings toon dat die ouer(s) se jarelange ontkenning van die kind, ten spyte weersprekende woorde en optredes, dikwels skadeliker is as openlike verwerping. Lesse (1988:396) meen dat die kind wél ouers se negatiewe gevoelens in vyandige, bestraffende interaksies waarneem. Die kind besef dat die ouers se oënskynlike aanvaarding van hom 'n leuen is en aanpassing by hierdie leuen verwar sy besef van die werklikheid (Firestone & Catlett, 1989:5). Later is ander se aanvaarding van en liefde vir hom onaanvaarbaar, omdat dit sy vroeëre ervaring weerspreek.

McGee (1993:12-14) behandel die afwesige-vader-sindroom as gevolg van egskeiding, verlengde onttrekking of belangeloosheid. Die kind ontbeer die benodigde vaderlike aandag en emosionele ondersteuning. Die gevolge varieer met betrekking tot die dogter en die seun.

### 2.3.3 Intensiteit van ouerverwerping

Die felheid en konstantheid van verwerping het blykbaar die ergste uitwerking op die kind (Rohner, 1986:137; Gibson & Gibson, 1992:33).

### 2.3.4 Tydsduur van ouerverwerping

Die gevolge van verwonding in die vroeë jare kan dwarsdeur die lewe voortduur (Rohner, 1986:121; Evans, 2004:16). Evans sê mense maak staat op tyd om alle wonde te heel. Seamands (2002:32, 36) reken by dat tyd nié pynlike, onderdrukte herinneringe kan heel nie – die seer word na binne gekeer en dit vererger omdat dit na ander areas versprei. Evans stem saam dat die wonde sosiale, geestelike, asook houdingsprobleme produseer.

Volgens die vroeë navorsers Clarke & Clarke (1976:269) neem die kind aktief deel aan sosiale onderhandelinge en hét die potensiaal vir verandering van gedragspatrone wanneer sy omstandighede en omgewing gewysig word.

Dikwels kan 'n verwerpingssiklus deur die geslagte voortduur (Evoy, 1981:6; Rohner, 1986:121) (vergelyk 4.5.3). Die ouer verstaan nie die wortels en gevolge van die ontoereikendhede in sy eie ontwikkeling nie en daarom noem Covitz (1986:xi) dit 'n "familievloek". Miller (2000:17) sê ouers vind dit moeilik om hul kinders se menswaardigheid te erken as hulle eie menswaardigheid in húlle kinderjare misken is. Indien 'n kind sy ouers se verwerpingsgedrag kan ontkoppel van sy eie gedrag, verminder die risiko van latere verwerping van sy eie kinders (Parkes, Stevenson-Hind & Marris, 1991:197).

### 2.3.5 Kritieke tydperk vir ouerverwerping

Verwerping in die vroeë lewensjare (2-12 jaar), het die mees beskadigende effek. Die jong kind het 'n behoefte daaraan dat sy ouers hom sal aanvaar en waardeer, veral

deur middel van die meer subtiele aspekte van hulle emosies en dade. Die kind van 2-12 jaar kan nog nie 'n selfbewussyn opbou om sy eie standpunte van ander s'n te skei nie (Rohner, 1986:119). Die skrywer verduidelik dat jong kinders minder kognitiewe, sosiale en emosionele hulpbronne besit vir die hantering van verwerping. Verder sê Rohner dat die kind later veelsydiger is en meer beskerming teen verwerping het deur middel van sy volwasse egostruktuur en goedgevestigde stel verdediginge. Volgens die outeur het die kind dan meer geleentheid vir identifikasie met ander volwassenes en die portuurgroep.

Neuro-wetenskaplikes voer aan dat die hoeveelheid grysstof in sommige breinareas binne 'n jaar gedurende sleutel ontwikkelingsperiodes verdubbel (Young, 2002:4). Volgens die skrywer volg 'n drastiese weefselverlies tydens die suiwering van onnodige selle. In die vroeë kritieke periodes is die reël vir breinontwikkeling blykbaar: "Gebruik of verloor dit." Die skrywer voeg by dat vroeë ontoereikende, stresvolle, asook ontoepaslike sosiale en emosionele ervarings, hoërvlak neurale stelsels kan kompromitteer. Hy sê dat die jong kind voor ses jaar nie ouers se woede / frustrasie / minagting / verwerping verstaan of verbaliseer nie en daarom word die vroeë lewensjare as die belangrikste beskou.

Die navorsers Clarke & Clarke (1976:172) reken egter dat die **hele** ontwikkeling van die kind belangrik is en nie nét ontwikkeling in die vroeë jare nie. Hulle praat van sensitiewe, eerder as kritieke periodes.

### 2.3.6 Atmosfeer van ouerverwerping

Covitz (1986:5) en Seamands (2002:38) wys daarop dat 'n kind die totale atmosfeer of die oorwegende negatiewe, verwerpende stemming kan absorbeer sonder dat enige spesifieke trauma teenwoordig is. Ouers se konsekwente en oorheersende negatiewe gedragspatrone sal in Forward (1989:5) se opinie die skade aanrig.

### 2.3.7 Worteloorsake van ouerverwerping

Hepden (1993:42-44) noem moontlike redes waarom ouers hul kinders verwerp:

- ongewenste / ontydige swangerskap;
- verkeerde geslag van die kind;
- ouers se eie verwerping as kind;

- die kind se fisiese voorkoms – onaansienlikheid, gestremdheid;
- die kind se onbegaafdheid / gebrek aan intelligensie.

### 2.3.8 Samevatting

Die volgende is bevind met betrekking tot ouerverwerping:

- Aanhoudende aktiewe verwerping deur die ouer plaas negatiewe druk op 'n kind. Die ouer se pasiewe verwerping in die vorm van onbeskikbaarheid en emosionele verwaarlosing, laat 'n leemte in die kind se lewe.
- Hoe erger en meer gereeld die verwerping voorkom, hoe groter is die uitwerking op die kind.
- Die gevolge van vroeë ouerverwerping kan lewenslank voortduur, selfs van een geslag na die ander.
- Die jong kind het minder gereedskap vir die hantering van verwerping en word erger verwond.
- Selfs 'n negatiewe, verwerpende huislike atmosfeer is vir die kind skadelik.
- Die ouer kies om 'n kind te verwerp as gevolg van hulle eie persoonlike begeertes en probleme.

## 2.4 DIE VERWERPTE KIND SE SOSIALISERING

### 2.4.1 Inleiding

Die volgende sake word vervolgens bespreek: die aard van sosialisering; sosialiseringsagente; die kind se sosiale verhoudings buite sy ouerhuis; en sosiale interaksies.

### 2.4.2 Die aard van sosialisering

Mussen, Conger, Kagan & Huston (1990:206) en Berndt (1992:208) noem sosialisering 'n proses waardeur kinders kennis, vaardighede en gesindhede verkry asook standaarde, waardes, gelowe, houdings en gedrag van hulle kultuur en gemeenskap aanleer. Dit sal kinders in staat stel tot deelname as meer / minder effektiewe gemeenskapslede. Handel (1988:11) noem dat die kind ongesosialiseerd in die wêreld inkom – sosialisering ontwikkel deur interaksies met sy omgewing. Volgens Ellenson (1973:14-15) is omgewing 'n persoon se blyplek; ervaring is persoonlike gebeure in die totale omgewing. Die kind se reaksie is nie nét reaksie op die omgewing nie, maar 'n

aktiewe betrokkenheid in pogings om sy wêreld te organiseer en struktueer (Herbert, 1980:43). Hierdie ervarings van die verlede; die interpretering daarvan; en alle gemaakte veronderstellings oor die self en die wêreld, vorm die verwysingsraamwerk of die lens vir die mens se wêreldbeskouing.

Volgens Herbert (1980:42, 43) is die algemene **huislike sosiale klimaat** belangrik in kinderopvoeding. Brown & Van Riper (1973:108) bevestig dat kinders wat grootword in 'n onsensitiewe omgewing, ander se gevoelens verontagsaam. Herbert sê optrede en reaksie word aangeleer en varieer met die unieke, individuele ervaringsgeskiedenis. Individuele verskille manifesteer al in die vroeë kinderjare – oorerwing en aangebore toestande, gepaard met interaksie, lei tot persoonlikheidsvorming. Daarom toon sommige kinders nié die slegte uitwerking van negatiewe gesinsinvloede nie. Ander word, volgens Brown & Van Riper, verdedigend uit selfbeskerming, terwyl ander verhard. Daarom is seerkry in verhoudings emosioneel belemmerend.

Handel (1988:16) noem twee perspektiewe van sosialisering: sosialiseringsagente en sosiale interaksies.

### 2.4.3 Sosialiseringsagente

Ellenson (1973:14) noem die gesin (ouers) die hoof sosialiseringsagent in die vroeë kinderjare (vergelyk 4.3, 4.5 en 4.6), met die portuurgroep as die tweede belangrikste agent

#### 2.4.3.1 Ouers

God het mense as verhoudingswesens geskep en bedoel dat elke mens die ware lewensbetekenis in die konteks van ryke verhoudings moet vind (Crabb, 1987:81; 1997:45). Die kind het 'n desperate soeke na ouers se liefde en aandag om emosionele en verhoudingsgesondheid te ontwikkel (Craddock, 1993:3). Die ouer is onvervangbaar in hierdie liefdeskommunikasie (Evoy, 1981:6).

Die eeue-oue mite oor instinktiewe vader- of moederliefde is onwaar (Inglis, 1978:11, 14). Ongelukkig is álle ouers nie liefdevol nie – hulle het deur die eeue dikwels hul kinders skaamteloos uitgebuit. Die slagspreuk van 'n Britse vereniging vir kindermishandeling in die laat sestigerjare, is hier betekenisvol: "Die huis is waar die haat is."

Volgens Bowlby lê die kind se verhouding met sy moeder die fondasie vir sy selfbewussyn, en verál vir die wyse waarop hy sy toekomstige intieme verhoudings sal inrig (Shulman, 1995:7). Gebaseer op ervaring in hierdie eerste verhouding, vorm die kind verwagtinge van die verbondenheidsfiguur, en ontwikkel hy sy eie selfmodel waarvolgens hy homself as waardig / onwaardig vir sorg beskou. Die selfwaardering – die sogenaamde interne kognitiewe werkende model – is veranderbaar, máár Bowlby sê dat modelle wat in die vroeë lewensjare gevorm is, neig om onbewustelik aan te hou; weerstandig te word teen verandering en mettertyd deel van die kind se persoonlikheid te word. (Berndt, 1992:222) (vergelyk 4.4).

Ainsworth het al in 1978 drie verbondenheidsstyle geïdentifiseer: veilig, vermydend en angstig-ambivalent (Arbona & Power, 2003:41). Angs word beoordeel deur die kind of volwassene se verwarring / onsekerheid oor sy gevoelens teenoor die ouer(s); en vermyding deur die mate waartoe die kind of adolessent homself van sy ouer(s) se gevoelens distansieer (emosionele afskeiding). Die skrywers sê 'n positiewe, vertrouensverhouding / verbondenheid met ouers fasiliteer die ontwikkeling van 'n geïnternaliseerde selfbeskouing as vermoënd en beminbaar, asook 'n positiewe selfwaarde. 'n Sterk verbondenheid aan ouers was óók positief geassosieer met sosiale bekwaamheid, interpersoonlike funksionering, algemene lewenstevredenheid en emosionele aanpassing.

Vroeëre studies het getoon dat positiewe verbondenheid aan ouers, adolessente se betrokkenheid in negatiewe gedrag keer (Arbona & Power, 2003:42, 50). Die sterk affektiewe band met ouers dra by tot die aanvaarding van hulle reëls en regulasies. Die skrywers meen dat die adolessente ouers se reaksies sal oorweeg wanneer die versoeking om anti-sosiale dade te pleeg, voorkom. Bevindings van resente navorsing dui aan dat veilige verbondenheid onder laat-adolessente en jong volwassenes geassosieer word met positiewe resultate, insluitende 'n gebrek aan depressie, angs en bekommernis, asook effektiewe hantering van konflik in romantiese verhoudings.

Kinders wat verál die moeder as verwerpend ervaar, mag internaliseer dat ander vyandig is en hulleself as onwaardig ag vir liefde (Sperling & Berman, 1994:167). Navorsing toon dat moederlike geneentheid misdadigheid verminder, terwyl

verwerpende / passiewe moeders 'n voorloper is van kinders se misdadige neigings (James, 1995:37).

Die vader lewer 'n onvervangbare bydrae tot die ontwikkeling van die kind deur die voorsiening van 'n tweede volwasse model: vir die seun as lid van dieselfde geslag en vir die dogter in die onderrig oor die gedrag en houdings van die teenoorgestelde geslag (Pringle, 1985:61-62). Tradisioneel is verwerping deur die moeder as die oorsaak van misdadigheid beskou, maar later is bevind dat die vader se invloed bepalend is vir misdadigheid, veral van die seun (Angenent & De Man, 1996:104-106). Volgens Berndt (1992:230) verskil ouers se interaksiestyle, maar die hoeveelheid interaksie met die kind is belangriker as die verskille in interaksiestyle.

Volgens Turner, Sarason & Sarason (2001:187) skakel die kwaliteit van die ouer-kind verhouding met aanpassing in volwassenheid. 'n Persoon se herinneringe aan negatiewe of traumatiese ervarings met sy ouers in die kinderjare, wek by hom negatiewe gevoelens en vergroot sy emosionele kwesbaarhede (Gotlib & Hammen, 1992:1).

Die menslike persoonlikheid word gevorm deur vroeë interpersoonlike verhoudings met mense wat naby aan die persoon is (Turner, *et al*, 2001:187). Die eerste kritieke stadium is juis volgens Ausubel (1977:36) die vroeë kinderjare wat bedreigend is vir die selfkonsep en identifikasie met die ouers kan verhinder. Craddock (1993:23) wys daarop dat verhoudings rolmodelle voorsien wat kinders naboots, afgesien van hoe goed / sleg hulle is. God se ontwerp was juis modellering na aanleiding van liefdevolle en beskermende ouers.

Ausubel (1977:36) verwys ook na die tweede kritieke stadium, wat sentreer in die volwassene se transformering van sosiaal aanvaarbare volwasse ewebeelde. Daarom beklemtoon Pringle (1985:35) dat die besef van persoonlike identiteit en waardevolheid, die basis is van later verhoudings, asook die ontwikkeling van 'n gesonde persoonlikheid wat liefde kan gee én ontvang.

Kinders wat ouers as besorgd en vertroostend ondervind, sal die verwagting van 'n aanvaardende wêreld in toekomstige verhoudings indra (Turner, *et al*, 2001:187).

Herhaaldelike soorgelyke ervarings tussen ouer en kind, word 'n redelik akkurate verteenwoordiging van die kind se ervaring. Hieruit word 'n interne werksmodel opgebou. Laasgenoemde neig om die konstruksie en antisipasies van gevolglike verhoudings te vorm, wat dan die verhoudings met ouers en ander rig (Sperling & Berman, 1994:x, 74). Die persoon wat vroeg in sy kinderjare ander as onbeskikbaar, vyandig of verwerpend beleef het, verwag alreeds hierdie negatiewe reaksies tydens teëspoed (Gilbert, 1992:3). Stresvolle gebeure of omstandighede word negatief geïnterpreteer; die self word as ondoeltreffend beoordeel, en ander as onbeskikbaar / onbetroubaar (Gotlib & Hammen, 1992:6). Depressie kan intree.

Liefdevolle ouers tree op as gemeenskapslede ter voorbereiding van die kind se lidmaatskap (Handel, 1988:13). Volgens die skrywer ontwikkel die kind in die loop van sy sosialisering kommunikasie en empatie – die basiese sentiment. Laasgenoemde is verál belangrik vir die vestiging en behoud van vriendskappe; toenemende bevrediging in intieme verhoudings; en gewillige hulpverlening (Henry, Sager & Plunkett, 1996:283). Die emosioneel-uitgehongerde kind sal sy aangebore kapasiteit vir empatie vergeet want die onklaar-gestruktueerde brein is afhanklik van ervarings in die vroeë lewenstydperk (Miller, 2002:17). Wanneer die ouers nié reageer op die kind se behoeftes en geen empatie met hom toon nie, kan 'n naywerige, minagtende, wrede persoon ontwikkel. Volgens Handel behoort 'n kind wat empaties opgevoed word, te ontwikkel in 'n waarderende, opofferende, simpatieke en konsidererende persoon.

Berndt (1992:430) noem drie dimensies van ouergedrag: warmte, beheer / dissipline en betrokkenheid (vergelyk 4.4.2.1 en 4.5.4).

- **Warmte / liefdevolheid // verwerping / vyandigheid**

Volgens Berndt (1992:43) is lof en uitdrukking van positiewe emosies, in plaas van ignorering / frustrasie belangrik vir suksesvolle sosialisering. Steinberg & Meyer (1995: 310) meen dat emosionele mishandeling elke aspek van die jong kind se potensiële sosiale en emosionele ontwikkeling beskadig – sy eiewaarde, vertrouensvermoë en veilige verbondenheid. Die skrywers sê mishandelde kleuters toon kommunikasie-probleme; ouer kinders kan nie bande met ander vorm nie; tieners en volwassenes het 'n geneigdheid tot misdadigheid as gevolg van die verwysingsraamwerk van konflik en vyandigheid. Conger, Cui, Bryant & Elder (2000:234) sê interpersoonlike gedrag met

baie warmte en min vyandigheid word positief geassosieer met die kwaliteit van romantiese verhoudings in vroeë volwassenheid.

Navorsers berig dat kinders met onbeskikbare / vyandige en / of verbaal-mishandelende moeders, die volgende reaksies getoon het: woede, nie-inskiklikheid en min toegeneentheid (Bolger, Patterson & Kupersmidt, 1998:1173). Verwaarloosde kinders het onttrek aan sosiale verhoudings as verdediging / vermyding van pynlike / vreesaanjaende ervaringe. Onvermoë om naby-verhoudings met ander te vorm, lei tot eensaamheid, magteloosheid en naamloosheid (Brown & Van Riper, 1973:7).

- **Beheer**

Dissipline is van die belangrikste take wat ouers van jong kinders het. Die wyse waarop dissiplinering geskied, voorspel kritieke aspekte van kinders se negatiewe en positiewe interpersoonlike gedragte: onselfsugtige gedrag; en disrespekvolle / aggressiewe optrede (Gershoff, Miller & Holden, 1999:307). Navorsing aangaande jongmense toon dat omgee / sorg vir ander buite die gesin aangeleer word deur ouers se voorbeeld van goedhartigheid en medelye (Garland, 1988:627). Dit begin deur hulle wyse van dissipline (vergelyk ook 4.4.2.2, 4.4.2.3 en 4.5.4.2).

Diana Baumrind onderskei drie ouerlike beheerstyle, naamlik outoritêr, permissief en gesagvol (Mussen, *et al*, 1990:512; Berndt, 1992:432; Charlesworth, 1992:517; Steinberg & Meyer, 1995:303; Schickedanz, Schickedanz, Forsyth & Forsyth (1998:391-392). Maccoby en Martin voeg 'n vierde styl by, naamlik onverskillig (Berndt, 1992:435; Kail, 1998:362).

➢ **Outoritêr**

Dié beheerstyl is hoogsbeherend, maar koud, en dissipline bestaan uit fisiese straf, dreigemente en liefdesonttrekking (Charlesworth, 1992:517; Steinberg & Meyer, 1995:304). Vir die kind wat reeds verwerp voel, sal die boodskap van voorwaardelike liefde die verwerping versterk. Herbert (1980:53) verduidelik dat hierdie styl van ouerbeheer angs verwek en eksterne gedragsbeheer, in plaas van interne gedragsbeheer by die kind aanmoedig. Die gewete maak juis van die mens 'n sosiale wese. Volgens Birtschnell (1993:46, 75) word die kind se primêre doelwit mettertyd om goedkeuring van ander te verkry. 'n Verwagting van straf veroorsaak wantroue, devaluering en vermyding van

ander. Gemengde verwagtings veroorsaak aanhoudende konflik oor benadering / vermyding in interpersoonlike verhoudings. Gullotta, Adams & Montemayor (1988:56) konstateer dat uitermate sterk ouerbeheer misdadigheid verhoog. Hierdie kinders kan meesal nie gesag hanteer nie en is kwesbaar vir die portuur, verál met betrekking tot misdadigheid (Cullingford, 1999:173). Daarenteen kan die ouers se hardvogtige dissipline aggressie veroorsaak wat daartoe lei dat die kind deur sy portuur verwerp word. Dán soek die kind na vriendskappe met ander verwerptes (Holmes, Slaughter & Kashani, 2001:185-187). Die skrywers voeg by dat portuurgroepe van aggressiewe, sosiaal-afwykende individue gevorm word. Die wedersydse beïnvloeding versnel die vooruitgang na volhardende misdadigheid en kriminele gedrag.

➢ **Permissief**

Sommige ouers is versorgend en warm, maar beheer en vereis min; ander is koel en onbetrokke (Schickedanz, *et al*, 1998:392; Steinberg & Meyer, 1995:305). Omdat té veel vryheid ontoepaslik is op 'n vroeë ontwikkelingsvlak, word hierdie kinders impulsief en aggressief, met 'n gebrekkige selfbeheer en verantwoordelikheid (Fernandez, 1977:70). 'n Onkonsekwente oueropvoedingsbeleid, met betrekking tot dissipline, veroorsaak onveiligheid en onsekerheid by die kind (Angenent & De Man, 1996:106) (vergelyk 4.4.2.3 en 4.5.4.3). Die onsekere kind voel ontwortel en soek alternatiewe veiligheid – 'n voorspeller van misdadigheid (Cullingford, 1999:17).

➢ **Gesagvol**

Gesagvolle ouers is ondersteunend, begrypend en liefdevol; kommunikeer goed en kombineer beheer met positiewe aanmoediging en induktiewe dissipline (vergelyk 4.4.2.2, 4.5.4.2 en 4.5.4.4). Laasgenoemde bevorder die ontwikkeling van die gewete en voorkóm aggressie (Mussen, *et al*, 1990:492; Steinberg & Meyer, 1995:305). Herbert (1980:53, 57) voeg by dat empatie ook hieruit ontwikkel want die kind kan, ná sy ouers se verduideliking van sy oortreding, die effek wat sy gedrag op ander het, oorweeg. Die skrywers beklemtoon dat die liefdesbasis van 'n dissiplinêre tegniek bydra tot die internalisering van ouerlike waardes en die vatbaarheid van hulle invloed. 'n Ondersoek van Rohner, Bourque & Elordi (1996:842) met jeugdiges toon dat fisiese straf deur ouers nét met wanaanpassing geassosieer was wanneer dit as verwerping waargeneem is. Amato & Fowler (2002:713) bevestig dat kinders die beste aanpas wanneer ouers doeltreffend ondersteun en monitor, asook kwaai straf vermy. Chipman,

Olsen, Klein, Hart & Robinson, 2000:8-9) se studie van 'n groep gevangenis en nie-gevangenis toon dat eersgenoemde outoritêre asook permissiewe ouerstyle ervaar het, terwyl laasgenoemde gesaghebbende ouerstyle ervaar het.

➢ **Onverskillig**

Sulke ouers het min warmte én beheer (Berndt, 1992:434). Hierdie kinders het 'n lae selfwaarde en is angstig en onbeheersd. Die koue en onverskillige ouer veroorsaak teleurstelling en onveiligheid by die kind (Angenent & De Man, 1996:100; en Cullingford, 1999:173). Die skrywers bevind dat misdadige kinders sulke ouers verwerp; kontak met hulle verbreek; en vertroue in hulle verloor. Die onverskilligheid van ouers lei ook tot 'n gebrek aan selfwaarde, wat dikwels manifesteer in aggressie / misdadigheid (Cullingford, 1999:169, 186).

- **Betrokkenheid**

Die onbetrokke ouer is onsimpatiek teenoor die kind se behoeftes; ruim geen tyd in vir omgang met hom nie; is afwesig wanneer die kind in nood verkeer; en kan nie sy gedrag monitor nie. Hierdie kinders het dan 'n lae selfwaarde, is impulsief en aggressief; geneig tot misdadigheid, dwelm- / alkoholmisbruik en het nie langtermyn doelwitte nie (vergelyk 4.5.4.5).

Western, Lynch & Ogilvie (2003:122) toon dat twee elemente van die <u>ouers se teenwoordigheid</u> misdadigheid keer, naamlik:

➢ **Werklike toesig** – ouers se bewustheid van die kind se aktiwiteite en vriende;

➢ **Intieme kommunikasie**

Barlow & Ferdinand (1992:156) beweer dat ouerverwerping, veral deur die vader, kommunikasie verbreek en die ouer(s) se invloed vernietig – 'n sterk korrelaat vir misdaad. Dialoog met die ouer gee vir die jongmens die begeerde verbintenis. Vir Orford (1980:32) is kommunikasie juis 'n belangrike aspek van betrokkenheid, omdat dit erkenning van menslikheid en menswaardigheid bevestig. Daarsonder misluk onderhandelinge met ander; versterk die gewoonte om mense te ignoreer; en ontwikkel innerlike woede (Cullingford, 1999:155-162).

> **Identifikasie**

'n Belangrike leeraspek van die vader-kind verhouding is die ontwikkeling van 'n normstruktuur deur middel van identifikasie (Angenent & De Man, 1996:105-16). Die kind raak vervreemd van die ouer; leer nie morele wette nie; en ontwikkel nie 'n genoegsame gewete óf selfbeheersing nie (Cullingford, 1999:171). Marschak (1980:233) wys daarop dat 'n kind se geredelikheid tot nabootsing en identifikasie juis bevorder word deur egte, onvoorwaardelike geneentheid; ondubbelsinnige en konsekwente rigtinggewing, en die waarneming van en respek vir die kind se individualiteit.

Farrell & Swigert (1988:348) noem dat vier veranderlikes in die verhouding tussen die kind (die dader) en sy ouers in aanmerking geneem moet word:

- Die kind se **nabyheid** aan sy ouer(s), met ander woorde sy begaandheid oor hul goedkeuring / agting;
- die **sigbaarheid** van sy aksie / daad vir sy ouer(s), met ander woorde hulle geneigdheid om daarvan te weet;
- die **reaksie** van die ouer(s) op die kind se aksie / daad, met ander woorde hoeveel die daad hulle algemene agting vir hom beïnvloed;
- die **gedragsvoorkeure** van die ouer(s) of die krag van hulle invloed, met ander woorde in 'n noue verbondenheid aan die ouers, sal hulle opinie omtrent hom verander na aanleiding van sy daad. Dán het hulle maksimale invloed, wat hom van misdadigheid sal weerhou.

Daarenteen ontneem die ouers se afwesigheid die kind van persoonlike verhoudings (Cullingford, 1999:155, 157). Naby ouer-kind verhoudings bewerkstellig ook verbondenheid aan ouers. Angenent en De Man (1999:100) sê misdadige kinders het hul ouers waargeneem as koud en ongeïnteresserd in hulle doen en late . Daarom het hulle verwerp en benadeel gevoel, asook dat hulle onregverdig behandel is. Western, *et al* (2003:123) bevind dat ouerverbondenheid by misdadigers laer was as by nie-misdadigers.

Dit lyk asof 'n swak vader-seun verhouding oppervlakkige, interpersoonlike verhoudings veroorsaak, sowel as isolasie, gepaardgaande met 'n groter geneigdheid tot betrokkenheid by misdaad. Blykbaar raak die kind gevoelloos teenoor die ouer(s),

asook onbegaand oor hulle opinie / gedagtes. Angenent & De Man (1996:97) sê die misdadige gedrag is dikwels daarop gemik om die ouer(s) te verpes en te beskaam.

Die skrywer voeg by dat elke kind konstante en konsekwente menslike reaksie verlang én benodig om sy sosiale wêreld baas te raak. Ten spyte van die verwerping hunker die kind na 'n verhouding. In 'n poging om die leemte te vul, beland hy in slegte gedrag met maats. Verwerping / emosionele verwaarlosing tuis, dryf kinders na ander plekke én mense vir aanvaarding, byvoorbeeld bendes en portuurgroepe met dieselfde agtergrond (Chipman, *et al*, 2005:5).

**2.4.3.2. Portuurgroep**

Naas die ouers, is ook die portuurgroep 'n sosialiseringsagent. Vroeë gesinservarings is die voorbereiding van die kinders se inisiële én latere portuurinteraksies (Schickedanz, *et al*, 1998:535). Veral in die voor-adolessensie impakteer portuurverhoudings die vorming van die kind se sosiale gedrag en houdings want dáár leer hy van homself en die gemeenskap (Handel, 1988:213).

Volgens Herbert (1980:60) is sosiale vaardighede wat die maak van vriende vergemaklik, die volgende:

- sensitiwiteit vir ander se gevoelens en behoeftes;
- die vermoë om warmte en geneentheid te kommunikeer;
- die vermoë om doelwitte, asook aktiwiteite met ander te deel.

Hierdie en ander sosiale vaardighede is produkte van ervarings gedurende die kinderjare .

Volgens Berndt (1992:502) beïnvloed die kind se gedrag sy populariteit by die portuur méér as sy fisiese aantreklikheid. Negatiewe persoonlikheidseienskappe soos aggressie, onvolwassenheid en swak sosiale vaardighede, sal tot verwerping lei (Mussen, *et al*, 1990:438-439). Die sosiaal-onvaardige kind is ontwrigtend, indringerig, dikwels baasspelerig en dwarskoppig, met ontoepaslike / afwykende optrede (Mussen, *et al*, 1990:438-439; Steinberg & Meyer, 1995:290).

Ouers vergemaklik kinders se portuurverhoudings. Kinders se sosiale gedrag met die

portuur is verwant aan hulle verbondenheidsgeskiedenis met die ouers (Bolger, *et al*, 1998:1172; Schickedanz, *et al*, 1998:274, 535). Veilig-verbonde kinders met goeie, ondersteunende ouerverhoudings, word nie deur ander uitgebuit / geboelie nie en is meer suksesvol in portuurverhoudings (Berndt, 1992:189). Onveilige verbondenheid met ouers lei tot die volgende gedrag in die portuurgroep: angstige wegdeins / vermyding óf aggressie wat tot verwerping lei (Van Hasselt & Hersen, 1992:303).

Verwaarloosde kinders onttrek uit angstigheid van sosiale verhoudings óf toon swak beheerde gedrag as gevolg van min verhoudingservaring. Vroeë ouerlike betrokkenheid deur middel van kommunikasie en spel, is die voorbereiding vir portuurkommunikasie (Berndt, 1992:508; Schickedanz, *et al*, 1998:535). Geïgnoreerde kinders was aggressief, meer beherend en het minder prososiale gedrag uitgeruil.

Kinders met outoritêre ouers sukkel met konflikoplossing in die portuur want hulle aggressiewe, selfgeldende tegnieke veroorsaak alreeds voorskoolse portuur-verwerping (Steinberg & Meyer, 1995:420).

Ouers se vroeë ondersteunende gedrag voorspel adolessente se vermoë om bevredigende en genotvolle vriendskappe, asook latere intieme verhoudings te vestig (Franco & Lewitt, 1998:320; Seiffge-Kreuke, Shulman & Klessinger, 2001:341; Cui, Conger, Bryant & Elder, 2002:685-686; Updegraff, Madden-Derdich, Estrada, Sales & Leonard, 2002:79). Deur die ouers se aanvaarding sien hierdie kinders, volgens Franco & Lewitt, hulleself later as bekwaam en waardig in positiewe verhoudings met vriende.

Vroeë uitsluiting uit die portuur lei tot sosiale verhoudingsprobleme, negatiewe selfpersepsie en uiteindelike internaliseringsprobleme (Schneider, Attili, Nadel & Weisberg, 1989:314). Dít voorspel eensaamheid en depressie in vroeë adolessensie. Portuurverwerpte kinders is 'n groter risiko vir latere negatiewe gedrag – stokkiesdraai, wangedrag by die skool, vroeë skoolverlating en latere misdaad (Berndt, 1992:507; Mussen, *et al*, 1990:438).

Ongelukkig het die verwerpte status 'n langtermyn uitwerking – algaande verminder die leer van vaardighede en die kind se optrede veroorsaak afkeur, asook verdere

verwerping deur die portuur (Steinberg & Meyer, 1995:290-298). Die kind beleef 'n bose kringloop van verwerping.

### 2.4.4 Die kind se sosiale verhoudings buite sy ouerhuis

Die kind se vermoë om heilsame interpersoonlike verhoudings buite die ouerhuis te vorm, word volgens Ausubel (1977:61) beïnvloed deur vriendelike ouerlike verhoudings wat positiewe verwagtings van ander kweek asook die beskikbaarheid van ouerlike ondersteuning, versekering en leiding ingeval van probleme met ander. Adams & Jones (1999:97) bevestig dat verwagtings van mislukking gebaseer is op vroeë interaksie-ervarings. Volgens hulle vergroot dit die waarskynlikheid van mislukking in volwassenheid van goed-gekoördineerde interpersoonlike gedrag.

Conger, *et al* (2000:225) noem dat 'n paar navorsers van mening is dat spesifieke vaardighede in intieme kommunikasie verwant is aan sukses / mislukking in latere romantiese verhoudings – probleemoplossing, emosionele regulering, en konflikbestuur. Hierdie vaardighede word betekenisvol beïnvloed deur die gesin van oorsprong. Die skrywers voeg ook by dat sosiale leer die proses van direkte opleiding deur die ouers is. Daarom is mislukking in toereikende ouerskap 'n voorspeller van toenemende risiko vir anti-sosiale gedrag soos aggressie, óók teenoor die metgesel in 'n romantiese verhouding.

Wanneer 'n nuwe persoon ooreenkom met 'n belangrike geliefde, byvoorbeeld die ouer, word die nuwe persoon geïnterpreteer en geëvalueer volgens die positief / negatiewe emosies gekoppel aan die ouer (Berk & Anderson, 2000:546). Afleidings oor die nuwe persoon word gemaak, en emosies verplaas ooreenkomstig assosiasies met die ouer(s). Hierdie interaksiepatrone tussen ouer en kind wat deur die kind na ander mense verplaas word, kan lewenslank hou, afhangende van hoe vroeg die indrukke op die kind afgestempel is (Saul, 1977:13; 1979:ix, 256). In volwassenheid sal 'n dogter byvoorbeeld die teleurstelling en diepgewortelde bitterheid teenoor haar vader op álle mans oordra. Iemand wat self as kind deur 'n vader / moeder verwerp is, mag later as volwassene sy eie kind verwerp (vergelyk 2.3.4 – verwerpingssiklus).

Die bron van wanaangepaste gedagtes en emosies is dikwels kerngelowe in verband met die self (Turner, *et al*, 2001:186). Hulle sê ten minste een van hierdie kerngelowe is

'n onwaardigheid vir liefde, grootliks die produk van interpersoonlike ervarings in vroeë naby-verhoudings. Omdat die kind min verwysingsraamwerke buite die ouerhuis het, word tuisgeleerde feite omtrent homself en ander, diepgewortelde, universiële waarhede (Forward, 1989:32). Uiteindelik lei negatiewe interaksies tot negatiewe selfsienings; lae sosiale bekwaamheid; swak aanpassingsvermoë; en langtermynprobleme in die vorming van verhoudings (Peters, *et al*, 1992:38).

Elke mens het vanaf geboorte drie diepliggende basiese behoeftes (Seamands, 1998?:63): 'n besef van **behorenheid** – 'n bewustheid van onvoorwaardelike versorging, liefde en aanvaarding; 'n besef van **waarde** – die innerlike wete dat die persoon tel en waardevol is, sigbaar en hoorbaar oorgedra deur erkenning, waardering en toegeneentheid van die ouers; 'n besef van **bevoegdheid** – die gevoelskonsep dat die persoon 'n taak kan doen / 'n situasie én die lewe in die gesig kan staar as gevolg van ouerlike aanmoediging en motivering.

- **Behorendheid**

Indien die ouer faal in die vervulling van hierdie behoefte, voel die kind wantrouig, jaloers, seer, depressief, geslote, alleen, selfs ongelowig, met 'n selfhandhawende gedragsstyl (Anon, 2002:9). Sonder aanvaarding word die kind aangedryf om ander te plesier ter verkryging van liefde en aanvaarding (Craddock, 1993:3). Die emosionele reaksies en oorreaksies op die optredes en aksies van mense in toekomstige verhoudings word deur hierdie interpersoonlike band bepaal (Baumeister & Leary, 1995:508).

- **Selfwaarde / eiewaarde**

Ouers wat nie hulle kind as waardevol behandel nie, laat hom minderwaardig, skuldig, vernederd / onwaardig, leeg, onvervuld en innerlik-doods voel met 'n selfbejammerende gedragsstyl (Anon, 2002:9-10). 'n Kind met 'n persoonlike hoë waardeskatting, aanvaar en respekteer homself; hy hou van homself as persóón eerder as 'n vóórwerp (Evoy, 1981:57).

Eiewaarde is volgens Baldwin & Sinclair (1996:1131-1139) 'n bewussyn van negatiewe / positiewe selfgedagtes, byvoorbeeld: "Ek is slim / suksesvol", óf: "Ek is dom / 'n mislukking"; "Mense is lief vir my", óf: "Mense hou nie van my nie".

'n Voorwaardelik-aanvaarde eiewaarde word afgelei van herhaaldelike kritiek / veroordeling van geliefdes. Die skrywers toon dat verwagtinge / verhoudingsstyl tekste gevorm word: "**Ás** ek .... dan sal ....", byvoorbeeld "As ek misluk, dan sal my pa my verwerp", maar "as ek slaag, dan sal hy my liefhê". Hierdie geaktiveerde voorwaardelik-aanvaarde verwagtinge, beïnvloed byna outomaties die indiwidu se selfevaluerende style met betrekking tot sukses / mislukking; aanvaarding / verwerping in interpersoonlike terugvoering. Ná mislukking sal die persoon waaksaam wees vir negatiewe response; vorige verwerping herroep; en dubbele response as verwerping beskou. Die negatiewe selfgedagtes en verhoudingsstyle kan ook kombineer, byvoorbeeld: "As ek misluk (negatiewe selfgedagte), sal mense nie van my hou nie" (verwagting / verhoudingsstyl).

- **Bevoegdheid**

Indien die ouer in gebreke bly om die bevoegdheid van die kind te erken en te stimuleer, voel die kind kragteloos, onseker, dom / magteloos, onbekwaam, gesagloos en soos 'n nikswerd mislukking – sy gedragsstyl is selfverwerpend wat dikwels neig tot selfmoord (Anon, 2002:10).

Die kind (en latere volwassene) staan dan met ál hierdie kenmerkende selfgedagtes en gedragstyle in interpersoonlike verhoudings.

Covitz (1986:152) reken dat die ouerhuis 'n kind moet voorberei vir die lewe – die vermoë om in die wêreld te funksioneer, benodig selfvertroue en selfaanvaarding wat nét kan ontwikkel vanuit 'n ouer-kind interaksie. Volgens Covitz is laasgenoemde gebaseer op onvoorwaardelike liefde, ondersteuning, versorging en aanvaarding. Hier sonder is die kind nie in staat tot hantering van kritiek in die buitewêreld nie en bereik moeilik sy potensiaal.

### 2.4.5 Sosiale interaksies

Twee komponente is betrokke by sosiale interaksies: sensitiwiteit en meegevoel; warmte, ondersteuning en minsaamheid (Mussen, *et al*, 1990:206). Volgens die skrywers versterk liefde en aanvaarding die kind se belewing van sy eiewaarde en vorm die basis van sosialisering in die peuterjare. Die kommunikering van toegeneentheid is

betekenisvol verwant aan nabyheid en bevredigende ouer-kind verhoudings, want dit bepaal later vooruitgang / vordering in verhoudings (Floyd & Morman, 2005:100).

Fisiese kontak word ook in die affektiewe domeine as aanvaarding ervaar: dit vestig en behou selfwaarde en beïnvloed die individu se gesonde sosiale ontwikkeling (Pearce, Martin & Wood, 1995:160-161). Fisiese kontak / nabyheid is dikwels die doelwit van geweld – die moontlike verklaring waarom moordenaars hul slagoffers herhaaldelik, onnodiglik steek (James, 1995:37). Die skrywer voeg by dat geweld soms 'n aanduiding is van 'n intense behoefte aan verbondenheid, asook 'n uitdrukking van jaloesie en afhanklikheid.

### 2.4.6 Samevatting

Ten opsigte van die verwerpte kind se sosialisering is die volgende vasgestel:

**Die aard van sosialisering:**

- Sosialisering is 'n wedersydse reaksie in 'n sosiale omgewing.
- Die aard van vroeë sosiale ervarings beïnvloed latere sosiale sukses / mislukking.

**Die ouers as sosialiseringsagente:**

- Betrokkenheid in verhoudings is 'n aangebore menslike behoefte.
- Ouers dra 'n liefdesboodskap aan hul kinders oor.
- Die moeder se sensitiwiteit en reaksievermoë op die kind se behoeftes beïnvloed verbondenheid aan haar, asook die kind se latere verhoudings.
- Verbondenheid aan ouers beïnvloed veral sosiale bekwaamheid en die omgang met mense en keer negatiewe gedrag.
- Albei ouers is belangrik in kwaliteit interaksie met die kind.
- Aanpassing in volwassenheid is gekoppel aan die kwaliteit van die ouer-kind verhouding.
- Identifikasie beïnvloed sosiale gedrag wat die direkte gevolg van die ouer-kind verhouding is.
- Die basis van latere verhoudings is die besef van persoonlike identiteit en waarde-volheid, asook gesonde persoonlikheidsontwikkeling.
- Ontwikkeling van empatie in die sosialiseringsproses is belangrik vir toekomstige interpersoonlike verhoudings.

- Ouergedrag bestaan uit drie dimensies: warmte, beheer en verbondenheid. Warmte of vyandigheid kommunikeer aan kinders wat die ouer omtrent hulle waardeer / nie-waardeer en watter betekenisse aan hulle response geheg word.
- 'n Liefdesgeoriënteerde benadering tot beheer / dissipline korreleer met internalisering van positiewe waardes en bevorder die ouer se inlvoed. 'n Nie-liefdesgeoriënteerde benadering kan negatiewe gedragspatrone en swak sosiale verbintenisse laat ontwikkel.
- Onkonsekwente / hardvogtige ouerstyle beïnvloed die kind nadelig en word geassosieer met aggressie / misdadigheid.
- Kinders verwerp 'n koue ouer met gevolglike verbreking van kontak en vertroue.
- Ouerverwerping verbreek kommunikasie, verarm die ouer-kind verhouding, asook latere verhoudings met ander.
- 'n Goeie, liefdevolle vader-kind verhouding bewerkstellig identifikasie met die ouer en bevorder die aanleer van selfbeheer, morele wette en 'n gewete.
- Die teenwoordigheid van die ouer kan misdadigheid teenwerk, as gevolg van die ouer se bewustheid van die kind se aktiwiteite.
- Die afwesigheid van die ouer verhinder die kind se persoonlike verhouding met die ouer, asook met ander.
- Die verlange na verhoudings maak die kind kwesbaar vir bende- of portuur-groepsaktiwiteite en bedrywighede.
- 'n Naby ouer-kind verhouding vergroot verbondenheid, bevorder interpersoonlike verhoudings en verlaag die geneigdheid tot misdadigheid.
- Die kind se liefde en betrokkenheid by die ouer/s, verminder misdadigheid omdat die ouer se reaksie en verleentheid vir die kind belangrik is.
- Wanneer die kind die ouer verwerp, is wraaksugtige deelname aan kriminele gedragte bedoel om die ouer te beskaam en te treiter.
- Die onverbonde kind is blootgestel aan kriminele omgewingsinvloede en slegte vriende. 'n Goeie vader-kind verbondenheid voorkòm die geneigdheid tot misdadigheid.
- In reaksie op slegte ouerbehandeling beskou die kind homself as waardeloos / 'n mislukking, wat lei tot 'n slegte belewing van eiewaarde, moontlike aggressie en misdadigheid.

**Die portuur as sosialiseringsagent:**

- Die beste voorspeller van gesonde portuur-verhoudings is 'n gelukkige gesinslewe.
- Veilige, ondersteunende verhoudings met ouers dra by tot suksesvolle portuur- en vriendskapsverhoudings.
- 'n Ondersteunende omgewing voorsien die geleentheid tot verkryging en verfyning van noodsaaklike interaksievaardighede, veral met die portuur.
- Ouerlike warmte, matige beheer en betrokkenheid blyk belangrik te wees in terme van kinders se sosiale bekwaamheid.
- Ernstige ontwrigting van die ouer-kind verhouding soos kindermishandeling, verwaarlosing en verwerping, word weerspieël in latere ontwikkelingsprobleme, insluitende verhoudings met die portuur.
- Portuurverwerping veroorsaak latere negatiewe gedrag en aanpassingsprobleme.
- Die verwerpte se sosiale status is taamlik stabiel en neig om in die naskoolse jare te volhard.

**Sosialisering buite die ouerhuis**

- Liefdevolle ervarings met ouers vergemaklik en bepaal 'n kind se latere verwagtings van en omgang met mense.
- Onbevrediging van die kind se basiese behoeftes kan tot negatiewe gedrag en negatiewe selfgedagtes in sosiale omgang lei.
- Die ouerhuis is 'n voorbereiding vir die lewe want vanuit die ouer-kind verhouding word die wêreld (met sy mense) hanteer en potensiaal bereik.

**Sosiale interaksies:**

- Ouers se liefde en aanvaarding van die kind versterk sy eiewaarde wat reeds die basis van sosialisering in die peuterjare is, asook sy latere sosiale ontwikkeling.
- Fisiese kontak is nodig vir die behoud van selfwaarde.

## 2.5 DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERWERPTE KIND SE SOSIALE SELF

### 2.5.1 Inleiding

Vervolgens word gehandel oor die ontwikkeling van die kind se sosiale self in die konteks van ouerverwerping deur te fokus op: die self; selfkonsep, selfbeeld en selfwaarde.

### 2.5.2 Die self

Die self verwys na 'n persoon se verteenwoordiging van homself as 'n voorwerp in sy ervaringswêreld (Fernandez, 1977:38). Die self is dan die somtotaal van alles eie aan die persoon, asook aanvaarde houdings van ander (Fernandez, 1977:43; Handel, 1988:15; Mussen, *et al*, 1990:388 en Berndt, 1992:525).

Mead verwys na twee sleutelstrukture of –begrippe van die self, naamlik die "ek" en die "my".

- Die **"ek"** verwys na:
  - die self as **onderwerp** / die persoon wat 'n mens is met sy ervaring en bewustheid as verteenwoordiging;
  - die outeur van die persoon se lewensverhaal wat saamgestel word in dialoog met ander;
  - die ego (die innerlike verstandslewe, afgesny van betrokkenheid in die wêreld en die gemeenskap) "beklee met die kledingstuk van die gemeenskap";

  Die **"ek"** is:
  - die bron van doelbewuste optredes soos waarneming, glo, dink, verbeelding, asook hoop, begeer, liefhê en haat;
  - die persoon se reaksie op ander se houdings;
  - 'n interpretasieproses wat toon dat dit óók 'n subjektiewe fase / aspek het.

- Die **"my"** verwys na die self as **voorwerp**, asook na die akteur van die persoon se lewensverhaal.

  Die **"my"** behels die aanvaarde houdings van ander en bestaan uit persoonlike herinneringe, stories, begrippe en teorieë wat omtrent die self versamel is en lei tot optredes in die wêreld.

(Fernandez, 1977:43; Handel, 1988:15; Ferrari, 1998:397-398; Kagan, 1998:137; en Mohanty, 2000:72-73).

Handel (1988:14-15) sê die opkoms van die self word moontlik gemaak en gestimuleer deur die belangstelling van ander mense in die ontwikkelende kind. Ouers is die eerste mense in 'n opeenvolging van belangrike ander mense, wat die loop van sosialisering dwarsdeur die ontwikkelende mens se lewe beïnvloed. Die skrywer meen dat die **soort** belangstelling in die kind 'n skatting / taksering is van sy belangrikheid of waarde vir sy ouers. Daarom bestaan die kind se aanvanklike self uit hierdie inisiële takserings. Nét met die opkoms van die self word die kind 'n persoon wat sy eie gedrag rig en reguleer – 'n vereiste vir funksionering in die menslike gemeenskap. Herbert (1980:59) meen dat teenstrydighede tussen die ideale self (wat hy wíl wees) en die ware self (wat hy ís), angs verwek. Laasgenoemde word geassosieer met probleme in plaas van lewensgeluk en gesondheid.

### 2.5.3 Selfkonsep

Die beginpunt van die selfkonsep is die kind se bewussyn van homself as 'n voorwerp in die omgewing (Kail, 1998:274-275). Volgens Kail en Kagan (1998:138) is hierdie bewustheid van gevoelens en eienskappe eers teen die tweede lewensjaar gevestig. Dit bestaan uit unieke beelde / gevolgtrekkings omtrent die self, gemaak na aanleiding van ander se houdings, gelowe en optrede teenoor hom.

Die selfkonsep het volgens Evans & Seaman (2000:238) 'n ontwikkelende multi-dimensionele samestelling. Die skrywers sê **jonger kinders** vertoon 'n vormlose globale konsep, terwyl **ouer kinders** kognitief tussen verskeie selfkonsepte kan onderskei – 'n fisiese, sosiale en kognitiewe self. Konstante vernedering deur geliefdes, soos die ouers, sal die kind tot vreeslike gevolgtrekkings omtrent homself dwing. **Adolessente** ondergaan betekenisvolle transformasie ten opsigte van hulle denke, gevoelens, optrede en hulle wêreldbeskouing. Hulle kan dan onderskei tussen groter domeine – dieselfde geslag en teenoorgestelde geslag verhoudings. Die skrywers wys daarop dat 'n groter self-kompleksiteit as 'n beskermende faktor kan dien teen sekere simptome omdat die persoon in staat is om te kompenseer vir 'n sekere negatiewe ervaring, deur te fokus op ánder selfaspekte. Alhoewel konstante vernedering deur geliefdes, soos die ouers, die kind tot vreeslike gevolgtrekkings omtrent homself dwing, sal 'n groter selfkompleksiteit 'n buffer wees teen negatiewe ervarings (Evans & Seaman, 2000:239-250). Hulle voeg by dat positiewe selfaspekte dan ook van negatiewes gedifferensieer sal word. Die skrywers dui ook aan dat 'n selfkonsep wat later nét gebaseer is op portuur- of

liefdesverhoudings, negatief beïnvloed word tydens ontwrigting van die verhouding. Ander positiewe selfaspekte ontbreek (selfkompleksiteit), want ouers het nooit álle domeine waarin die kind uitgeblink het, beklemtoon nie. Daarom het 'n negatiewe selfwaarde gevestig. Hoe laer die selfkompleksiteit, hoe meer onvolwasse die verdedigings, wat volgens Thienemann, Shaw & Steiner (1998:194) veral belangrik is vir suksesvolle interpersoonlike verhoudings.

Hepden (1992:12) noem die selfkonsep die manier waarop die mens homself sien; 'n kaart wat hy raadpleeg en omtrent homself glo. Volgens Craddock (1993:3) word 'n kind se selfvertroue en selfkonsep primêr gevorm deur sy ouers. Hepden (1992:12-13) huldig dieselfde standpunt, want die kind is totaal afhanklik van ouers se reaksies om hom aanvanklik tot selfbegrip te bring. Die skrywer voeg by dat die kind se lewenspersepsies gefiltreer word deur ouers se woorde, houdings en gedrag. Daarenteen meen Carr (1988:16) dat die selfkonsep nie nét die resultaat is van ouers se optrede of woorde nie – die gekose vorm van rebellie / opstand / optrede van die kind is buite die ouers se beheer.

### 2.5.4 Selfbeeld

Seamands (1998?:64-66) sê die kind se prentjie omtrent homself, kom van geliefdes se reaksies teenoor hom. Die skrywer wys daarop dat die weerkaatsing van hierdie "spieëlself" erg verdraaid kan wees as gevolg van emosionele verwaarlosing; gebrekkige toegeneentheid; kritiek en vergelyking met ander, asook openlike verwerping. Om in te pas by die "spieël-prentjie" omtrent homself ("Jy is onbelangrik" / dom / minderwaardig / lelik / vet") begin die kind naderhand in interaksies met ander ook só praat en optree.

Mettertyd, en gebaseer op die gelowe, houdings en aksies van ander, bekyk die kind homself en kom tot positiewe / negatiewe / dubbelsinnige gevolgtrekkings oor homself (Fernandez, 1977:38-39). Hierdie gevolgtrekkings word dikwels blywende verteenwoordigers van die self. Sommige bevorder / kweek onverskilligheid; ander lei tot begrip van mense en menslike interaksie. Volgens Handel (1988:15) kan die kind homself naderhand verbeel hoe sy voorkoms / aksie geliefdes, byvoorbeeld ouers, beïnvloed.

Ellenson (1973:19) en Fernandez (1977:41) voer aan dat 'n selfbeeld nie-aangebore is. Die belewing van minderwaardigheid ontwikkel tydens die sosiale ervaringsproses. In die vroeë jare is die kind meer geneig tot selfwaarneming vanuit die geliefdes se perspektief – die "geïnternaliseerde gehoor" (Fernandez, 1977:38-39). 'n Kind wat ongewens, minderwaardig of soos 'n las voel, se selfbeelde is: "Ek is 'n verloorder; ek is lastig". Fernandez sê verder dat iemand met 'n swak selfbeeld gedurige terugvoering of bevestiging van liefde / aanvaarding sal verlang. Ander se houdings en aksies bepaal of 'n swak selfbeeld verstewig en 'n aanhoudende konsekwente basis vir selfveroordeling word.

Herbert (1980:59) meen dat innerlike probleme nou verbonde is aan die kind se gunstige / ongunstige waarneming van homself (sy selfbeeld) en sy persepsie van en verhouding met ander mense. Daarom is dit belangrik dat die kind van homself hou, op homself staatmaak en homself ken. Die skrywers is daarvan oortuig dat ál laasgenoemde dinge hom sal vrywaar van defensiewe reaksies om sy groeiende selfbeeld te beskerm en te versterk.

### 2.5.5 Selfwaarde

Selfwaarde is die mens se totale selfpersepsie en laasgenoemde is dan afhanklik van hoe goed die persoon homself waarneem in verhouding met wat hy / sy as belangrik beskou (Evans & Seaman, 2000:241). Die skrywers sê elke mens bepaal wat vir hom belangrik is, en sukses / mislukking in hierdie domein voorspel sy globale selfwaarde. Gevolglik evalueer 'n persoon sy selfwaarde gebaseer op verskillende selfaspekte. Net soos met die selfkonsep, laat die ontwikkelingsproses 'n persoon toe om tussen 'n groot aantal domeine te onderskei. Arbona & Power (2003:41) en Brewer & Hewstone (2004:26) meen dat individue se beoordeling van hulle vermoëns, bekwaamheid, persoonlikheid en selfaanvaarding gegrond is op herinneringe of ervarings van die verlede.

Die kind se waarneming dat sy aksies sy omgewing beheer en 'n verandering teweegbring, verhoog selfwaarde, asook 'n bewustheid van bemeestering en bekwaamheid (Herbert, 1980:50). Hierdie bewustheid maak hom weerstandig teen hulpeloosheid en latere depressie in volwassenheid (vergelyk 2.7.4). Die skrywers voeg by dat 'n kind selfstandigheid bereik deur die aanleer van bekwaamheid en selfbeheer.

Sonder sosiale en verbale vaardighede het hy min keuses wanneer hy met beswarende omstandighede gekonfronteer word en is daarom gouer geneig tot aggressie. Daarná kan mislukking tot 'n verlies aan selfwaarde, asook twyfel en skaamte, lei.

Liefdevolle en betrokke ouers wat gereeld drukkies gee, waarderend en respekvol is, kommunikeer: "Jy is belangrik." Dit lei tot 'n gunstige selfbeoordeling en hoë selfwaarde (Kail, 1998:284). Ongelukkig internaliseer die kind volgens Mohanty (2000:80), negatiewe oortuigings omtrent sy waarde. Selfs nadat die spesifieke, aanleidende ervarings / optredes verdwyn het, bly hierdie oortuigings nóg vassteek.

Daarenteen verwag 'n persoon met 'n lae selfwaarde afkeurende reaksies van mense as gevolg van herhaaldelike negatiewe verwysings van die ouer na die kind as byvoorbeeld lomp / lelik / dom (Cook, 1980:109, 114). Die skrywers sê dat die persoon sélf in sy lewe hierdie uitsprake laat waar word en die verwerping word voortgesit – 'n selfvervullende profesie. Haupt & Leary het in 1997 bevind dat die verwagting van aanvaarding / verwerping nét by diegene met 'n bestaande lae selfwaarde sal voorkom (Leary, 2003:271). Dit bevestig vir hom dat selfwaarde verwant is aan waargeneemde aanvaarding en verwerping. Later bevestig Leary sy teorie dat selfwaarde 'n weerspieëling is van die individu se beoordeling van die implikasies van sy gedrag met betrekking tot sosiale in- en uitsluiting. Die persoon sal dan sy selfwaarde probeer behou sodat hy nie geïgnoreer, vermy óf verwerp word nie. Vir Leary korreleer sosiale angs, jaloesie, eensaamheid en depressie met selfwaarde en verwerpende gebeure. Mense met 'n lae selfwaarde sal, volgens Leary, ook "waardelose" groepe soos bendes, verkies omdat hulle lidmaatskap daarvan veiliger is as groepe mét waarde. Kagan (1998:146) meen selfwaarde het 'n emosionele komponent, gebaseer op die verhouding met mense, asook hulle standpunte en evaluasies van die kind se eienskappe. Daarom het die sosiale konteks waarin die kind lewe, 'n belangrike invloed op sy selfwaarde.

### 2.5.6 Samevatting

Die ondersoek na die ontwikkeling van die verwerpte kind se sosiale self het die volgende aan die lig gebring:

- Die **self** is alles uniek aan 'n persoon, asook die aanvaarde houdings van ander teenoor hom.

- Die **selfkonsep**, gevorm uit baie beelde en gevolgtrekkings oor die self van geliefdes in die kinderjare, is gebaseer op veralgemeende ervarings van die verlede tydens interaksie met ander.
- Die **selfbeelde** word verkry uit die aanvaarding van geliefdes se woorde en die beoordeling van hulle reaksies teenoor hom.
- Die **selfwaarde** is die kind se self-waarnemings in verhouding met ander en bepaal sy beoordeling van sy eie bekwaamhede en vermoëns. Weens die ouer se negatiewe opmerkings omtrent die kind, verwag die kind verwerping deur ander. Só vervul hy die ouers se uitsprake deur sy eie gedrag.
- Wanneer 'n persoon homsélf onvoorwaardelik aanvaar en waardeer, sal hy ook 'n waarderende bewussyn van ánder saamdra.

## 2.6 DIE KIND SE HANTERING VAN OUERVERWERPING

### 2.6.1 Inleiding

Die kind se hantering van ouerverwerping word bespreek deur eers te wys op die unieke wyse waarop elke kind ouerverwerping hanteer en daarna enkele reaksies te bespreek, naamlik ontkenning, vrees, selfverwerping, rebellie / aggressie, afwesige vadersindroom, sensitiwiteit en veerkragtigheid

### 2.6.2 Uniekheid in hantering

Elke mens is uniek en verskil met betrekking tot die bestuur van sy emosionele lewe, daarom sal kinders se reaksies op verwerping óók verskil. Rohner (1986:24) voer aan dat die impak van ouers se gedrag op die kind deur perspektiewe en prosesse bínne die kind gevorm word – hoe die ouergedrag subjektief waargeneem óf ervaar word, eerder as die objektiewe gebeure self. Etlike outeurs wys op moontlike reaksies van die kind op verwerping (vergelyk 4.6 – ouerverwerping en die gevolge daarvan). Alhoewel hier gefokus word op die kind se reaksies op ouerverwerping, is dit moontlik dat die aangeleerde reaksies tot in volwassenheid kan voortduur. Die betrokke reaksies sou dan ook toepaslik wees by 2.7.

### 2.6.3 Ontkenning

Soms word die verwerping nie erken nie. Die aanhoudende eensaamheid, seer en woede kom waarskynlik vir die kind "normaal" voor (McGee, 1998:2). Verder sê die

skrywer dat 'n kind liefdevolle en ondersteunende ouers begeer. By gebrek daaraan, beskerm hy daardie konsep deur selfblamering met gepaardgaande ontkenning van ouers se seermakende gedrag. Partykeer is dit makliker vir 'n weerlose, afhanklike, "skuldige" kind om 'n vader se woede te "verdien" as die erkenning van die ouer(s) se onbetroubaarheid (Forward, 1989:6).

Die verwerping kan dalk só pynlik-verwondend wees dat die verstand weier om daarop te fokus (Prince, 1993:10). Volgens Evoy (1981:32) besef vrouens dit in die middel tienerjare, en mans eers in die twintigerjare. Omdat vrouens se behoefte aan interpersoonlike verhoudings groter aandag kry, is die gewaarwording van en behoeftes aan toegeneentheid meer akuut as by mans.

### 2.6.4 Vrees vir verwerping

Kinders beantwoord verwerping soms met vrees wat gekamoefleer word deur sosiaal-aanvaarbare houdings en optredes. Birtschnell (1993:52) en McGee (1998:58) noem drie aanpassings wat spruit uit die vrees vir verwerping:

- **Mededinging en mag**

Die kind (en later volwassene) ontwikkel 'n magsstrewe. Hy mag volgens Hepden (1992:35-36) arrogant, trots, egoïsties, manipulerend, afgunstig en naywerig, wetties, aggressief, wraaksugtig, jaloers, besitlik en perfeksionisties wees.

- **Onttrekking en afstand**

Die kind (en later volwassene) bly afsydig en onbetrokke, onafhanklik en geïsoleerd. Twombley (1998:54-58) wys daarop dat "beskermende mure" emosionele aanslae afweer, maar interpersoonlike toegang en wisselwerking met die mense wat die persone liefhet / wil liefhê word verhinder. Haar slotsom is dat mure vir kinders, ter wille van oorlewing noodsaaklik is, maar vir volwassenes vernietigend is. Evans (2004:16) sê mense retireer na 'n veilige plek binne hulleself; maskers beskerm hulle emosies, maar belemmer terselfdertyd emosionele groei en saboteer essensiële verhoudings en geleenthede. Die negatiewe vorm van afstand is vermyding, wat dikwels selfmoord voorafgaan (Birtschnell, 1993:53). Die kind (en latere volwassene) onderdruk alle seer herinneringe sonder enige loslating van emosies – 'n selfgeskepte dam vol klipharde reaksies (Hepden, 1992:29).

- **Inskiklikheid**

Die kind is skaam, verdedigend, maklik manipuleerbaar, toegewend en word almal se vloerlap (McGee, 1998:58).

### 2.6.5 Selfverwerping

Konstante uitskel, kwaai dreigemente en sarkastiese en / of verkleinerende aanmerkings kraak die selfwaarde af. Ouers se oormatige druk en verwagtings laat die kind aanhoudend nikswerd voel. Minderwaardigheid, hartseer, skaamte en skuld ontwikkel. Die kind (en later volwassene) neig tot selfveroordeling, asook 'n onvermoë tot kommunikasie. Hy vrees mislukking; voel onveilig, eensaam, hopeloos, angstig en bekommerd. Sy depressie kan tot selfmoord lei (Gibson & Gibson, 1992:33-36; Hamarman & Bernet, 2000:928-929; en Hepden, 1992:34-37).

### 2.6.6 Rebellie / aggressie (uiterlik)

McGee (1998:60) beskou woede as die mees algemene reaksie op verwerping. Twombley (1999:42) meen woede ontstaan as gevolg van onuitgesproke pyn wat dan op onskuldiges uitgehaal word. Vroeë verwerping deur die moeder is oorheersend in die geskiedenis van aggressiewe kinders (James, 1995:37). Die skrywer voeg by dat verwerpte seuns aggressiewer is as nie-verwerptes.

Passiewe verwerping kan vyandigheid uitlok. Volgens Shaffer (1994:457) en Renn (1989:6), word die ouer se aandag afgedwing deur negatiewe gedrag. As 'n vorm van wraak teen die apatiese ouer, neig die kind tot anti-sosiale / seksuele wangedrag, geweld, vandalisme, jeugmisdaad, stokkiesdraai, alkohol- of dwelmmisbruik (Pringle, 1985:81; en Shaffer, 1994:457).

Sonder die liefdevolle verhouding met ouers, leer die kind ook nie woedehantering nie (Pringle, 1985:81). Hierdie aggressie kan tot geweld en selfs moord lei (Gibson & Gibson, 1992:57). Woede kan ook voorkom as arrogansie, kritiek, vloek en vuil taal, twisgierigheid, uittarting, hardkoppigheid en bakleierigheid (Gibson & Gibson, 1992:33; en Hepden, 1992:34).

'n Negatiewe opvoedingsomgewing met verwerping / emosionele verwaarlosing voorspel dus die ontwikkeling van aggressie (Baron & Richardson, 1994:89-90).

### 2.6.7 Die afwesige vader-sindroom

Die kind ontbeer die broodnodige vaderlike aandag en emosionele ondersteuning (vergelyk 4.5.4.5). Die reaksies varieer met betrekking tot die dogter en die seun (McGee, 1993:12-14).

Die dogter:

- verwerp haar voorkoms / vroulikheid;
- voel ongemaklik by mans, ongeag haar aantreklikheid;
- smag na aandag en toegeneentheid met 'n gepaardgaande verlange om vasgehou te word. Dit maak haar kwesbaar vir mans se uitbuiting;
- mag dalk alle mans só verkwalik dat sy géén aandag van hulle begeer nie.

Die seun:

- verloor sy manlike rolmodel en kyk na die wêreld vir een, byvoorbeeld 'n "macho-man";
- mag na manlike aandag en toegeneentheid smag, wat hom kwesbaar maak vir homoseksualiteit;
- mag seksuele liefde verwar met ware liefde;
- fatsoeneer homself na die moeder en raak verwyfd.

### 2.6.8 Sensitiwiteit

Albei geslagte ontwikkel ook 'n sensitiwiteit vir verwerping. Downey & Lebold (1998: 1087-1088) bevind in hulle ondersoek dat kinders met negatiewe verwagtings, gou ontsteltenis toon in antisipasie op potensiële verwerping. Hulle onderskei drie komponente van die sensitiwiteit vir verwerping:

- angstige verwagtings, wat lei tot sosiale onttrekking, maak die kind kwesbaar vir hulpeloosheid en depressie. Daarna volg verdere eensaamheid en vroeë skoolverlating en / of konformerende / kruiperige gedrag;
- woedende verwagtings wat aggressie bevorder;
- oorreaksie op waargeneemde verwerping.

### 2.6.9 Veerkragtigheid

Kinders verskil met betrekking tot hulle vermoë om verwerping effektief te verdra. Elke kind het 'n kenmerkende temperamentskwaliteit / veerkragtigheid wat mag voorkóm dat hy heeltemal uitgelewer word aan inwerkende magte. Rohner (1986:126-129) noem dat **"instrumentele baasrakers"** taakgeoriënteerd , maar emosioneel vermink is, soos Hitler. Hy sê verder dat alle verwerpte kinders seer het, maar ongeveer 20% kan dit meer effektief hanteer, alhoewel hulle tog ook kwesbaar is. Die skrywer verwys na drie sosiaal-kognitiewe faktore wat **"funksionele baasrakers"** besit of gebruik om verwerping te weerstaan sonder om daaronder te swig, naamlik: selfbewussyn, self-beskikking en depersonalisering.

### 2.6.10 Samevatting

Die kind se reaksie op ouerverwerping kan soos volg saamgevat word:

- Die kind se reaksies op verwerping varieer, is uniek en individueel.
- Sommige kinders het 'n innerlike weerstand teen verwerping; ander pas hulle gedrag aan om die verwerping te hanteer – soms met destruktiewe gevolge vir hulle menseverhoudings.
- Moontlike maniere om ouerverwerping te hanteer is ontkenning, vrees, selfverwerping, rebellie / aggressie, afwesige vader-sindroom, sensitiwiteit en veerkragtigheid

## 2.7 DIE VERWERPTE KIND SE DESTRUKTIEWE SOSIALE VERHOUDINGS IN SY VOLWASSENHEID

### 2.7.1 Inleiding

In die vorige afdeling (2.6) is reeds genoem dat kinders se reaksies op ouerverwerping tot in hulle volwasse lewe kan voortduur. In hierdie afdeling word nou aandag gegee aan die volwassene se belewing van kinderjare-verwerping; volwasse verdedigingstyle en disfunksionele sosiale verhoudinge in volwassenheid.

### 2.7.2 Die volwassene se belewing van kinderjare-verwerping

Seamands (2002:37) sê onderdrukte herinneringe betree die mens se persoonlikheid (gees, liggaam en siel / verstand) op bedekte en destruktiewe maniere.

Meesal **verstaan** die kind nie ouerverwerping nie, maar **voel** dit wel (Sorge, 1999:2). Dít kan lei tot 'n belewenis / ervaring van ontoereikendheid, minderwaardigheid óf onveiligheid. Negatiewe, afkrakende gedagtes volg: "Almal is beter as ek"; die rede daarvoor word gesoek; skuld volg; negatiewe selfspraak begin met gevolglike destruktiewe gedagtes, gevoelens en gedrag – tót in volwassenheid (Hepden, 1992:6-7) (vergelyk 4.6.5). Allen (2000:16, 27) en Hills (2000:164-165) beweer egter dat die mens sy gedagtes kan beheer en bemeester om te bepaal wat hy gaan wees. Allen sê die persoon kan kies om in sy selfopgerigte tronk van kwaadwillige, siniese, agterdogtige en afgunstige gedagtes te lewe. Smit (2004:11) beaam dat elke mens in beheer van sy eie emosies en reaksies is, en daarom is hy die "regisseur op die verhoog van sy herinneringe".

Brewer & Hewstone (2004:28, 32) stem saam dat herroeping van die verlede selektief is, met ander woorde, mense kan uit hulle geheue die herinneringe terugkry wat hulle huidige belange bevredig. Die skrywer voeg by dat daar somtyds 'n wanaanpassing is tussen die inligting wat benodig word en die verlede wat in die geheue verteenwoordig word. Hy beklemtoon dat mense 'n gebeure herkonstrueer van die stukkies geheue. Net **fragmente** van 'n episode word in die geheue gestoor.

Gschwend-Bosch (2000:71-72) voer aan dat 90% van die menswees bestaan in die onderbewussyn, wat volgens Crabb (1987:143, 146) die gelowe, beelde en pyn huisves. Later voed die duisende gestoorde ervarings die 10% bewustelike vlak wat verál die negatiewe herinneringe stoor. Hills (2000:183) meen dat herinneringe aan mislukking, verwerping, teleurstellings, pyn, verlies en ander negatiewe ervarings, maklik die denkproses kan versteur. Herinneringe aan die seer van die verlede bepaal ook die manier waarop met die hede omgegaan word (Smit, 2004:12).

Seamands (2002:6) meen dat huidige ervarings die verstandsprentjies van die verlede kan opwek en sekere gedragspatrone uitlok. Hinkley & Andersen (1996:1292) bevind in 'n studie dat mense hulle werkende selfkonsep verplaas het. 'n Nuwe kollega / vriend / geliefde herinner hulle aan 'n geliefde, byvoorbeeld 'n ouer, wat met negatiewe emosies in die verlede verbind word. Hierdie negatiewe ingestemdheid kleur oënskynlik die selfevaluering – die persoon dink, voel en tree op soos die onbeminde / onbekwame / waardelose kind.

Alle gebeure in die kinderjare beïnvloed die gedagtes, emosies, reaksies en gevolglike optrede van die volwassene. Seamands (1998?:100) noem kwetsende boodskappe afbrekende, stadige "video-herhaal spele". Volwassenes mag onbewustelik hierdie ingewortelde ouerlike "kopstemme" gebruik in ander verhoudings (Carr, 1988:16). Negatiewe, disfunksionele of pynlike verhoudings met geliefdes in die verlede, mag dus lei tot lyding wanneer dit in nuwe verhoudings "oorgespoel" word (Berk & Andersen, 2002:556).

Die mens se emosionele / persoonlikheids "hang-ups" kom volgens Seamands (2002:29) meesal van herinneringe wat bind, vashou en aftrek, óf soveel emosionele en geestelike energie verbruik dat die persoon skaars kan vorder. Vir Seamands (2002:61-62) lê die ware tragedie van pynlike herinneringe daarin dat mense as gevolg van die stukrag daarvan, verkeerde maniere leer om met mense om te gaan en die lewe baas te raak – dít word die basis van persoonlikheidspatrone en dus 'n lewenswyse.

Somtyds kan die geheue só aangetas word, dat die seer van verwerping uit die verlede uitgeblokkeer word as gevolg van die onhanteerbaarheid daarvan (Hepden, 1992:31). Dikwels word negatiewe emosies eers jare later in volwassenheid ontlont in situasies wat assosieer met iets verwerpends in die kinderjare (Joubert, 2003:22). Dán reageer hy soos die seergemaakte binnekind (Gschwend-Bosch, 2000:72). Die intensiteit van die pyn is meesal vir die persoon verbysterend en die rede vir die projektering daarvan op ander, is ook vir hom onverstaanbaar en verwarrend (Seamands, 2002:89; en Evans, 2004:17).

Ander tye is die emosies onbeheerd naby aan die oppervlakte en "kontamineer" die volwasse ego-staat (Retief, 1999:106-107). Die volwassene dink, voel en tree dan op soos 'n kind. Evoy (1981:71) bevestig dat "onbevredigde kinderjare-begeertes" aanhou – die persoon bly kinderlik-onvolwasse en soek gedurig na die ontbeerde toegeneentheid en aanvaarding. Hierdie onvolwasse optrede is vir ander afstootlik en die gevoel van verwerping vererger. Evans (2004:16) beweer dat die innerlike onvolwassenheid en onopgeloste kwessies lewensbelangrike verhoudings en geleenthede saboteer, verál wanneer volwasse uitdagings gekonfronteer moet word.

Daarom konstateer Allen (2000:16) dat die mens na hom aantrek wat hy **is** en nie wat hy wil hê nie.

Crabb (1987:146) wys daarop dat dit soms vir die onbewuste moeilik is om 'n balans te verkry tussen die behoud van **afstand** van ander ter wille van 'n lae risiko vir seerkry, en **kontak** met ander, ter bevestiging van aanvaarding.
(Vergelyk ook 4.6.6 – die kind se innerlike belewenis van verwerping.)

### 2.7.3 Volwasse verdedigingsstyle

Die studie van Thienemann, Shaw & Steiner (1998:194) en Araujo, Ryst & Steiner (1999:25) koppel volwasse verdedigingsstyle aan die kwaliteit van die gesinsomgewing waarin die persoon grootgeword het. Wanneer plekke / situasies / verhoudings gekenmerk word deur groter stres en minder persoonlike bedrewendheid, word onvolwasse verdedigings ontplooi. Volgens Araujo, *et al*, word verdedigingsmeganismes deur die ego ontplooi om angs en nood te beheer en te vermom. Deur hierdie defensiewe gedragspatrone word snellers wat onaangename herinneringe / emosies mag opwek, uit die bewussyn uitgesluit (Parkes, Stevenson-Hind & Morris, 1991:207). Thienemann het juis beklemtoon dat volwasse verdediging veral belangrik is vir interpersoonlike verhoudings.

Ses verdedigingsstyle word deur Firestone & Catlett (1989:8-19) onderskei: herlewing, weerhouding, martelaarskap, misbruik van psigiese pynstillers, fantasie en destruktiewe verbintenisse. Die skrywers sê die dimensies kom nie geïsoleerd voor nie, maar kan met mekaar oorvleuel en selfs vermeng:

#### 2.7.3.1 Herlewing

Die ouer word in ander mense / instellings herskep. Die negatiewe omgewings- en gedragspatrone word só 'n gewoonte dat die persoon algaande sy lewe inrig om die kinderjare te weerspieël. Die neurotiese ewewig word behou en verhaas deur seleksie, verwringing en provokasie.

- Seleksie: die persoon kies individue met dieselfde / soortgelyke eienskappe as die ouer.
- Verwringing: persepsies van mense en gebeure word verwring, in ooreenstemming met die mense en gebeure van die kinderjare.

- Provokasie: soortgelyke response as in die verlede word uitgelok. Soms sal die gedurige, patetiese eise vir gerusstelling juis die gevreesde verwerping uitlok. 'n Liefdevolle persoon / positiewe ervaring is teenstrydig met die pynlike kinderjare, daarom word die ontvangs van ware liefde en warmte vermy.

#### 2.7.3.2 Weerhouding

Natuurlike reaksies soos liefde en toegeneentheid teenoor ander, veral geliefdes, word teruggehou. Kritiese, siniese houdings en beskouings van die self en ander, asook wantroue en na- binne-gerigtheid, is kenmerkend.

#### 2.7.3.3 Martelaarskap

Die kind se slagofferrol word behou. Die persoon kla en dink hy is geregtig op goeie behandeling; ander word beoordeel en geëvalueer sonder aanvaarding van paslike verantwoordelikheid vir foute; boosheid in ander word versin; woede en mededinging word van ander verwag en hulle word bekyk vir enige negatiewe tekens teenoor hom. In 'n verhouding verskuif die fokus van sy eie liefde vir die persoon na bekommernis oor die ánder persoon se gevoelens teenoor hom.

#### 2.7.3.4 Misbruik van psigiese pynstillers

Bewustelike angs noodsaak die verstewiging van verdedigings. Fisiese substanse, roetines en gewoonteresponse, kompulsiewe seks / werk, masturbasie en fantasie skep die illusie van selfgenoegsaamheid. Deur die gedurige afsnyding van gevoelens, word die persoon onsensitief vir homself én ander, wat tot destruktiewe dade kan lei.

#### 2.7.3.5 Fantasie

Die innerlik-beheerde wêreld is die ontsnappingsroete uit die harde werklikheid. Dit verlig pyn en angs, gee pseudo-onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid, maar ontwikkel ongelukkig skuld. Mense moet gedurig negatief beskou word as regverdiging vir die vermyding. Só word nuwe verhoudings vernietig; medelye vir ander raak verlore; en die wegvlug van gevoelens is dra by tot selfhaat en isolasie.

#### 2.7.3.6 Destruktiewe verbintenisse

Die verbintenis met 'n ander persoon is pyn- en angsverligtend en beskerm teen alleen-

heid. Ten spyte van die liefdelose / destruktiewe aard van die verbintenis, word naarstiglik daaraan vasgeklou om die pyn en vrees te vermy.

Liebman (1972:77); Saul (1979:347); Firestone & Catlett (1989:1-2, 4, 10, 204) en Evans & Seaman (2000:239) som verdedigings op:

- Somtyds weerhou verdedigings die persoon lewenslank van mense. Liefdesvermyding as gevolg van 'n oorkritiese / verwerpende ouer, word pynlike en vasmakende, neurotiese gedrag.
- Die vrees vir verandering laat die verdedigings volhard al hét die stimuli lankal verdwyn.
- Die verdedigings wat aktief die magtelose, kwesbare kind se pyn en stres baasgeraak het, word in volwassenheid neuroties veralgemeen op ander mense en situasies.
- Die onwerkbaarheid van die verdedigings in nuwe situasies, veroorsaak ongelukkigheid, ontoereikendheid en angs.
- Later is die vals lewensveronderstellings beperkend, asook seermakend en beskadigend vir mense naby aan die persoon.
- Selfonttrekking is die kern van die verdedigingsproses, maar dit beroof die persoon van die vreugdevolle uitdrukking van liefde en medelye.

(Vergelyk 4.6.5 – selfbeskermingsmaatreëls teen ouerverwerping).

### 2.7.4 Disfunksionele sosiale verhoudings

Rohner (1986:126) dink nie álle gevolge van ouerverwerping is noodwendig negatief nie want belangrike persoonlikhede het vanuit só 'n agtergrond uitgestyg. Daarenteen noem hy Hitler wat **persoonlik** presteer het, maar absoluut genadeloos teenoor **mense** opgetree het.

Ander outeurs is van mening dat ouerverwerping verhoudings met ander mense ruïneer (vergelyk 4.6 – die gevolge van ouerverwerping). Seamands (1998?:55) sê die gevoel van minderwaardigheid en onvermoë isoleer die persoon, want selfdevaluering verhinder betrokkenheid by ander, asook gesonde interpersoonlike verhoudings. Die skrywer verduidelik dat die persoon agterdogtig, soms vyandig, teruggetrokke, obsessief óf onseker is oor mense se liefde. Hy voeg by dat die persoon se naarstige soeke na aanvaarding en liefde 'n las op ander plaas. Saul (1979:60) konstateer dat ontspoorde

gevoelens teenoor die self en ander kan ontstaan, asook té sterk liefdesbehoeftes wat die kern van latere vriendskappe, seksuele liefde en sosiale aanvaarding vorm. Dikwels word oormatige eise gestel aan vriendskappe / liefdesverhoudings wat mense vervreem; verhoudings verongeluk; en frustrasie, asook vyandigheid laat ontstaan. Laasgenoemde veroorsaak skuld en depressiewe gevoelens; verdere eise volg en die bose kringloop gaan voort, soms tot by die punt van selfmoord (Saul, 1979:55, 64, 170).

Gibson & Gibson (1992:15) sê dat verwerping normale en harmonieuse verhoudings tussen familielede, vriende, medewerkers en sosiale kontakte ondermyn, breek / voorkom. Primêr kan volwassenes wat ouerverwerping ervaar het, sukkel om liefde te gee en te ontvang. Wat nooit verstaan / ontvang is nie, kan nie herken word nie; wat nooit besit is nie, kan nie gegee word nie (Hepden, 1992:6; en Prince, 1993:4). Sommige kinders leer egter in volwassenheid die regte manier om ouerverwerping te verwerk en kan wél wederkerige liefde ervaar.

Sewe kenmerkende persoonlikheidseienskappe van verwerptes is tydens ondersoeke uitgewys, naamlik vyandigheid / aggressie, afhanklikheid, lae selfbeeld, lae selfgenoegsaamheid, emosionele onstabiliteit, emosionele terughoudendheid en 'n negatiewe wêreldbeskouing (Rohner, 1975:50). Die skrywer wys daarop dat huidige ervarings óók die volwasse persoonlikheid beïnvloed. Hy sê egter dat volwassenes wat as kinders verwerp is, tydens negatiewe ervarings meer *geneig* sal wees om dieselfde groep eienskappe te vertoon as in die kinderjare.

Vroeë negatiewe ervarings in die kinderjare voorspel volwasse depressie as reaksie op stressors (Gotlib & Hammen, 1992:1-2). Hulle sê individuele verskille in die interpretasies van persoonlike en omgewingsgebeure is as gevolg van kognitiewe kwesbaarhede. Die bewustheid van die negatiewe selfwaarde en –vermoë gevorm deur onveilige ouerverbondenheid, is dan die voorloper van depressie (Gotlib & Hammen, 1992:10-11). Payne (1996:33) voeg by dat 'n gevoel van **selfverlies** ook aan die wortel van elke depressie lê – met ander woorde hulle voel onwaardig om bemin te word. Gotlib & Hammen voer ook aan dat hierdie kwesbare individue primêr afhanklik is van ánder se liefde en aandag ter behoud van hul breekbare eiewaarde – enige frustrasie van hierdie behoeftes, bedreig die selfwaarde en verhoog die risiko vir depressie. Volgens Nairne (2006:498) het 'n persoon wat geneig is tot depressie in sy traumatiese

kinderjare, aangeleer om altyd alle slegte gebeure toe te skryf aan homself, sonder beoordeling van die uiterlike situasie.

Die kind verkry vroeg al 'n algemene bewustheid van hulpeloosheid wanneer hy herhaaldelik misluk om sy omgewing te beheer (Nairne, 2006:498). Die latere verlies / negatiewe gebeure in adolessensie / volwassenheid, kan ook geïnterpreteer word as nóg 'n persoonlike mislukking om 'n stabiele, liefdevolle verhouding te onderhou en nóg 'n tevergeefse poging om reaksie uit te lok om behoeftes te bevredig (Cochraine & Sobol, 1980:175-176; en Gilbert, 1992:3, 10-11). Volgens al die skrywers is die lewensgebeure weereens onbeheerbaar; die "aangeleerde hulpeloosheid" vererger; die wilsrespons verminder, kenmerkend van depressie; die lewe voel nutteloos; en selfmoord kan volg.

Gotlib & Hammen (1982:2) sê die toenemende devaluasie van die self benadeel sosiale vaardighede en sosiale verhoudings. Daarom meen Slaby & Garfinkel (1994:11) dat depressie 'n behandelbare siekte is, máár verligting van die daaropvolgende sosiale, akademiese en persoonlike probleme, is baie moeiliker.

Evans (2004:27) voer aan dat 'n emosioneel-verwonde persoon egter **uiterlike** verantwoordelikhede nakom, terwyl hy **innerlik** bloei van onopgeloste pyn en woede. Twombley (1999:42) bevestig dat onuitgesproke woede tot opstand teen álle gesagsfigure kan lei. Die verwerpte persoon wil ook ter vermyding van seer, en behoud van beheer, ander oorheers en manipuleer (McGee, 1998:61).

As God nie die bron van die mens se behoeftes aan liefde, sekuriteit en betekenis is nie, soek die persoon dit, volgens Evans & Billington (1994:159-161), deur eie inspanning op ander maniere. Hulle konstateer dat die gevolge die volgende kan wees:

- Die afdwaling van God se plan produseer 'n verskeidenheid verhoudingsmisbruike wat binne die familie van een geslag na die ander verewig word (vergelyk 4.5.3);
- ernstige verhoudingsprobleme, gewortel in selfsugtigheid en selftoewyding, ontstaan (vergelyk 4.6.2).

Evans (2004:27) betreur die feit dat die verwerpte persoon se lewe net 'n skaduwee is van die lewe wat God vir elke mens begeer.

### 2.7.5 Samevatting

In díe afdeling is 'n studie gedoen oor: die volwassene se belewing van kinderjare-verwerping; volwasse verdedigingstyle; en disfunksionele sosiale verhoudinge in volwassenheid. Die volgende is vasgestel:

- Die kind beleef verwerping in die gevoelsarea. Negatiewe ervarings lei tot negatiewe denkpatrone wat gevoelens en gedrag beïnvloed, asook later in volwassenheid nuwe verhoudings besoedel.
- Die verdedigings, wat vir die verwerpte kind in die kinderjare nuttig en beskermend was, mag later, toegepas op soortgelyke situasie, onwerkbaar wees.
- Die onttrekking en regressie na kinderagtige gevoelens en gedrag veroorsaak nuwe probleme, soos angs, die ervaring van 'n gevoel van onveiligheid, ontoereikendheid en ongelukkigheid.
- Hierdie onrealistiese, onvolwasse verdedigings vertraag aanpassing; benadeel verhoudings; verongeluk alledaagse ervarings; versmoor ware gevoelens en begeertes; en neem menswaardigheid weg.
- Alhoewel nie alle effekte van ouerverwerping negatief is nie, meen talle outeurs dat dit sosiale verhoudings belemmer en / of vernietig.
- Die ervaring van wederkerige liefde word deur vroeë ouerverwerping bemoeilik, alhoewel sommige volwassenes tóg hierdie probleme oorkom.
- Kinders wat ouerverwerping ervaar het, toon in volwassenheid sekere persoonlikheidseienskappe tydens negatiewe ervarings.
- Ouerverwerping kan die aanleidende oorsaak van depressie wees.
- Opgedamde pyn en woede word na ander gesagsfigure verplaas
- Ander mense word oorheersend gemanipuleer ter wille van die vermyding van seer en behoud van beheer.
- Die soeke na liefde, sekuriteit en betekenis <u>buite</u> God, lei daartoe dat verkeerde interpersoonlike optredes soos selfgesentreerdheid, van een geslag na die ander oorgedra word.

## 2.8 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS

Uit die navorsing van vakwetenskaplike literatuur oor die verband tussen ouerverwerping en die kind se latere sosiale verhoudinge, kan die volgende evaluerende gevolgtrekkings gemaak word:

'n Positiewe selfsiening gaan vir die aktief-verwerpte kind moeilik wees as gevolg van die aanhoudende, negatiewe indrukke wat hy van sy ouers af oor homself kry. Die passief-verwerpte kind lewe in 'n emosionele lugleegte, wat sy kapasiteit vir wedersydse liefde, die uitdrukking van emosies en sosiale kontakte kan beïnvloed.

Die navorser glo egter dat kinders se temperament-eienskappe hulle verskillend kan laat reageer. Die teenwoordigheid van ander ondersteunende persone, soos 'n grootouer / bemoedigende onderwyser, kan dalk die **felheid** van die ouerverwerping neutraliseer of ten minste temper. 'n Kind se akademiese of sportprestasies kan by die skool lof en erkenning uitlok, en sodoende sy selfbeeld verhoog. Indien die kind vroeg in sy lewe 'n anker en troos in Jesus vind, is dit nog die sterkste pantser teen die seer van sy ouers se verwerping.

Die uitwerking van verwerping hoef nie die persoon **lewenslank** te treiter nie. Alhoewel die meeste kinders tot in adolessensie vasgevang is in die teenwoordigheid van die verwerpende ouer(s), kan Christus vroeg al 'n verskil maak. As die kind Hom ontmoet, het hy die keuse om Christus se genesing te ontvang óf die bagasie in die toekoms in te dra. Herstel is dalk ook moontlik vir 'n verwerpte kind indien hy vroeg al in 'n nuwe, geborge, omgewing met liefdevolle versorgers kan beland – 'n feit wat vroeëre outeurs beaam.

Al ervaar die jong, weerlose kind op 'n **kritieke tydperk** al verwerping, moet die latere inspraak van ander mense tog óók in ag geneem word. Die kindertydperk is maar 'n klein deeltjie van sy lewe. Saam met Christus is die hede vol uitdagings wat hy moet aandurf en aangryp.

Verwerping van die kind is die ouer se keuse. Omstandighede kan nóóit as **oorsaak** daarvan aangevoer word nie. Die wortel van die boom se slegte vrug (verwerping) is volgens Luk. 6:43-45 in die menslike hart – begeertes na gemak; eie aansien / status; trots en eiegeregtigheid; onvergewensgesindheid teenoor eie ouers en die gevolglike begeerte vir wraak op hulle kinders. Hierdie dinge kan eerder moontlike redes vir ouerverwerping wees.

Die kind gebruik dikwels in volwassenheid die gebrekkige / oppervlakkige **ouer-kind verhouding** as model vir sy eie menseverhoudings. God het bedoel dat ouers as die éérste modelle vir goeie, liefdevolle verhoudings moes dien. Laasgenoemde bepaal dan die kind se begrip van 'n interpersoonlike band en die norm vir omgang met ander mense.

'n **Depressiewe persoon** ontwikkel aangeleerde *negatiewe denke* – hy dink altyd dat sy persoonlike ontoereikendheid verantwoordelik is vir elke negatiewe gebeurtenis in sy lewe. Naderhand word die *geloof* in sy algehele domheid langdurig en blywend. Dít gaan uiteindelik sy *toekomsverwagting(e)* beïnvloed. Sy *houding* en *gedrag* sal hierdie negatiwiteit uitstraal en *prestasies* sal afneem. Dit is onvermydelik dat sy hele wêreld naderhand donker en hopeloos sal lyk. Indien hy op 'n nuwe, positiewe manier leer dink (Rom. 12:2; Fil. 4:8), sal die lewe rooskleuriger lyk; hy sal God se wil ken, en kan onderskei wat vir Hom aanneemlik is. Christus wil hê dat 'n mens waardig en toereikend moet voel. Daarom sal 'n selfwaarde, gevestig in Christus, nuwe selfvertroue, sekuriteit en hoop opwek.

Dit is duidelik dat die ontwikkeling van 'n **kind se sosiale self** afhanklik is van interaksie met geliefdes (veral ouers), in sy lewe. Die navorser meen dat enige ontwrigting in die kwaliteit van hierdie vroeë verhoudings sekerlik verreikende gevolge sal hê, veral met betrekking tot interpersoonlike verhoudings.

Die vroegste "spieël" wat die kind gebruik om vir homself te wys wie hy is, is sy ouers. Hulle is immers die afhanklike, hulpelose kind se vroegste en invloedrykste sosiale kontakte. In die jong kind se klein wêreldjie van hulpeloosheid, lyk die ouer(s) onfeilbaar, onverbeterlik en onaantasbaar. Hy is aanvanklik totaal van hulle afhanklik vir oorlewing. Die navorser kan insien waarom ouers in die kind se oë byna "goddelik belangrik" is. Dit is begryplik dat die boodskappe wat hierdie "byna foutlose mense" aan hom deurstuur, 'n geweldige, langdurige indruk sal maak. Daarom sal hulle emosionele mishandeling en verwerping hom sleg en onbekwaam laat voel. Ouers se stempels is duidelik te siene in die lewens van 'n groot aantal volwassenes wat na ál die jare nóg deur hul ouers se negatiewe boodskappe omtrent hulleself, voortgedryf en beïnvloed word. Totdat hy Christus ontmoet en sy selfhaat en -verwerping aflê, gaan dit sy hele bestaan, asook sy verhoudings met sy medemens, besoedel.

Vir die navorser is selfliefde 'n **aanvaarding / tevredenheid met die self** as God se maaksel – 'n mens hou van homself as produk van God se skepping en herskepping in Christus, met of sonder gebreke. Wanneer ouers gedurig afkeur en onaanvaarding aan 'n kind oordra, verhinder dit sy selfaanvaarding. As 'n persoon homself, 'n God-geskapene, afkeur / haat / verag, lyk dit vir die navorser onwaarskynlik dat hy sy naaste, 'n soortgelyke Godgeskapene, sal liefhê. Die navorser se waarneming is dat selfkritiek tot kritisering van ander lei; selfafkeur tot afwysing van ander; selfminagting tot geringskatting van ander; selfwaardeloosheid tot ignorering van ander se verdienste-likheid.

God het die mens na sy beeld geskape (Gen. 1:26), net minder as engele (Ps. 8:6). Omdat aan elkeen sy eie, unieke DNA en vingerafdruk gegee is, het God daarmee 'n spesifieke identiteit aan elke mens toegesê. Geen ouer óf omstandighede kan hierdie identiteit verander nie. Die verwerpte moet egter eers in God se spieël kyk om te besef dat hy / sy bemind, aanvaar, waardevol en kosbaar is. Hierdie besef kanselleer álles wat ouers van hulle gesê / aan hulle gedoen het. Die oorspronklike, Godgegewe identiteit het vanaf geboorte bestaan. Die duiwel het mense net gebruik om dit te versluier of vernietig.

Die navorser is daarvan oortuig dat die persoon wat weet wié hy in Christus is, saam met Dawid in Ps. 139:13-14 verwonderd sal wees en juig oor homself as God se unieke skepsel. Dáárom sal die hy homself waardeer, aanvaar én liefhê. Die keuse lê weereens by die persoon om 'n slagoffer van sy verlede te bly óf om Christus se liefde en aanvaarding te ontvang, en te lewe soos die mens wat God beplan het. Dán eers sal hy, bevry van selfgesentreerdheid, ware naasteliefde betoon en sal sy mense-verhoudings verbeter.

Die kind het 'n **eie waarneming** van en **eie reaksie** op ouerverwerping. Die interpretasie van die ouer(s) se optrede, en die betekenis wat daaraan geheg word, is soms belangriker as die optrede self. Die duiwel gebruik hierdie "kopstemme" om mense vasgeketting te hou aan die pynlike verlede en die verkleinerende uitsprake oor hulleself.

Die variërende **reaksies van die kind** (en later volwassene) op verwerping, bevestig die uniekheid van die mens. Sommige mense oorkom die seer en minderwaardigheid; ander se denke, emosies en gedrag word beheer en gevolglik negatief deur herinneringe van die verlede beïnvloed. Die navorser beskou die kind se aangebore temperament as 'n faktor in die ouers se reaksie teenoor hom: 'n Kind met 'n sterk wil is soms moeilik hanteerbaar en ouers reageer met geïrriteerdheid en woede. Dit is egter geen verskoning vir ouerverwerping nie. Ouers se verwerping van hul kind is nie die beslissende oorsaak van die kind se latere sosiale wanaanpassing nie. Die navorser is egter oortuig dat (sosiale) gedrag uit die menslike hart kom: Die negatiewe selfsiening (denke) en bepaalde begeertes na liefde, aanvaarding en veiligheid, veroorsaak negatiewe emosies en uiteindelik destruktiewe gedragsstyle wat die verwerpte persoon verder van ander vervreem. Dit is duidelik dat die mens dikwels homself deur sy eie reaksies en neigings vernietig.

**Verdedigingsmeganismes** wat in die ouerhuis aangeleer is as reaksie op ouerverwerping, en wat later gedurende volwassenheid in interpersoonlike verhoudings voortgesit word, bring nie vír die persoon genesing nie. Hierdie verdedigingsmeganismes is baie dieselfde as die vleeslike gedagtepatrone waarvan Paulus in 2 Kor. 10:3-5 praat. Die denke is daarmee geprogrammeer en veroorsaak verwydering van God, wat gevolglik kennis van Hom verhinder. God, die Hemelse Vader, is die genesingsbron wat egter kan hernu en reinig deur sy liefdevolle toegeneentheid.

Die persoon beleef die verlies / leemte aan aanvaarding as emosionele pyn. Hiervoor soek hy troos en verligting op destruktiewe maniere, in plaas van konfrontering van die waarheid en vasgryping van God se genesende liefde en troos. Die navorser glo dat volwassenes later kán verander, as hulle bereid is om die bagasie (byvoorbeeld aangeleerde valse denke en gedragspatrone) uit die kinderjare uit te sorteer, al sál dit 'n pynlike proses wees.

Solank die persoon **glo** dat hy deur uiterlike omstandighede gevorm is, sal hierdie geloof sy denke en emosies beheer. Geen wonder nie dat Spr. 27:19 sê: "Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so sien jy jouself in wat jy dink." Hierdie geloof sal ook sy gedrag bepaal tot nadeel van sy interpersoonlike verhoudings. Dit ís egter moontlik om gevestigde gedragspatrone met die Here se hulp en genade te verander (2 Kor.

5:17; Kol. 3:9, 10). 'n Nuwe manier van dink verander emosies en gedrag (Rom. 12:2; 2 Kor. 10:5; Ef. 4:22-24; 5:8; Fil. 4:8).

Die verwerpte laat toe dat die pyn van die verlede, sy hede én toekoms bepaal, terwyl Christus vir hom 'n nuwe lewe kan gee (Ef. 4:23-24). Indien elke seergemaakte, verwerpte mens na die Drie-enige God sou draai, sal Hy hulle optel (Ps. 145:14; 147:3, 6; 2 Kor. 1:3, 4; 7:6) en oorwinning oor hulle neergeboëndheid gee (Ps. 18:30; Rom. 8:37). **Christus word dan die lig in hul donkerte** (Ps. 18:29; Jes. 50:10).

## 2.9 SLOT

In hierdie hoofstuk is die aangrensende wetenskappe gebruik om metateoreties die verband tussen volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings en die ouerverwerping in hul kinderjare te verken. In die volgende hoofstuk word die metateoretiese ondersoek voortgesit deur middel van 'n empiriese studie.

# HOOFSTUK 3

# 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN OUERVERWERPING EN DIE KIND SE LATERE DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese proses wat vir die navorsing gebruik is, kortliks verduidelik en die empiriese data word geïnterpreteer ten opsigte van volwassenes met disfunksionele sosiale verhoudings wat as kinders deur hulle ouers verwerp is. Die volgende aspekte word vervolgens bespreek: die doel van die empiriese ondersoek; empiriese navorsing; metodologiese verantwoording van die empiriese ondersoek; kwalitatiewe navorsing; mededelinge van die gespreksgenote; en evaluerende gevolgtrekkings.

## 3.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek is om op 'n wetenskaplike wyse ondersoek in te stel na die verband tussen volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings en die ouerverwerping wat hulle in hul kinderjare ervaar het.

## 3.3 EMPIRIESE NAVORSING

Heitink (1999:221) wys daarop dat die woord empiries, afgelei van die Grieks *empeiria*, "ervaring" beteken. Volgens hom fokus die empiriese benadering op die nagevorsde persoon se ervaring / verstaan van die werklikheid (die omgewing). Menslike aksies is altyd situasie-gebonde en kom voor in tyd en ruimte. Hy voeg by dat distansiëring deur empiriese navorsing, die wisselende toestande en faktore in elke mens se unieke konteks verhelder. In hierdie navorsing is die konteks die gesin waarin die persoon groot geword het.

Pieterse (1993:52) noem dat empiriese insigte teruggekoppel behoort te word aan basis- en metateorieë met die oog op die formulering van relevante teorieë, georiënteerd aan God se Woord vir elke konteks en tyd. Heyns & Pieterse (1990:76-77) koppel empiriese ondersoeke aan teologiese teorieë. Hulle sê voorts dat die empiriese wetenskap voortbou op die navorser se ervaringsproses deur middel van verkenning, beskrywing, toetsing en verklaring van die omgewing. Dit geskied aan die hand van die subprosesse, naamlik vermoede, verwagting, toetsing en evaluering. Hierdie sub-prosesse vorm die grondlyne van die empiriese siklus.

## 3.4 METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

'n Kwalitatiewe empiriese ondersoek is gedoen met jong volwassenes wat tans disfunksionele sosiale verhoudings het en in hul kinderjare ouerverwerping ervaar het. Die ongestruktueerde aangesig-tot-aangesig metode van onderhoudvoering is gebruik (Scheurich, 1997:61-79; Schurink, 1998:297-312; Neuman, 2000:344, 371-374). Die onderhoude is gevoer deur middel van oop vrae, soos byvoorbeeld: "Vertel my jou storie" en die ontmoeting tussen die gespreksgenoot en die navorser het plaasgevind ter wille van groter wedersydse begrip (Silverman, 2001:13, 92, 112). Die inligting wat uit die onderhoude gekom het, is hanteer as weergawes van die gespreksgenoot se perspektiewe / idees oor die bespreekte onderwerp.

Steyn (2005:122) verduidelik kwalitatief na aanleiding van twee bronne. "Kwalitatief" veronderstel kwaliteite, prosesse en betekenismoontlikhede wat nié eksperimenteel in terme van kwantiteit, hoeveelheid, intensiteit óf frekwensie, ondersoek / gemeet kan word nie. Daarom beklemtoon kwalitatiewe navorsing eerder die sosiaal-gekonstrueerde aard van die werklikheid, die intieme navorser-gespreksgenoot-verhouding, navorsing en die situasie-bepaaldheid van die navorsing. Kwalitatiewe metodes is meer beskrywend en holisties, terwyl aspekte van die saak in die geheel hanteer word.

## 3.5 KWALITATIEWE NAVORSING

Die kwalitatiewe styl is vir hierdie empiriese studie gekies ter wille van die geldige verstaan van menslike ervarings (Silverman, 2001:13). Die volgende aspekte sal bespreek word: die waarde en kenmerke van kwalitatiewe studie, asook die afbakening en implementering van die kwalitatiewe navorsing.

### 3.5.1 Die waarde van kwalitatiewe studie

Kwalitatiewe navorsing het groot waarde. Dit:

- maak die gespreksgenoot se leefwêreld verstaanbaar;
- bied 'n geleentheid om by inligting uit te kom wat die egtheid / oorspronklike aard van menslike ervarings weergee deur middel van ongestruktureerde, oop onderhoude, gewoonlik gebaseer op vooraf observasie en navorsing oor die saak, sonder manipulering van respondente;

- bied 'n geleentheid om by dieper kennis en verstaan uit te kom, veral ten opsigte van mense se ingesteldheid teenoor, en ervaring van sekere situasies, wat nie deur vraelyste getoets kan word nie;
- het die vermoë om te analiseer wat werklik in 'n natuurlike situasie gebeur;
- bring nuwe perspektiewe na vore;
- dui aan dat mense se denke net so belangrik as hul dade is en dat hul gedrag alleenlik verstaan kan word deur middel van begrip van hulle oortuigings en die situasie waarin dit plaasgevind het;
- lê groot klem op die outentieke aard van die studie;
- is meer beskrywend en holisties, terwyl aspekte van die saak hanteer word in die lig van die hele saak;
- open nuwe navorsingsvelde;
- werk nie met absolute kennis en sekerhede nie;
- bied geleentheid om saam met die gespreksgenoot verstaan te ontwikkel.

(Joubert, 1992:171; Ragin, 1994:120; Gaskell, 2000: 39-41; Silverman, 2001:87).

### 3.5.2 Kenmerke van kwalitatiewe studie

'n Kwalitatiewe studie toon onder andere die volgende kenmerke:

- 'n Verbinding word gemaak tussen die aksies van die gespreksgenote en die betekenis van hulle gedrag (Silverman, 2001:96);
- betekenisvolle aksies word binne die mees natuurlik moontlike konteks bestudeer (Silverman, 2001:96);
- die navorser vervul die rol van interpreteerder (Jensen, 2002:36);
- gespreksgenote gee sin aan hulle werklikheid / ervaring – met laasgenoemde dan deel van die wêreld wat beskryf word (Silverman, 2001:96).

### 3.5.3 Afbakening en implementering van die kwalitatiewe navorsing

Die kwalitatiewe ondersoek fokus op drie jong volwassenes tussen een-en-twintig en vyf-en-twintig jaar, wat in hul kinderjare ouerverwerping ervaar het. Die navorser het besluit om net drie gespreksgenote in plaas van meer na te vors. Die keuse is gemaak ter wille van diepgang binne die lengtebeperking op die navorsingsverslag. Een gespreksgenoot het verwerping van die vader ervaar, maar 'n goeie verhouding met die moeder gehad; die ander twee het verwerpende vaders gehad en die moeders was ook matig-verwerpend. Al is die gespreksgenote van dieselfde geslag

en byna dieselfde ouderdomme, het elkeen unieke empiriese data na vore gebring wat die basiese teoretiese argument van die navorsing doeltreffend getoets het, naamlik dat daar 'n verband is tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het.

Vir die navorser dui die kinderjare op 2-12 jaar (Rohner, 1986:119; Anon, 2002:30). Omdat die kind egter meesal nog tot 18 jaar in die huis is, sal die verwerping gewoonlik tot dan voortduur. Die navorser het dit aan die gespreksgenote gestel dat die navorsing betrekking het op die kinderjare van 2-12 jaar. Hulle hoërskooljare is egter ook in ag geneem omdat al drie nog tot op 18 jaar in die ouerhuis gebly het. 'n Jong volwassene dui in die navorsing 'n persoon aan tussen die ouderdom van 21–28 jaar (Anon, 2000:31)

Die navorser het kontak met vyf vroulike en twee manlike respondente gehad. Almal se aanmeldingsprobleem was slegte sosiale verhoudings, asook ander bekommernisse. Drie vroulike respondente was gewillig om vraelyste te voltooi en het wél ouerverwerping in hul kinderjare ervaar. Twee vroulike respondente het geweier om vraelyste te voltooi, asook om verdere hulp te ontvang. Die twee manlike respondente het ook ouerverwerping ervaar, maar hulle drank en / of dwelmprobleme het gespesialiseerde hulp benodig.

Diepgaande onderhoude is met die drie vroulike respondente gevoer. Die navorser het ses sessies van 1 ½ - 2 uur met elke gespreksgenoot gehad. In die eerste sessie is: Die gespreksgenoot op haar gemak gestel; agtergrond-inligting ingewin; die aanmeldingsrede(s) beluister (wat dikwels nié die wortel van die probleem is nie); die gespreksgenoot gevra oor haar verwagting van die berading. Daarna het die gespreksgenoot elke keer huiswerk gekry wat in die volgende sessie bespreek is. Ná die identifisering van die emosies, het die navorser 'n vraelys gebruik met betrekking tot:

- die **kinderjare;** die familie van herkoms; die vroegste herinneringe van die kinderjare; die ervaringe in die kinderjare;
- **opleiding** – skoolloopbaan; naskoolse opleiding; loopbaan/werk;
- **huidige disposisie** – huidige omstandighede; verhoudings; fisiese voorkoms; persoonlike evaluasie; spiritualiteit;
- **toekoms** – gevoelens met betrekking tot die toekoms en die rede(s) daarvoor.

Die antwoorde op die vrae was net 'n JA / NEE óf somtyds, altyd, selde / nooit. Die bespreking daarvan het die navorser die geleentheid gegee om tydens die sessies indringende vrae te vra, soos byvoorbeeld "Verduidelik vir my waarom jy....sê"; "Wat bedoel jy as jy hier JA / NEE antwoord?"; "Tot watter mate het jy ...?"; "Hoe het jy gevoel toe ... gesê is / of .... gebeur het?"; "Vertel vir my watter invloed ... nog op jou lewe het?" Die antwoorde op die vrae het probleemareas uitgewys.

Toe die vermoede met betrekking tot ouerverwerping ontstaan het, is die daaropvolgende vraelyste van Rohner aan die drie respondente gegee. Daarna is die navorser se vraelys met betrekking tot die hede en toekoms vir die gespreksgenoot gegee om te voltooi. Dit was vir die navorser veral belangrik om by elke sessie Jesus Christus as hoop en inspirasie, asook Bron van Genesing, in te bring.

In die kwalitatiewe navorsing is gebruik gemaak van onderhoudvoering, asook van die invul en interpretasie van vraelyste. Die twee vraelyste van Rohner (1986:198–206) is gebaseer op sy wêreldwye navorsing oor ouerverwerping. Die vraelyste word as Bylae A en B by die navorsingsverslag gevoeg. Hierdie vraelyste van Rohner bestaan uit:

- **Die ouerverwerpingsvraelys** wat die aard van die verwerping op vier vlakke toets: warmte / liefde; vyandigheid / aggressie; negatiwiteit / onverskilligheid; en on-gedefinieerde verwerping.
- Die **persoonlikheidsvraelys** toets die respondente se sosiale vaardighede ten opsigte van afhanklikheid; vyandigheid / aggressie; twee self-evaluerings, naamlik negatiewe selfwaarde en negatiewe selfgenoegsaamheid; emosionele terughoudendheid; emosionele onstabiliteit; en negatiewe wêreldbeskouing.

➢ **Afhanklikheid** is die emosionele staatmaak van een persoon op 'n ander vir gemak, goedkeuring en leiding. In volwassenheid sluit dit ook gerusstelling, besluitneming en steun in.

➢ **Vyandigheid / aggressie** is die innerlike emosionele reaksie / gevoel van woede, vyandigheid, norsheid en gegriefdheid wat gerig is op 'n ander persoon / situasie óf die self.

➢ **Selfwaarde** is die globale assessering / taksering van jouself met betrekking tot 'n gevoel van persoonlike waarde.

➢ **Selfgenoegsaamheid** is die gevoelens in verband met jou bekwaamheid om daaglikse probleme te hanteer en behoeftes te bevredig.

- **Emosionele terughoudendheidsvraelys** is die onvermoë om nabye, warm, intieme verhoudings met ander te vorm.
- **Emosionele onstabiliteitsvraelys** is die gebalanseerde en kalm hantering van stres / terugslae / moeilikheid / teleurstellings en stabiele stemmings.
- **Negatiewe wêreldbeskouingsvraelys** is die negatiewe interpretasie van die wêreld na aanleiding van negatiewe persoonlike ervarings.

Die navorser het besluit om Rohner se vraelyste te gebruik omdat hulle toegespits is op verwerping – die vier dimensies van ouerverwerping en die sewe persoonlikheids-eienskappe wat verwerptes gewoonlik toon. Die navorser kon nie ander navorsing vind wat soos Rohner verwerping wêreldwyd nagevors het nie.

In die navorsing met die drie gespreksgenote is bevind dat die sewe persoonlikheids-eienskappe in Rohner se vraelys, almal 'n uitwerking gehad het op die gespreksgenote se sosiale verhoudings:

- Wanneer 'n persoon 'n lae / negatiewe selfwaarde het, word onwaardigheid vir liefde gevoel.
- Om beter oor die self te voel, soek die persoon goedkeuring en aanvaarding by mense en raak dikwels oormatig afhanklik, óf hy dra 'n masker van bravade.
- Die minderwaardigheid kom tot uiting in aggressie, terughoudendheid óf bombasme. Selfafkeur of -haat verhinder liefde vir ander persone.
- Die lae selfwaarde lei ook tot 'n gevoel van persoonlike onbekwaamheid – negatiewe selfgenoegsaamheid. Laasgenoemde knak selfvertroue en kniehalter uitreiking na mense. Wanneer mense die persoon uitskuif of soms as dom / onbekwaam uitkryt, bevestig dit minderwaardigheid.
- Soms word die verwerpte kompeterend om die self te probeer bewys en waarde te herwin. Só kom botsing dikwels met mense. Die persoon se emosionele onstabiliteit lei tot gedragsuitinge soos onder andere buierigheid wat mense vervreem. Staatmaak op mense beïnvloed stabiele emosies: Wanneer mense se goedkeuring, aanvaarding of toegeneentheid beskikbaar is, voel die persoon opgewek en bly, maar met verwerping of isolasie, soos 'n afgeblaasde ballon.
- Die verwerpte is dikwels nie in staat om emosies te wys / te uiter nie, en sommige sukkel om liefde te gee / te aanvaar. Die emosionele terughoudendheid het 'n direkte invloed op hulle sosiale verhoudings.
- Negatiewe ervarings het 'n negatiewe invloed op die persoon se wêreld-beskouing. Die wêreld is egter nie 'n vakuum nie, en word bewoon deur mense.

Daarom sal die wêreld, met sy inwoners, veral vreemdes, onvriendelik en bedreigend lyk. Die persepsie wek vrees en verhinder die waagmoed om tot nuwe situasies toe te tree en nuwe vriendskappe te sluit.

## 3.6 MEDEDELINGE VAN GESPREKSGENOTE

Daar word na die drie gespreksgenote verwys as A, B en C. Hulle skriftelike toestemming is verkry om die inligting te publiseer. Die navorser se bevindings en gevolgtrekkings is met die gespreksgenote gekontroleer.

Na aanleiding van die metateoretiese ondersoek het die **vermoede** ontstaan dat ouerverwerping (byvoorbeeld emosionele, verbale en fisiese mishandeling) die drie respondente sou beïnvloed met betrekking tot hulle *kognitiewe*; *emosionele* en *interaksie verhoudingsvlakke*.

Die gespreksgenote se aanmeldingsprobleme en die openbarings met betrekking tot hulle gevoelens, reaksies en optredes as gevolg van die ouerverwerping, het die **verwagting** laat ontstaan dat die navorsing sal bewys dat die gespreksgenote hulle ouerverwerping met bepaalde sosiale gedrag sal hanteer:

- beskadiging in kognitiewe en emosionele ontwikkeling en/of funksionering;
- lae selfkonsepte en destruktiewe sosiale gedragspatrone;
- gebrek aan effektiewe interaksie vaardighede en ondoeltreffende of verydelende interaksiepatrone;
- onvermoë om langtermyn verhoudings te vestig en dan te handhaaf (Vergelyk Brassard, 1987:49)

Die navorsingsbevindings van elke gevalstudie sal op die volgende manier georden word:

- optrede van die verwerpende ouer;
- reaksie van die gespreksgenoot op ouerverwerping;
- verband tussen ouerverwerping en die gespreksgenoot se sosiale verhoudings;
- samevatting van elke gevalstudie.

Daarna sal evaluerende gevolgtrekkings van die drie gevalstudies gemaak word.

### 3.6.1 Gevallestudie 1: A

A is 'n vier-en-twintig jarige dame, die oudste van drie susters.

#### 3.6.1.1 Optrede van die verwerpende ouer.

A se vader, 'n perfeksionis, het baie hoë verwagtings van haar gehad. Hy was ook dominerend en manipulerend, kritiserend, kortaf, buierig, geïrriteerd en het haar 'n hele paar keer onregverdig gestraf.

Haar ma was liefdevol, maar soms ook kritiserend. Sy en haar man was albei top-presteerders op sport- en akademiese gebied. A noem ook dat sy haar oupa (aan vaderskant) as 'n koue, afgetrokke persoon ervaar het en nooit op sy skoot kon / wou sit nie.

A se vader het:

- nooit haar gevoelens gerespekteer of geluister na haar woorde / opinie nie;
- min fisiese liefde aan haar betoon en voorwaardelike liefde getoon as sy presteer het;
- nooit waardering getoon vir haar talente / prestasies nie en nooit skool / sportaktiwiteite bygewoon nie.

A het "moet" en "moenie" boodskappe van haar vader ontvang:

- jy moenie: fouteer; tydmors; laks en dom wees; emosioneel optree nie;
- jy moet: harder oefen en leer; beter presteer; meer behulpsaam en aktiewer wees; tyd produktief deurbring; nét so goed soos ek wees; jouself beter gedra.

#### 3.6.1.2 Reaksie van die gespreksgenoot op ouerverwerping

Hierdie gespreksgenoot is net soos die ander twee gespreksgenote, ondervra met betrekking tot hulle denke / persepsies, emosies, dade, begeertes en vrese.

A se reaksie op die houding en optrede van haar vader het haar vroeg al baie negatief oor haarself laat dink, naamlik dat sy minderwaardig en 'n mislukking was. Hierdie negatiewe denke steek nog in volwassenheid vas. As kind het sy dikwels gedink dat sy lelik, dom en vet was. Gevoelens van waardeloosheid, onbemindheid, onbelangrikheid, verkleinering, vernedering is dikwels ervaar. As volwassene voel sy onseker, deurmekaar, verwerp en het 'n lae eiewaarde.

A:

- betwyfel haar eie vermoë;
- voel soms ontoereikend, asook gefrustreerd oor dinge wat sy nie kan regkry nie;

- is selfveroordelend;
- is altyd sensitief en liggeraak vir kritiek / onregverdige opmerkings en verdedig haarself heftig daarteen;
- trek terug of vermy mense;
- voel lank skuldig oor 'n begane fout en vra moeilik om verskoning.

As kind was sy altyd onseker oor die donker. As volwassene raak sy benoud as sy stilsit en niks doen nie. Angstigheid oor tydsbesteding en woede as iemand sê sy is lui / ledig, oorval haar menigmaal.

Magteloosheid, hulpeloosheid, vernedering en woede oor die onregverdige straf en dwang, het haar van jonks af oorweldig. Wanneer kwaai swaarmoedigheid haar huidiglik oorval, voel sy wéêreens dat die lewe én syself, onveranderbaar is.

Sy het alreeds voor Graad 12 depressie ervaar. Huidiglik toon sy simptome van depressie soos lusteloosheid, belangeloosheid, hopeloosheid en pessimisme. Haar emosies is baie onstabiel – dit wissel tussen mismoedigheid en hoopvolheid; daarna keer die negatiewe gedagtes en emosies egter weer terug. Dán lyk alles oorweldigend. Soms ervaar sy tevredenheid oor 'n afgehandelde taak en 'n genome besluit; dan weer onsekerheid en besluiteloosheid oor die toekoms. Die frustrasie oor haar wisselende emosies spoel oor in geïrriteerdheid en ongeduld teenoor ander. Hierdie emosionele onstabiliteit word dan ook weerspiëel in haar persoonlikheidsvraelys.

A beweer dat sy in haar tienerjare moeg gesukkel was om haar vader tevrede te stel en sy onvoorwaardelike liefde en aanvaarding te verkry. Daarom het sy in die hoërskool onverskillig teenoor sy houding en optrede geword. Toe het sy akademies begin uitstyg. In die hotelskool en daarna in 'n besigheidskollege, was sy die topstudent. Sy ervaar werkstevredenheid as sjef, maar erken dat haar lewe 'n gemors is. A se onttrekking van haar vader was 'n wanhoopsdaad en het soos 'n oplossing gelyk. Die leemte het egter gebly. Prestasie kon nié kompenseer vir die verlange na sy goedkeuring en aanvaarding nie. Ná Graad 12, het sy begin drink om die innerlike pyn, seer en verlies te verdoof. Later moes sy behandeling vir drankverslawing kry.

A is kwaad vir haar vader oor sy optrede, maar onthou tóg dat hy soms in sy goeie buie met haar gespeel het. Dit was egter altyd 'n speletjie van sý keuse.

#### 3.6.1.3 Die verband tussen ouerverwerping en die gespreksgenoot se sosiale verhoudings

##### 3.6.1.3.1 Algemene menseverhoudings

Op grond van die empiriese navorsing is die volgende waarnemings gemaak:
A vrees verwerping. Sy is ook bang om ander seer te maak óf hulle teleur te stel. Dit is vir haar moeilik om:

- haar gevoelens te uiter / te wys / uit te druk en daarom krop sy dit op;
- oop en liefdevol te wees;
- met mense te praat;
- sensitief vir ander se gevoelens te wees;
- ander se foute / onvolmaakthede te verdra en daarom is sy soms oorkrities, onverdraagsaam en ongeduldig met mense;
- haarself te wees en vind die "voorgee" vermoeiend;
- liefde te aanvaar;
- ander te vertrou vir die voorsiening van haar behoeftes;
- nuwe vriende te maak, alhoewel sy goed met almal klaarkom.

A erken dat sy mense se goedkeuring, aanvaarding en liefde verlang. Daarom:

- word sy kwaad by gebrek aan erkenning;
- wil sy in 'n verhouding altyd dié belangrikste wees en voel;
- voel sy lekker as iemand werklik saam met haar lag óf bly is om haar te sien;
- ervaar sy 'n wonderlike tevredenheid wanneer waardering getoon word vir iets wat sy vir iemand gedoen het;
- is sy mededingend en soms manipulerend.

##### 3.6.1.3.2 Romantiese verhoudings

Die probleme in A se algemene menseverhoudings steek ook kop uit in haar romantiese verhoudings. In 'n vorige verhouding:

- was sy selfsugtig, selfgesentreerd, onredelik, veeleisend en emosioneel-afhanklik;

- het sy gesukkel met kommunikering, selfopenbaring en begrip, asook om oop en liefdevol te wees;
- was sy wantrouig, asook vreesagtig-angstig oor sy moontlike verwerping / weggaan;
- het haar angs en onveiligheid woede opgewek wanneer hy soms laat vir 'n afspraak opgedaag het;
- was dit moeilik om liefde te aanvaar.

(Vergelyk 2.7.4)

In haar huidige verhouding vrees sy dat haar vriend eendag nie weer sal terugkom nie, en dat sy hom óók sal seermaak en teleurstel.

#### 3.6.1.4 Samevatting

A se ouers, veral haar vader, het nie altyd positief teenoor haar opgetree nie. Sy het kwaad geword vir haar ouers en hulle verwerp ná 'n mislukte soeke na liefde en haar emosioneel onttrek. Rohner (1975:53-54) noem sodanige optrede "defensiewe onafhanklikheid". A het in die hoërskool só opgetree – ignorerend en onverskillig teenoor haar vader. Dit het wél 'n positiewe uitwerking op haar uitslae gehad. Haar menseverhoudings het egter nie verbeter nie, want sy het erg mededingend en perfeksionisties geword. Sy is 'n voorbeeld van Rohner se "instrumentele baasraker" wat taakgerig, maar emosioneel-vermink is (vergelyk 2.6.9).

Prestasies het nie die seer van verwerping weggeneem nie, want agter die defensiewe onafhanklikheid het die onherkende verlange na 'n warm, koesterende verhouding met haar vader bly lê. Alkohol is later gebruik om uit die pyn en verlange te ontsnap (vergelyk 2.7.3). Haar emosionele **afhanklikheid** van ander mense se goedkeuring, erkenning en aanvaarding het egter toegeneem as gevolg van haar aangeleerde reaksies van vrees, angs en stres. In 'n romantiese verhouding toon haar angstige vasklem aan die persoon 'n intense verlange en smagting na liefde, asook vrees vir die verlies van die geliefde.

Haar **vyandigheid / aggressie** is betreklik hoog. Hierdie innerlike woede is soms selfgerig, maar ook gerig op haar mede-werkers in die vorm van geïrriteerdheid en ongeduld (vergelyk 2.6.6).

A het vroeg al met 'n **negatiewe selfevaluering** gereageer op die negatiewe boodskappe wat sy van haar vader ontvang het. Die vader se optrede en houding het aan A gekommunikeer dat sy ontoereikend, onbelangrik, lui, irriterend en lastig en soms ook onwelkom is. A het al minder van haarself begin hou en later haarself as 'n onwaardige, ontoereikende mens beskou (vergelyk 2.6.5 en 4.6.3). Sy het hierdie denke veralgemeen en haar persoonlike bekwaamheid en vermoë begin betwyfel. Haar onsekerheid maak haar kompeterend en perfeksionisties, maar ook soms pessimisties oor haar werklike suksesse (vergelyk 2.6.4 – mededinging en mag). Die gevoel van "min beheer" oor belangrike lewensgebeure, beïnvloed dikwels haar besluitnemings-vermoë, veral met betrekking tot haar beroep. Sy betwyfel selfs haar vermoë om iemand gelukkig te maak. Daarom bly sy altyd bang om ander seer te maak en teleur te stel, veral haar geliefde.

In die pa-dogter verhouding het A nie regtig geleer om liefde te ontvang en te gee nie, veral met betrekking tot die teenoorgestelde geslag. Sy het dikwels emosioneel seergekry, en het - soos Rohner (1975:5) sê - haar emosies "gekapsuleer". Sy vorm moeilik vrye, openlike, warm, blywende vriendskappe, veral intieme verhoudings. Selfs haar spontane reaksie / optrede teenoor mense, is geïnhibeer. Omdat haar kinderlike reaksies as "tipies vroumensagtig" bestempel is, het sy geleer om haar gevoelens te onderdruk en weg te steek. **Emosionele terughoudendheid** het 'n lewensgewoonte geword. Die afsydigheid en koudheid teenoor mense dien as 'n selfverdedigende pantser teen moontlike afwysing (2.6.4 – onttrekking en afstand).

A se **emosionele onstabiliteit** meet baie hoog. Sy neig tot gereelde / skielike stemmingsverskuiwings, asook dikwelse prikkelbaarheid en liggeraaktheid (vergelyk Rohner, 1975:83). Sy erken dat dit mense verwar en afstoot. Dog voel sy onmagtig om te verander. Haar depressie is simptomaties van die vroeë "aangeleerde hulpeloosheid", asook moontlik die na-binnegekeerde woede (vergelyk 2.7.4). Dit lyk vir haar asof die lewe nog altyd onbeheerbaar en onveranderbaar is.

Dit is begryplik dat A 'n **negatiewe wêreldsiening** het, want haar lewenservaringe is veralgemeen na die aard van die wêreld. Laasgenoemde, met sy mense, veral vreemdes, word nou beskou as onvriendelik, bedreigend en vyandig.

A wil graag 'n rooi bergblommetjie wees, wat onverwags tussen die rotse opduik om mense te verras en genot te verskaf. Dit is positief dat sy innerlike rustigheid, asook

beheer oor haar denke en gevoelens begeer. Sy verlang daarna om die Here te leer ken en vas te gryp, maar sukkel nog om sy onvoorwaardelike liefde te ontvang. Veral na 'n fout / mislukking kommunikeer sy moeilik met God omdat sy dan onwaardig vir sy liefde voel.

### 3.6.2 Gevalstudie 2: B

B is 'n een-en-twintigjarige dame met 'n tweelingbroer en twee ouer broers. Die tweeling was onbeplande kinders.

#### 3.6.2.1 Optrede van die verwerpende ouer

B se vader was outokraties, rigied en manipulerend. Hy het haar altyd voorgeskryf en was buierig, ongeduldig, onredelik, aggressief, beledigend, onvergewensgesind en hard. Sy het tot op veertien jaar nog kwaai lyfstraf gekry.

B beskryf haar moeder as passief en onderworpe, maar die ma-dogter verhouding, is goed. Sy noem ook dat haar oupa (aan vaderskant) stil, eenkant, ontoeganklik en koud teenoor haar was. Hierdie oupa het die minimum interaksie met sy seun gehad. Haar vader was blykbaar as kind baie aan homself oorgelaat. B se moeder is ook nie deur die skoonouers aanvaar nie.

B se vader het:

- nog altyd ál haar dade gekritiseer; haar skrif as lelik bestempel; haar werk baie kere doodgetrek; haar onvermoë om (volgens hom) te lees, skryf en spel uitgewys;
- nog nooit tevredenheid getoon met haar punte nie;
- altyd haar persoonlike voorkoms beledigend afgekraak;
- haar nooit aangemoedig nie, maar meesal verkleineer, vergelyk en bespreek met ander;
- haar altyd beskuldig en blameer vir wat verkeerd gegaan het;
- nooit saam met haar gespeel nie;
- nooit haar skool- of sportaktiwiteite bygewoon / ondersteun nie;
- ná haar agste jaar al hoe minder fisiese liefde teenoor haar getoon;
- nog nooit na haar geluister nie en het geen respek vir haar opinies betoon nie;
- altyd haar foute só uitgekryt;
- nooit hulp verleen op haar versoek nie, maar haar uitgeskel as onnosel en haar pak gegee - haar ouer broer het egter altyd hulp gekry;

- haar altyd vrae gevra en as sy nie kon antwoord nie, is sy sleggesê;
- haar nooit iets gegun nie – bywoning van verjaarsdagpartytjies, modelwerk óf aftye. Sy moes altyd musiek oefen óf by die huis help. Selfs in vakansies moes sy boeke lees waaroor hy haar saans uitgevra het.

Die "moet" en "moenie" boodskappe van haar vader was:

- jy moenie: ontspan / fouteer nie; emosie wys; kindwees; afhanklik / swak wees nie;
- jy moet: hard werk; die beste wees; perfek en alwetend wees; gou maak.

**3.6.2.2 Reaksie van die gespreksgenoot op ouerverwerping.**

In reaksie op haar vader se optrede en houding het B haarself negatief begin waarneem. Sy het van kleinsaf gedink dat sy nikswerd, lelik, dom, onnosel, en ontoereikend is (vergelyk 2.6.5 en 4.6.4). Gevoelens van ongeliefdheid, verworpenheid, vernedering en skuld is dikwels ervaar. Al hierdie gevoelens kom ook voor in volwassenheid, gepaardgaande met onsekerheid en minderwaardigheid (vergelyk 2.4.4). Sy erken ook dat sy soms sukkel met ongekontroleerde woede, opstandigheid, bitterheid en 'n lae selfbeeld. Laasgenoemde maak haar ongelukkig, negatief, buierig en depressief. Hierdie lae selfbeeld is duidelik in haar gedrag.

B:

- neem altyd die skuld / blaam op haar skouers vir iets wat verkeerd gaan;
- is onderworpe en verdedig haarself nooit teen kritiek nie (vergelyk 2.6.4 - inskiklikheid);
- dink min van haarself en erken dat sy meesal afkyk as sy loop / praat (vergelyk 2.6.5);
- veroordeel haarself.

Die lyfstraf het haar verneder, asook bang, hartseer, deurmekaar en kwaad gemaak. Daarná het sy altyd verstote, verlate en ongeliefd gevoel. Sy het alle respek vir haar vader verloor. Wanneer sy as jong kind ná 'n pak gehuil het, is sy uitgeskel en gedreig met 'n verdere pak. Haar vrees, angs, onsekerheid en hartseer het dan vererger. Sy het elke keer dom en onhandig gevoel as sy vir haar foute uitgekryt word.

B noem dat sy as kind dikwels haarself aan die slaap gehuil het; gewonder het oor

die rede vir haar geboorte; en onwelkom, waardeloos en misbruik gevoel het. Huidiglik het sy dikwels nie lus om soggens op te staan nie. Slaap is 'n ontvlugting en selfmoord 'n oorweging. Verdere depressiewe simptome kom voor – passiwiteit, neerslagtigheid, belangeloosheid, wanhopigheid, pessimisme en huilerigheid. Hierdie ervarings wissel van baie erg na minder erg, afhangende van die situasie.

Op hoërskool het B leierskapeienskappe getoon. Sy was ook betroubaar, selfstandig en hardwerkend. In Graad 12 het sy twee onderskeidings behaal. Haar aanleg lê by tegniese vakke, maar haar kreatiwiteit is deur haar vader geïgnoreer. Sy is gedwing in vakrigtings waarin sy tot dusver nog onsuksesvol was. Gevolglik ervaar sy géén werksbevrediging nie en voel dat sy onderpresteer. As gevolg van die akademiese neerlae het haar minderwaardigheid vererger, en haar selvertroue verminder. Sy het al hoe meer van mense onttrek. Die eet van sjokolade dien soms as 'n uitlaatklep vir spanning, hartseer en ontmoediging. Sy betreur die feit dat sy haar vriendelikheid en gelukkigheid verloor het, en selde lag.

As kind het sy dikwels platgeslaan, hulpeloos en magteloos gevoel oor die onveranderbaarheid van haar lewe. Huidiglik dink sy verál dat die lewe, ander mense se reaksies, haar finansies en onafhanklikheid onbeheerbaar is. Oor die toekoms is sy onseker, bang en bekommerd. Sy is veral gefrustreerd oor: die gesukkel met haar studies; die rigtingloosheid van haar lewe; haar negatiwiteit, verstrooidheid en vergeetagtigheid; haar onvermoë om beheer oor sake te hê; asook haar slegte sosiale verhoudings.

Baie woede en haat teenoor haar vader kook in B. Sy besef egter dat sy hom sal moet vergewe om van die bitterheid ontslae te raak. Sy ervaar geweldige verliese as gevolg van die slegte pa-dogter verhouding: vreugdevolle, onbesorgde, ontspanne kindwees; menswaardigheid; onvoorwaardelike liefde, aanvaarding en waardering; die aanleer van goeie verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

### 3.6.2.3 Die verband tussen ouerverwerping en die gespreksgenoot se sosiale verhoudings

#### 3.6.2.3.1 Algemene menseverhoudings

B was nog altyd eensaam. Alhoewel sy met almal vriendelik was, het sy gesukkel

om maats te maak (vergelyk 2.4.3.2). Skoolkinders het haar name genoem en op universiteit het sy ook geen vriendin nie. Die onvermoë om bevredigende vriendskappe te sluit, het haar selfwaarde verder verlaag. Sy vind dit moeilik om:

- met mense te praat, is teruggetrokke, asook geïsoleerd;
- vriendelik te wees;
- mense se komplimente as eg te aanvaar;
- mense te vertrou, alhoewel sy tóg aanvaar dat hulle in haar behoeftes kan voorsien;
- kerkmense as opreg te aanvaar;
- liefde te aanvaar;
- goeie verhoudings met mans te vestig.

B voel dat mense haar nie verstaan óf na haar luister nie, en dat haar opinie onbenullig is. Sy oorreageer en is oorsensitief vir mense se aanmerkings, reaksies, asook vir sekere situasies (Vergelyk Downey & Lebold se bevindings in 2.6.8 met betrekking tot sensitiwiteit by verwerptes). Dikwels antisipeer sy mense se verwerping. Sy erken dat sy daarna verlang om mense te vertrou. Daarom is sy soms té vertrouend en naïef. B het ook 'n onweerstaanbare behoefte / drang na vry en seks. Wanneer sy egter agterkom dat 'n man geen verbintenis in gedagte het nie, en haar net wil misbruik, voel sy wéêreens verwerp.

### 3.6.2.4 Samevatting

Alhoewel B in haar persoonlikheidsvraelys wél **afhanklikheid** van mense toon, is dit veel laer as die negatiewe selfevaluerings (selfwaarde en selfgenoegsaamheid) en emosionele terughoudendheid. Sy het ervaar dat ander mense (veral haar vader) nie belonend en betroubaar is nie. Algaande het sy minder begin staatmaak op hulp. Tóg verlang B na liefde. Die begeerte na positiewe reaksie van mense, is só sterk dat haar naïwe vertroue haar 'n gewillige / maklike slagoffer van mense, veral mans, kan maak. Inteendeel, dit hét haar al byna in 'n tragedie gedompel. Sy het laat in die aand, ná 'n "slegte" dag, by 'n mede-mansstudent in die kommune "troos" gaan soek. Dit is egter deur hom totaal anders geïnterpreteer. Hier word Rohner (1975:174) se stelling met betrekking tot afhanklikheid bevestig, naamlik dat die soeke na vertroosting, hulp en simpatie dikwels voorkom ten tye van probleme / beswaardheid of moedeloosheid. Haar verlange om vasgehou te word herinner aan McGee, Springle & Craddock se verwysing na die afwesige vader-sindroom (vergelyk 2.6.7).

Die aanduiding van **vyandigheid** op die persoonlikheidsvraelys is nie so hoog nie, maar wél teenwoordig. Sy is gedurig voorsien van 'n aggressiewe model wat haar aggresiewe response kón intensifiseer het, maar dit blyk eerder dat die hartseer, vrees, verwardheid en hulpeloosheid altyd erger was as die woede.

B se reaksie op die negatiewe boodskappe wat sy van haar vader ontvang het, was 'n **negatiewe selfevaluering.** Haar vader se optrede en houding het B laat besluit om te glo dat sy onvroulik, skuldig, onbetroubaar, waardeloos, ongeliefd, nikswerd, dom, onmagtig, onbelangrik en ontoereikend is (vergelyk 2.6.5). B het die negatiewe boodskappe van haar pa geglo en het gevolglik nooit goed oor haarself gedink nie; was nooit gemaklik met haarself nie; en het haarself nie as respekwaardig / waardevol gesien nie. Gevolglik bly sy dink dat sy minderwaardig teenoor ander is en dit verhinder toetrede tot vriendskappe. As gevolg van hierdie ervarings van onwaardigheid en ontoereikendheid, het sy ook haar geloof in haar persoonlike bekwaamheid en vermoë verloor. Alhoewel die negatiewe selfgenoegsaamheid laer as die uiters hoë persentasie negatiewe selfwaarde is, toon B 'n gebrek aan selfvertroue. Sy dink aan haarself as 'n mislukking; voel onbekwaam; en kan nie regtig suksesvol die lewenseise nakom nie. Sy sal eerder <u>mense</u> plesier as om op haar <u>eie</u> selfbekwaamheid staat te maak (vergelyk 2.6.4 - inskiklikheid).

B se lae selfwaarde blyk uit haar optredes en reaksies: sy stel geen persoonlike doelwitte nie; sy wíl sukses behaal, maar glo nie dat sy daartoe in staat is nie; sy voel dikwels depressief; hartseer en lusteloos. Haar lae self-evaluerings word selfs openbaar in haar manier van loop (oë op die grond); haar onsekere en lae stemtoon; haar min oogkontak; en algemene terughoudendheid. Hierdie optredes laat haar asosiaal voorkom want vir haar medestudente lyk sy oënskynlik ontwykend, koud, nors en onvriendelik (vergelyk 2.6.4 – onttrekking en afstand). Gevolglik reik hulle nie na haar uit nie.

Die persentasie **emosionele terughoudendheid** op haar persoonlikheidsvraelys is baie hoog. B kan nooit werklik haar gedrag op 'n liefdevolle ouer s'n moduleer nie. Alhoewel sy smag na toegeneentheid, het sy nooit geleer om dit te <u>gee</u> nie. Haar emosies is só geïsoleerd, as beskerming teen meer emosionele seer, dat sy byna die indruk van 'n apatiese / emosioneel-neutrale persoon skep. Die onvermoë om

vriende te maak, verswak haar selfvertroue, maar versterk die gevoel van ontoereikenheid, onbekwaamheid en selfwaarde.

B het baie ernstige psigologiese skade gely; is beslis minder verdraagsaam vir stres; en ook **emosioneel onstabiel**. Sy is dikwels liggeraak; raak maklik onsteld / moedeloos as gevolg van teleurstellings / moeilikhede / terugslae; word maklik kwaad; en is meesal gespanne, veral in stresvolle situasies. Die moedeloosheid laat haar soek na mense, veral mans, se ondersteuning soos voorheen genoem. Haar liggeraaktheid en kwaad-word is afstootlik; en die gespannenheid onder stres verwek ander se ongeduld en geïrriteerdheid omdat sy "vou". Hulle houdings / reaksies gee blykbaar te kenne dat sy 'n "flop" is. Dit vererger die minderwaardigheid en onttrekking van mense. Sodoende word die verwerpingssiklus voortgesit.

Sy is alreeds emosioneel onstabiel; devalueer haarself, en voel onveilig en minderwaardig; in die lewe het mense haar seergemaak, vertrap en bang gemaak. Hierdie lewenservaringe is veralgemeen op die aard van die wêreld as 'n vyandige, bedreigende, onvriendelike en onaangename plek. Dit is dan begryplik dat sy 'n **negatiewe beskouing** van die wêreld, met sy mense, sal hê.

B kry nie vastrapplek in die lewe nie en bly ankerloos. Sy het op hoërskool getoon dat sy met die regte vakkeuses intellektueel-vermoënd is. Met die huidige en vroeëre kursusse ervaar sy egter wéér die mislukking, waardeloosheid en ontoereikendheid van haar kinderjare. Sukses in haar kursus kon B dálk opgebou en moed gegee het, maar alles bly vir haar hopeloos, donker en uitsigloos – nét soos in haar kinderjare. Haar selfvertroue bly agteruitgaan; sy raak al hoe meer in haar dop gekruip, máár soek kompensasie in die seksuele aandag van mans.

Dít is egter positief dat B begeer om 'n pronkende blommetjie, eerder as 'n nuttelose droë takkie te wees. Sy wil baie graag haar stres, onsekerheid, vrees en slegte menseverhoudings verander. B verlang inniglik na 'n beter, gelukkige lewe, asook om nader aan die Here te kom. Sy vrees Hom egter dikwels en voel onwaardig vir sy liefde.

### 3.6.3 Gevalstudie 3: C

C is 'n drie-en-twintigjarige dame. Sy was 'n onbeplande kind.

#### 3.6.3.1 Optrede van die verwerpende ouer.

C se vader is prominent en manipulerend, outokraties en rigied; krities en baie aggressief; beledigend en verkleinerend. Hy het haar dikwels geslaan, meesal vir onbenullighede. Sy het baie kere glad nie die rede / doel van die pak verstaan nie. Afgesien van sy onverskilligheid en koue liefde, het sy selfs 100% ongedefinieerde verwerping by hom ervaar. Die ouer broer was sy witbroodjie en die suster is ook bevoordeel (vergelyk 4.4.2.4).

Sy het 'n baie oppervlakkige, neutrale verhouding met haar moeder. Laasgenoemde is taamlik passief, koud en onverskillig. C ervaar by haar óók ongedefinieerde verwerping. Die moeder beskuldig C dikwels onregverdig; kritiseer gedurig en is onsimpatiek teenoor C se mislukkings / foute. C se oupa aan vaderskant was baie koud, rigied en outokraties, veral teenoor sy seun (haar pa).

Daar was byna geen kommunikasie in die ouerhuis nie – nie tussen die ouers, óf met en tussen die kinders nie. Die ouers, asook die kinders, het mekaar verskree, en die kinders het mekaar geskop en geslaan. Omdat C haarself verbaal verdedig het, het sy die spit erger afgebyt, verál by haar vader. Die atmosfeer in die ouerhuis was altyd gespanne (vergelyk 2.3.6).

Haar vader het:

- nooit haar gevoelens gerespekteer nie en na haar opinie geluister nie;
- haar altyd gekritiseer en nooit waardering vir enige van haar talente getoon nie;
- haar gedurig afgekraak, beledig en verkleineer;
- haar soms aangemoedig, maar altyd toegesien dat hý die krediet vir haar prestasie(s) gekry het;
- háár dikwels die skuld gegee vir konflik in die huis;
- nooit enige ondersteuning, motivering / bystand vir haar skoolwerk gegee nie;
- nooit enige skool/sportaktiwiteite bygewoon nie;
- nooit warm liefde gegee in die vorm van drukkies / soentjies nie.

Die vader se "moet" en "moenie" boodskappe aan C was:

- jy moenie: jou mening lug nie; jou emosies wys / uiter nie; kindwees nie;
- jy moet: stilbly; die vrede bewaar; verander sodat jy goed genoeg kan wees.

#### 3.6.3.2 Reaksie van die gespreksgenoot op ouerverwerping.

C het in reaksie op haar pa se optrede vroeg in haar lewe al 'n negatiewe selfpersepsie ontwikkel. Sy het moedeloos, nikswerd en verwerp gevoel. In volwassenheid voel sy minderwaardig, ongeordend en verward. 'n Algemene negatiewe denke kom voor met betrekking tot haarself – voorkoms, fisiese bou, liggaam en haarself in die algemeen (vergelyk 2.6.5 – selfverwerping). Hierdie lae selfbeeld word weerspieël in haar optrede (vergelyk 2.7.4). C:

- betwyfel haar eie waarde en is onseker van haarself;
- voel sy moet haarself verander om goed genoeg te wees;
- vergelyk haarself met ander meisies en voel dan lelik;
- sy onttrek dikwels en beplan hoe óf in watter areas sy moet verander om meer aanvaarbaar te wees;
- verdedig haarself vinnig en heftig teen kritiek;
- aanvaar moeilik skuld vir 'n verkeerde daad en voel lank sleg wanneer sy fouteer het;
- is selfveroordelend.

As kind het C dikwels onbemind, asook onwelkom gevoel, en die rede vir haar geboorte bevraagteken. As tiener het sy soms lus gehad om weg te loop – sonder haar sou die huis dan vredevol wees en haar afwesigheid sou die vader verbly het. Huidiglik voel sy nog altyd ongeliefd en verwerp.

In haar kinderjare was vrees, magteloosheid, hulpeloosheid en hopeloosheid oorwegend. Sy ervaar dikwels nog hierdie emosies. C was as kind depressief. Sy het probleme ervaar met betrekking tot slapeloosheid, moegheid en moedeloosheid. Huidiglik is die simptome van depressie erg teenwoordig – sy voel belangeloos, lewensmoeg, wanhopig, bekommerd, moedeloos en is taamlik passief. Slapeloosheid is nog steeds 'n probleem en die lewe voel nie altyd die moeite werd nie. In haar kinderjare het C selfs selfmoord oorweeg.

In die verlede was haar humeur, rebellie en uitstel 'n probleem (vergelyk 2.6.6). Hierdie reaksies / optrede het soms die argwaan van onderwysers uitgelok. In die hede steek hierdie passiewe aggressie nóg kop uit. Soms was die frustrasie in haar kinderjare só erg dat sy "iets drasties" wou doen. Huidiglik het sy 'n onweerstaanbare behoefte / drang om op haar motorfiets verskriklik vinnig te jaag.

Omdat daar nie na haar geluister is nie, en omdat selfverdedigende terugkap "erger" aggressie by haar pa uitgelok het, het C naderhand heeltemal stilgebly en alles opgekrop. Sy laat haarself in volwassenheid nie toe om kwaad te word nie, maar erken dat sy innerlik kook. Die onderdrukte woede kom dikwels tot uiting in humeurigheid en twissoekerigheid wat nié bevorderlik is vir sosiale verhoudings nie.

C is magteloos vasgevang tuis omdat sy as gevolg van finansies nié kan wegtrek nie. Sy begeer vuriglik na 'n ander verblyf, weg van ál die onaangenaamhede en negatiwiteit. Die jaar toe sy elders, weg van die huis gewerk het, was opheffend. Terug by die huis het ál die negatiwiteit wéér op haar neergedaal en het sy meer teruggetrokke geraak.

In die pa-dogter verhouding het C geen standvastigheid en sekuriteit ervaar óf ooit die versekering gekry dat sy eendag 'n goeie man werd sal wees nie. C voel só 'n leemte omdat sy nooit 'n vreedsame, liefdevolle gesinstyd ondervind het nie.

Sy geniet haar kursus, maar vrees dat sy nié haar volle potensiaal sal bereik nie. Daarom is sy dikwels gespanne en gestres. In die algemeen lyk die lewe onregverdig, maar ook uitdagend. Sy voel soms onseker / negatief oor die toekoms, dan weer positief; sy sien uit daarna, maar vrees ook wat kom.

Sy betwyfel God se positiewe opinie van haar en bevraagteken sy onvoorwaardelike liefde.

### 3.6.3.3. Die verband tussen ouerverwerping en die gespreksgenoot se sosiale verhoudings

#### 3.6.3.3.1 Algemene menseverhoudings

C vrees verwerping in verhoudings en is baie sensitief. Sy maak ander se aanmerkings / opmerkings op haarself van toepassing. Wanneer mense haar teleurstel / seermaak, veins sy onverskilligheid, word hard óf trek terug (vergelyk 2.6.4 – onttrekking en afstand, en 4.6.5). Dit gebeur verál na aanleiding van haar mede-studente. C se uitgesprokenheid en opponerende opinies is oënskynlik vir hulle onaanvaarbaar. Daarom bly sy nou, soos in haar kinderjare, eerder stil.

Sy het nog altyd goed klaargekom met ander gesagsfigure, ás wedersydse respek getoon is. Wanneer sy egter onregverdigheid waargeneem het, was sy halsstarrig en rebels. C vrees dat mense se woorde dieselfde bedoeling het as haar pa s'n, en onttrek eerder vroegtydig van hulle. Sy sukkel om:

- haar ware self te wys en bly voorgee soos in haar kinderjare;
- mense te vertrou, verál nadat hulle haar teleurgestel het;
- te ontkoppel aan die vrees vir ander se reaksies as sy misluk;
- met mense om haar te praat;
- te vergewe.

#### 3.6.3.3.2 Romantiese verhouding

As tienermeisie het C aangetrokke gevoel tot ouer mans, maar is nou betrokke in 'n romantiese verhouding met 'n jongman. Sy bestempel die verhouding as problematies en erken dat sy hardkoppig, eiewys, veeleisend, beherend en dominerend in die verhouding is (vergelyk 2.7.4). C oorreageer dikwels op klein dingetjies. Sy voel onveilig en benodig gedurig herversekering / gerusstelling. Omdat sy die jongman met haar vader vergelyk, sukkel sy om hom te vertrou. Sy verwag 'n daaglikse verslag van sy bedrywighede en enigiets wat hy verswyg, is bedreigend. Sy is afwisselend liefderyk en onttrekkend (vergelyk 2.6.4 – onttrekking en afstand, 2.7.3.2). Laasgenoemde gebeur verál sodra sy onveilig óf verwerp voel.

As gevolg van C se lae selfbeeld, voel sy onseker van haarself, asook van sy liefde (vergelyk 2.7.4). Sy dink dikwels dat hy ander aantrekliker, maerder meisies raaksien. Dit is ook vir haar uiters moeilik om vir haar geliefde om verskoning te vra oor 'n verkeerde optrede / daad. Die verhouding bekommer haar geweldig: sy wil dit soms beëindig, maar die ontbering van sy liefde sal té seermaak.

### 3.6.3.4 Samevatting

Toe C as kind nié goedkeuring, leiding, steun / gerusstelling, veral van haar vader gekry het nie, het sy ophou praat. Deur hierdie onttrekking het sy haarself teen verdere seer / verwerping verdedig. Woede het daarna die afhanklikheid vervang, en 'n proses van teen-verwerping, of "defensiewe onafhanklikheid" geïnisieer (vergelyk Rohner, 1975:53-54). Soos in A se geval, het 'n onherkenbare verlange na 'n gevestigde, warm, koesterende verhouding met die ouers agter die **defensiewe onafhanklikheid** gelê. Die hernude ervaring van seer by haar terugkeer na die

ouerhuis, bewys dat C nog altyd 'n begeerte het na positiewe reaksie van haar ouers, veral haar vader. Alhoewel C afhanklik is van, en gevoelig is vir mense se opinies, toon sy dit nie werklik nie. Sy smag na liefde / geneentheid, maar sodra sy in 'n algemene óf romantiese verhouding onveilig voel, onttrek sy (vergelyk 2.6.4 – onttrekking en afstand).

As kind is haar woede en opstand teen onregverdighede met baie kwaai aggressie begroet. Haar persentasie **vyandigheid** in die persoonlikheidsvraelys is matig. Tóg toon sy passiewe aggressie – hardkoppigheid en 'n neiging tot uitstel; somtydse geïrriteerdheid en buierigheid; en 'n weerhouding van liefde wanneer sy haar geliefde oor iets verkwalik (vergelyk 2.7.3.2 en 4.6.5). Sy raak ook verbaal aggressief wanneer sy twissoekerig en kritiserend is. Omdat sy vroeg al geleer het om haar woede te onderdruk, kon sy in die vraelys dalk misleidend geantwoord het.

Die negatiewe boodskappe van C se vader het vir haar gesê sy is: dom, vet, lelik, skynheililg, beterweterig en rebels; die rede / oorsaak van die huislike probleme; té sleg om iets te bereik óf gelukkig te wees; onbelangrik en 'n nikswerd mislukking. Hierdie boodskappe het **negatiewe selfevaluerings** laat ontstaan. C het haarself afgekeur en gedevalueer, asook waardeloos en onwaardig vir beoordeling gevoel (vergelyk 2.6.5). Haar vader se uitspraak dat sy onaansienlik en 'n absolute mislukking is, sonder die vooruitsig van sukses, laat C onwaardig vir liefde voel (vergelyk 2.7.4). Daarom betwyfel sy gedurig die egtheid van haar geliefde se gevoel. Sy beskou ook haar voorkoms én haarself as negatief, vergelyk haarself met ander meisies; voel minderwaardig teenoor hulle; en probeer aanhoudend haarself verbeter. Dit verhinder die natuurlike omgang met meisies en sluiting van vriendskappe.

Alhoewel C baie goed in haar kursus vaar, en nie bang is om haarsélf teleur te stel nie, vrees sy nog ánder se reaksies op enige van haar mislukkings. Die herinneringe aan die baie kritiek en verwysings na haar ontoereikendheid, steek nog vas in haar kop (vergelyk 2.7.2 en 2.7.4). Die gevoelens omtrent haarself as 'n onwaardige mens, is ook veralgemeen met betrekking tot die geloof in haar persoonlike bekwaamhede en vermoë. Sy neem nie met selfvertroue aan klasbesprekings deel nie en huiwer om haar mening te lug.

Omdat sy ouer en meer volwasse as haar mede-studente is, voel sy ontuis in die klas. C het nooit in die ouerhuis regtig goeie kommunikasie-vaardighede geleer nie. Sy stel soms haar saak só aggressief dat dit negatiewe reaksie by studente en dosente uitlok. Dán voel sy weereens dom en ontoereikend, asook vernederd. Dit demp vir 'n ruk lank haar verdere deelname, want sy onttrek – soos gewoonlik.

C se vader en moeder het min liefde teenoor haar getoon. Daarom het sy vroeg al geleer om haarself te beskerm teen meer emosionele seer deur "kapsulering" van haar gevoelens. Die liefdelose verhouding tussen ouers en kinders onderling, was glad nie vir C 'n navolgenswaardige voorbeeld nie. Daarom is die vrylike en openlike gee en ontvang van warm toegeneentheid / liefde in haar algemene / romantiese verhoudings, moeilik. Hierna verwys Prince en Hepden in 2.7.4.

Omdat sy só teleurgesteld en seergemaak is, is C weerstandig, suspisieus en wantrouig teenoor mense (vergelyk 2.4.4). Sy vrees veral 'n naby emosionele verbondenheid waarin sy afhanklik én buite beheer sal wees. Wanneer sy soms onveilig / bedreig in haar romantiese verhouding voel, is emosionele onttrekking wéér die verdediging teen die moontlike seer (vergelyk 2.6.4 – onttrekking en afstand, 4.6.5). Dit is glad nie verbasend dat die persentasie **emosionele terughoudendheid** op die persoonlikheidsvraelys só hoog is nie.

C ervaar afwisselende negatiewe en positiewe gevoelens, alhoewel eers-genoemde oorwegend is. sy word ook vinnig en maklik kwaad, en is dikwels liggeraak en prikkelbaar. Dit verwar of stoot mense totaal af. Sy reageer ook werklik soos Rohner (1975:83) sê met betrekking tot verwagte negatiewe gebeure – wanneer niks gebeur nie, word sy kwaad / teneergedruk. Onttrekking is dan meesal die verdedigende reaksie. Volgens Rohner (1975:54) gaan 'n verwerpte kind minder emosioneel stabiel wees as 'n aanvaarde kind. C toon dan ook **emosionele onstabiliteit**.

Dit is begryplik dat C 'n **negatiewe wêreldbeskouing** sal hê. Almal in haar ouerhuis was, en is nog altyd onvriendelik en onaangenaam teenoor haar. Hierdie negatiewe lewenservarings, gepaard met haar negatiewe selfwaarde en selfgenoegsaamheid, onveiligheid en emosionele onstabiliteit, het sy veralgemeen en die wêreld, met sy mense, word as bedreigend en gevaarlik beskou.

Volgens Rohner (1975:9) is depressie een van die uitwerkings van 'n lae selfwaarde. Die "aangeleerde hulpeloosheid" van die kinderjare toe sy min reaksie van belangrike mense gekry het, het vroeg al depressie by C veroorsaak (vergelyk 2.7.4). Selfmoord was 'n oorweging om, soos sy gedink het, haar vader te bevry van die "lastige kind". Dit word bevestig deur haar tienerbegeerte om weg te loop, juis om hierdie rede. Na binnegekeerde woede is ook onderliggend aan die depressie. Die begeerte / drang om roekeloos te bestuur, bevestig hierdie innerlike woede.

Dit is positief dat C haarself as 'n staatmaker beskou, asook as medelydend en lojaal. Tog laat sy toe dat negatiewe gedagtes en selfspraak haar oorheers. Dit beïnvloed haar algemene sosiale verhoudings, maar verál die romantiese verhouding.

C wil graag 'n perfekte roosknop wees. Dit impliseer skoonheid en verskaffing van plesier aan andere. Sy wil anders dink, voel en optree. Boweal begeer sy gemoedsrus en vrede. Sy begeer ook 'n beter verhouding met God, maar vertroue in Hom is nog moeilik want sy is onseker van sy liefde. C voel gedurig dat sy iets moet doen om sy liefde te verdien en Hom tevrede te stel.

## 3.7 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS

Al drie gespreksgenote toon die sewe tipiese persoonlikheidseienskappe waarna Rohner (1975:50) verwys, naamlik, afhanklikheid, vyandigheid / aggressie, negatiewe selfwaarde, negatiewe selfgenoegsaamheid, emosionele terughoudendheid, emosionele onstabiliteit en negatiewe wêreldbeskouing. Die gespreksgenote het almal aktiewe én passiewe ouerverwerping ervaar.

- **Beskadiging in kognitiewe en emosionele ontwikkeling en / of funksionering**

Die ouerverwerping het beskadiging in die kognitiewe (denkvlak) en emosionele ontwikkeling en / of die funksionering veroorsaak.

Negatiewe denke kom by al die gespreksgenote voor en hulle handel daarvolgens. **A** dink aan die verlies van haar geliefde, voel bang en oorreageer meesal met aggressie / woede (vergelyk 2.4.4). **B** verwag / antisipieer verwerping, vrees die seer daarvan en vermy / raak geslote (vergelyk 2.5.5, 2.6.4 – onttrekking en afstand).

**C** dink mense se opmerkings is op haar van toepassing, voel dan verneder en minderwaardig en onttrek (vergelyk 2.6.4 – onttrekking en afstand, 2.6.8).

Al die gespreksgenote "hoor" hul vader se stem in hul kop, glo dit, en funksioner daarvolgens asof die vader hulle nóg met 'n valkoog dophou en vermaan. **A:** word aangedryf tot prestasie; vrees stilsit / laksheid; is angstig oor verkeerde tydsbesteding; voel skuldig oor foute. **B:** neem nog altyd die skuld vir alles; tree hopeloos en onbekwaam op; voel nog altyd ontoereikend. **C:** vrees ander se kritiek as sy misluk; is bang sy bereik nie haar potensiaal nie; dink sy is onaansienlik en nie goed genoeg nie; voel skuldig oor foute. Al drie dink ook hulle is vet en is behep met hule gewig. Hierdie "kopstemme / spookstemme" dryf die gespreksgenote onbewustelik aan en beïnvloed hulle optredes. Volgens hierdie "kopstemme" dreig, prys, vermaan, beoordeel, ondersoek en berispe die gespreksgenote hulself, en stel riglyne vir die verwagte gedrag van ander (vergelyk 2.7.2 en 4.6.6).

Die drie dames het die duiwel toegelaat om die verlede as 'n wapen te gebruik om hulle denke te besoedel; en hulle kies daagliks om sy leuens omtrent hulleself te glo (vergelyk 4.6.2). Dit verydel God se bedoeling dat mense hulle gedagtes eerder op Hom moet rig (Kol. 3:2) en alles wat waar, reg, rein, mooi en prysenswaardig is, moet bedink (Fil 4:8). Elke respondent moet toelaat dat God haar denke vernuwe (Rom. 12:2) en elke gedagte gevange neem om dit aan Hom onderworpe te maak (2 Kor. 10:5). 'n Nuwe mens in Christus sal deur die Gees gelei word en laasgenoemde sal dan ook sy gedrag bepaal (Gal. 5:25). In die uitwerk van pastorale riglyne (hoofstuk 5) sal met hierdie beoordeling / gevolgtrekking met betrekking tot die kognitiewe (denkvlak) rekening gehou moet word.

Die vaders van al drie gespreksgenote het hulle herhaaldelik teleurgestel. Daarom vertrou hulle mense moeilik, verál A en C. Tóg is hulle **afhanklik** van mense en soek almal gerusstelling, koestering en geneentheid op hul eie manier (vergelyk 4.6.2). **A** is manipulerend; wil in 'n verhouding die middelpunt wees; is veeleisend; en oorreageer dikwels uit vrees vir verwerping. **B** begeer vertrouenswaardige mense, en verwar seks met liefde. **C** is dikwels beherend en veeleisend; en wissel tussen toenadering en onttrekkng. Almal se pogings is egter onsuksesvol; want hulle soek hulle waarde by mense in plaas van by God (Joh. 4.). In die uitwerk van pastorale riglyne sal aandag gegee word aan die opbou van selfwaardering gebaseer op aanvaarding deur God.

Die gespreksgenote het almal opgehou om toegeneentheid by hul vaders te soek. Al drie het in die kinderjare hulle aan hul ouers onttrek as gevolg van die verwagtings van seerkry / teleurstelling. Alhoewel hulle sterk behoeftes aan geneentheid het, is hulle **emosioneel terughoudend** en sukkel om liefde te gee en ontvang. Verhoudings met ander is dikwels afsydig / terughoudend, het 'n gebrek aan spontanïeteit óf is soms koel en onpersoonlik (2.7.4). Dit het verál by C gelei tot vermyding van / weerstand teen / suspisie oor afhanklike verhoudings. Nie een van die gespreksgenote is verdraagsaam teenoor stres nie en almal is **emosioneel onstabiel**. Hulle wisselende buie / stemmings beïnvloed hulle sosiale verhoudings want dit verwar / ontstel / vererg mense. Die onder- of oorbeklemtoning van emosies maak 'n persoon 'n slaaf van sy fluktuerende gevoelens. Die onoordeelkundige en willekeurige uitdrukking daarvan is onaanvaarbaar vir ander. Die gedurige konsentrasie op die emosionele belewenisse van 'n ervaring, ontneem nugterheid, veroorsaak impulsiewe en onlogiese reaksie, asook onstabiele optrede. Die gespreksgenote het juis toegelaat dat emosies hulle oorheers en verkeerdelik laat reageer, terwyl die Heilige Gees hul gedrag moes bepaal.

Die passiewe en aktiewe **aggressie / woede** wat veral A en C toon, is nié 'n teelaarde vir goeie sosiale verhoudings nie. Geïrriteerdheid, buierigheid, humeurigheid, kritisering, ongeduld, onvriendelike woorde en stryerigheid is afstootlik en vervreem mense. Al hierdie dinge is die vrug van die <u>vleeslike</u> mens (Gal. 5:16-17). Paulus toon egter in Gal. 5, Efes. 4 en Kol. 3 dat die nuwe, <u>geestelike</u> mens anders sal optree. In die pastorale riglyne sal aandag gegee word aan die belangrikheid van die beheer van die Heilige Gees om denke, gevoelens en uiteindelik <u>gedrag</u> te verander.

Omdat belangrike mense hulle seergemaak en teleurgestel het, verwag die respondente, veral B, nie baie van die lewe nie. Hulle negatiewe lewenservarings is veralgemeen na hulle **lewens- en wêreldbeskouing**. Indien Christus hoop gee (Rom. 15:4, 5) en die belofte van 'n oorvloedige lewe in Hom (Joh. 10:10) aangegryp word, sal die lewe, die toekoms en die wêreld deur 'n ander bril bekyk word (vergelyk 4.6.7). In die uitwerk van pastorale riglyne sal die persepsie van God, die hoop wat Hy gee met betrekking tot die toekoms en sy ryke troos aandag kry.

- **Selfverkleinering en destruktiewe sosiale gedrag**

Die lae selfkonsepte van die gespreksgenote lei hulle nie net tot selfverkleinering nie, maar ook tot destruktiewe sosiale gedrag (vergelyk 2.7.4 en 4.6.2).

Die gespreksgenote het al drie van kleinsaf negatiewe boodskappe omtrent hulleself ontvang. Hierdie boodskappe is in hulle selfkonsep geïnkorporeer. Daarom neem hulle enige inligting wat verenigbaar is met die vooropgestelde idees oor hulleself, ter harte. Die gevoelens van ongeliefd wees, waardeloosheid en verwerping word dan wéér ervaar en bevestig. Elkeen se reaksie op die vrees vir verwerping, verskil egter: A is meesal aggressief; B is platgeslaan, sonder verdediging / inskiklik / toegewend; C val aan, veins onverskilligheid / verhard en onttrek. B en C se negatiewe selfwaarde is erger as A s'n, moontlik omdat die ouerverwerping erger was, asook omdat hulle moeders nie altyd ondersteunend en aanvaardend was nie. Albei is ook nog in die ouerhuis waar hulle gedurig onder die vader se houding en gedrag deurloop.

Al die gespreksgenote beskou hulleself vanuit die waarnemings / opinies van belangrike ander mense (ouers) omtrent hulle (vergelyk 2.5). Dit lyk / voel vir hulle of die ouer(s) hulle nie liefhet nie, en daarom beskou elkeen haarself as onbeminbaar, maar ook as 'n onwaardige en ontoereikende mens. By aldrie het hierdie beskouing alreeds die sluiting van sosiale verhoudinge met die portuur beïnvloed (vergelyk 2.4.3.2), asook A en C se romantiese verhoudings. Die voortgesette uitsluiting en eensaamheid het veral B se reeds beskadigde selfbeeld / selfwaarde versterk.

Die sukses in haar loopbaan het A se selfvertroue en selfversekerdheid laat toeneem. Haar **negatiewe selfgenoegsaamheid** is dan ook veel laer as dié van die ander repondente. B en C het albei die gevoelens van onwaardigheid en ontoereikendheid veralgemeen op hulle persoonlike bekwaamheid en vermoë. Tog beur C met haar aangebore dryfkrag voort en behaal sukses, al vrees sy soms mislukking en bevraagteken haar vermoë. Daarenteen bly B onsuksesvol. Haar herhaaldelike akademiese mislukkings kan nie nét aan verkeerde kursusse toegeskryf word nie. Onderwysers het B dalk op skool aangemoedig, en omdat sy hulle goedkeuring wou hê, het sy presteer. Op haar eie, en met die gedagte van min beheer oor haar lewensgebeure, voel sy egter weer hulpeloos en hopeloos. Sy begin elke kursus met pessimisme en dít voorspel alreeds mislukking.

Laasgenoemde verlaag haar selfwaarde en selfvertroue. Dit verhinder die toetrede tot verhoudings omdat sy dink dit bewys haar domheid.

Al drie dames het grootgeword in 'n konteks waarin mense nie na hulle geluister en op hulle gereageer het nie. Hierdie "aangeleerde hulpeloosheid" het by aldrie gelei tot depressie wat menseverhoudings beïnvloed (vergelyk 2.7.4). By B sal gewaande skuld óók moontlik daartoe bydra. Aldrie is ook afhanklik van ander se liefde en aandag ter behoud van hul selfwaarde. Wanneer hierdie behoefte gedwarsboom word, word hulle selfwaarde bedreig, negatiewe selfwaarde volg en die depressie vererger. Hulle interpreteer ook maklik gebeure / omstandighede negatief; beleef hulleself as ontoereikend; en ander onbeskikbaar / onbetroubaar. Gevoelens van nóg 'n persoonlike mislukking word dan ervaar.

Die gespreksgenote toon almal destruktiewe gedrag om hulle pyn te verlig en beter oor hulleself te voel (vergelyk 2.7.3 en 4.6.5). **A** het drank as 'n ontsnappingsmiddel gebruik en groter ellende veroorsaak; **B** is geweldig depressief, maar soek ook troos in seks; **C** wil haarself beseer en kan dit dalk doen.

- **Gebrek aan effektiewe interaksievaardighede en ondoeltreffende óf verydelende interaksiepatrone.**

Die gespreksgenote se gebrek aan effektiewe interaksievaardighede lei tot ondoeltreffende of verydelende interaksiepatrone.

Nie een van die gespreksgenote se vaders het vir hulle goeie kommunikasievaardighede geleer nie (vergelyk 2.4.3.1). Veral in C se huis was die atmosfeer gespanne en strydlustig met oorwegende onderlinge verskille. Aan B is meesal aggressie gemodelleer (vergelyk 2.6.6). Die muur wat A uit selfverdedigende trots om haarself bou, hou mense op 'n afstand en verhinder die inisiëring en vestiging van goeie sosiale verhoudings (vergelyk 2.6.4 – onttrekking en afstand). B se emosionele terughoudendheid bemoeilik waarskynlik die inisiëring van 'n vriendskap/ verhouding. Aan die ander kant sal haar oënskynlike ontoeganklikheid mense miskien afskrik. C se ou verdedigingsmeganisme is onttrekking, 'n masker van onverskilligheid / hardheid. Deur hierdie optrede vermy sy konfrontering van probleme, maar ontneem mense die geleentheid om haar te leer ken en vergroot die afstand tussen haar en ander (2.6.4 – onttrekking en afstand).

- **Onvermoë om langdurige sosiale verhoudings te vestig en te handhaaf.**

Die drie dames toon 'n onvermoë om langdurige verhoudings te vestig en te handhaaf.

Elkeen se eie-EK met die oorweldigende emosies, tree selfgesentreerd in 'n sosiale verhouding op. Hulle word heeltemal ingesuig en gepreokkupeer met hulle eie gevoelens, belange en ervarings. Van ander mense word verwag om hulle emosionele "tenks" vol te hou (vergelyk 4.6.2). Omdat die gespreksgenote selfgebonde is, sukkel hulle om gebalanseerd by ander mense betrokke te raak en verantwoordelik aan 'n verhouding te bou. In die beradingsriglyne sal aandag gegee word aan die verandering en vernuwing van die gespreksgenote se emosies, en die regte kanalisering daarvan sodat korrekte optrede in verhoudings kan volg.

A en C gebruik baasraakgedrag wat vir hulle romantiese verhoudings ontwrigtend is (2.7.3 en 4.6.5). Albei voel onveilig en wanneer die vertroue / sekuriteit geskud word, ervaar hulle dikwels vrees en hartseer. Gedrag of reaksies soos impulsiewe onttrekking, kritiek óf aggressie, wat deur die jare ter wille van oorlewing ontwikkel is, beskadig verhoudings.

**A** se begeerte na prominensie in ‘n verhouding, maak haar selfsugtig en selfgesentreerd. Haar geliefde voel afgeskeep omdat hy nie warm liefde terug ontvang nie. Hy voel ook veroordeel / aangekla deur haar aggressiewe oorreaksies. Beheer en “alles weet” gee vir **C** ‘n gevoel van veiligheid, maar benadeel die romantiese verhouding want haar geliefde voel gefrustreerd en vasgevang daardeur. Haar wisselende buie van liefde en onttrekking, verwar hom. Vir hom is C se gedurige behoefte aan herversekering en gerusstelling ook emosioneel-uitputtend en irriterend. **B** kom glad nie op dreef met ‘n vriendskap / romantiese verhouding nie, maar soek onsuksesvol na liefde in seks. Wanneer ‘n man haar net misbruik, voel sy wééreens verwerp. Haar slaafse onderworpenheid maak haar kwesbaar vir uitbuiting en ‘n manipulerende / beherende tipe verhouding. In laasgenoemde sal sy dalk liggaamlike aanranding verduur omdat ‘n “bekende situasie” herskep word (vergelyk 2.7.3.1).

Die gespreksgenote se eerste kennismakings met mans was hul vaders. Hierdie “mans” moes hulle gerespekteer, ondersteun, waardeer, bemin en gekomplimenteer het. Die beeld van <u>mans</u> as vertrouenswaardig, respekvol, begrypend en

hulpvaardig sou dan na vriendskappe, en verál romantiese verhoudings oorgedra word. Elkeen sou die waarneming van haarself as 'n respekwaardige, beminbare, mooi en gewaardeerde vrou in verhoudings ingeneem het. Ongelukkig het die vaders hulle plig gefaal en hul dogters agtergelaat met gebrekkige selfwaardes, asook sosiale- en verhoudingsvaardighede (vergelyk 2.4.3.1, 2.5.4 en 4.5.4.5).

Dit is interessant dat aldrie gespreksgenote se oupas aan vaderskant min warmte getoon het. Dit bewys oënskynlik die oordrag van verwerping van die een geslag na die ander (vergelyk 2.3.4 en 4.5.3).

Dit is positief dat aldrie gespreksgenote die begeerte en wil uitgespreek het om te verander. Hierdie voorneme moet in definitiewe aksiestappe omgesit word.

Ten slotte kan tot die gevolgtrekking gekom word dat elke gespreksgenoot gefokus is op die self en ander mense, in plaas van op God (vergelyk 4.6.2). Daarom misluk almal se pogings om geluk te vind en goeie sosiale verhoudings te vestig. Nie een het egter die reg om hulle ouer(s) te blameer vir hulle optredes nie. God sal eendag vir hulle vra wat elkeen met sý gunste en gawes gemaak het, en verantwoording van elkeen eis (vergelyk 4.6.3). Aldrie sal moet leer en aanvaar *wie* hulle in Christus is. Dán sal hulle hul ware Godgegewe identiteite ontvang. Dit is God wat hulle liefhet, na waarde skat en hoog ag (Jes. 43:4). In Christus sal hulle hulself kan aanvaar. Wanneer hulle op God Self fokus, sal hulle rus in Hom vind en sal mense **gedien** en **geniet** word, en nie meer **benodig** word nie. Deur die vernuwing van die denke sal hulle God se wil leer ken, hulle beskouings en verwagtings verander, asook hulle houdings en gedrag. Die uitwerking daarvan op hulle prestasies, maar verál op hulle sosiale verhoudings, sal positief wees. In Christus sal hulle nuwe mense wees (2 Kor. 5:17) en die verlede kan agterlaat. Die verkryging van die nuwe identiteit in Christus sal dan ook in die uitwerk van pastorale riglyne aangespreek word.

### 3.8 SLOT

In hierdie hoofstuk is die verband tussen volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings en die ouerverwerping wat hulle in hul kinderjare ervaar het, empiries ondersoek. Vir laasgenoemde is onderhoude en vraelyste gebruik. In die volgende hoofstuk word Skrifperspektiewe (basisteoreties) ondersoek om te bepaal wat die Skrif en teologie voorhou oor: God se model vir ouers; God se bemoeienis met en

houding teenoor die kind; die ouer-kind verhouding; die ouerhuis as basis vir gesonde menseverhoudings; asook ouerverwerping en die gevolge daarvan.

## HOOFSTUK 4
## SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE VERBAND TUSSEN OUERVERWERPING EN VOLWASSENES SE DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS

### 4.1 INLEIDING

As inleiding tot die hoofstuk word 'n kort omskrywing van basisteorie gegee, die plek van die Skrif in die formulering van 'n basisteorie word kortliks bespreek en en daarna word die doelstelling van die hoofstuk aangedui.

#### 4.1.1 Wat is basisteorie?

Basisteorie is die algemene teorie waarmee die teoloog of navorser die verstaan van 'n sekere vakaspek verwoord (Heyns & Pieterse, 1990:53; Heitink, 1999:41).

#### 4.1.2 Die Skrif se plek in die formulering van 'n basisteorie

`n Basisteorie identifiseer merkers uit die Skrif en die geloofsgeskiedenis van die kerk wat prakties-teologiese denke en handelinge prinsipieel verantwoord en rig (De Wet, 2006:8). Die Skrif word gebruik as bron en norm in die teorievorming van die Praktiese Teologie (Dreyer, 1999:605; Venter, 1993:247). Die Bybel is die standaard van alle geloof en praktyk (Adams, 1981:xxi). God openbaar Homself in die Bybel, Hy praat daarin en daarom is dit God se Woord (Floor, 1990:3). Volgens August (2000:6) moet die mens vir 'n harmonieuse lewe met God, na sy doel gelei word. Janse van Rensburg (1995:630) sê die Skrif behoort die sentrum en fundering te wees, asook 'n rigtinggewer vir lewensprobleme. Die navorser glo - volgens 2 Tim. 3:16 - dat die Skrif deur God geïnspireer is en groot waarde het ter onderrig van die waarheid, bestryding van dwaling, regstelling van verkeerdhede en kweking van 'n regte lewenswyse.

Die navorser het gebruik gemaak van interpretasies uit die Skrif, asook teoloë se interpretasies met betrekking tot die ouer-kind verhouding en ouerverwerping. Alhoewel die teologiese tradisie ondersoek is, kon die navorser byna geen bewys vind van kinders se reaksie op hul ouers se slegte / goeie behandeling nie. Daarom kon die onderwerp van die verhandeling nie aan die teologiese tradisie gekoppel word nie. Baie verwerping – aktief en passief – het in elke eeu voorgekom. Voor die twintigste eeu, was geen

outeur blykbaar daarin geïnteresseerd om aandag aan die kind se gevoelens / reaksies teenoor ouerverwerping te skenk nie.

### 4.1.3 Doelstelling van die hoofstuk

Die doelstelling van die hoofstuk is om basisteoretiese perspektiewe te formuleer aangaande die verband tussen ouerverwerping en disfunksionele sosiale verhoudinge. Aandag sal gegee word aan wat die Skrif oor die volgende openbaar:

- God se model vir 'n vader en 'n moeder.
- God se bemoeienis met en houding teenoor 'n kind.
- Die ouer-kind verhouding.
- Die invloed van ouerverwerping op kinders.
- Die ouerhuis as basis van goeie menseverhoudings.

Daana sal enkele gevolgtrekkings gemaak word en 'n evaluerende slotsom verskaf word.

## 4.2 GOD SE MODEL VIR 'N VADER EN MOEDER

### 4.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling gaan 'n Bybelse model vir 'n vader en 'n moeder bespreek word.

### 4.2.2 Die model van 'n vader

Die model van 'n vader gaan bespreek word ten opsigte van barmhartigheid / ontferming, liefdevolle vermaning en bemoediging, asook sorg / omgee.

#### 4.2.2.1 Barmhartigheid / ontferming

In Ps. 103:13-14 word God se genade vergelyk met 'n goedhartige vader wat sy kinders jammerkry (Bratcher & Reyburn, 1991:874). Vers 14 dui God se intieme kennis van sy kinders aan want Hy wéét hulle is swak en geneig tot mislukking. Volgens Spurgeon (1977:467) is hierdie vaderlike jammerte groter as dié van enige aardse vader.

Luk. 6:36 toon dat genadigheid en regverdigheid kwaliteite van God, die Vader is. Die medelydende, vergewende liefde van 'n vader vir 'n geliefde, verlore seun in Luk. 15:20-24, is 'n kragtige uitbeelding van God se goedheid, genade, grenslose barmhartigheid en

oorvloedige liefde (Evans, 1993:589; Bock, 1996:1314). Vir Tiede (1988:276) is die klem op die vader se buitensporige liefde.

#### 4.2.2.2 Liefdevolle vermaning en bemoediging

Die Griekse werkwoord *parakaleó* het in die Nuwe Testament baie betekenisse en in 1 Tess. 2:11-12, gekoppel aan "vertroos" (*paramytheomai),* beteken dit "aanmoedig" (Williams, 1992:43). Die skrywer voeg by dat 'n vader ook sy kinders sal "aanspoor" (*martyreomai)* om waardig vir God te lewe.

Paulus is soos 'n vader teenoor sy bekeerlinge – aanmoedigend in 'n gees van liefde en begaandheid, soos God die Vader (Marshall, 1983:74). Dít was ook volgens Green (2002:135) die vorm en inhoud van die morele onderrig van die Tessaloniese vaders aan hul kinders.

#### 4.2.2.3 Sorg / omgee

In vergelyking met God, is aardse vaders sondig (boos), maar selfs húlle is in Luk. 11:11-13 gewillig om essensiële dinge aan hulle kinders te gee (Tiede, 1988:213; Evans, 1993:486; Bock, 1996:1061-1062; Tannehill, 1996:190). God sal soveel meer gee as aardse vaders. Die pa behoort goeie dinge aan sy kinders te gee (Craddock (1990:154).

### 4.2.3 Die model van 'n moeder

Die model van 'n moeder gaan bespreek word ten opsigte van rus / tevredenheid en sorg / omgee / beskerming.

#### 4.2.3.1 Rus / tevredenheid

Die sekuriteit en tevredenheid by God word in Ps. 131:3 verbeeld deur 'n vertrouende, gespeende kind in sy moeder se arms. Vosloo & van Rensburg (1993:871) sê dat die vertaling van die Hebreeuse woord wél 'n "gespeende kleuter" is. Knight (1983:92) bevestig dat 'n kind in die Antieke wêreld eers teen drie jaar gespeen is. Hierdie kind rus dan net tevrede op sy moeder se liefde en voorsiening. Die ongewone metafoor dui aan dat God soos 'n moeder is (vergelyk Jes. 66:7-13) (Vosloo & van Rensburg, 1993:871).

#### 4.2.3.2 Sorg / omgee / beskerming

Volgens Deut. 22:6 verwarm die wyfievoël op die nes haar kleintjies sorgsaam en beskermend. Volgens Deut. 32:12 skop die moederarend die kuiken uit die nes vir vlieglesse, maar duik beskermend onder hom in wanneer hy val.

Die metafoor van die sorgsaamheid van 'n moeder word in 1 Tess. 2:7 gebruik as verteenwoordigend van Paulus se houding teenoor sy gemeente. Die Griekse woord *epioi* beteken hier sagsinnig / minsaam soos 'n tere, liefdevolle moeder is (Green, 2002:128; Marshall, 1983:70-71; Williams, 1992:40). Volgens laasgenoemde skrywer beteken die werkwoord *thalpō* strenggesproke "om warm te maak", maar dra 'n sekondêre betekenis van "om te versorg / koester". Dit beklemtoon dan die persoonlike, liefdevolle, koesterende versorging van 'n eie kind. Die Griekse woord *thalpō* kom ook voor in die betekenis van die verwarming van haar kleintjies deur 'n moedervoël. Die assosiasie met hart-verwarmende begaandheid word in Deut. 22:6 beklemtoon (Ward, 1973:62).

### 4.2.4 Samevatting

Die Ou en Nuwe Testament toon die navolgenswaardige model van 'n vader en 'n moeder – toegeneë, aanvaardend en nóóit verwerpend nie.

## 4.3 GOD SE BEMOEIENIS MET EN HOUDING TEENOOR DIE KIND

### 4.3.1 Inleiding

God se bemoeienis met en houding teenoor die kind gaan bespreek word na aanleiding van God se bemoeienis vanaf geboorte; die waardevolheid van kinders en Jesus se optrede teenoor kinders.

### 4.3.2 God se bemoeienis voor, by en vanaf geboorte

God se liefdevolle sorg begin volgens Ps. 22:10-11, al vóór geboorte. Bratcher & Reyburn (1991:217-218) sê die kindjie word veilig deur geboorte gebring (vers 10) en daarna deur God beskerm en versorg. Dit lyk vir die Psalmdigter asof God hom beskermend "ontvang" het toe hy nog hulpeloos was (Plumer, 1975:295). Williams (1983:175) voeg by dat dít God se voortdurende teenwoordigheid en aktiwiteit reeds by geboorte beklemtoon. Daarom is die ontwikkeling van die kindjie, toegemaak in die

baarmoeder, 'n wonderwerk. Geen wonder dat Dawid sê God was vanaf geboorte sy hulp, alreeds vóór hy in die wêreld gekom het nie!

Die Psalmdigter stel in Ps. 139:13 'n God voor wat die menslike embrio stukkie-vir-stukkie saamvleg, of soos 'n kleed / mandjie weef (Rozenberg & Zlotovitz, 1999:885; Spurgeon, 1977:241-242). Volgens laasgenoemde skrywer impliseer die oorspronklike woord vir weef / vleg ook beskerming, soos 'n hut geweef met takke en takkies. Bratcher & Reyburn (1991:1127) noem dat die werkwoord "versigtig saamgestel" in vers 15, nét agt ander kere in Eksodus gebruik word en wel in verband met die versierde borduurwerk in die tent van die Here. Die skrywer meen die mens is volmaak gemaak in God se werkswinkel. Dit is vir Spurgeon duidelik in vers 16 dat God elke mens volgens 'n perfek-opgetrekte plan saamgestel het – Hy het selfs besluit hoe lank elkeen sou lewe.

### 4.3.3 Waardevolheid van kinders

Ps. 127:3-4 toon dat kinders gawes / onverdiende seëninge is; 'n beloning van God se liefde en goedhartigheid (Bratcher & Reyburn, 1991:1074; Vosloo & van Rensburg, 1993:870; Knight, 1983:279; Plumer, 1975:1115; en Rozenberg & Zlotovitz, 1999:828).

In Ps. 128:3 is die mooi, produktiewe wingerdstok en olyfboom die simbool van 'n liefdevolle, omgeegesin (Knight, 1983:282). Hy voeg by dat die frase "om die tafel" 'n simbool is van liefdevolle gesinsorg en –kameraadskap. Jeugdigheid, lewenskrag-tigheid en potensiële groei word immers geassosieer met 'n loot. Rozenberg & Zlotovitz (1999:831) en Plumer (1975:1118) sê dan ook dat kinders in hierdie pragtige familie sal grootword soos olyfbome, die embleme van groot blydskap as gevolg van hulle oes, asook bronne van voorsiening en welvaart.

### 4.3.4 Jesus se optrede teenoor kinders

Jesus het kinders liefgehad en dikwels na hulle in sy gelykenisse en toesprake as navolgenswaardig verwys. Greven (1990:50-51) meen dat Jesus se waarskuwing teen mishandeling van kinders in Matt. 8:10, sy diepe liefde en medelydende besorgdheid vir kinders toon, asook dat hulle vir Hom kosbaar was (Matt. 18:14).

Jesus verhef kinders as modelle om die ingang in God se koninkryk te illustreer (Matt. 19:14; Mark. 10:15). Bunge (2001:38) meen dat kinders se kwesbaarheid en magteloosheid onderliggend is aan Jesus se uitbreiding van God se koninkryk na hulle. In Mark. 10:16 slaan Jesus sy arms om die kinders en seën hulle. Sy besige skedule het hulle ingesluit.

'n Kind se nederigheid word in Matt. 18:1-5 beklemtoon. Bunge (2001:43-44) wys daarop dat 'n kind destyds die laagste rang op die sosiale leer beklee het, maar Jesus keer dít om (Matt. 18:1-4; Mark.9:37; Luk. 9:48). Jesus sélf word ontvang en gedien wanneer jy 'n kind in jou lewe verwelkom (Matt. 18:1-4; Mark. 9:35-36; Luk. 9:46-48).

#### 4.3.5 Samevatting

Kinders is vir God baie waardevol en daarom maak Hy vanaf geboorte met hulle bemoeienis.

- Jesus behandel kinders met liefde en deernis.
- Die versorging van 'n kind is vir Jesus 'n prioriteit en 'n teken van grootheid. Vervolgens rig Hy 'n ernstige waarskuwing aan diegene wat 'n kind benadeel.

## 4.4 DIE OUER-KIND VERHOUDING

### 4.4.1 Inleiding

Die ouer-kind verhouding gaan bespreek word na aanleiding van ouers se houding en gedrag teenoor kinders, asook kinders se houding en optrede teenoor ouers.

### 4.4.2 Ouers se houding en optrede teenoor kinders

Ouers se houding en optrede teenoor kinders sal bespreek word na aanleiding van doelmatige opvoeding; goeie dissipline; onvoldoende dissipline; begunstiging van kinders; God se verhouding met Jesus; en ouers se optrede volgens die huistafels.

#### 4.4.2.1 Doelmatige opvoeding

Volgens Ps. 103:13 reik God in tere medelye uit na sy kinders; handel met hulle in eerlikheid, openheid en by tye met strengheid (Stedman, Roper, Crabtree, McAllister, Fischer & Fuller, 1976:114). Die skrywers raai 'n ouer aan om sy / haar kinders te hanteer soos God hom / haar behandel.

Aitken (1986:17) sê die skrywer van Spreuke gebruik 'n drieledige patroon in Spr. 1:8-9:

***Appél***: Die smekende aanspreekwyse van die vader is soos dié van 'n wyse onderwyser teenoor sy leerling.

***Raad:*** Die vader se raadgewende woorde is bevelend en gesaghebbend maar ook besorg. Daarom is dit navolgenswaardig.

***Motivering***: Die vaderlike woorde is nie net voorskrywend nie, maar ook oortuigend. Dit is voorwaar 'n beskrywing van die gesagvolle opvoedingsstyl wat deur sosioloë as die voordeligste bestempel word (vergelyk 2.4.3.1 – gesagvol).

Volgens Perdue (2000:77) is **wysheid** die waarde van instruksie, soos versierings gedra deur rykes (Spr. 1:9). Fox (2000:228-229) sê 'n hangertjie om die nek / geluksteentjie wat naby aan die hart gedra word (Spr. 4:9), impliseer die **kosbaarheid** van wyse onderrig, asook beskerming.

Volgens Spr. 4:11 is die vader se onderrig 'n padwyser (*horeytika)* en sal leiding gee (*hidraktika)* – 'n morele opvoeding (Fox, 2000:179). Die skrywer sê (228-229) die Hebreeuse teks in Spr. 6:20 onderskei nie tussen die vader en moeder se onderrig nie – albei s'n gee volgens vers 22 leiding met betrekking tot optrede en die daaglikse wandel, asook beskerming teen gevaar. In vers 23 word onderrig vergelyk met 'n lamp en lig. Dit stel die besitter daarvan instaat om op die donker, onsekere lewensreis te sien en slaggate te vermy (Fox, 2000:228).

Spreuke 22:6 gebruik 'n imperatiewe werkwoord wat nét vyf keer in die Ou Testament gebruik word - normaalweg vir die toewyding van 'n huis / tempel óf inisiëring - maar slegs in vers 6 vir oplei / onderrig, versigtige versorging, instruksie en dissiplinering ten opsigte van die inprenting van 'n wyse en morele karakter (Zuck, 1995:273, 277-280). Die kind moet dus voorberei word vir sy toekomstige verantwoordelikhede ("die pad wat hy moet gaan"). Aitken (1986:144-145), Stedman, et al (1976:76) en Zuck (1995:288) stem saam dat die dubbelsinnige Hebreeus ten opsigte van "die pad wat hy moet gaan", dalk óók impliseer dat die kind onderrig moet word volgens sy unieke individuele behoeftes en aanlegte. Onderrig van die kind is 'n ouerlike plig en volgens Aitken (1986:146-147) 'n moeilike, belangrike en ernstige taak. Indien die ouer egter Spreuke

se riglyne volg, sal die kind dwarsdeur sy lewe die ouer(s) se opleiding navolg – "as hy oud is nie daarvan afwyk nie" (Spr. 22:6b). God kan die sukses waarborg!

#### 4.4.2.2 Goeie dissipline

Garland (1988:267) verwys na Wuthrow se navorsing op jong mense se omgee vir of besorgdheid oor mense buite hulle ouerhuis. Omgee word aangeleer in die ouerhuis deur alledaagse dade van goedhartigheid – ouers se behandeling van mekaar en van hul kinders. Ouerlike goedhartigheid en medelye word dan deel van die jong mens en word oorgedra aan ander. Hierdie goeie ouerlike voorbeeld begin by die manier waarop ouers hul kinders dissiplineer.

Vir Clifford (1999:178, 198) toon Spr. 3:11-12, asook Spr. 13:24 dat die pyn van dissipline min is in vergelyking met die fatale gevaar van géén dissipline. Hy voeg by dat die hoofmotief van bestraffing immers nié wraaksug is nie, maar tydige verandering van die jongeling. Volgens die skrywer is die idee dat kinders nié inherent wys / verstandig is nie, algemeen in Spreuke, maar verál in Spr. 22:15. Stedman, *et al* (1976:73) meen dat hierdie vers toon dat kinders van nature selfgesentreerd en beherend is, en dat die "lat van dissipline" as gesagsimbool, dui op die behoefte aan ferm, realistiese hantering daarvan.

Waltke (2004:249-250) en Vosloo & Van Rensburg (1993:891) stem albei saam dat God, die bron van alle liefde, straf as gevolg van opregte begaandheid oor die mens se morele ontwikkeling en karakter – streng dissipline is daarom moeilik, maar genadig, en 'n teken van liefde in plaas van verwerping. 'n Voorbeeld van God se liefdevolle en onpartydige tug word in Heb. 12:5-11 gevind. Vosloo & Van Rensburg (1993:1929) verduidelik dat tug in God se opvoedingsplan is – 'n goeie, liefdevolle ouer sal sy kind se vernietiging betyds keer. Stedman, *et al* (1976:114) sien in Heb. 12 'n begaande God wat selfs streng, maar liefdevol met sy eie, geliefde kind werk.

Volgens Spr. 23:13-14 is suksesvolle opvoeding skynbaar teenstrydig – dit toon haat deur géén gebruik van die lat, en dit toon liefde deur vroeë dissiplinering van die kind wanneer verandering nog moontlik is (Clifford, 1999:140). Die roede sal volgens vers 13-14 vir 'n kind voordelig wees en ferm dissipline sal hom na die regte lewenspad lei. Clifford meen dat 'n jongmens juis 'n vroeë dood mag ondervind as gevolg van

onbestrafte dwaasheid: "red sy lewe / red hom van die dood". Die skrywer waarsku egter dat hierdie paradoksale taal nié as regverdiging vir hardvogtige lyfstraf gebruik kan word nie. Hy sê verder dat die hardheid van vers 13 en 14 gebalanseer word deur vers 15-16 wanneer intense ouerlike vreugde en trots uitgedruk word oor die kind se wyse optrede.

Die korrektiewe kant van dissipline is fisiese straf / slaan (Spr. 22:15) en teregwysing (Spr. 29:15):

- **Fisiese straf / slaan**

Volgens Aitken (1986:145) en Perdue (2000:188) word die lering deur middel van die luisterende oor in Spr. 4:1-9, behou deur die brand van die lat! In Spreuke 19:18 word 'n ouer vermaan om 'n kind streng, maar beheersd, te behandel.

- **Teregwysing**

Die Hebreeuse woord vir teregwysing is ook die woord vir beredeneerde argumente van 'n prokureur (Aitken, 1986:145). Weereens is die appélerende en motiverende patroon aanwesig. Clifford (1999:253) en Vosloo & Van Rensburg (1993:935) kom tot die slotsom dat die gróótste diens van 'n ouer aan 'n groeiende kind, dissipline is, want dit bied leiding, asook vermaning wanneer nodig, in 'n konteks van liefde en vertroue.

#### 4.4.2.3 Onvoldoende dissipline

Vir Criswell (1974:277) begin anargie by die huis – géén ouerlike dissipline en nét gesagstoegewing, vernietig die huis en spoel uiteindelik oor na die volk en staat. Gehoorsame, buigsame, onderworpe kinders, wat hul ouers eerbiedig en hul dissipline, asook gesag aanvaar, word wetsgehoorsame burgers.

Eli en Dawid is voorbeelde van ouers wat hul kinders swak gedissiplineer het:

- **Eli**

Eli se seuns het kultiese en etiese sondes gepleeg (1 Sam. 2:22-27). Hy bestraf hulle wél in vers 23, maar aarsel met besliste optrede ( 1 Sam. 3:13). Eli word in vers 29 daarvan beskuldig dat hy sy seuns bo God geëer het omdat hy toegelaat het dat hulle misbruike voortgaan (Baldwin, 1988:62). Dit is onwaarskynlik dat Hofni en Pinehas eers

in volwassenheid ontspoor het. Konsekwente, regtoegepaste dissipline vorm vroeg al 'n gewete; ontwikkel die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei; en leer die kind om die uitwerking van sy dade te sien (vergelyk 2.4.3.1 – outoritêr en gesagvol; en 4.5.4.2 – 4.5.4.3). Die seuns het egter die wet gehad as riglyn vir goeie gedrag, maar het die keuse gemaak om hul vader se slap houding uit te buit en in hul sonde te volhard.

- **Dawid**

In 2 Sam. 13:21 toon Dawid woede na aanleiding van Amnon se verkragting van sy suster Tamar, maar tree nié daadwerklik op nie. Volgens Lev. 20:17 was Amnon se daad skandelik en moes hy die gevolge daarvan dra (Vosloo & Van Rensburg, 1993:443). Dawid sou volgens Evans (2002:193) ten minste 'n huwelik met Tamar kon afdwing. Sekere redes word aangevoer vir Dawid se ontoereikende reaksie: sy liefde vir Amnon, sy eersgeborene (Baldwin, 1988:250; Gordon, 1986:264); sy eie skandelike gedrag met Batseba (Baldwin, 1988:250; Evans, 2002:193; Gordon, 1986:264) óf sy onvermoë tot dissiplinêre aksie teenoor sy famililede ten spyte van sy groot millitêre en diplomatieke suksesse (Evans, 2002:193).

Dawid se gebrek aan aksie en sy ignorering van Tamar se troosteloosheid, het Absalom se woede en wraaksugtigheid versterk (Evans, 2002:193; Vosloo & Van Rensburg, 1993:443). Die regte hantering van die situasie sou die vervreemding tussen hom en Absalom, wat die volk in 'n burgeroorlog gedompel het, voorkóm het (Gordon, 1986:264).

Adams (1972:122) se slotsom is dat God duidelik in die Skrif sy wil uiteensit; reëls neerlê; en vroegtydig sê wat die straf sal wees vir ongehoorsaamheid. Wanneer laasgenoemde wél plaasvind, volg Hy dit op met teregwysing / straf. Dit is dan die basis vir álle konsekwente dissipline in sy Woord en dien as navolgenswaardige riglyne vir elke ouer.

#### 4.4.2.4 Begunstiging deur ouers

Die bittere impak van ouers se begunstiging word weerspieël in die lewens van Jakob en Esau, asook in Josef se lewe.

- **Isak en Rebekka se begunstiging**

Hartley (2000:236) meen dat Rebekka en Isak die seun naaste aan elkeen se belangstelling begunstig het: Isak vir Esau wat vir hom sy geliefde wildsvleis gebring het; Rebekka vir Jakob wat haar helper was in die huis (Gen. 25:27-28). Die onwyse partydigheid het die potensiële probleme tussen Esau en Jakob aangevuur (Hamilton, 1995:182). Dit lei tot mededinging wat uitloop op 'n episode in vers 29 wat elkeen se lotsbestemming sou beïnvloed. Die verdeling van ouerlike begaandheid sou elke ouer uiteindelik daartoe lei om kant te kies in Gen. 27:5-13 (Janzen, 1993:96). Jakob en Esau het egter albei keuses gemaak: Jakob om deel te wees van sy moeder se bedrog, en Esau om sy eersgeboorte reg te verag. Jakob wou sy broer uitoorlê en onverdiende seën ontvang; Esau het 'n tydelike behoefte (honger) belangriker geag as sy kosbaarste besitting. Albei het later die straf vir hierdie verkeerde keuses gedra: in Gen. 29:25 en 37:31-33 is Jakob sélf die slagoffer van bedrog; in Mal. 1:2 verwek Esau se ongeloof God se verbondstoorn.

- **Jakob se begunstiging**

In Gen. 37:3 toon Jakob dieselfde soort partydigheid as sy ouers. Gibson (1982:137) konstateer dat Jakob blykbaar nié uit sy eie ervaring geleer het nie. Sy optrede was volgens Aalders (1981:184) laakbaar aangesien hýself 'n slagoffer daarvan was. Hy het immers die gevolge van begunstiging in sý en Esau se lewens gesien, en het tóg verkies om hierdie destruktiewe optrede te herhaal.

Jakob se dweepsieke liefde vir Josef maak hom blind vir die potensiële wrywing in sy familie wat die blatante partydigheid kan meebring (Hamilton, 1995:407). Sy begunstiging van Josef kom op ten minste twee maniere tot uiting. Aalders (1981:181) meen dat Josef se **nuusaandraery** (Gen.37:2) ongetwyfeld deur Jakob se begunstiging bevorder is. Die lang, ryklik versierde veelkleurige **kleed** wat Jakob vir Josef maak, is volgens Aalders (1981:182), Hartley (2000:310) en Westerman (1987:262) die simbool van 'n spesiale ereposisie. Hierdie tipe kledingstuk maak hande-arbeid vir die draer daarvan onvanpas en is juis gedra deur die hoër klas (Gibson, 1982:227; Hartley, 2000:310). In Hebreeus is *passîm* 'n kleed; die Hebreeuse frase *ketōnet passîm* is dan 'n kledingstuk wat prinsesse dra en kom elders nét in 2 Sam. 13:18, 19 voor (Hamilton, 1995:407; Janzen, 1993:149).

Hierdie kleed herinner die broers dan daagliks aan Jakob se voorkeur vir Josef. Dit is nie verbasend dat hulle verwerp gevoel het en daarom jaloers en hatig op Josef sou wees nie (vers 4). Westerman (1987:262) wys daarop dat die Hebreeuse woord in vers 4 letterlik beteken dat hulle "haat op hom gegooi het". Hamilton (1995:409) voeg by dat die gebruik van die werkwoordvorm van *wayyôsipû* – "bykomende haat" – 'n speling is op Josef se naam *yosēp*. Die broers se interpretasie van Josef se droom in vers 8, naamlik dat hy oor hulle wil heers, is die klimaks van hulle woede. Hierdie haat en verkwaliking sou lei tot drastiese aksie teen Josef in vers 18-31, in plaas van teen Jakob, die eintlike skuldige.

#### 4.4.2.5 Die Vader se verhouding met sy Seun

Die vernaamste vader-kind verhouding in die Nuwe Testament is tussen God en Jesus (Malina, Joubert & van der Walt, 1995:74). Die Vader se houding teenoor Jesus (Mark. 1:11); die unieke verhouding tussen Jesus en sy Vader (Mark. 1:11; Matt. 11:27; Joh. 7:28-29); sy optrede soos sy Vader (Joh. 5:20-23); sy getrouheid en onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan sy Vader (Joh. 14:6-11; Fil. 2:5-11) was wonderlik.

#### 4.4.2.6 Die optrede van ouers volgens die huistafels

Garland (1988:267) voer aan dat Paulus die nuwe insig weerspieël wat die kind se standpunt en gevoelens in ag neem.

Skrywers verskil met betrekking tot die aanspreekvorm "vaders" in Ef. 6:4. Hendricksen (1972:261) en Mac Donald (2000:333) glo dat dit verwys na die **vader** as gesinshoof, wat volgens die Romeinse kultuur onbeperkte gesag oor sy kinders gehad het – hý moet dus vermaan / gewaarsku word oor buitensporige straf. Adams (1972:104-105) reken dat die **vader** die een is in wie God sy dissiplinêre gesag neergelê het; wat in beheer moet bly en wat God verantwoordelik gaan hou vir sy kinders se regte opvoeding. Die skrywer reken egter dat Paulus óók met moeders praat, want die vaders is tog verantwoordelik vir die dade van hul vrouens. Criswell (1974:276), Foulkes (1989:172) en Moule (1977:146) meen dit verwys na **albei** ouers soos in Heb. 11:23.

Paulus begin met 'n negatiewe opdrag dat die kind nie tot woede uitgelok moet word nie (1983-vertaling – "opstandig word"; 1953-vertaling – "vertoorn"; NIV – "kwaadmaak / vererg"; Amplified – "irriteer en tot woede opwek / vererg tot verkwaliking"). Criswell

(1974:276), Foulkes (1989:172), Mac Donald (2000:333) en Patzia (1984:279) verwys na die werkwoord *parorgizō*, wat ook in Kol. 3:4 voorkom – dryf tot die uiterstes van bitterheid / toorn / gramskap / frustrasie / wanhoop.

Foulkes en Patzia sê ouers kán gehoorsaamheid vereis / verwag, maar kan nié hul gesag buierig / wispelturig uitoefen en sodoende die kind tot woede uitlok nie. Adams (1972:106) meen dat hedendaagse jongmense hul ouers se dissipline dalk as hopeloos beskou en onverskillig daarteenoor word. Dalk laat die verkeerde tipe dissipline, toegepas op 'n nie-Bybelse manier, die kind uit moedeloosheid opgee. Roberts (1990:169) en Sproul (1994:144) stem saam dat outoritêre dissipline kinders frustreer sodat hulle gegrief voel, asook vyandig / parmantig teenoor ouers optree – 'n lewenslange versteuring van die ouer-kind verhouding en moontlik ook latere menseverhoudings.

MacArthur (1982:10) beweer dat die kind met opstand / woede reageer op ouers se begunstiging; terughouding van goedkeuring; gedurige kritiek; oormatige aansporing tot prestasie; verwaarlosing deur die ontsegging van tyd en aandag; liefdesonttrekking; wrede woorde en straf; en die weiering van opoffering ter wille van die kind. Die skrywer meen dat die kind deur hierdie optrede van ouers soos 'n indringer voel – ongewens, lastig en verneder.

In plaas daarvan om die kind te vertoorn, moet ouers eerder die kind opvoed / grootmaak – Paulus se positiewe opdrag. Die werkwoord *ektrepho* word in hierdie vers vertaal met "grootmaak", in plaas van "voed". In Efes. 5:29 word die woord gebruik met betrekking tot Christus se voeding van sy kerk / versorging van die hele mens (Criswell, 1984:279; Foulkes, 1989:72; Patzia, 1984:279). Foulkes voeg by dat die intensiewe voorsetsel *ek* vooraan, op moeitevolle ontwikkeling / inspanning wys. Kinders moet met liefde grootgemaak word, al ís hulle ongehoorsaam / onaangenaam (Vosloo & van Rensburg, 1993:1833). Só moet kinders ook ouers eer al is die ouers veeleisend en onredelik. Wedersydse respek moet dus bestaan.

Paulus gee riglyne met betrekking tot die grootmaak van kinders: met tug en vermaning. Criswell (1974:278), Foulkes (1989:172), Mac Donald (2000:333) en Patzia (1984:279) noem twee selfstandige naamwoorde, naamlik *paideia* en *nouthesia*. Eersgenoemde is

die dissipline van die daad en laasgenoemde die appél van die woord. Foulkes voeg by dat *paideia* die positiewe betekenis van instruksie het, soos in Titus 2:12, asook die spesifieke dissipline / mag van straf soos in 1 Kor. 11:32 en 2 Tim. 2:25.

O'Brien (1999:446) sê dat die twee selfstandige naamwoorde soms die uitdrukking is van een konsep, maar met verskillende nuanses – **omvattende** opleiding / afrigting in 2 Tim. 3:16 en Titus 2:12 en **spesifieke** dissipline / straf in 1 Kor. 11:32 en Heb. 12:5, 7-8, 11.

Hendricksen (1972:262), Mac Donald (2000:334) en Moule (1977:146) sê dat die woord *nouthesia* die waarskuwende kant van die instruksie is – geskrewe soos in 1 Kor. 10:11 en verbaal soos in Titus 5:10. Volgens Hendricksen kán vermaning magtiger wees as tug, ás dit goed gebruik word. Vir Adams (1972:121) is teregwysing 'n appél op die kind, deur middel van die Woord, om te verander, te leer en selfdissipline te beoefen. Paulus het beslis die effek van dade én woorde op die kind verstaan.

Laastens voeg Paulus 'n belangrike riglyn by: tug en vermaning "soos die Here wil / van die Here". Vir O'Brien (1999:447) is dit die aanduiding van God sélf wat agter alle dissipline / tug en vermaning staan. Die ouer moet doen wat Gód verwag en daarin leef (Roberts, 1990:169). Die model van dissipline en bestraffing moet 'n weerspieëling wees van God se toorn, versag met genade (Sproul, 1994:145). Daarom moet die Here sy stempel van goedkeuring op die ouers se kinderopleiding plaas (Hendricksen, 1972:263). Die skrywer is daarvan oortuig dat die ouer se invloed die kind by Christus, sy Redder, sal bring. Vosloo & Van Rensburg (1993:1833) stem hiermee saam want die kind moet iets van die Here se liefdevolle sorg en tugtiging in die ouer se optrede sien.

Booyens (1982:125) sê in hierdie verband, dat dit God se wil is dat ouers hul kinders moet grootmaak soos Hý begeer. Hy verwys ook na 'n Christengesin in Rusland wat eers bid voordat hulle 'n kind tug – om toornige, genadelose straf te voorkóm. Dít is voorwaar 'n uitvoering van Paulus se opdrag! Booyens voeg by dat die toevertrou van tere, ontvanklike kinders aan sondige en onvolmaakte ouers, God se "waagstuk" was – daarom durf géén mens tug en kinders grootmaak in eie krag aanpak nie.

In Kol. 3:21 vermaan Paulus ouers verder met betrekking tot hul optrede. Weereens verskil outeurs met betrekking tot die aanspreekvorm "vaders". Dunn (1996:251), Du Plessis (1990:21) en Mac Donald (2000:155) stem saam dat dit verwys na die gesaghebbende hoof van die huisgesin – *patria potestas*. Bath & Blanke (1994:443) reken dat die Griekse woord *pater* in die meervoud gebruik, albei ouers kan benoem. Wright (1986:148) sê dit verwys na albei geslagte, maar is verál gemik op die belangrikheid van die vader se rol in kinderopvoeding.

Ouers / vaders word gewaarsku teen foutvindery (1953-vertaling "terg", NIV – "vergal / versuur", Amplified – "opwek / irriteer / vererg / terg"). Die gebruik van die woord *erethizō* word in 2 Kor. 9:2 gebruik in die positiewe betekenis van stimuleer, maar in Kol 3:21 in die negatiewe betekenis van "uitlok / opwek / uittart / tiranniseer (Bath & Blanke, 1994:443; Dunn, 1996:251; Mac Donald, 2000:155; Patzia, 1984:90). Bath & Blanke meen die woord kán magtelose woede, wat uitloop op bitterheid / gelatenheid, soos in Efes. 6:4, in gedagte hê.

Volgens Wright (1986:148) verwys Paulus na aanhoudende treitering / neulery / gesanik wat kinders nie toelaat om uniek en menswaardig te wees nie. Booyens (1982:123) voeg by dat sulke ouers nie die kind as 'n genadevoorwerp beskou nie en eerder hulle éie foute moet raaksien voordat 'n kind afgekraak en verneder word. Die skrywer sê hierdie beklemtoning van 'n kind se foute kweek 'n gesindheid van onbekwaamheid en uiteindelik lewenslange minderwaardigheid.

Hierdie gedurige foutvindery gaan volgens Paulus die kind moedeloos maak / ontmoedig. Die Amplified voeg ook die "afbreek van die gees" as betekenis by. Bath & Blanke (1994:445) noem dat die werkwoord *athymeō* nét hier in die Nuwe Testament voorkom, ooreenkomstig met Deut. 28:66. Wright (1986:148-149) konstateer dat die ouer se gedurge verwysing na hoe min die kind het, laasgenoemde mettertyd lei tot selfhaat / oorreaksie deur middel van selfhandhawing. Dunn (1996:252) en du Plessis (1990:21) wys daarop dat die ouer se oormatige eise die moedelose kind vreesagtig, lusteloos, buierig en koppig maak.

O'Brien (1999:447) meen dat Paulus graag Christelike vaders wou hê wat in kontras met die norms van daardie dae, sagmoedige en geduldige opvoeders moes wees. Hulle

"hoof wapen" moet Christelike instruksie wees, gefokus op lojaliteit aan Christus as Here.

### 4.4.3 Kinders se houding en optrede teenoor ouers

Kinders se houding en optrede teenoor ouers word bespreek na aanleiding van hulle gehoorsaamheid en eerbetoon teenoor ouers.

#### 4.4.3.1 Gehoorsaamheid en eerbetoon

Die skrywer van Spreuke beklemtoon gehoorsaamheid van kinders teenoor ouers in Spr. 13:1, 15:5, 23:22 en 30:17, terwyl slegpraat en slegte behandeling van ouers in Spr. 19:26, 28:24 en 30:11, 17, veroordeel word. Volgens Clifford (1999:185) gebruik Spr. 20:20 die uitdoof van 'n lamplig as metafoor vir iemand wat ouers verag want hulle blus 'n groot bron van instruksie en dissipline.

Twee motiverings vir gehoorsaamheid bestaan: Volgens God se eise is dit die regte ding om te doen en dit is ook 'n opdrag in die vyfde gebod. Die lang lewe in die vyfde gebod beteken volgens Patzia (1994:277) eerder sosiale stabiliteit aan enige gemeenskap met 'n sterk familielewe. Só 'n familie sal lewe onder God se beskermende en seënende Hand (Roberts, 1990:168). Jare tevore het Criswell (1974:278) al daarop gewys dat 14 miljoen kinders in 1974 in Amerika géén godsdiensonderrig ontvang het nie, en dat die kriminele elemente van jong mense onder 25 jaar, selfs onder 18 jaar, toegeneem het. Ses-en-twintig jaar later het 'n nie-denominale, geestelike hernuwings- en versoening-samekoms van 100 000 jongmense en ouers in Amerika plaasgevind (Blunt, 2000:16). Die organiseerder het gesê dat baie hedendaagse seuns en dogters nog nooit op hul vaders se skote gesit het nie; en nooit deur hom vasgehou is nie. Daarom ken hulle nie egte intimiteit nie omdat dit nooit voorheen aan hulle gemoduleer is nie. Die skryfster sê verder dat waarnemers bevestig dat die resultaat van hierdie verwaarlosing reflekteer in die stastistieke met betrekking tot die moderne jeug: 1 miljoen tienerdogters in die VSA word jaarliks swanger; en 'n dwelmmisbruik opname toon 'n skerp styging in die gebruik van marijuana. Verder het 'n jeugprediker by die samekoms gesê dat ouers verskrik is om te sien wat met die volgende geslag gebeur. Hulle het egter nagelaat om gereeld saam met hul kinders te eet; kerk toe te gaan; te bid; en te praat. Nou wil die ouers die bestaande generasie-gaping nie hê nie.

Weer eens word gehoorsaamheid in Kol. 3:20 beklemtoon. Mac Donald (2000:154) sê die woord *hypakouō* is baie naby aan die betekenis van onderwérp in Kol. 3:18, naamlik *hypatassō.* Gehoorsaamheid bevredig dus vir God en is paslik vir dié wat aan Hom behoort. Wright (1986:148) beskou ouerliefde egter as waardeloos indien gehoorsaamheid die voorwaarde is van die ouer se liefde. Die vereiste van gehoorsaamheid in alles is wél reg en aanvaarbaar, maar gee nie aan ouers die reg / vryheid tot mishandeling nie (Patzia, 1984:90). Hiermee stem Wright (1986:148) saam want die kind sal waarskynlik met blymoedige en liefdevolle gehoorsaamheid reageer op ouers se egte liefde. Daarom moet ouers eerder gehoorsaamheid verdien as om dit te eis / te beveel.

Die Griekse woord *timao* – om te eer / respekteer / eerbiedig, in Efes. 6:2 is vir Criswell (1974:274-275) van die mooiste woorde – *time* impliseer kosbaarheid / dierbaarheid. Eer is meer as uiterlike gehoorsaamheid, maar eerder 'n innerlike houding van die kind teenoor ouers: liefde, hoogagting, betoning van konsiderasie en respek (Hendriksen, 1972:259). Vosloo & Van Rensburg (1993:1833) reken dat ouers geëer moet word al ís hulle veeleisend / onredelik.

Jesus is in Luk. 2:51 die voorbeeld van gehoorsaamheid en eerbetoning. Die werkwoord *hupotassesthai* – gehoorsaam - word nét hier in die evangelies gevind (Evans, 1993:227). Die skrywer sê dat gehoorsaamheid van vrouens aan hul mans, asook van kinders teenoor hul ouers in die huistafels van Efes. 5:24, Kol. 3:8, Titus 2:5 en 1 Pet. 3:1 deur die woord *hupakoulin* uitgedruk word. Craddock (1990:43) meen Lukas impliseer dat **familiale** liefde en lojaliteit hul plek het in **God** se hoër liefde en lojaliteit. Dit word beaam deur Evans (1993:227) want Jesus se Goddelike filiale bewussyn is nié onverenigbaar met voortgaande gehoorsaamheid teenoor sy ouers nie.

Jesus se onderworpenheid aan sy ouers is betekenisvol in die lig van wie Hy is – Seun van God (Bock, 1996:273). Selfs in sy sterwensuur toon Jesus, as oudste seun, sy begaandheid oor sy moeder in Joh. 19:26-27 toe hy haar oorgee in Johannes se sorg. Sy respek vir sy ouers, getoon deur sy gehoorsaamheid, is 'n model vir almal in 'n wêreld vol algemene opstand van kinders teenoor ouers.

### 4.4.4 Samevatting

- God vermaan in die Ou en Nuwe Testament kinders tot gehoorsaamheid en eerbetoning teenoor hul ouers afgesien van die aard van die ouer.
- Die opdrag aan kinders om ouers te gehoorsaam, ontsê ouers die reg tot kindermishandeling.
- Ouers moet kinders se gehoorsaamheid verdien deur hulle liefdevolle optrede.
- Eerbetoning is die innerlike houding van 'n kind teenoor sy ouers.
- Jesus is 'n navolgenswaardige voorbeeld van gehoorsaamheid én eerbetoning.
- Die Bybel stipuleer die wedersydse ouer-kind verhouding: kinders moet volgens die Ou en Nuwe Testament gehoorsaam wees en eer betoon; ouers moet hul kinders doelmatig opvoed. Wyse onderrig is kosbaar en beskermend, omdat dit vir die kind 'n pad aandui, asook morele karakter inprent.
- Beheersde dissipline motiveer die kind tot lering en tydige verandering – 'n noodsaaklike deel van onderrig. Hardvogtige lyfstraf word nooit in die Ou Testament geregverdig, ten koste van regverdige dissipline nie. Laasgenoemde keer die kind weg van die gevaarlike pad na die regte lewensweg.
- Die uitwerking van onvoldoende dissipline is duidelik te siene in die lewens van Eli en Dawid se kinders. Die begunstiging van Isak en Rebekka, en Jakob teenoor hul kinders, is met onmin beantwoord
- Paulus vermaan vaders (ouers) in Efesiërs om hulle kinders op te voed / groot te maak sonder om hulle te vertoorn / te dryf tot wanhoop. Tug en vermaning is twee belangrike dissiplinêre middels, wat volgens God se wil moet geskied.
- In Kolossense waarsku Paulus ouers teen foutvindery wat kinders ontmoedig.
- God se liefdevolle tug van sy kinders in Heb. 12, is 'n navolgenswaardige voorbeeld vir alle ouers.

## 4.5 DIE OUERHUIS AS BASIS VIR GESONDE MENSEVERHOUDINGS

### 4.5.1 Inleiding

Die ouerhuis is die basis vir gesonde menseverhoudings, en sal bespreek word na aanleiding van grondbeginsels van kinderopvoeding; familie ongeregtighede; en die regte soort ouer-kind verhouding.

### 4.5.2 Grondbeginsels van kinderopvoeding

In die twintigste eeu het kinderopvoedingsdeskundiges aanvanklik uiteenlopend oor dissipline en beheer van kinders gepraat (Stedman, *et al*, 1976:53-56). Die skrywers noem dat Christene egter begin vra het na die wysheid en gesag van die Woord. Vir die skrywers lê die grondbeginsels van kinderopvoeding in Deut. 6:4-7:

- Ouers moet kinders **liefde en gehoorsaamheid aan God** leer want Hy is die begin van lewe.
- Die **onderrigproses** is die ouer se persoonlike verantwoordelikheid. Criswell (1974:278-279) het tevore gesê dat die stadstrate met al die kriminele elemente, die taak van "neutrale" ouers sal oorneem om kinders noukeurig en akkuraat te "onderrig". Etlike predikante het in 'n onlangse artikel hierdie standpunt onderstreep, naamlik dat dit **ouers** se verantwoordelikheid is om vir kinders besliste riglyne in 'n koerslose wêreld te gee (Coetzee, 2006:136-137). Die teoloë se mening is dat ouers hulle gesag en verbondenheid aan God prysgegee het. Wanneer kinders dan ontspoor, is dit dikwels te laat om iets daaraan te doen.
- Die ouers se **gesagsbasis** lê in hulle begrip van die onderlinge verwantskap tussen liefde en wet / reëls: laasgenoemde sonder liefde kweek rebellie; liefde sonder wet kweek minagting.

MacArthur (1982:74) meen dat Deut. 6 God se plan toon, naamlik om die waarheid oor Homself van vader na kind deur die geslagte aan te stuur. Ontwrigting van die ouer-kind verhouding is deel van Satan se strategie om hierdie plan te verydel. Vir Cassiday-Shaw (2002:25) sal ouers se gesels met en tydbesteding aan hul kinders die stempel van God se gebooie op hul harte afdruk (Deut. 6:6-7).

Volgens Stedman, *et al* (1976:61) begin kinderopvoeding by die ouer wat eers:

- **omgang met God** moet leer voor omgang met sy naaste – sy kind. Brink & Brink (1999:56) beklemtoon dat 'n ouer se sterk, gesonde verhouding met God weerkaats word in sy verhouding met sy kinders;
- **selfrespek** moet hê;
- sy eie **menswees**, gepaard gaande met die voorregte en verantwoordelikhede daarvan, in God se lig moet verstaan.

Daarom sal die ouer se geestelike, onopgeloste kwessies van die verlede, asook sy selfbeeld / eiewaarde, deur God se hulp uitgesorteer en in orde gekry moet word voordat

hy werklik 'n doeltreffende ouer kan wees. Stedman, et al waarsku dat hierdie dinge ongelukkig dikwels agterweë bly – dit lei dan tot sondige / verkeerde houdings, gedrag, gelowe, dissiplinêre metodes en lewenswaardes.

### 4.5.3 Oordra van patrone van familie-ongeregtigheid

Evans & Billington (1994:30-32) noem dat die Bybel familie ongeregtighede in Deut. 5:9 aanraak – kinders ontvang ongelooflike seëninge, maar ongelukkig óók die negatiewe invloed van ouers se onregte. Die skrywers verduidelik dat die woord ongeregtigheid in die Hebreeuse taal afgelei is van *avah* – buig, verdraai / verwring. Hulle wys daarop dat sondige, verkeerde / mishandelende houdings en / of gedragte in 'n huis 'n groeiende kind tót in volwassenheid kan beïnvloed en hom in die verkeerde rigting buig. Die skrywers is daarvan oortuig dat volwassenes van die sondes van hulle ouers in hulle verlede moet vrykom want dit verblind hulle vir die waarheid en hou hulle gebonde aan dieselfde destruktiewe gedrag van die voorafgaande geslag.

'n Driftige, onbeheersde vader maak 'n kind opstandig sodat hy later homself ook só sal verweer (Booyens, 1982:124). Die skrywer voeg by dat 'n geskree, gevloek en geskel op kinders, nie net deur die kind op die ouer oorgedra word nie, maar ook op ander en later op sy eie kinders. Die sonde van die vader lê dan soos 'n las op sy nageslag. Vir Booysen lyk die oorkoming van 'n vasgegroeide persoonlikheidsgebrek of sondige geaardheid moeilik, want 'n groot, skeefgegroeide boom sal eerder breek as buig.

'n Ouer met sy / haar eie onderdrukte pyn as gevolg van seer in die kinderjare, bly egoïsties ingesteld op die bevrediging van sy / haar behoeftes (Brink & Brink, 1999:59). Die skrywers sê die weggesteekte pyn is dikwels onderliggend aan 'n ouer se woede – die kind word dan blameer vir probleme terwyl die ouer nie sy / haar eie wonde erken nie. Só word die verkeerde houdings en optredes van geslag tot geslag oorgedra. Van Jaarsveld (Anon, 1983:16) voeg by dat die vader se identifikasie met sy eie vader, die identifikasie en gevolglike emosionele verhouding met sý kind, sal beïnvloed. Daarom sê hy kan 'n vader met 'n gebuigde spieël as gevolg van sy negatiewe kinderjare, nié God se lig suiwer na sy kind weerkaats nie.

Adams (1972:19) konstateer dat die probleme van baie Christengesinne die gevolg is van sondige lewenspatrone, hoofsaaklik veroorsaak deur die versuim om God se Woord te bestudeer en toe te pas.

### 4.5.4 Die regte soort ouer-kind verhouding

Volgens MacArthur (1982:100) het Paul Meier vyf sleutels vir die regte soort ouer-kind verhouding genoem: liefde; dissipline; konsekwentheid; ouerlike voorbeeld; en die vader se hoofskap van sy huisgesin.

#### 4.5.4.1 Liefde

Laufs (Anon, 1983:243) meen dat 'n huis as voorbeeld van God se huisgesin in die Vaderwoning moet dien – 'n liefdevolle huis is dan 'n ware tuiste. Ouerlike belangstelling, liefde en ondersteuning is vir Schomp (1977:32, 38) 'n emosionele behoefte wat vir die kind veiligheid bied, asook die gevoel dat hy liefde werd is. Die skrywer reken dat die vermoë om ander te bemin, uit die eerste ervaring van bemin word deur ouers, ontwikkel. Daarom sê hy sal kinders as getroue, liefdevolle Christene grootword as hulle eers 'n "opgaartenk" van ouerlike aanvaarding, liefde en besorgdheid "opsuig". Dít lei die kind tot selfaanvaarding in plaas van selfhaat.

#### 4.5.4.2 Dissipline

Brink & Brink (1999:118-121) sê dat beginselvaste, reg toegepaste dissipline, die kind leer om die uitwerking van sy dade te sien, asook God se oogpunt daaromtrent. Scott Peck het opgemerk dat swak ouers nie leer om liefdevolle en bedagsame dissipline, gepas vir alle ouderdomme en omstandighede, toe te dien nie (Conway, 2001:114).

Stedman, *et al* (1976:121-122) noem drie vorms van **verkeerde ouerlike straf**: woede / toorn; vreesverwekkende tirannie; en soeke na wraak as gevolg van die kind se veeleisendheid, die tyd wat hy in beslag neem asook die ongerief wat hy veroorsaak. Volgens die skrywer is **God se redes** vir straf egter die:

- skep van 'n bewussyn van <u>erns</u> by die gestrafte, want dit vestig sy aandag op God se gesag (Dawid en Nathan in 2 Sam. 12);
- onderskeiding tussen reg en verkeerd ter wille van gewetevorming (Eli en sy seuns in 1 Sam. 3:13);

- vestiging van geregtigheid want verkeerde dade beïnvloed ander ook (Dawid in 1 Kron. 21; Akan in Jos. 7).

Volgens Cassiday-Shaw (2002:23-25) begeer God straf, lering, berisping en dissiplinering, sonder oormatige hardheid, en met die regte hartsgesindheid.

#### 4.5.4.3 Konsekwentheid

Voorspelbaarheid, definitiewe grense vir aanvaarbare gedrag en stabiliteit verseker die kind se bewussyn van sekuriteit.

#### 4.5.4.4 Ouerlike voorbeeld

Die sleutel tot die opvoeding van 'n kind in die Christelike lewenswyse is ouerlike voorbeeld (Schomp, 1977:31, 38, 45). Tot die mate waartoe die kind sy ouers kan vertrou, sal hy in God se liefde en wysheid glo. Die ouer moet God liefhê en dit uitleef om sodoende 'n geloofwaardige onderwyser te wees (Vergelyk Deut 6:4-7) (Richards, 1975:190).

Conway (2001:114, 122-125) reken dat 'n ouer:

- wat sáám met sy kind die Tien Gebooie gehoorsaam, by die kind blywende **eerlikheid** en **integriteit** kweek;
- wat respek vir sy kinders toon, by die kind **respek** vir hulle én ander wek;
- se self-oortuigde **gedragsstandaarde** deur die kind vir homself toegeëin word;
- met **selfbeheersing** ook vir die kind dit leer in plaas van deur die streng oplegging van reëls.

#### 4.5.4.5 Die vader se hoofskap van sy huisgesin

As die vaderlike beeld van mag en krag afwesig is, ontwikkel die kind 'n ongebalanseerde beeld van God as 'n swakkeling (Schomp, 1977:68-69). Volgens Evans (2004:71) gee die vader se gesagvolle steun hoop en dit saai lewe; dit belemmer die toekoms óf is aanmoedigend tot groter prestasies. Van Jaarsveld (Anon, 1983:15) wys daarop dat die vader as gesagsfiguur sy mag en gesag met liefde moet versag – hierdie ewewig beïnvloed die kind se prestasie; bereiking van sosiale bekwaamhede, persoonlikheids-aanpassing en algemene geestesingesteldheid. Guthrie (1983:254) is daarvan oortuig dat respek vir gesag tuis geleer word deur middel van 'n ferm vader.

Brink & Brink (1999:71) voeg ook ouerlike betrokkenheid en beskikbaarheid by.

- **Ouerlike betrokkenheid**

Die ouer se betrokkenheid toon onvoorwaardelike liefde en aanvaarding. Daarenteen sal voorwaardelike aanvaarding en aanhoudende kritiek selfontevredenheid voortbring waardeur die kind sal leer dat:

  - self-verandering mense se liefde verkry
  - sy sukses en prestasie beter behandeling deur die wêreld verseker.

Van Jaarsveld (Anon, 1983:17) voeg by dat onverdeelde aandag en begrypende luister ware betrokkenheid toon.

- **Ouerlike beskikbaarheid**

Ouers se beskikbaarheid verskaf geborgenheid. Die kwaliteit van wisselwerking tussen ouer en kind is belangriker as die kwantiteit tyd wat hulle saam deurbring (Van Jaarsveld, 1983:17). Die gee van die self én tyd, grootliks deur middel van gesels en luister, demonstreer ouers se omgee en liefde (Schomp, 1977:40). Die skrywer sê dat dít kinders ook sal laat glo in 'n belangstellende, liefdevolle Hemelse Vader wat altyd luister.

### 4.5.5 Samevatting

In die 20ste eeu het Christene begin vra na Skrifgebonde kinderopvoeding.

- Etlike skrywers meen dat Deut. 6 die grondbeginsels van kinderopvoeding vaslê.
- Ouers moet 'n verhouding met God, selfrespek en 'n begrip van hul eie menswees hê.
- Ouers se eie onopgeloste kwessies kan tot verkeerde / sondige gedrag lei met destruktiewe nagevolge vir opeenvolgende geslagte.
- Die regte soort ouer-kind verhouding vereis liefde, dissipline, konsekwentheid, ouerlike voorbeeld, vaderlike hoofskap, asook ouers se beskikbaarheid en betrokkenheid.

## 4.6 OUERVERWERPING EN DIE GEVOLGE DAARVAN

### 4.6.1 Inleiding

Verwerping en die uitwerking daarvan word bespreek na aanleiding van menslike behoeftes en mensevrees; blaamverskuiwing; gebondenheid; beskermingsmaatreëls teen verwerping; en Christus as die Bron van genesing.

### 4.6.2 Menslike behoeftes en die vrees vir mense.

God het die mens geskape om in verhouding met Hom en ander te staan (Evans & Billington,1994:157-161). Hulle sê God het hiervoor drie basiese behoeftes in die mens geplaas – liefde, sekuriteit en waarde. God het 'n intieme verhouding met Adam en Eva aangegaan wat opsigself hulle drie behoeftes volkome sou bevredig (Evans & Billington, 1994:157). Die mens moes genot geput het uit die wedersydse liefde tussen hom en God (Welch, 1997:148). Volgens Evans & Billington sou God Adam en Eva se emosionele en fisiese benodighede bevredig het, terwyl hulle gehoorsaam was aan Hom. Met die sondeval is God se volmaakte voorsiening daarvoor egter verwerp toe die mens sy eie begeerte na liefde, sekuriteit en waarde bó God s'n geplaas het. Welch, 1997:148). Volgens Evans & Billington, asook Welch, word die res van die mensdom, soos Adam en Eva, inwaarts en **self**gerig ter bevrediging van die drie behoeftes in plaas van uitwaarts en **God**gerig om Sý wil te ken en te doen.

Billington (Evans & Billington, 1994:161) wys daarop dat die begeerte na liefde, veiligheid en waarde buite God tot 'n verskeidenheid verhoudingsmisbruike kan lei:

- 'n honger na **liefde** en goedkeuring, asook vrees vir verwerping, veroorsaak promiskuïteit, afhanklikheid van of toegeeflikheid aan mense
- 'n behoefte aan **veiligheid** lei tot beheer, manipulasie, aggressie, toegeeflikheid óf 'n vasgryp aan geld en seksuele verhoudings
- 'n drang na **waarde** laat sommige mense prestige-gerigte werkverslaafdes word. Sodoende probeer hulle 'n swak selfwaarde en verwronge selfbeeld opbou. Daarenteen kan hulle vreesagtige mislukkings word.

McMenamin (2000:9) beklemtoon die feit dat nét God die mens se Emosionele Voorsiener, Bron van Vervulling en Onderhouer is. Mense speel ander rolle soos vriende, bemindes en geliefdes, maar kan nóóit emosionele leemtes vul nie.

Kinders het later, in volwassenheid, die keuse of hulle gaan blý glo dat mense, soos hulle ouers, aan hulle liefde, sekuriteit en waarde móét gee. Hulle kan **reaktief** optree – kwaad / moedeloos wees; veg / rebelleer; manipuleer / beheer; prestasies najaag; of mense behaag. Daarenteen kan hulle **kreatief** optree – 'n nuwe lewe skep deur God se oorvloedige liefde, sekuriteit en waarde te aanvaar.

Welch (1997:52) gee toe dat negatiewe invloede die mens se geneigdheid tot sondige neigings verhoog en hulle kwesbaar maak vir die vrees vir mense. Vrees vir en verhoging van **God** word teëgestaan deur die wêreld, die weerstandige vlees van die mens en veral deur die duiwel wat **mense** wil verhoog bó God (Welch, 1997:100-101). Hy sê die duiwel is verheug oor mense se vrees vir álles en álmal, behalwe vir God.

Beide Sorge (1999:40-41) en Welch (1997:26, 44) stem saam dat vrees vir mense se opinies, gedagtes en dade, eerder as vrees vir God, mense verstrik (vergelyk Spr. 29:25). Welch noem dit afgodery wanneer **mense** verhoog word tot die bron van iemand se eiewaarde, liefde, bewondering, aanvaarding en respek. Dit word beklemtoon deur White (2004:133) dat die enigste behoefte wat die mens met alles in hom moet probeer bevredig, die behoefte aan God is – enigiets anders is afgodery of verslawing. Evans & Billington (1994:161), asook Sorge (1999:28) se standpunte stem hiermee ooreen. Hulle voeg by dat God dikwels met mense moet meeding, terwyl Jesus die **enigste** bron van aanvaarding behoort te wees.

Onvervulde behoeftes kan volgens Anderson (1993:182) en Welch (1997:69) ook tot versoeking lei, want die behoeftes / begeertes word gaandeweg **eise** wat soos 'n noodsaaklikheid voel. Thurman (1999:178, 181) voeg by dat sommige mense selfs begin voel dat hulle **geregtig** is op liefde en aanvaarding. Hy sê hierdie selfdienende arrogansie veroorsaak bitterheid en wrewel in hulleself ingeval van onbevredigde behoeftes; verdryf ander; en vermink gesonde verhoudings.

Welch (1997:147, 172) betreur dit dat mense net **benodig** word om beter oor die self te voel, in plaas van **bemin** word, soos Jesus dit beveel het in Matt. 19:19. Kruger & Venter (1996:366) verwys na Trobisch en Adams: eersgenoemde beskou **selfliefde** as 'n kriterium vir naasteliefde; laasgenoemde beklemtoon die intensiteit en toegwydheid van hierdie liefde, eerder as die rigting van die liefdeshandeling / persoon van bevoordeling. Kruger & Venter (1996:370, 377-379) kom tot die slotsom dat selfliefde 'n natuurlike, aanvaarbare en bruikbare instrument is om nader te beweeg aan naasteliefde, óf 'n afbrekende instrument in verhoudings wanneer die persoon erg selfgerig is. Die skrywers sê dat verantwoordelikhede ondersoek moet word met die oog op selfrealisering en –aktualisering, in plaas van die bevrediging van eie drifte en ydele begeertes. Dán word selfliefde 'n krag wat die naaste bevoordeel en verhoudings bou, in plaas van vernedering van ander ter wille van die verhoging van die self.

Volgens Payne (1996:36) word ongeneesde verwerping die "saadbeddings" van bitterheid, woede, vrees, naywer en minderwaardigheid. Sy en Seamands (2002:102-103) sê albei dat hierdie negatiewe gevoelens die manier waarop medemense aangehoor, behandel en waargeneem word, impakteer. Payne voer aan dat mense se beste voornemens dikwels verkeerd geïnterpreteer word én hulle word ook die teikens van die verwerpte se giftige houdings. Gevolglik kan naasteliefde nié uitgeleef word nie. Schomp (1977:38) se slotsom is dat kinders naasteliefde sal leer deur hulle ouers se onvoorwaardelike aanvaarding en liefde wat tot selfaanvaarding en –waardering sal lei.

Sorge (1999:28, 57) is daarvan oortuig dat God diegene sal salf en bemagtig wat eerder die harte van ander vir sy **Seun** in plaas van vir **hulleself** wil verower. Hy meen dat verwerping nié meer sal kwes as **Jesus** die enigste bron van aanvaarding is nie.

### 4.6.3 Blaamverskuiwing

In die Paradys het die eerste mensepaar alreeds meesterlik die blaam van hulleself verskuif na die slang. Welch (1997:74, 90) voer aan dat die wêreld die vrees vir mense aanmoedig deur die verskuiwing van blaam. Hy en Thurman (1999:23) sê albei dat sommige mense slagoffers bly – hulle verskuif die blaam vir hulle gevoelens en optredes na alles en almal, asook na tekorte in verhoudings van die verlede. Die **oorsake** van 'n daad mag aan ander toegedig word, maar die **effekte** word geensins verwyder nie. Thurman voeg by dat elke mens sélf sy denkwyse oor negatiewe gebeure kies en

niemand anders as homself kan blameer nie. Joubert (2003:62-63) en Smit (2004:10-12) bevestig dat:

- 'n persoon kan kies om die negatiewe herinneringe te versag / vererger óf uit te vee en te vervang met goeie beelde
- die maniere van onthou bepaal hoe die persoon met die huidige omstandighede sal omgaan.

Adams (1972:16-17) protesteer juis teen die woorde "verstandelike siekte" om te verwys na mense se probleme en mislukkings sonder getuienis van enige organiese probleme. Hy sê die Bybel praat eerder van **sonde** – mense ignoreer God se woorde oor hulle probleme en hul siekte is dan die **resultaat**, nie die oorsaak van die probleem(e) nie. Adams meen die benaming verstandsongesteldheid ("mental illness") in plaas van sonde, vernietig hoop want God hét 'n oplossing vir sonde. Volgens Adams (1972:17) neig die mediese model juis om die mens se eie verantwoordelikheid te vernietig – die persoon se siekte word toegeskryf aan sy ouers se optrede / traumatiese ervarings van die verlede. Hy wys daarop dat die gewete dan verhard en onsensitief word vir God se Woord, asook ruiterlike herkenning en erkenning van sonde word moeiliker.

Bevere (1998:76-77) en Evans (2004:199, 205-206) stem saam dat mense verskonings / sielkundige redenasies vir sondes / vleeslike handelinge en onvermoëns aanvoer sodat emosies onveranderd bly. Bevere sê die duiwel oortuig die mens dat persoonlike verandering onnodig is as gevolg van die "uniekheid" van sy saak en situasie. Só verklein Satan altyd sondes en mislei die mens. Jak. 1:22-24 verwys na selfmisleiding wat volgens Anderson (2000:189) een van die kanale is waardeur Satan probeer om die mens van God se waarheid weg te hou en hom te mislei om sý leuens te glo.

Die teoloog-psigiater Minirth (1977:148-150) vind dit interessant om sommige psigiatriese beskouings met dié van die Bybel te vergelyk, byvoorbeeld die beskrywing van die "sensuele vrou" in Spreuke kom ooreen met haar psigiatriese profiel. Vir Minirth illustreer dit dat die Bybel vandag nog nét so modern en relevant is as in die vroeë kerk. Dit staaf Adams (1972:22-23) se verklaring dat God, sonde en die mens in elke era nog dieselfde is, en dat mense se basiese probleme en God se basiese oplossings, onveranderd bly. Bevere (1998:77) beklemtoon dat slegte behandeling in die verlede

nié 'n "paspoort" vir uitsondering verskaf nie. Seamands (1998?:74), Anderson (1993:182) en Bevere (1998:71) bevestig dat álmal volgens die Bybel: sondaars is (Spr. 20:9; Rom. 3:9, 23; 1 Joh. 1:8); as individue eendag voor God sal staan om geoordeel te word (Pred. 12:14; 2 Kor. 5:10; Heb. 4:13; 1 Pet. 4:5); verantwoordelik is vir wie hulle is, wat hulle word en hoe hulle op God gaan reageer (Rom. 12:4; Gal. 6:5). Evans sê die inisiële seer is dalk nie die persoon se skuld nie, maar die **beheer** oor toekomstige optrede(s) wél.

Bevere konstateer dat die greep van die verlede op 'n menselewe deur die kruis vernietig word. Die huis waarin 'n mens grootgeword het, definieer nié 'n mens se identiteit nie, want laasgenoemde kan deur God getransformeer word (Evans, 2004:203).

As predikant het Evans (Evans & Billington, 1994:18, 23) deur die jare 'n wye verskeidenheid reaksies op teleurstellings en slegte kinderjare waargeneem – die persoon wat besluit om op 'n positiewe, Goddelike manier op probleme / negatiewe ervarings te reageer, het die verantwoordelikheid aanvaar om te vergewe; na God te draai; en met hulle lewens voort te gaan. Ander het hulle wonde gelek; hul families blameer; en geweier om in die hede verantwoordelikheid te aanvaar en reg op te tree.

### 4.6.4 Gebondenheid

Deur die eet van die verbode vrug, het Adam en Eva ter wille van persoonlike voordeel gekies om die Een wat hulle as vry mense geskape het, te verwerp en Satan, wat hulle wou vernietig en God se plan vir hulle lewens bespot het, te gehoorsaam (Evans & Billington, 1994:242). Satan wil, volgens Evans (2004:33) die mens permanent bind deur probleme en seer. Seamands (1998?:50-52) beweer dat verwerping dikwels gepaardgaan met 'n lae selfbeeld wat menslike potensiaal vaspen, asook drome en visie vernietig. Hy en Evans betreur die feit dat God se groot planne vir elkeen se lewe onvervuld bly omdat Satan die persoon laat dink dat hy waardeloos en onbevoeg is, ook vir Christelike diens.

### 4.6.5 Beskermingsmaatreëls teen ouerverwerping

Soms probeer mense produktief funksioneer terwyl hulle lewensbeserings verduur (Evans, 2004:16). Hy sê mense se daaglikse wegkruipery agter maskers van sukses,

selfvertroue, geleerdheid / politieke korrektheid ter wille van emosionele oorlewing, hulle emosionele groei belemmer. White (2004:133) reken dat 'n **letsel** en 'n **masker** verskil – laasgenoemde versteek innerlike pyn terwyl God 'n letsel oor die traumatiese psigiese gebeure vorm sodat losmaking deur sy genesende liefde en krag volg.

Mense gebruik selfbeskermende meganismes om hulleself teen die herhalings van die seer te "insuleer". Ontkenning is een van die mees algemene metodes om nadelige gevoelens te omseil. Volgens Billington (Evans & Billington, 1994:89-91) blokkeer dit die helingsproses; die mure laat die pyn voortduur en verwek teenproduktiewe gedrag en sonde, soos beheer en manipulering, woede of obsessiewe optrede; maar die ergste is dat Jesus verhinder word om die wonde van die verlede te genees.

Sorge (1999:3-4) wys daarop dat distansiëring van ander uit vrees vir verwerping die volle bevrediging in Godgegewe verhoudings beïnvloed, asook mense verstrik in gedragspatrone wat vasbind aan die bitterheid van die verlede. Uiteindelik word beskermende mure 'n tronk sonder ontsnapping van frustrasie en wanhoop (Evans, 2004:26).

### 4.6.6 Die kind se innerlike belewenis van verwerping

Die kind belewe, volgens Hepden (1992:10), verwerping vanuit drie hoeke: gees, liggaam en siel.

- **Gees**

Volgens Hepden (1992:11) en Hills (2000:63-64) lê die mens se waardes, geaardheid en karakter in sy geestelike hart; die geestelike bron waaruit sy lewensreaksie vloei. Daarom sê Spreuke 4:23: "Bewaak jou hart .... want daaruit is die oorsprong van lewe." Die Nuwe Testament bevestig dit in Luk. 6:45. Al weier die verstand soms om die verwerping te erken, is die pyn en wonde in die gees (Spr. 15:13) en kan 'n gekneusde / verguisde gees 'n verminkende effek hê (Spr. 18:14). In Peretti (2002:52) se lewe het sy verwonde gees hom daagliks ingeperk en seergemaak.

Volgens Hills (2000:59) ervaar die mens ook gevoel en emosie in sy gees. Hy sê die gemoedstoestand speel 'n belangrike rol in die emosionele hantering en verwerking van

negatiewe gevoelens. Spr. 17:22 – "'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog."

- **Liggaam**

Wanneer mense nie hulle ware gevoelens uiter nie, "roep" hulle uit deur middel van pyn en siektes, verál waar onbewuste griewe bestaan (Seamands, 2002:89).

- **Siel / verstand**

Alhoewel die fisiese liggaam die ware persoon huisves, word die persoonlikheid gevorm deur die volgende (Hepden, 1992:11):

- intellek (besluitnemings-, keuse- of gedragsarea);
- wil (gedagte-, rede- of weet-area);
- emosies (gevoelsarea).

**Emosie**, die produk van die gedagtelewe, is die "gevoel" deel van ervaring wat saam met die verstand en die wil, 'n mens tot aksie motiveer, asook meestal onbewustelik, gedrag bepaal (Anon, 2002:28–30). Negatiewe emosies ontbloot die verwerpte se diepste behoeftes en reflekteer sy diepste gedagtes: hy meen dat mense hom verontreg het, asook dat God én mense sy behoeftes en begeertes onbevredig gelaat het. Daarom beklemtoon Anon (2002:29, 30) dat negatiewe emosies die resultaat is van sonde, onvergewensgesindheid, bitterheid en wraak.

Intense emosie kan die wil verlam; nugter denke verhinder; en beheer oor die self én 'n situasie gaan verlore (Anon, 2002:29). Elke wedergebore kind van God kan deur middel van die Heilige Gees, beheer oor sy emosies uitoefen. Sodoende sal God se vrede, waartoe hy geroep is, in sy hart kan heers (Fil. 4:7; Kol. 3:15). Christus gee volkome vryheid, óók met betrekking tot die dikterende, oorheersende emosies.

Alhoewel die mens kan kies om sy denke te beheer, beskou Paulus in Rom. 12:2 en 2 Kor. 10:5 **Gods**beheerde gedagtes as deurslaggewend. 'n Negatiewe gedagtepatroon word 'n lewenshouding en skep 'n ideale teelaarde vir depressie (Anon, 2002:22, 25). Die persoon leef verwyderd van God en sy naaste want ál sy verhoudings is deur sondige, selfsugtigheid vertroebel. Die enigste krag wat die denke kan vernuwe en 'n

nuwe lewe uit 'n verslae en sterwende gees kan skep, is die Heilige Gees wat daagliks elke gedagte gevange kan neem tot gehoorsaamheid aan Christus (2 Kor. 10:5).

Ná volkome oorgawe van emosies, wil en verstand aan die Heilige Gees, sal die gelowige begin groei in kwaliteit liefde vir God, sy geliefdes én sy medemens. Dán sal die liefde van 1 Kor. 13 uitgestraal word.

### 4.6.7 Christus, die bron van genesing

Hoe waar is Prince (1993:17) se woorde nie dat 'n "Godsdienstige verband" oor die "ontsteekte" wond(e) nié heling sal bring nie – nét die Heilige Gees kan die bron van die probleem ontbloot en verwyder, daarná kan God heling bewerkstellig.

Jesus kan ook die vloek van gebroke verhoudings as gevolg van verwerping, heelmaak. Volgens Efes. 1:6 en Heb. 2:2 het Jesus die skandvlek op Hom geneem sodat die mens, in plaas van vernedering en skande, sy seën kan ontvang.

Billington (Evans & Billington, 1994:8) wys daarop dat Jesus nie nét die baasraak van die lastige probleme van die verlede nie, maar ook heling belowe. Baasraak beteken verdra van die bestaande situasie(s); **heling** beteken egter die verwydering van die negatiewe gevoelens, asook vryheid tot 'n vervullende verhouding met God en ander.

Prince (1993:61) konstateer dat Christus elkeen se verwerping aan die kruis gedra het, gepaardgaande met ál die skande, veraad, sielesmart en hartseer (Fil. 2:8; Heb. 12:2). Volgens die skrywer vind 'n ruiling plaas: die mens kry aanvaarding as gevolg van Christus se verwerping deur mense (Jes. 53:3) én God (Matt. 27:45-51); Hý dra die onheil / slegtighede / hartseer sodat die méns die goeie dinge en vreugde kan ontvang.

Volgens Gibson & Gibson (1992:42) bereik die Heilige Gees areas van die psige waar woorde en ander maatreëls magteloos is; nét God se liefde kan die slegte gewoontepatrone van 'n leeftyd omdraai. Crabb (1987:105) sê ook dat die Here belowe om te doen wat geen sielkundige ooit kan hoop om te doen nie. In Joh. 4:13-14 belowe Jesus om vir altyd die mens se sieledors te les deur die ewige lewe wat die Seun van God gebring het (vergelyk ook Joh. 6:35). In Joh. 8:32 word volkome vrymaking deur die waarheid belowe. Omdat Jesus sélf vrymaak, sal dit 'n vryheid wees wat nét God kan

bring – 'n positiewe vryheid om Jesus te dien en 'n indirekte vrystelling van drie aaklige monsters: sonde, die self en Satan (Boice, 1976:354). Sonde, die teenoorgestelde van waarheid, is 'n pad wat weglei van God (Grayston, 1990:78-79).

Jesus is die weg, die waarheid en die lewe (Joh. 14:6):

- Hy is die enigste **weg** tot die Vader omdat Hy volkome Bemiddelaar en Verlosser is (Boice, 1978:122; Carson, 1991:491);
- Jesus is die **waarheid** omtrent God (Boice, 1978:122-127; Grayston, 1990:116-117);
- Jesus is ook die geestelike **lewe**, die inherente kwaliteit wat die Seun besit as gawe van die Vader (Grayston, 1990:116-117). Die aanvaarding van waarheid lei tot groter vryheid en lewenskragtigheid, en daarom tot lewe (Brodie, 1993:461-462).
- Omdat Hy die bittere kruisweg geloop het, kán Jesus sê: "Ek is die weg .... niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

Jesus het ook gekom om **lewe in oorvloed** te gee (Joh. 10:10). Die Griekse woord *perissos* ("oorvloed") beteken gewoonlik 'n oorskot (Boice, 1977:91-92). Daarom sê die skrywer, is God se genade méér as genoegsaam en sy guns eindeloos. Vir Carson (1991:385) is dít die beste manier van lewe.

### 4.6.8 Samevatting

- Die mens se soeke na liefde, veiligheid en waarde buite God lei tot sondige, destruktiewe optrede teenoor mense.
- Vrees vir mense word hoër geag as vrees vir God.
- Die mens omseil die verantwoordelikheid vir sy eie optredes deur sy ouers en die pynlike verlede te blameer. Hierdeur mislei hy homself en verhinder sonde belydenis en bekering.
- Elkeen moet voor God verantwoording doen vir sy eie sonde en kan kies om die toekomstige optredes te beheer.
- God bepaal die mens se identiteit en nié sy ouerhuis nie.
- Satan wil mense lewenslank aan hulle waardeloosheid en onbevoegdheid vasbind, sodat God se planne vir hulle verydel word.

- Mense beskerm hulleself teen verwerping deur uiteenlopende optredes wat hulle verhoudings met mense verhinder / belemmer, asook Christus se genesing uitsluit.
- Christus, die gekruisigde, is die enigste Bron van genesing vir innerlike wonde; die Vrymaker van kettings van die verlede; en die Gewer van oorvloedige lewe.

## 4.7 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS

Uit die basisteoretiese verkenning van die verband tussen ouerverwerping en disfunksionele sosiale verhoudinge, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word: Ouers moet hulle kinders voorberei om van God afhanklik te wees in plaas van hulleself. Kinders moet **Gods**vertroue in plaas van **self**vertroue aanleer. Dán sal hulle ander se regte respekteer en die werklikheid vreugdevol en vertrouend in die gesig staar in plaas van ontwykend / vol illusies.

**Christus** se opvoedingswyse is sagmoedig en oorredend, konsekwent, geduldig, liefdevol, en Hy het self die voorbeeld gestel.

Alhoewel ouers nooit 'n model vader en moeder soos God sal wees nie, kan hulle wél deur 'n intieme verhouding met Hom, sy liefde aan hul kinders weerspieël. Deur die navolging van Bybelse riglyne, asook met behulp van sy wysheid, hulp, bystand en raad, kan hulle vir hul kinders die regte pad aandui (Spr. 22:6).

Wanneer daar teruggekyk word na die woorde van Spr. 1:9 en 4:9, en die waarde van instruksie, naamlik wysheid, word die uitwerking daarvan op die kind in ander tekste in Spreuke aangedui. Spr. 10:1, 15:20 en 23:24 dui aan dat 'n **wyse** seun wat reg doen, sy ouers verbly en verheug, maar dat 'n **dwase** seun sy vader se ondergang is. 'n Kind met 'n goeie opvoeding bring ook gerustheid by ouers en verskaf vir hulle vreugde (Spr. 29:17). In Spr. 28:7 word gepraat van 'n **verstandige** seun wat hom aan die Here se wet hou en in Spr. 17: 21, 25 van 'n **onverstandige** seun wat ergernis, hartseer en bitter verdriet vir sy ouers besorg. Die waarskuwings en raad met betrekking tot **streng opvoeding en tug** is in Spreuke ook baie duidelik: streng behandeling bring hoop (Spr. 19:18); straf is 'n aanduiding van ouerliefde (Spr. 13:24) en red 'n lewe (Spr. 23:13, 14); en 'n pakslae, asook teregwysing, bring wysheid (Spr. 29:15). Daarenteen sal 'n kind wat sónder dissipline grootword, sy moeder (en vader) in die skande steek (Spr. 29:15). In die ouerhuis veroorsaak 'n kind se dade, optrede en houding wél hartseer en ergernis,

maar sodra hy buite die ouerhuis teenoor ander onwelvoeglik / onmanierlik / verkeerd optree, sal dit die ouer beskaam, bekommer en bedroef. Dit ís moontlik, maar onwaarskynlik, dat die kind verkeerd sal kies, en afwyk van liefdevolle ouerlike vermanings en goeie opvoeding. Daarom dui Spreuke vir die navorser aan dat goeie sosiale verhoudings hoofsaaklik vanuit die ouerhuis geïnisieer word.

Permissiwiteit en begunstiging is nie God se wil vir oueropvoeding nie. God self straf sonde, en toon ook in Heb. 12:5-11 dat Hy liefdevol en doelmatig straf. Eli se seuns (1 Sam. 2:15-17) het sekerlik die volk se respek verloor, en hulle sedeloosheid in 1 Sam. 2:22, toon disrespek vir 'n vrou, asook die onvermoë tot enige standvastige verhouding met 'n vrou. Dawid se slap dissipline het gelei tot 'n wanordelike huishouding, en uiteindelike opstand en burgeroorlog.

In die Nuwe Testamentiese tyd het sommige ouers miskien uit woede of frustrasie gestraf. Tug sou dan die kind seergemaak of ontmoedig het, in plaas van ontwikkel. Dalk het Paulus die kinders se reaksies op ouers se onredelike of verkeerde optrede gesien en as gevolg daarvan ouers vermaan (Ef. 6 en Kol. 3). Hierdie verkeerde optredes van ouers kon ook as verwerping ervaar word. Paulus se vermanings is navolgenswaardig en gebaseer op wedersydse respek tussen ouer en kind, asook op Goddelike riglyne.

Waar almal in die ouerhuis Christus as verlosser aanvaar, sal Hy die krag en leiding gee om vredevol saam te lewe. Ouers en kinders mag wél fouteer, maar oorgawe aan Christus sal sekerlik nie net die ouer-kind verhouding verbeter / bevorder nie, maar uiters belangrik wees vir die kind se toekomstige sosiale verhoudings. Die gesag en respek, waardes en sedes, asook eerbare gedragspatrone, wat kinders in die ouerhuis gaan leer, sal oorspoel in hulle latere optrede teenoor ander.

Die mens het in die paradys dwaaslik God se volkome voorsiening vir die bevrediging van ál sy behoeftes, verwerp. Daarná, en nou nog, probeer hy naarstiglik, buite God, op sy eie manier liefde, sekuriteit en waarde verkry. Die vrou by die put in Joh. 4 is 'n goeie voorbeeld van 'n soekende mens wat nóóit deur mense die gapings in haar siel kon vul nie. Nét Jesus kon haar sieledors les; en haar emosionele tenk laat oorloop sodat sy die lewende water aanhoudend oor almal kon uitgiet (Joh. 4:14; 7:38).

Die afhanklikheid van mense gaan juis toeneem in kontekste waar: liefde min / afwesig is; angs in plaas van veiligheid voorkom; die kind afgekraak is en 'n lae selfwaarde het. Die enigste oplossing is om weer by die Bron en Bevrediger van hierdie behoeftes uit te kom – God, die Skepper. Dán sal die mens weer sy naaste onselfsugtig kan dien, in navolging van Jesus se voorbeeld in Joh. 13:4-5.

Terwyl die verwonde / verwerpte mens sy verantwoordelikheid ontduik en ander blameer, sal hy vasgeketting bly aan die verlede. Dit is elkeen se keuse of hy Christus wil aangryp en sodoende sy oorspronklike, Godgegewe identiteit verkry. Andersins sal hy lewenslank 'n slagoffer bly. Sy destruktiewe optrede sal sy sosiale verhoudings vermink en mense om hom benadeel, teleurstel en seermaak.

Die navorser se oortuiging is dat niks in die verlede, hede of toekoms groter is as God se liefde, barmhartigheid en genade nie (Ps. 145:8; Rom. 5:2, 15; 1 Kor. 15:10; 2 Tes. 2:16-17). Waar die mens in 'n verkeerde denkwyse van waardeloosheid vasgeval het, kan God se waarheid ál die donker plekke belig en álle vestings neerwerp. Al die leemtes van 'n verwerpte mens kan deur Jesus gevul word sodat hy 'n bruisende lewe kan ervaar!

## 4.8 SLOT

In hierdie hoofstuk is basisteoretiese perspektiewe neergelê oor die Skrif se uitsprake van: God se model vir ouers; God se bemoeienis met en houding teenoor die kind; die ouer-kind verhouding; die ouer-huis as basis vir gesonde menseverhoudings; asook ouerverwerping en die gevolge daarvan. In die volgende hoofstuk word prakties-teoretiese riglyne gebied vir die pastorale berading van die volwassene wat in sy / haar kinderjare ouerverwerping ervaar het.

HOOFSTUK 5

# PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEDIENING VAN VOLWASSENES WAT IN DIE KINDERJARE DEUR HUL OUERS VERWERP IS

## 5.1 INLEIDING

In hoofstukke 2 tot 4 van die studie is die een deel van die navorsingsvraag bespreek, naamlik: Watter verband is daar tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en die ouerverwerping wat hulle as kinders ervaar het? In hoofstuk 5 word die volgende deel van die navorsingsvraag beantwoord: Watter riglyne kan aangebied word vir die pastorale berading van hierdie volwassenes?

Die Prakties Teologiese riglyne sal uitgewerk word deur die volgende sake te bespreek: praktykteorie, pastorale beradingsriglyne, die ryke oes van die seer van verwerping, groei as gevolg van verwerping en God se beloftes en troos.

### 5.1.1 Praktykteorie

#### 5.1.1.1 Die benaming praktykteorie

Vir Heitink (1999:233) lei die kennis van spesifieke reaksies in 'n konkrete situasie na praktiese riglyne vir aksie. Pieterse (1993:52) voer aan dat 'n praktykteorie vir elke mededeelsame handeling ontwerp word. Die bevindinge van die empiriese ondersoek word in ervaring reflekterend op 'n hermeneutiese verstanende wyse in interaksie gebring met die bestaande praktykteologiese teorie (Heyns & Pieterse, 1990:86). Daar is dus kritiese interaksie tussen teorie en praktyk waarin die teorie oopstaan vir bystelling en verstelling deur die ontwerp van nuwe teologiese konsepte. Bestaande konsepte word geslyp / herformuleer / uitgebou (Heyns & Pieterse, 1990:86). Hieruit vloei 'n Skrifgetroue praktykteorie. Die praktykteorie in hierdie navorsing funksioneer voorskriftelik (Van den Berg & Dreyer, 1995:215).

In die ontwerp van riglyne vir pastorale berading is daar gebruik gemaak van die beradingsmetodes van die Filadelfia Opleidingsentrum (Anon, 2002) en dié van Egan wat hy in "The Skilled Helper" (1994) voorgestel het. Alhoewel die navorser van hierdie driefase model gebruik gemaak het, was die keuse en volgorde van alle afdelings en onderafdelings dié van die navorser, aangepas om die probleem van verwerping aan te

spreek. Géén outeur het opeenvolgende stappe aangedui om die probleme van ouerverwerping by volwassenes aan te spreek nie. Die navorser het wél, soos in die metode aangedui is, gebruik gemaak van inligting uit die literatuur en eklekties daarmee omgegaan ter versterking van argumente.

## 5.2 PASTORALE BEDIENINGSRIGLYNE

### 5.2.1 Inleiding

In die Pastorale riglyne sal die rol van gebed in die beradingsproses bespreek word en daarna drie fases, naamlik: Fase 1: Eksplorasie van die probleem (Waar is jy?); Fase 2: Visie en keuse (Waar wil jy wees?); en Fase 3: Strategieë met die oog op verandering (Hoe gaan ek daar kom?) (Anon, 2002:3, 9, 12).

Die benamings van Fase 1-3 is dié van Filadelfia Opleidingsentrum, naamlik Fase 1: Eksplorasie; Fase 2: Visie en keuse; Fase 3: Strategieë. Fase 4: Beloftes is deur die navorser self bygewerk. Onderafdelings wat in die berader se opinie aandag moes kry of geïdentifiseer moes word, is saamgestel na aanleiding van verskillende outeurs.

### 5.2.2 Die rol van gebed in die beradingsproses

Die belangrikste van die hele helingsproses is gebed. Gschwend-Bosch (2000:84) asook Hepden (1992:59) beklemtoon dat duidelikheid nodig is met betrekking tot die benodigde gebedsareas, nl. vir watter wortels en vrugte van verwerping gebid moet word. Prince (1993:17) sê die hart moet in gebed vir die Heilige Gees oopgemaak word om die probleem te openbaar, veral in Fase 1. Dán alleen sal vrymaking en genesing kom, en sal die gesindheid teenoor God, die self, die medemens en die lewe ten goede kan verander. Aan die einde van Fase 1 is gebed nodig om die beradene te bring by die verbintenis tot konstruktiewe verandering. Gebed is ook in die ander twee fases nodig: in Fase 2 om die beradene te help om 'n nuwe toekoms te visualiseer, asook om keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar; en in Fase 3 om die beradene deur die pynlike herinneringe te lei sodat Jesus Christus kan aanraak en heel (vergelyk 5.2.5.3.1); met die verwerping van leuens en vervanging met die waarheid; en veral ten opsigte van vergifnis (vergelyk 5.2.5.6.1).

### 5.2.3 Fase 1: Eksplorasie (Waar is jy nou?)

In **Fase 1** sal aandag gegee word aan die doel van die fase; selfopenbaring en begrip van die probleem; daarna aan identifisering van verskeie aspekte.

#### 5.2.3.1 Die doel van Fase 1

Die **doel** van Fase 1 is die volgende:

- dat die **berader** moet verstaan waar die beradene of gespreksgenoot hom / haar in sy / haar wêreld bevind met betrekking tot sy denkprosesse, gevoelens, gedrag, geloof en waardes; verhoudings met ander; verdedigingsmeganismes; die sisteem waarbinne hy beweeg; en die moontlikhede ten opsigte van verandering;
- dat die **beradene** sal weet / verstaan wat sy probleem is; waarom hy dink, voel en optree soos hy dit wél doen; wat nodig is om die probleem te hanteer; dat hy homself moet verbind tot konstruktiewe verandering (Anon, 2002:34-35).

#### 5.2.3.2 Selfopenbaring en begrip / besef van die probleem

Vir die verstaan van die self en die probleem, moet daar gelet word op die instrumente, struikelblokke en voorwaardes vir verstaan.

##### 5.2.3.2.1 Instrumente vir verstaan

Volgens Crabb (1987:146) bestaan drie **instrumente** tot selfontbloting; nl. God se Woord, God se Gees en God se mense.

- **God se Woord**

Die lig van God se Woord kan die pyn en muur van verdedings openbaar; deurdring tot 'n persoon se diepste gedagtes en geloofsoortuigings oor die self, met ander woorde, tot álle wanpersepsies; en verkeerde / vals oortuigings regstel (Craddock, 1993:5; Seamands, 1998?:75).

- **God se Gees**

As die hart vir die Heilige Gees oopgemaak word, sal Hy die bron van die probleem openbaar en dit uit die hart verwyder.

- **God se mense**

'n <u>Pastorale berader</u> is volgens Seamands (2002:131) 'n *tydelike assistent* van die Heilige

Gees – tydelik omdat die doelwit totale afhanklikheid van die Gees is. Crabb (1997:46, 52) sê God se mense kan: met 'n hulpsoekende verbind deur te **luister** in plaas van raad te gee; omhels in plaas van te probeer ondersoek; uitstort wat in hulle is afgesien van die koste; die persoon sien soos God hom sien; 'n visie hê van wat die persoon in Christus kan word. Die Here gaan ander Christene se tonge en aanraking gebruik om na die verwarde uit te reik.

#### 5.2.3.2.2 Struikelblokke vir verstaan

Renn (1989:12) noem twee redes waarom baie mense selfontbloting weerstaan: selfbeskerming teen konfrontering van die weggesteekte / onderdrukte pyn; en beskerming van die ouers want bewuswording van hulle "foute" is pynlik (vergelyk 2.6.3). Volgens Craddock (1993:3) benodig God egter **eerlikheid en waarheid** én begeer dat elkeen sy liefde, krag en vergifnis in álle lewensareas sal ondervind:

- **Eerlikheid** in verband met die self, gevoelens, die negatiewe ervaringe en die verlede word benodig. Evans & Billington (1994:23, 93) sê vryheid vereis eerlikheid, en laasgenoemde vereis nederigheid, asook afhanklikheid van God. Die skrywers sê **weghardloop** van die donker herinneringe is dalk moontlik, maar nie **wegkruip** nie.
- **Waarheid** moet aanvaar word vir vrymaking en die mure van ontkenning moet afgebreek word anders sal die pyn voortduur. Evans (2004:61) beaam dat voorgee in God se teenwoordigheid die loslating verhinder want ontkenning blokkeer bevryding. Selfopenbaring is 'n eksplorasie en ontdekking van die hede én die verlede ter wille van insig in die persoon self, sy gevoelens en sy verlede.
- **Self:** 'n Besef van die omvang van die seer en gevolge daarvan; en daarná 'n bewustelike herlewing en deurwerk van die verwerping. Renn (1989:13) meen dat insig in die ouers se dade / optrede ontoereikend is. Die verwerping moet op bewustelike vlak herleef en deurgewerk word sodat die persoon kan ophou om die haat op ander te projekteer in plaas van om die verwoesting van sy eie self en verlede te sien.
- **Emosies:** Uitdrukking van woede, bitterheid, seer, hartseer, skaamte en verlies, is noodsaaklik; en daarná die treur oor verliese soos die gebrek aan ontoereikende omgee / versorging / liefde.
- **Verlede:** Hemfelt, Minirth & Meier (1997:184) praat van 'n "inventaris" van die verhoudingsgeskiedenis, nl. identifisering van ál die mense wat 'n stempel op die persoon se lewe afgedruk het, hom beïnvloed en seergemaak het. Die wonde, sere

en herinneringe van die verlede moet erken word, asook die verwarring en onsekerhede.

#### 5.2.3.2.3 Voorwaardes vir selfverstaan

Vir selfopenbaring stel Renn (1989:124–125) drie stappe voor. Die beradene moet:

- besluit om die waarheid omtrent homself, sy lewe en die verlede te konfronteer, al is dit pynlik;
- 'n ondersteuningsbasis uit die persone wat hom liefhet, kry;
- selfbeskermings-strategieë, wat die waarheid vermy, loslaat (vergelyk 2.7.3 en 4.6.5). Crabb (1987:165) sê ook dat opgee van verdedigingsmeganismes belangrik is omdat hulle die ware self en die pyn wegsteek. Sodoende bly die doelwitte onderliggend aan die gedrag, ongeïdentifiseerd.

### 5.2.3.3 Identifisering van probleme

In die begeleiding van die volwassene met sosiale verhoudingsprobleme, is dit noodsaaklik dat die volgende aspekte geidentifiseer word: verdediging / hanteringsmeganismes; emosies en die uitdrukking daarvan; die verband tussen vals geloofsoortuigings, emosies en gedrag; selfpersepsie; bronne van aanvaarding en goedkeuring; selfverkleinering / negatiewe selfspraak; gewoontepatrone in verhoudings; verkeerde gedagtes, houdings en gedrag.

#### 5.2.3.3.1 Identifisering van verdedigings- / hanteringsmaganismes

Al drie die gespreksgenote het op hulle eie manier die ouerverwerping hanteer. Hierdie verdedigingsmeganismes moet herken en erken word. Carr (1988:45-46) konstateer dat verdediging selfbedrog is en gebruik word ter wille van sekuriteit, vertroue en oorlewing / eie gemoedsrus. Lewensbeheer sal kom wanneer die volle waarheid omtrent die self gekonfronteer word. Die beradene moet homself afvra watter strategieë gebruik word om van die verwerpingspyn weg te hardloop, byvoorbeeld onttrekking / op 'n afstand hou; onderdrukking; aggressie / woede; maskers wat wegsteek wie hy is; fantasie; ontsnappers (alkohol / dwelms / seks) (2.7.3 en 4.6.5).

#### 5.2.3.3.2 Identifisering en uitdrukking van emosies

Forward (1989:195) ag dit noodsaaklik dat geblokkeerde gevoelens na die oppervlakte ge-

bring moet word (vergelyk 2.7.2 en 4.6.6). Smit (2004:18) sê **onthou** is ter wille van herstel en nuwe lewe, terwyl **vergeet** eers kom nadat pynlike ervarings afgesluit is.

Herkenning en uitdrukking van emosies help om:

- vals, vernietigende gelowe en uitsprake, asook destruktiewe gedagtes te identifiseer (Springle, 1993:146);
- insig te verkry in die worteloorsaak van gevoelens en reaksies, asook doelwitte onderliggend aan gedrag;
- te besef dat seer emosies nie net sal verdwyn nie – innerlike genesing word benodig verál deur gebed;
- te besef dat onderdrukking van gevoelens nie die oplossing vir die pyn en wonde is nie;
- te besef dat seer 'n onvermydelike deel van hierdie gebroke wêreld is, maar dat die pyn van die verlede nié die hede moet beheer en die hoop vir 'n positiewe toekoms moet verpletter nie (Evans, 2004:25);
- te besef dat dit reg is om seer te hê want pyn is 'n bewys van lewe (Crabb, 1987:173).

Daarom raai Crabb (1987:188) die volgende met betrekking tot emosies aan:

- voel / ervaar die emosies ten volle, sonder om hulle te vermy;
- gebruik die emosies om te evalueer wat hulle openbaar oor jou gelowe / beskouings, doelwitte en gedrag;
- wees vry om emosies uit te druk, maar beperk die uitdrukking deur die doelwitte van liefde. Weiering van uitdrukking is 'n selfbeskermende toewyding om verwerping en kritiek te vermy. Sodoende word die vermoë om te verbind en vreugde te vind, verloor.

Die berader kan die beradene begelei om sy emosies te identifiseer deur die volgende stappe te volg:

- **Sirkel** op die negatiewe emosiekaart (Bylaag C) huidige emosies. Plaas die emosies in orde van belangrikheid, van 1 – 5 (met no.1 die sterkste emosie.)
- Maak 'n **kruisie** langs die emosies wat in die verlede (in die kinderjare) ervaar is. Plaas die emosies in orde van belangrikheid van 1 – 5.

- Omskryf hierdie emosies: byvoorbeeld indien no.1 woede is, skryf die rede(s) en voorwerp van die woede.

**5.2.3.3.3 Identifisering en herroeping van die pyn**

By die gespreksgenote is herlewing van die seer nodig vir die deurwerking daarvan. Die persoon moet die geleenthede toe sy pa / ma / albei hom seergemaak (verwerp) het, herroep deur die volgende vrae te beantwoord:

- Wat het gebeur en wat is gesê?
- Wat was die beskouing / geloof as kind daaromtrent, met ander woorde wat het die persoon toe vir homself gesê?
- Hoe het hy toe gevoel?
- Hoe het hy toe opgetree / dit hanteer?
- Watter leuens het hy daaromtrent bly glo?
- Hoe het dit sy gevoelens en reaksies / optredes teenoor mense bly beïnvloed?

(Bylaag D – Deel 1)

**5.2.3.3.4 Identifisering van die verliese en ervaring van verdriet**

- **Verliese**

Die gespreksgenote het almal die verliese, wat hulle in hul kinderjare as gevolg van ouerverwerping ervaar het, erken. Forward (1989:228) wys daarop dat verliese self-waarde ontneem en pynlik is. Vertraagde verdriet sal herhaaldelik terugkeer; die persoon bybly; en goeie gevoelens inhibeer. Daarom is identifisering van die verliese belangrik sodat die verdriet ervaar en deurgewerk kan word. Die beradene moet begelei word om die volgende vrae te beantwoord:

- ➢ Wat het hy in sy kinderjare gemis, byvoorbeeld goeie gevoelens oor homself; veiligheid; vertroue; vreugde en spontaniëteit; versorgende, respekvolle ouers; onskuld, liefde en kindwees (Forward, 1989:227);
- ➢ In watter mate gebruik hy nog in die hede die beeld van die "beroofde kind", en hoe laat dit hom optree? (Carr, 1988:19).

- **Verdriet**

Verdriet is 'n reaksie op die ervaring van verlies. Anon (2002:42) voer aan dat die besef

van die onomkeerbare werklikheid en die onvervangbare verlies gevolg word deur kwaai hartseer en verdriet. Van die beradene word die volgende verwag:

- Erkenning van sy gevoelens en toelating om só te voel.
- Voel, bepeinsing, hantering en herlewing van die pyn en hartseer in verband met die verliese. Gee selfs daaraan uitdrukking, volgens behoefte en aanleg – skryf 'n brief / briewe óf gedig(te); hou 'n dagboek; skilder / doen beeldhouwerk.

#### 5.2.3.3.5 Identifisering van onbevredigde behoeftes

Die gespreksgenote was kwaad vir hul ouer(s) en het seergemaak, tenagekom of gekrenk gevoel omdat hul behoeftes onbevredig gebly het (vergelyk 3.6.1.2, 3.6.2.2, 3.6.3.2 en 4.6.2). Daarom word die beradene gevra om na die emosionele behoeftes in Bylaag E te kyk en die volgende opdragte uit te voer:

- Skryf 'n persoonlike definisie van elkeen neer.
- Watter van hierdie behoeftes is nie deur ouer(s) bevredig nie?
- Hoe het ouers se optrede die persoon laat voel en optree?

Thurman (1999:272) sê twee kragtige emosies word ervaar wanneer emosionele behoeftes onbevredig bly, naamlik seer en woede.

Die beradene moet nou die volgende opdragte uitvoer aan die hand van Bylaag F:

- Skryf vyf lewensgebeure neer wat huidiglik die gevoel van seer- of kwaadmaak opwek.
- Identifiseer watter van die vyf maniere gebruik word in reaksie op seer en woede.
- Watter uitwerking het dié reaksies op die persoon se menseverhoudings?

#### 5.2.3.3.6 Identifisering van vals geloofsoortuigings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag

Crabb (1989:174) konstateer dat emosies begrip kan bring in verband met geloofsoortuigings / beskouings en gedrag (vergelyk 2.4.4, 2.7.2, 4.6.2 en 4.6.6). Volgens Forward (1989:191–192) sal die groeiproses en lewensverandering éérs plaasvind wanneer jy bewus word van die verband tussen jou verkeerde geloofsoortuigings, negatiewe gevoelens en gedrag teenoor jou ouers. Geloof behels diepgewortelde houdings, waarnemings en konsepte omtrent mense, verhoudings en moraliteit. 'n Geloof (gedagte) soos: "Ek sal nooit slaag nie omdat my ouers gesê het ek is dom", lei tot

moedeloosheid en oorweldiging / oorwonnenheid. Sulke vals gelowe was baie opmerklik in die lewens van die gespreksgenote. Forward wys daarop dat negatiewe gelowe selfverydelend is. Dit verhinder 'n mens om 'n onafhanklike, aparte persoon te word; dit kweek woede en 'n wrok; en dit behou die ouer(s) se beheer oor die persoon se lewe.

Daar word van die beradene verwag om die volgende te doen:

- Identifiseer die gevoelens, gelowe en gedrag in verhouding met die ouers (Bylaag G-I).
- Plaas 'n "omdat" na elke geïdentifiseerde gevoel (Bylaag G), gevolg deur 'n geïdentifiseerde geloof uit Bylaag H. Sodoende sal die verband tussen vals gelowe en negatiewe gevoelens in verhouding met ouers gesien word. (Vergelyk Forward, 1989:198).
- Bekyk dan weer die gedrag teenoor ouer(s) in Bylaag I; probeer nou die verband tussen die gelowe, gevoelens en gedrag sien.
- Besluit in watter mate hierdie / ander gelowe, gevoelens en gedrag ook na algemene menseverhoudings oorgedra word.

**5.2.3.3.7 Identifisering van negatiewe selfpersepsie**

Al die gespreksgenote het negatiewe selfpersepsies gehad. Die gespreksgenote moet herken en erken dat baie van die opinies oor hulleself gespruit het uit dinge wat ouers vir hulle vertel / te kenne gegee het. Die negatiewe dinge van hierdie definisie kan die volgende insluit: "Ek is sleg / lelik / dom / nie goed genoeg nie." Carr (1988:173) sê dat vryheid en keuse versaak word as 'n mens vanuit ánder se perspektiewe lewe (vergelyk 2.4.4, 2.5, 3.6.1.2, 3.6.2.2, 3.6.3.2, 4.6.2 en 4.6.4).

Die beradene moet homself die volgende vrae afvra:

- In watter mate lewe hy deur ander se persepsies van hom en wat is die gevolg daarvan?
- Wat is sy <u>ouers</u> se persepsie van hom en in watter mate kom hy in volwassenehid daarmee ooreen?
- Wat dink / sê <u>ander</u> van hom?
- Wat is <u>sy eie</u> selfpersepsie?
- Hoe sien God hom?
- Wie gaan hy kies om te glo?

- Die persoon moet 'n lys maak van die ouers se negatiewe boodskappe aan hom. Watter invloed het dit op sy selfpersepsie?
- Wat sê hy in die hede vir homself wanneer hy byvoorbeeld fouteer het óf tevrede is met iets wat hy gedoen het?
- Hoe beïnvloed sy ouers se negatiewe boodskappe sy sosiale verhoudings?

Carr (1988:16–17) meen ook dat verwerptes dikwels grootword met ouers se "stemme" in hul kop. As volwassenes mag hulle onbewustelik hierdie "stemme" gebruik vir sekere optredes. Sy sê hierdie stemme word soms só geïnternaliseer dat dit in ander verhoudings gebruik word met betrekking tot riglyne vir die verwagte soort gedrag: "Jy is goed / sleg"; "Ek vertrou / wantrou jou." (vergelyk 2.7.2)

**5.2.3.3.8 Identifisering van die bronne van aanvaarding en goedkeuring**

'n Groot fout van die gespreksgenote was die aanvaarding en goedkeuring wat hulle van ander begeer en gesoek het (vergelyk 3.6.1.3, 3.6.2.3 en 3.6.3.3). Craddock (1993:5–8) is daarvan oortuig dat die begeerte na aanvaarding verstandelike en liggaamlike druk op 'n persoon plaas om te presteer ter wille van ander se lof en waardering. Vervullende vrede sal egter nooit só gevind word nie (vergelyk 2.4.4 en 4.6.2).

In die pastorale begeleiding van die beradene, moet die volgende stappe gevolg word:

- Identifiseer die bronne van aanvaarding:
  - ➢ Na wie kyk die beradene as die **bron** vir aanvaarding?
  - ➢ Tot watter mate hoop hy nog vir sy aardse ouer(s) se goedkeuring / aanvaarding; en wat doen hy onbewustelik om dit te verkry?
- Identifiseer die **onbewustelike response** wat gebruik word om van ander aanvaarding, liefde en goedkeuring te verkry:
  - ➢ Waarom doen die beradene sekere dinge?
  - ➢ Hoe soek hy aanvaarding by mense? (Vergelyk Carr, 1988:18)
- Identifiseer **mense se rol** in selfaanvaarding:
  - ➢ Hoeveel tyd spandeer die beradene aan denke oor ander se opinies van hom?
  - ➢ In watter lewensareas bepaal ander se opinies van hom, sy waardebewussyn?
  - ➢ In watter mate word sy eiewaarde en selfvervulling versterk deur mense se lof, komplimente, goedkeuring óf aanvaarding?

➢ Hoe voel en tree hy op as hy dit nie kry nie? (Vergelyk Springle, 1993:58). (Vergelyk 2.4.4, 2.7.4 en 4.6.2).

**5.2.3.3.9 Identifisering van negatiewe selfspraak**

Uit die empiriese navorsing (hoofstuk 3) blyk dit dat die gespreksgenote hulleself dikwels verkleineer en afgekraak het (vergelyk 3.6.1.2, 3.6.2.2 en 3.6.3.2). Volgens Carr (1988:173) bevorder selfaanvaarding krag, vertroue en moed vir die navolging van doelwitte. Prince, Key, Reid & Croft (1990?:26) veroordeel selfverwerping want die persoon, as deel van God se volmaakte skepping, word as foutief beskou (vergelyk 4.3.3). Elkeen hét 'n keuse om homself te bemin soos God hom geskape het en te wees wat hy is en nie wat hy doen nie (vergelyk 2.4.4 en 4.6.2).

Die beradene moet negatiewe selfspraak identifiseer deur middel van die ABC-metode (Bylaag J - deel 1):

- Watter situasies ontlok negatiewe selfspraak? **(Aktiveerder)**
- Watter negatiewe dinge sê die beradene vir homself (oor homself)? **(Beskouing)**
- Hoe laat dit hom voel en uiteindelik optree / reageer? **(Chaotiese gevolge)**

(Vergelyk 2.7.2 en 4.6.6).

**5.2.3.3.10 Identifisering van gewoontepatrone in verhoudings**

Al die gespreksgenote wat empiries nagevors is was huiwerig om tot mense toe te tree en / of bang vir verbondenheid (vergelyk 2.7.3, en 4.6.4). Sommige kinders wat negatiewe ervaringe met ouers gehad het, soos verwerping, weerhou onbewustelik lewenslank verbondenheid (Carr, 1988:76–78) (vergelyk 2.7.2 en 4.6.4). Die skryfster voeg by dat ánder in volwassenheid na die veiligheid en gemak van die vroeë jare bly soek.

Die beradene moet sy gewoontepatrone identifiseer (Vergelyk Carr, 1988:78–79):

- Watter gewoontepatrone herhaal / herskep hy in verhoudings?
- Hoe reageer hy nóg volgens die gewoontepatrone van die verlede?
- Watter beloning ontvang hy vir die vasklou aan gewoonte-response?
- Wat probeer hy dalk nog aan sy ouers bewys?

**5.2.3.3.11 Identifisering van verkeerde gedagtes, houdings en gedrag.**

Verkeerde gedagtes, houdings en gedrag het juis die gespreksgenote se verhoudings be-

lemmer. Die beradene moet verstaan dat sy denke oor die ouerverwerping 'n struikelblok is tot God se wil vir sy sekuriteit, vrede, emosionele stabiliteit, bevestiging en aanvaarding (Hepden, 1992:58–59). Eers wanneer die **innerlike** verstandhoudings verander, sal die **uiterlike** lewensaspekte verander (Carr, 1988:160). Volgens Thurman (1999:234) kan die waarheid nie vrymaak totdat die leuen erken is nie:

- Die beradene moet na aanleiding van Bylaag K die leuens, wat hy homself vertel, identifiseer op 'n skaal van 1 – 4: Altyd, dikwels, soms (neutraal), nooit.
- Die beradene moet homself afvra hoe hierdie leuens sy menseverhoudings beïnvloed.

#### 5.2.3.3.12 Identifisering van en berou oor verkeerde optredes

Uit persoonlike ervaring weet Peretti (2002:105, 109) dat die pyn wat 'n slagoffer uitdeel, ander seermaak. Berou is pynlik, maar **nodig** om 'n verandering te bewerkstellig. Volgens 2 Kor. 7:8–10 bring Godvresende hartseer berou, terwyl wêreldlike hartseer die dood bring. Uit die empiriese navorsing (hoofstuk 3) het dit duidelik geword dat elke gespreksgenoot iets gehad het waaroor sy berou moes betoon. Evans & Billington (1994:186) wys daarop dat berou juis die oë open vir sonde en destruktiewe gedrag, asook nederigheid produseer in plaas van selfbeskermende trots. Die beradene moet besef dat ouerverwerping sondig is want dit lei tot verdere sonde teenoor homself (veragting / verkleinering) wat sy potensiaal benadeel, teenoor ander (verkeerde reaksies en optredes), en God (deur afkraking van homself as minderwaardig terwyl hý God se skepsel is – Jes. 45:9–11). Daarom is identifisering van verkeerde denke, gevoelens en optredes nodig.

### 5.2.3.4 Samevatting

Aan die einde van Fase 1 behoort die beradene: te weet wat sy probleem is; homself en sy probleem te verstaan; te besef wat nodig is om die probleem te hanteer; homself te verbind tot konstruktiewe verandering.

## 5.2.4 Fase 2: Visie en Keuse (Waar wil jy wees?)

### 5.2.4.1 Inleiding

Fase 1 moes die beradene al 'n ander perspektief op sy omstandighede gegee het. Die doel van Fase 2 is om die beradene te begelei om 'n visie te ontwikkel vir die toekoms: Waar wil hy graag wees? Watter alternatief het hy in gedagte vir sy probleem? Watter

doelwitte en teikens stel hy? Wie wil hy graag word? Crabb (1997:165) sê die visie wat die berader vir 'n persoon gee met betrekking tot wie en wat hy in Christus kan word, het krag wanneer dit eggo uit 'n Geesgeïnspireerde hart.

In Fase 2 sal die volgende sake aandag geniet: visie en moontlikhede, keuse, verantwoordelikheid en doelwitte, asook toewyding.

**5.2.4.2 Visie en moontlikhede**

Elke gespreksgenoot se denke moet verander met betrekking tot visie en nuwe moontlikhede:

**5.2.4.2.1 Visie**

Om 'n toekoms sonder die probleem te kan visualiseer, moet die beradene:

- in sy verbeelding 'n nuwe werklikheid skep;
- 'n verband tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms ontdek;
- die verlede afhandel en heroriënteer (Anon, 2002:36).

God se oë is op die toekoms (Jer. 29:11). In Fil. 3:13 (1983 vertaling) sê Paulus: *"Ek vergeet wat agter is ... en strek my uit na wat voor is ..."* God beweeg altyd vorentoe en is oppad met elkeen. Die lewe bestaan nie net uit 'n verlede nie, want die hede beweeg na die toekoms. Hepden (1992:63) beskou Hebr. 13:8 as 'n sleutelteks tot innerlike heling van verwerping: Jesus is buite die tyd- en ruimtekonsep, dog deurbreek Hy dit deur die Heilige Gees in sy verhouding met die mens. Hy is vandag dieselfde en daarom kan Hy sekerlik gister se hartseer en probleme, asook die seer van die hede, heel. Dán sal die toekoms anders vertoon.

Brewer & Hewstone (2004:26) wys op die waarde van toekoms scenarios. Dit beïnvloed mense se:

- huidige besluite en gedrag ter wille van die bereiking van hulle teikens;
- prosessering van inligting, met ander woorde toenemende aandag aan aspekte van hulleself en hul omgewing, wat die bereiking van hulle doelwitte bevorder;
- Reaksies op huidige omstandighede – die omskepping van mislukking in sukses.

Vir Evans (2004:128, 263) is visie nié soos sig nie – dit bevestig die ongesiene werklikheid in die ryk van die geestelike verbeeldingsgebied, wat uiteindelik sál manifesteer (Joh. 20:25; Hebr. 11:39–40). As die verwerpte persoon homself begin visualiseer soos God hom sien, sal dit die verwonding blokkeer. Hy sal 'n heel en kragtige mens, sonder letsels, word.

#### 5.2.4.2.2 Moontlikhede

Die beradene moet gehelp word om 'n reeks moontlikhede vir 'n beter toekoms te ontwikkel (Egan, 1990:30). Indien die persoon se verwerpingssituasie problematies en onaanvaarbaar is, moet hy gehelp word om 'n nuwe begrip daarvan te vorm, deur alternatiewe / meer aanvaarbare moontlikhede te ontwikkel. Die skrywer voer aan dat die beradene antwoorde op sekere vrae moet verkry:

- Wat wil hy regtig hê?
- Hoe sou sy lewe lyk as dit beter is?
- Hoe sou hierdie probleemsituasie lyk indien dit hanteer word?
- Wat sou in plek wees wat nie nou in plek is nie?
- Hoe sou hierdie geleentheid lyk indien dit ontwikkel word?
- Wat sou bestaan wat nie nou op hiérdie oomblik bestaan nie?

Al hierdie vrae help die gespreksgenote om hulle verbeelding te gebruik en rigting te voorsien; en op 'n beter toekoms te fokus, in plaas van die frustrerende hede. Die vrae dra ook by tot beweging in plaas van stagnasie. Egan (1990:31) sê dat die loslating van die verbeelding aanvanklik baie belangrik is.

#### 5.2.4.3 Keuse

God het elkeen 'n vrye wil en keuse gegee omtrent sy gedagtes, houdings en optredes. Die negatiewe gedagtes van die gespreksgenote is verwant aan beskouings / gelowe waaruit negatiewe verwagtings voortgevloei het. Laasgenoemde het hulle houdings en gedrag beïnvloed. Carr (1988:173) sê 'n mens kan kies om sy lewe te hersien en sy houding teenoor sy lewe, homself en sy verhoudings, asook gedagtes en gedrag te verander (vergelyk 4.6.2 en 4.6.3). Met die herstel van keuse, kies hy om te lewe soos God aandui; neem die bewussyn van lewenskragtigheid en beklee dit met die opwindende vreugde van betrokkenheid en doel (Crabb, 1987:165).

Keuse is vir Forward (1987:211) die sleutel tot selfdefinisie. Dit open ook die deur na nuwe, toekomstige gedrag en omhels hoop. Sy reken dat 'n besluit, gebaseer op keuse, 'n persoon van gevoeligheid laat wegbeweeg. Daar is 'n verskil tussen oorgawe aan ouers ná oorweging van alternatiewe, en outomatiese oorgawe uit hulpeloosheid.

'n Mens kan kies om 'n slagoffer van omstandighede te wees en oorwonne te bly, óf in Jesus Christus se krag oorwinnaar te wees en sodoende oorwinning oor die verlede te behaal (Rom. 8:37). Wanneer die persoon die rede vir sy gevoelens en optrede(s) verstaan, sal hy gereed wees om aan sy probleme te werk en kies om sy funksioneringsvlak te verhoog.

Anders as 'n fisiese wond wat spontaan herstel, moet die persoon volgens Evans & Billington (1994:87) kies en God toelaat om die wonde aan te raak en te herstel. Uiteindelik sê Evans (2004:243–244) moet die beradene ook kies om die volgende met betrekking tot die verlede te doen:

- laat dit vaar, want nét die toekoms kan nog verander;
- hou op om te soek na antwoorde vir onbeantwoorde vrae;
- besluit om nie die seer dinge van die verlede te repeteer nie.

Die beradene moet uiteindelik die volgende besluite neem en keuses maak. Gaan hy:

- aanhou reageer soos 'n onbeminde, verwerpte weeskind óf soos 'n geliefde en aanvaarde kind van God?
- aanhou toelaat dat vals gelowe sy emosies en gedrag beïnvloed?
- anders begin dink met betrekking tot homself en sy vals, irrasionele gelowe?
- die deur open na die ware vreugdebron?
- voort met die negatiewe gevolge van verwerping óf die persoon word wat hy, en veral God, graag wil hê?

#### 5.2.4.4 Verantwoordelikheid en doelwitte

Die beradene moet begelei word om verantwoordelikheid vir sy probleem te aanvaar en sy probleem in konstruktiewe doelwitte te omskep.

5.2.4.4.1 **Verantwoordelikheid**

Sodra die beradene sy potensiaal ontdek, moet hy verantwoordelikheid aanvaar vir sy aandeel in die probleemsituasies, dit wil sê, vir sy gedagtes, gevoelens en optrede / dade / houdings / reaksies, en ophou om ander te blameer (vergelyk 4.6.3). Die neem van positiewe stappe om iets aan die probleem te doen, ís elke gespreksgenoot se verantwoordelikheid.

5.2.4.4.2 **Doelwitte**

Die gespreksgenote se probleme moet in doelwitte omskep word. Brewer & Hewstone (2004:26) sê mense se opvattings van die toekoms sluit hulle doelwitte en planne vir die bereiking daarvan, in.

Sekere **voorlopige vrae** kan aan die beradene gevra word: (Anon, 2002:37–38):

- Wat dink hy doen hy / doen hy nie wat bydra tot die probleem, soos buierigheid, onttrekking en woedeuitbarstings?
- Wat dink hy het hy gedoen wat tot die probleem aanleiding gegee het / dit vererger het, soos oormatige vereising van aandag en liefde in 'n verhouding?
- Wat wil hy graag doen?
- Wat is vir hom belangrik, met ander woorde sy waardesisteem?
- In watter area(s) van sy sosiale verhoudinge funksioneer hy nié goed nie?
- Wat dink hy verhinder hom om 'n goeie verhouding met ander mense te hê?
- Wat beskou hy as verkeerde gedrag in sy menseverhoudinge?
- Hoe wil hy in die graag in die toekoms optree?

5.2.4.5 **Toewyding**

Anon (2002:38) en die navorser stel die volgende vraelys voor as **toewyding** aan die einde van Fase 2:

- Dit is wat ek graag wil hê met betrekking tot my lewe .... (noem ten minste 3)
- Ek wil werk aan my ...
- Ek wil graag ontslae raak van ....
- Ek wil my ..... ontwikkel.
- Ek sal getrou ....
- Daar sal meer ....
- Daar sal minder ...

- Wanneer ek klaar is, sal ek ...
- Ek wil graag 'n ... wees (Kies 'n konkrete voorwerp byvoorbeeld 'n lelie en motiveer jou keuse).

#### 5.2.4.6 Samevatting

Aan die einde van Fase 2 behoort die beradene 'n visie vir homself te hê; moontlikhede vir 'n beter toekoms te ontwikkel; sekere keuses te maak; verantwoordelikheid vir sy probleem te aanvaar; en die probleem met doelwitte te vervang.

### 5.2.5 Fase 3: Strategieë (Hoe kom jy daar?)

#### 5.2.5.1 Inleiding

Die doel van Fase 3 is om die beradene te help om aksie-strategieë te ontwikkel vir die bereiking van doelwitte, met ander woorde die verkyging van wat hy wil hê (Egan, 1990:23). Hierdie stadium gee aandag aan aktiwiteite en die manier om resultate te bereik. Die verwerpte persoon moet 'n **identiteitsverandering** ondergaan (vergelyk McGee, 1992:9 en 4.6.2). Daarom moet die persepsie van God en die self op die volgende vlakke verander: die konatiewe (wilsvlak), gevoelsvlak, kognitiewe (denkvlak), gedrags- en verhoudingsvlak.

#### 5.2.5.2 Konatiewe vlak (wilsvlak)

Die wil kan die gespreksgenote in beweging bring om tot aksie oor te gaan. Al drie gespreksgenote hét die wil uitgespreek om te verander (verwys na die samevattings van 3.6.1, 3.6.2 en 3.6.3). Die beradene moet begelei word om die volgende wilsbesluite te neem (vergelyk Hepden, 1992:70; Prince, 1993:73; en Evans & Billington, 1994:95,98): Hy gaan:

- die Heilige Gees vra vir heling en die verwydering van die slegte vrugte / gevolge van verwerping uit sy hart, soos woede, haat, en perfeksionisme;
- hy gaan Jesus Christus vertrou om hom te ondersteun wanneer hy die seer en pynlike areas moet konfronteer;
- elke area van die seer, sonde en onvergewensgesindheid aan Christus oorgee;
- antwoorde en oplossings uitdaag;
- bereid wees vir die aanvaarding en toepassing van <u>God</u> se oplossings;
- deur geloof die krag en liefde van God toe-eien;

- verantwoordelikheid neem vir sy woorde en aksies, asook vir 'n daadwerklike uitwissing van die gevolge van verwerping;
- sy foute oorkom, soos nastrewe van mense se aanvaarding en goedkeuring;
- besluit om te lewe as 'n aanvaarde en geliefde kind van God;
- die Heilige Gees vertrou vir leiding, groei en volwassewording.

#### 5.2.5.3 Gevoelsvlak

In die lewens van die gespreksgenote kan gesien word hoe die pyn en seer oorweldigend was en alle denke oorspoel het (vergelyk 3.6.1.2. 3.6.2.2 en 3.6.3.2). Daarom het die navorser dit wys gevind om die gevoelsvlak vóór die kognitiewe vlak aan te spreek. Die jong kind voel verwerping, alhoewel hy dit nie kognitief verstaan nie (vergelyk Sorge se beskouing in 2.7.2). Die pyn en seer is oorweldigend en oorspoel alle denke. Anon (2002:28) beskryf emosies as die "gevoelsdeel" van ervaring. Gevoelens is verwant aan die menslike denke want sekere gedagtes kan positiewe of negatiewe gevoelens opwek, maar emosies kan ook onbewustelik gedrag bepaal.

Anon (2002:29) beskou dit as uiters belangrik dat die persoon sal verstaan waarom hy sekere dinge voel, want dan beweeg hy in die rigting van beheer oor sy onrealistiese emosionele reaksies. Daarom moet emosies herken, erken, verstaan en korrek benut word. Die persoon sal moet leer dat sy emosies, as deel van sy sielsdimensie, 'n ondersteunende lewenselement is. God het bedoel dat emosies vir die wedergebore kind van God, onder beheer van die Heilige Gees moet wees.

Omdat ontwrigte emosies die mens innerlik kan verteer en interpersoonlike probleme veroorsaak, moet die persoon toelaat dat die Heilige Gees saam met hom in die verlede "terugstap", en tree vir tree spesiale genesing en innerlike heling bewerkstellig (Payne, 1991:158; Anon, 2002:42; Seamands, 2002:134-136). Seamands stel voor dat die persoon 'n lys moet maak van die seerste terugkerende herinneringe; dit moet visualiseer om die felle pyn weer te ervaar; en dat die berader dan in gebed die Here Jesus se genesing daarvoor moet vra (Seamands, 2002:136).

Met betrekking tot die gevoelsvlak sal die volgende aspekte hanteer word: die verdriet en

rou oor verliese; die verband tussen vals geloofsoortuigings, emosies en selfverydelende gedrag; en die beheer van emosies.

**5.2.5.3.1 Treur en rou oor verliese**

Aangesien die gespreksgenote verliese geïdentifiseer het, is daar treur en rou daaroor nodig. Forward (1989:229–230) stel voor dat die beradene homself (die klein kindjie wat seergekry het), moet bejammer en **treur** oor die verlies van 'n gelukkige kinderjare. Treur verg moed want dit is moeilik, maar die skryfster beskou dit as aktief en bevrydend. Al die verdriet en dinge wat die gespreksgenoot in Fase 1 geïdentifiseer het, is 'n sameloop van haat en wrokke, berou en spyt. Alles moet uitgewis word.

**Rou** is 'n natuurlike reaksie op verlies van iets wat kosbaar is. Dit behels hantering en deurwerking van emosies, maar ook losmaking van dít wat verloor is.

Hemfelt, *et al* (1989:195, 207–208, 215–216) noem twee maniere waarop 'n persoon kan rou oor die emosionele afskeid van die ouer:

- die persoon praat met 'n "leë stoel" asof met sy vader / moeder en vertel van die pyn, frustrasies en hartseer.
- Skryf twee briewe – 'n "gifbrief" waarin die woede, bitterheid, frustrasies en wrokke losgelaat word; en 'n tweede sagsinniger brief waarin jy meer taktvol en minder ekspressief is. Die navorser stel voor dat 'n derde brief die ervare seer, die hartseer, asook spyt oor die gebroke verhouding en verlore kanse, kan uitspreek.

Forward (1989:230) stel ook 'n simboliese begrafnis voor waar die persoon die volgende ter ruste lê:

- sy hoop en verwagtings omtrent sy ouers;
- sy fantasieë dat hy as kind iets kon gedoen het om sy ouers te laat verander;
- sy begeerte vir aanvaardende, liefdevolle ouers;
- sy fantasie van 'n goeie familie;
- die "alomteenwoordige ouer".

Om die beradene deur die verdriet te dra, beklemtoon Crabb (1987:208) dat hy in volle afhanklikheid aan God moet vasklou vir moed, troos en krag. (Ps. 17:3; Jes. 43:2, 44:8;

2 Kor. 1:3-5). Daarná kan hy Evans (2004:124–126) se raad met betrekking tot die pyn en seer, volg:

- laat die pyn los;
- sien verder as die pyn;
- klim af van die "gevoelsmallemeule" wat wissel van warm na koud, gelukkig na hartseer. Almal is gered vir vryheid, nié vir slawerny nie (Gal. 5:11), en emosionele seer kan 'n tronk word.

#### 5.2.5.3.2 Verband tussen geloofsoortuigings, emosies en gedrag.

Die gespreksgenote moes die verband tussen hulle geloofsoortuigings, emosies en gedrag sien en verstaan voordat ontkoppeling van die ouerverwerping sou plaasvind. Forward (1989:198) sê dat beheeroorname begin wanneer die bron van die gevoelens verstaan word. Sy sê geloofsoortuigings lei na reëls en wette, en laasgenoemde lei tot die gehoorsaming van gevoelens en daarna tot gedrag. Daarom moet selfverydelende oortuigings uitgedaag en laat vaar word om die ware self te laat opstaan. Gedragsverandering volg op die verandering van oortuigings (denke) en gevoelens – 'n verandering van die aandrywende reëls en toelating dat die Heilige Gees gedrag bepaal (Gal. 5:25). Die beradene moet na die gelowe, gevoelens en gedrag kyk wat in Bylaag G-I geïdentifiseer is en dan die volgende doen:

- **Verander** die vals oortuigings / opvattings / sieninge (denke) met betrekking tot sy ouers: "Wat my ouers van my gesê het, is waar – ek ís dom en nikswerd";
- skryf neer hoe die verandering van hierdie oortuigings sy gevoelens teenoor sy ouers wysig;
- skryf neer hoe dit sy denke, gevoelens en gedrag teenoor ander mense verander.

#### 5.2.5.3.3 Beheer van emosies

Die empiriese navorsing het getoon dat die gespreksgenote se gevoelens hulle dikwels totaal oorspoel het (vergelyk 3.6.1.2, 3.6.2.2, 3.6.2.3 en 3.6.3.2). Daarom moet hulle geleer word om hulle emosies te bestuur en te beheer. Anon (2002:33) beklemtoon dat negatiewe emosies die resultaat is van sonde, onvergewensgesindheid, bitterheid en wraak; positiewe emosies is die resultaat van ware berou, skuldbelydenis en onvoorwaardelike vergifnis. Brewer & Hewstone (2004:32) beweer dat die presiese manier waarop mense op hulle buie en gevolglike gevoelens fokus, die impak daarvan op die geheue versag. Die skrywer sê **reflektiewe oriëntering** kenmerk 'n gewilligheid om

openlik aan gevoelens aandag te gee en dit te verbeter. Wanneer negatiewe gevoelens of buie voorkom, kies die persoon om aangename ervarings van die verlede te herroep.

In Ef. 4:22-24 sê Paulus dat die Heilige Gees denke en gevolglik emosies kan bestuur en beheer. Hy waarsku in verse 31 en 32 dat negatiewe emosies verwyder moet word want God gee 'n gees van selfbeheersing.

Anon (2002:74) stel voor dat die beradene die volgende stappe moet volg ten opsigte van emosiebestuur en -beheer:

- **Selfondersoek** – "Wat voel ek en waarom voel ek so";
- **Gevoelsevaluering** – "Is my gevoel voordelig vir myself, ander en my verhouding met God?"
- **Wilsbesluit** – "Wil ek aanhou só voel?"
  Neem 'n aktiewe wilsbesluit – "God se wil, nié myne nie"
  "Ek aanvaar verantwoordelikheid vir my emosies en die reaksies daarop."
- **Wilsdaad** – "Ek gaan die saak met myself uitpraat, dalk deur middel van 'n gifbrief."
- **Oorgawe en vergifnis** – "Ek gaan bid vir innerlike genesing; ek gaan die beheer van my emosies oorgee aan die Heilige Gees; ek gaan die saak met die oortreder uitpraat; en indien nodig, 'n vergifnis brief skryf".
- **Evalueer persoonlike groei** "met betrekking tot die bestuur van my emosies; die verhouding met myself, ander (Gal. 5:22) en met God (Rom. 12:1,2).
- **Oorwinning oor ontwrigte emosies** – voortgaande bestuur van emosies; herhalende oorgawe van beheer oor emosies aan die Heilige Gees; en 'n gehoorsame lewe waarop positiewe emosies sal volg.

#### 5.2.5.4 Kognitiewe vlak (denkvlak)

In die empiriese ondersoek het die gespreksgenote almal verwronge denke geopenbaar wat hulle lewens beheer, asook sosiale verhoudings geruïneer het. Daarom is verandering op hierdie vlak uiters belangrik (vergelyk 3.7).

Veranderinge op die denkvlak sal met betrekking tot die volgende aspekte behandel word, nl. verandering in Godspersepsie; loslating van die verantwoordelikheid vir die ouerverwerping; identiteitsverandering in Jesus Christus; selfaanvaarding; en verandering van denke.

#### 5.2.5.4.1 Verandering in Godspersepsie

Die gebrekkige modulering van God se liefde en omgee, het die gespreksgenote se waarneming van God verwring. Daarom behoort hulle aangemoedig te word om God se Woord en sy aktiewe betrokkenheid te bestudeer, veral met betrekking tot God se eienskappe (vergelyk en 4.4.1.1). God is byvoorbeeld:

- 'n toevlug (Ps. 46:1-3; Spr. 3:5-6; Jer. 16:19; Joh. 14:27);
- 'n voorsieningsbron (Ps. 55:23; Fil. 4:19; Pet. 5:7);
- aanbiddelik (Ps. 29:2; 32:6; 95:6; Matt. 4:10; 28:9; Joh. 4:23; Openb. 7:11);
- Heerser (Eks. 21:5 - 6; Rom. 1:21-25);
- lankmoedig en geduldig (Ps. 145:8);
- goed (Ps. 25:8);
- regverdig (Deut. 32:4; Esra 9:15; Neh. 9:8; Ps 7:12, 119:137);
- genadig (Ps. 112:4; Rom. 9:15);
- onveranderlik (Mal. 3:6; Jak. 1:17);
- liefde (Efes. 2:4-7, 8-9; 1 Joh. 4:8).

'n God van liefde in Christus verwerp nie mense nie: die onkuise Samaritaanse vrou, deel van 'n veragte nasie, word opgehef (Joh. 4:1-26); Saggeus, die oneerlike tollenaar, word vereer met Jesus se teenwoordigheid (Luk. 19:1-10); die owerspelige vrou word nie deur Jesus veroordeel nie, maar vergewe (Joh. 8:3-11); Petrus, die verraaier, word herstel en kry 'n opdrag vir die toekoms. Dit onderstreep Joh. 6:37; *"Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie"*

McGee, (1993:71) wys daarop dat die aanvaarding en ervaring van God se liefde, vergifnis en krag 'n groot probleem is wanneer ouers 'n swak model van God was. Die probleem lyk dan vir die verwerpte groter as God se oplossingsvermoë, maar 'n **veranderde waarneming van God** verwek vertroue in sy bevoegdheid om wonde te genees en letsels te verwyder (Evans, 2004:127, 131, 134, 149). Die skrywer sê restorasie sal kom deur afhanklik van God te wees; die probleem na God te verskuif; en deur jou "ruïnes" aan God oor te gee (Ps. 3:4; 32:7; Hebr. 4:16).

Vir die **ommekeer in die verwerpte se Godsperspektief** noem Craddock (1993:80–88, 118) vier sentrale beginsels vir die beradene:

- Herken die kontras tussen God se karakter en dié van jou ouers – laat God jou model wees (1 Joh. 4:16) en moenie dat Satan die realiteit van God se karakter vir jou verblind nie (Jes. 26: 3 teenoor Jak. 1: 16; Joh. 8:8-13, 42; 10:30; 14:1 - 7; Rom. 8:15);
- kies God as bron van sekuriteit en waarde (Ps. 27:10; Jes. 43:4; 49:15-16; Efes. 1:5-6);
- fokus op God se liefde, vergifnis en krag op enige tyd en gegewe oomblik (Hebr. 13:5 - 6, 8);
- wees geduldig – ontwikkel 'n "beleëringsmentaliteit" want transformasie is 'n tydsproses (2 Kor. 10:3-5).

Die navorser wil graag nog 'n beginsel byvoeg:

- Ken God as sorgsame, liefdevolle Vader (Rom. 8:15; Gal. 4:4-7; Hebr. 4:16). Verworpenes beoefen dikwels afstandsaanbidding, maar ken God nie as Vader nie. Abba (Vader / Pappa) word drie keer in die Nuwe Testament gebruik (Rom. 8:15; 2 Kor. 6:18; Gal. 4:6) as uitdrukking van 'n unieke kind-Godsverhouding. Hepden (1992:57-59) beklemtoon dat identiteit eerstens gevind word in die **aanvaarding** van God as Vader, en 'n begrip dat ons onsself en ander ervaar. Daarom betreur Hepden die feit dat God die Vader sekuriteit, permanentheid, vrede, emosionele stabiliteit, bevestiging en aanvaarding aan 'n persoon wil gee, maar dat verwerping deur ouers 'n versperring / hindernis daartoe is.

**5.2.5.4.2. Loslating van die verantwoordelikheid vir die ouerverwerping**

In 2.3.4 het dit duidelik geword dat 'n kind hom van sy ouers se verwerpingsgedrag moet ontkoppel sodat hy nie later sy eie kinders sal verwerp nie. Forward (1989:215–216) bevestig dat die verwerpte verantwoordelikheid moet laat vaar vir die gebeure in sy kinderjare en dit plaas waar dit hoort. Dít beaam Peretti (2002:93–94) wanneer hy sê dat die persoon moet besef dat sy ouers se verkeerde / wrede optrede nie sý skuld was nie. Hulle het 'n keuse gehad om hom te verwaarloos / ignoreer / verwerp. Al wás die kind volgens die Bybel in sonde gebore, was hy nié 'n natuurfrats wat minagting verdien het nie, maar spesiale behandeling omdat hy as God se beeld geskep is.

Forward stel voor dat die persoon moet visualiseer hoe klein en hulpeloos hy was. 'n Kinderfoto kan hier doeltreffend gebruik word. Die "kind" sê dan hardop: "Ek was nié verantwoordelik vir ..." en voltooi die sin met elke item op die lys wat op sy lewe van

toepassing is (Bylaag L). Daara sê hy hardop: "My ouers was verantwoordelik vir ..." en voltooi weer die sin met 'n item op die lys.

Forward waarsku egter dat vryskelding van die kind van die verlede, nié vryskelding van die aanvaarding van verantwoordelikheid as volwassene beteken nie. Hiermee stem Hepden (1992:57) beslis saam. Hy sê die verwerpte volwassene móét verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie gevoelens en gedrag (vergelyk 4.6.3).

**5.2.5.4.3 Identiteitsverandering in Jesus Christus**

Die gespreksgenote het almal probeer om hulle aanvaarding van mense te kry. Hulle het nie gelewe vanuit hulle **Godgegewe** identiteit nie, maar uit 'n **mensgegewe** selfbeeld. Daarom is dit belangrik dat hulle hul identiteit in Christus kry (vergelyk 3.7 – evaluerende gevolgtrekkings). Anon (2002:48) voer aan dat die grondslag van die mens se geestelike identiteit, die innerlike oortuiging is van sy Hemelse Vader se onvoorwaardelike liefde en aanvaarding in en deur Jesus Christus. Die beradene moet aangemoedig word om die liefde en aanvaarding in die geloof te aanvaar en sy eie te maak. Sonder hierdie identiteit is hy afhanklik van mense se goedkeuring en aanvaarding (4.6.2).

As die beradene sy **aanvaarding en goedkeuring van mense** kry, word hy 'n selfgesentreerde, "lofverslaafde" (vergelyk 4.6.2). Sorge (1999:30) waarsku dat die persoon dan mallemeule sal ry: opgeblaas deur hulle aanvaarding en platgeslaan deur hulle verwerping. Die skrywer wys daarop dat Jesus Christus sý identiteit in sy Vader gekry het, daarom was Hy onaangeraak deur mense se lof, asook deur hulle verwerping. Mense is in elk geval onbetroubaar (Ps. 146:3-4); hulle opinies en hulp is onbelangrik (Ps. 60:13; 2 Kor. 10:18); en verganklik (Ps. 39:5; 103:1; 144:4). Nét God bly onveranderlik (Hebr. 13:8) en betroubaar (Jes. 33:6). Vrees vir mense maak 'n persoon 'n gevangene (Spr. 29:25) sodat hy nié vry is om ander lief te hê soos Jesus hulle liefhet nie, tenspyte van wat hulle aan hom doen (Joh. 13:1). Paulus waarsku in Rom. 14:8 en Gal. 1:10 teen die begeerte om deur mense goedgekeur te word.

Die Here het nóóit bedoel dat ander se opinies 'n mens se waardesin moet bepaal en sy lewe beheer nie. Jer. 17:5 veroordeel iemand wat sy vertroue in mense stel; Jesus waarsku teen die soeke na mense se guns (Matt. 6:5, 16; 23:5); en Paulus was ook

bedag daarop (Gal. 1:10; 1 Tim. 2:4-6). McGee, (1993:11) beklemtoon dat nét God waarde aan 'n mens kan gee (vergelyk 4.6.2).

'n **Godsbeeld** beteken veel meer as 'n **selfbeeld**. As die self die skepper is van die selfbeeld, sál dit volgens Anderson & Park (2003:25) onvermydelik negatief wees (vergelyk 4.6.2 en 4.6.4). Die beeld van God waarvolgens elkeen geskape is en waartoe hy herskep is deur die Heilige Gees, is blywend, regverdig en beskikbaar (Gen. 1:26, 2:7). Die beradene se betekenis is nié gebaseer op wat hy doen nie, maar op Wie hom gemaak het (Thurman, 1999:264–265). Omdat God, die grootste kunstenaar, hom geskep het en in Christus herskep het, het hy onskatbare waarde. Prince (1990:75) verduidelik dat die Griekse woord *poeima* – in Efes. 2:10, vertaal met "werkmanskap", 'n artistieke prestasie suggureer. Daarom is Thurman en Prince se slotsom dat ook die mens 'n meesterstuk is met God se handtekening op hom (vergelyk 4.3). Volgens Anderson & Park (2003:32) is prestasie onnodig, want aanvaarding in Christus, waarborg veiligheid en waardevolheid.

Daar is groot troos in Anderson (1993:162–163) se woorde, nl. dat 'n Christen nié 'n produk van sy vorige ervarings is nie, maar van Christus se kruisverdienste. **God se oplossing vir verwerping is die kruis.**

Prince (1993:52) stel voor dat twee basiese feite vasgevat moet word:

- God se eenmalige voorsiening deur die opofferende dood van Jesus aan die kruis;
- Die kruisdood was God se beplande ruiling: sý verwerping vir jóú aanvaarding. Hepden (1992:54, 59) stel dit só treffend: Die verwerping is vervolmaak aan die kruis toe sy Vader ter wille van ons, teen Hom gedraai het.

Deur **Jesus se dood en opstanding** word 'n sondaar deur God aanvaar en hoef hy nie te dink hy word verwerp nie. Jesus se verwerping deur mens en God, was ten goede want Hy het uit die dood verrys om elkeen deur sy Gees te bemagtig tot 'n vry lewe (Luk. 4:18; 2 Kor. 3:17; Gal. 5:1).

Christus aanvaar 'n Christus-gelowige onvoorwaardelik met sy mislukkings, onvolmaakthede, foute en sonde, afgesien van sy geestelike prestasie (Sorge, 1999:21–22). Die grond / rede waarom 'n mens aanvaar word, is Jesus se voltooide werk aan die kruis en sy gegote bloed – met ander woorde wie Hy is - en nie wie die mens is nie.

Daarom sê Hepden (1992:59) word 'n **nuwe identiteit gevind in 'n verhouding**: aanvaarding van God as Vader en die begrip dat Hy die mens aanvaar. Daarom kan elkeen homself én ander aanvaar. (Jes. 41:9-10). McGee, (1993:71) voeg by dat versoening die verhoudingsaspek is van verlossing (Rom. 8:38-39; Efes. 1:13-14). Deur eersgenoemde teks word die mens met 'n ewige, onskeibare band met God verbind. Christus moet deur geloof ontvang word in 'n persoonlike verhouding met Hom (Joh. 17: 22-24; Rom. 8:14-15).

Die beradene moet begelei word om te besef: Al gee sy ouers nie goedkeuring en aanvaarding nie, **God bemin en aanvaar hom.** Hy kan sy kind nie vergeet nie, en het sy naam in sy handpalms geskryf (Jes. 49:15-16). In Ps. 27:10 belowe Hy sorg ten spyte van die verlating deur ouers. Prince (1993:56, 63) beklemtoon dat niemand 'n afgekeurde óf 'n tweede klas burger / 'n slaaf is nie (Luk. 15:11-32). Geen gesin is aan God s'n gelyk nie (Rom. 8:15-17). Wanneer 'n persoon Jesus aanneem, word hy lid van God se gesin en is volgens Efes. 1:6 aanvaar en hoogs-begunstig (vergelyk ook Luk. 1:28). God het elkeen lief soos Hy Jesus liefhet.

Volgens Sorge (1999:21–27) is die belangrikste **uitwerking van God se aanvaarding,** die innerlike aanvaarding en bevestiging van God se liefde deur die beradene. Dit verhinder die seermaak en vatbaarheid vir uiterlike verwerping. Hy kan homself kwesbaar maak vir toegeneentheid sonder die vrees vir die verwonding van verwerping. Sorge sê dat God se aanvaarding en liefde 'n helende salf is wat die koorde van verwerping om die hart wegbrand. God se liefde is die gróótste mag in die heelal omdat dit sal hernu, deurdrenk, versterk, onderhou, oplig en bemagtig. Met God se aanvaarding en goedkeuring benodig die beradene niemand anders s'n nie want hy is bevredig in die arms van sy liefdevolle Hemelse Vader.

Met die aanvaarding van die nuwe identiteit in Christus, verdwyn die fokus op die eie ek. Toe Paulus sy ware identiteit ontdek het (Fil. 3:8-10), was roem op die vlees, sy prestasies of kwalifikasies onnodig. Die oordrewe selfgesentreerdheid en selfbeheptheid, wat gedurig sy swakhede, tekortkominge en onvermoë ontleed het, het verdwyn (Anon, 2002:50). Met 'n nuwe, wedergebore natuur word ander se aanvaarding en goedkeuring

oorbodig. Die persoon is vry om teen sy eie tempo te groei tot gelykvormigheid aan Jesus (vergelyk 4.6.2 en 4.6.4).

In Jesus Christus word hy totaal herskep (2 Kor. 5:17-18). As Christen het jy verskeie identiteite, waarna Thurman (1999:263-264) en Anderson & Park (2003:72–73) verwys. Thurman stel voor dat die beradene langs die genoemde identiteit en teks in Bylaag M 'n kort sinnetjie moet skryf wat elkeen vir hom beteken. Daarna moet hy daagliks een / twee kies en die gepaardgaande Bybelteks memoriseer. Die navorser stel voor dat die beradene tweekeer per dag 'n identiteit in Christus moet kies uit Bylaag N-Q; die betekenis daarvan moet oordink; en dan op homself toepas, byvoorbeeld: "Ek is die sout van die aarde – sout geur, gee smaak, maak kos lekkerder / smaakliker, ens; toepassing op my as Christen in die wêreld..." Die beradene moet in alle situasies hierdie Woord-beloftes hardop bely en glo. Die beradene moet ook kyk na die 20 "Ek-kan's" van sukses in Bylaag R. Die Woord moet in elke gespreksgenoot se binneste lewe; en Jesus Christus moet vir hulle 'n innerlike realiteit word.

Volgens Hemfelt, *et al* (1997:239-241; 247-250) kan die beradene nou:

- 'n lys maak van sy ou self-persepsies en boodskappe, en dit daarná vervang met sy nuwe, gesonde, positiewe, gebalanseerde boodskappe met betrekking tot homself, God, die lewe / wêreld, die teenoorgestelde geslag en ander mense;
- ander vra om die positiewe dinge in hom vir hom aan te wys;
- begin met die toepassing en uitlewering van sy nuwe selfpersepsies;
- sy areas van selftwyfel, vrese en onveiligheid bepaal en dit na God neem.

#### 5.2.5.4.4 Selfaanvaarding

Selftevredenheid was afwesig by al die gespreksgenote (vergelyk 3.6.1.2, 3.6.2.2 en 3.6.3.2). Anon (2002:48) bevestig dat die persoon wat homself nie aanvaar nie, onvergenoegd met homself bly. Sy oordrewe selfgesentreerdheid dryf hom tot selfbeheptheid met sy swakhede en onvermoëns. Mense om hom raak daardeur geïrriteerd en word afgestoot. Laasgenoemde het juis gebeur in die gespreksgenote se sosiale verhoudings (vergelyk 2.7.4 en 4.6.2).

Carr (1988:15) konstateer dat mense die evaluasies van hul kinderjare eggo. Hulle selfbeeld is dan gedeeltelik gebaseer op die etikette wat hulle as kinders gekry het en wat

as 't ware selfvervullende profesieë word (vergelyk 2.5.5). Só bly hulle gevangenes van ouers se woorde omtrent hulleself. Dit het ook met die gespreksgenote gebeur (vergelyk 3.7 – evaluerende gevolgtrekkings). As die beradene egter weet wie hy in Christus is, kry hy God se evaluasie in plaas van sy vader / moeder s'n. Dán sal hy die **waarheid oor homself** kan aanvaar (Bylae M-Q).

Seamands (1998?:79–80) beklemtoon ook dat 'n persoon kan kies om sy selfbeeld te verkry van die verdraaiings uit sy kinderjare; uit seerkry en ingeprente vals idees uit die verlede en Satan se leuens daaromtrent; óf van God se opinie wat hom kan herprogrammeer totdat God se liefdevolle respek en agting hom innerlik deurdrenk tót by sy diepste wese. Die skrywer sê die persoon het hiervoor die Heilige Gees se samewerking nodig. Hy moet:

- God vra om hom elke keer te toon as hy homself verkleineer;
- God se liefde vir hom aanvaar, en God vra om hom te leer hoe om homself, asook ander te bemin.

Die beradene kan die volgende stappe tot selfaanvaarding volg (Key, 1990?:36-41, 76-77):

- Toon berou oor, en vra vergifnis vir selfhaat en selfveroordeling, asook vir die bitterheid teenoor die Here;
- vergewe homself vir alle verkeerde gesindhede;
- wis enige selfbeeld uit sy bewussyn wat hom onaanvaarbaar vir God / mense laat voel, en vra die Here vir die vermoë om sy uniekheid in Christus te waardeer;
- bemin homself soos God hom geskep en herskep het met die doel dat ander hom sal leer ken;
- wees wat hy in Christus is en nie wat hy doen nie;
- moenie homself met ander vergelyk nie en sien homself soos hom sien.

Bevere (1998:73, 76) wys daarop dat 'n mens vóór sy bekering in die verlede vasgevang was, maar daarná nie meer só hoef te lewe of op te tree nie. Die skryfster beklemtoon dat wat aan die persoon gedoen is, onbelangrik is; wat vir hom, deur Jesus Christus se kruisdood gedoen is, is ál wat tel. Die verwerpte moet hierdie waarheid omtrent God aanvaar en in sy lewensomstandighede toepas!

#### 5.2.5.4.5 Negatiewe, skadelike denkpatrone

Negatiewe denkpatrone was veral waar in die lewens van die gespreksgenote (vergelyk 3.7 – evaluerende gevolgtrekkings: beskadiging in kognitiewe en emosionele ontwikkeling en / of funksionering). Negatiewe gedagtes is skadelik vir die mens en sy algemene gesondheid. Anon (2002:15) sê negatiewe gedagtes lei hoofsaaklik tot irrasionele, vals gedagtes, en vervolgens tot negatiewe gevoelens én negatiewe gedrag (vergelyk 2.7.2). Die persoon leef verwyderd van God én sy naaste omdat alle verhoudings deur sondige selfsugtigheid verduister word (vergelyk 4.6.2). Joubert (2003:13,31) reken dat 'n mens die Heilige Gees moet toelaat om gedagtepatrone te verander (Rom. 12:2) en by Hom moet leer hoe om nuwe gedagtes, waarmee God tevrede sal wees, te dink. (Fil. 4:8; Kol. 3:2). Die skrywer waarsku dat gedagtes woorde word, en laasgenoemde word dade. Hy voeg by dat nuwe betekenisse aan negatiewe ervarings uit die verlede, geheg moet word sodat die greep daarvan op die persoon se lewe kan loskom. 'n Mens kan nie aanhou om die toekoms te benader met die bagasie van die verlede op jou rug nie. Dit sal ook nie help om aanhoudend terug te kyk en beangs te wonder of die toekoms soos die verlede sal lyk nie.

Brewer & Hewstone (2004:26) beklemtoon dat die **herinterpretasie** van onaangename ervarings in die verlede terapeutiese waarde het. Verduidelikings vir hierdie gebeure / ervarings word gegee. Dit sal die persoon se selfsiening verhoog en hom hoopvol *laat* voel met betrekking tot sekere onbeheerbare gebeure, wat nou beheerbaar lyk. Die beradene sal besef dat sukses teweeggebring kan word deur sy eie pogings.

God is waarheid en weet wat die beste is vir 'n mens; Satan is die vader van die leuen wat vernietig (Joh. 8:44). Daarom sal die beradene begelei moet word om die volgende dinge te verwerp en te vervang:

- **irrasionele, vals geloofsoortuigings** met die waarheid van God se Woord (McGee, 1993:126–127);
- **vrees / vrese** deur aanvaarding van Christus se eienskappe (vergelyk 5.2.5.4.1);
- **negatiewe, destruktiewe denke** met die nuwe denke van sy nuwe menswording in Christus (Rom. 12:2; 2 Kor. 10:5; Kol. 3:2).

Leuens omtrent die self is in Bylaag K deel 1 geïdentifiseer. Thurman (1999:233) beklemtoon dat 'n mens nie net die waarheid moet weet nie, maar dit moet lewe sodat 'n

lewensverandering kan kom. Die beradene moet langs tien van die leuens wat hy die sterkste glo, skryf waarom dit 'n leuen is, en daarna 'n Bybelteks wat die leuen opponeer (Bylaag K deel 2).

Thurman (1999:237–238) stel voor dat die ABC-metode (5.2.3.3.9 – Bylaag J) weer gebruik word met betrekking tot die verandering van negatiewe gedagtes en negatiewe selfspraak. Kyk na die geïdentifiseerde negatiewe gedagtes en selfspraak in Bylaag J deel 1, verwerp elkeen en vervang elkeen met 'n nuwe, positiewe beskouing, en daarna met 'n nuwe respons (Bylaag J deel 2).

Dieselfde metode word gebruik om met gebeure van die verlede te deel. Kyk na die geïdentifiseerde gebeure in die verlede, die beskouing(s) en reaksie in verband daarmee (Bylaag D deel 1). Verwerp dit en skryf 'n nuwe waarheid oor die gebeure, en daarna 'n nuwe reaksie daarop (Bylaag D deel 2, asook H deel 2 met betrekking tot oueroptrede).

#### 5.2.5.5 Gedragsvlak

Die houdings, reaksies en optrede teenoor mense, veral geliefdes, het die gespreksgenote se sosiale verhoudings nadelig beïnvloed.

Op die gedragsvlak sal die volgende sake aandag geniet: denkverandering as sleutel tot gedragsverandering; reaksie in plaas van gevoeligheid (vergelyk 2.6.8); en die regte hantering van onbevredigde behoeftes (vergelyk 4.6.2).

#### 5.2.5.5.1 Denkverandering as sleutel tot gedragsverandering

Die verandering van die denke is die sleutel tot gedragsverandering. Anon (2002:24) beskou gedragsverandering as 'n leerproses wat begin by gedagtebeheer en voortgesit word deur verantwoordelike bestuur van die emosies. Carr (1988:79) sê die gewoontepatrone wat in verhoudings herskep word, oorkom kán word deur die sterktes en vermoëns vir groei en kreatiewe verandering te identifiseer. Dán sal die verwerpte vry wees om te lewe soos hy vandag is, in plaas van soos die kind van die verlede.

#### 5.2.5.5.2 Reaksie in plaas van gevoeligheid

Vir Forward (1989:206–208) is dit belangrik om gevoeligheid / oorreaksie te verander na reaksie. Sy sê mense is gewoonlik die gevoeligste wanneer hulle emosioneel bedreig /

aangeval word as gevolg van hulle afhanklikheid van ander se goedkeuring. Die gevoelens is gewoonlik buite verhouding met die aanleidende gebeure: 'n Klein suggestie word as 'n persoonlike aanval waargeneem; onbelangrike, konstruktiewe kritiek as persoonlike mislukking (vergelyk 2.6.8). Die nie-verdedigende reaksie na aanleiding van 'n opmerking van 'n ouer(s) óf 'n persoon, is byvoorbeeld "As jý so dink" / "O, ek sien" / "Ek sal daaroor dink".

Die voordeel is dat reaksie die beradene toelaat om 'n bewussyn van selfwaarde te behou ten spyte van enigiets wat sy ouers / ander omtrent hom sê. Alhoewel gevoelens bewustelik is, voorkóm reaksie impulsiewe optrede. Nuwe opsies en keuses word raakgesien omdat emosies nie perspektiewe begrawe nie. Konflik tussen die twee persone vererger nie, en die verwerpte behou sy mag. Verwerping word deur nie-defensiewe reaksies voorkóm omdat niks gevra word nie.

**5.2.5.5.3. Die regte hantering van onbevredigde behoeftes.**

In Bylaag E en F is emosionele behoeftes geïdentifiseer, asook verkeerde reaksies op onbevredigde behoeftes. Nou moet hierdie verkeerde reaksies vervang word met volwasse gedrag in plaas van die kinderagtige oorreaksie vanuit die sensitiewe, seergemaakte binnekind. Thurman (1999:271–276) sê twee foute word gemaak met betrekking tot emosionele behoeftes: ontkenning daarvan en die ignorering van ander se behoeftes ter wille van eie persoonlike behoeftes (vergelyk 4.6.2).

Die beradene kan begelei word deur die volgende stappe aan hom voor te hou. Hy moet:

- sy verkeerde optredes bekyk wanneer hy kwaad / seergemaak is (Bylaag F deel 1). Daarná moet hy vier stappe volg om sy gedrag te verander:
  - Erken die verkeerde denke en gevoel;
  - Stop die verkeerde gedrag / reaksie;
  - Identifiseer die onbevredigde behoefte(s) (Bylaag E);
  - Vervang die verkeerde gedrag met volwasse optrede (Bylaag F deel 2);
- dink aan maniere waarop hy ander mense, veral sy geliefde (indien toepaslik), se emosionele behoeftes kan bevredig, en dit neerskryf;
- besef dat God weet wat hy benodig. Wanneer God sentraal gestel word, word daar teruggekeer na sy oorspronklike plan met die mens, naamlik dat Hý primêr die behoefte aan liefde, sekuriteit en waarde sal bevredig;

- insien dat God wil hê hy moet ander liefhê en dien.

Die beradene moet die volgende Bybeltekste lees en opsom: Matt. 6:7-8; Fil. 4:19; 1 Joh. 3:17–18. Dít is hoe God sy behoeftes wil bevredig.

#### 5.2.5.6 Verhoudingsvlak

Wanneer die beradene anders oor die ouerverwerping begin dink, verander sy negatiewe gevoelens oor die ouer(s) en ander mense; verwagtings van mense se optredes teenoor hom; asook houdings en sosiale gedrag (vergelyk 2.7.4 en 4.6.2).

Volgens Crabb (1987:150) moet die beradene begelei word sodat twee dinge in sy verhoudings plaasvind, naamlik vergifnis en betrokkenheid.

##### 5.2.5.6.1 Vergifnis

Indien die gespreksgenote nié hulle ouer(s) vergewe nie, sal hierdie ouer(s) hulle lewenslank vashou. Griewe, bitterheid en / of haat vergiftig innerlik en verhinder / belemmer sosiale verhoudings (vergelyk 3.6.1.2, 3.6.2.2 en 3.6.3.2). Die volgende aspekte met betrekking tot vergifnis sal bespreek word: die betekenis van vergifnis; vergifnis as 'n Woordopdrag; vergifnis as 'n proses; die waarde van vergifnis; en die stappe tot vergifnis.

Die beradene wat disfunksionele sosiale verhoudinge het, moet sy ouers wat hom verwerp het, asook persone wat hom nou seermaak, onvoorwaardelik vergewe en sy eie skuld met berou bely (Matt. 6:14-15; Kol. 3:13) (vergelyk 4.4.3 – kinders se houding en optrede teenoor ouers, en 4.6.3).

- **Betekenis van vergifnis**

Van Niekerk (2000:36) verwys na drie Griekse woorde wat gewoonlik vir vergewe in die Nuwe Testament gebruik word: Efes. 4:32 dui op 'n gesindheid van genade / liefde; Luk. 6:37 gaan oor vryspraak wat aan iemand verleen word ten opsigte van iets wat hy aan jou verskuldig is; Mark. 11 gebruik die mees algemene en dinamiese term, naamlik loslaat, wegwerp, jouself van iets bevry.

Vergifnis beteken nié:

- verdra / goedkeuring van die ouer(s) se sonde nie óf om 'n vloermat daarvan te bly nie want die beradene kan standpunt inneem teen tekomstige sondes (Anderson, 1993:164);
- die eis van wraak / vergoeding vir oortredings nie, want God sal oordeel (Deut. 32:35); Rom. 12:19; Heb. 10:30) (Anderson, 1993:165);
- geringskatting / kwytskelding van die ouer(s) se dade nie (Van Niekerk, 2000:37, 40);
- nét betoning van begrip vir die ouer(s) se optrede / gedrag nie want dán word hulle verskoon en is vergifnis onnodig (Van Niekerk, 2000:41);
- vergeet nie, maar konfrontering van die pynlikhede. Die Heilige Gees haal egter die angel uit die pynlike herinneringe sodat hulle hulle houvas op die verwerpte se lewe verloor (Van Niekerk, 2000:84–85).

Vergifnis beteken wél:

- saamlewe met die gevolge van iemand anders se sonde (Anderson, 1993:164–165);
- selfstrewe want dit is pynlik soos Jesus se dood ook getoon het. Daarom is dit vir 'n Christen óók moeilik, maar moontlik, omdat hy Christus verteenwoordig (Gal. 2:20) (Van Niekerk, 2000:73);
- herontdekking van mekaar wat die grootste doelwit is van vergifnis (Augsburger, 1988:28).;
- 'n voetstootse aanvaarding van die seer, die oortreder(s) én die verliese as gevolg van die nadelige / skadelike aksies / woorde (Augsburger, 1988:29).

- **Vergifnis is 'n Woordopdrag**

Volgens Matt. 6:14-15, 11:25-26, 18: 18-35; Luk. 6:37; Efes. 3:32; en Kol. 3:13 is vergifnis noodsaaklik, ook om sélf vergewe te word. Volgens Matt. 18:21-35 het onver-gewensgesindheid 'n negatiewe mag wat benadeel. Evans & Billington (1994:74–79) en Gschwend-Bosch (2000:81) sê onvergewensgesindheid:

- verhinder vergifnis van eie sonde;
- belemmer die Godsverhouding en geestelike vordering;
- is die aanstoker van bitterheid en griewe;
- verblind die mens geestelik én verstandelik; ware liefde en onvergewensgesindheid is onverenigbaar;

- verhinder losmaking van die pyn én die oortreder(s); pyn produseer die angs van eensaamheid en isolasie wat deur selfbejammering aangedryf word;
- inhibeer persoonlike groei omdat blaamverskuiwing behoue bly;
- sluit nuwe verhoudings uit want ander word dikwels op 'n afstand gehou;
- kan die persoon gevoelloos maak wanneer hy die jarelange mure van pyn vervang met ontkenning en mense uithou.

- **Vergifnis is 'n proses**

Vergifnis beweeg van die kop (verstand) na die emosies; en uitvoering van die opdrag inisieer die samewerking van die emosies, al voel dit nie so nie. Vergifnis word 'n lewenswyse en die aanvang daarvan gee 'n belewenis van God se krag en die wil om daarmee voort te gaan (Geschwend-Bosch, 2000:81–82).

- **Waarde van vergifnis**

Anderson (1993:166) sê die besluit om te vergewe sal dalk geen groot veranderinge in die ánder persoon bring nie, maar die persoon wat vergewe kan positiewe resultate in sy denke oor die oortreder(s) verwag: Hy sal sonder pyn, woede / wrewel en negatiewe reaksies wees. Die skryfster voeg by dat die oortreder(s) sal ophou om hom seer te maak want hy is van die verlede bevry omdat vergifnis die pyn genees. Sorge (1999:22) noem dat die oortreders van die oordeel van hulle sonde losgelaat word; sodat die persoon wat vergewe, vrylik in verhoudings kan staan met dié wat teen hom gesondig het.

- **Beïnvloedingsareas van vergifnis**

Vergifnis kan die beïnvloedingsareas van seer en verwerping verander: (Hepden, 1992:62–63):

- die siening van ander;
- die gevoelens van haat en bitterheid teenoor ander
- 'n positiewe manier van praat oor en met ander;
- die houding van negatiewe wraakneming;
- die voortgaande, toekomstige verhoudings.

- **Stappe tot vergifnis**

Etlike skrywers stel stappe voor vir die beradene in die proses van diepgaande en helende vergifnis:

- **Selfondersoek en belydenis** bring 'n gewaarwording van mislukking met betrekking tot verhoudings; 'n oortuiging dat onvergewinggesindheid onaanvaarbaar is; 'n besef van eie tekortkominge en moontlike skuld daaraan; daarna belydenis en berou voor God oor alle bitterheid en / of haat en woede (Crabb, 1987:150; Evans & Billington, 1994:83; Van Niekerk, 2000:97–98).
- Vergifnis is nie 'n emosie nie, maar 'n **wilsbesluit**. Prince (1993:73) sê die **vleeslike** natuur vergewe nie, maar die verwerpte kan <u>kies</u> om te vergewe deur God te vra vir sý vergifnis déúr hom na die oortreder(s). Daarom meen Van Niekerk (2000:98) dat niemand dit in eie krag kan doen nie;
- **Gebedsvoorbereiding** is noodsaaklik. Vra eerstens vergifnis vir enige moontlike aandeel; daarna sal die verkrygde vergifnis van God aan die oortreder(s) deurgee kan word (Van Niekerk, 2000:99). Christus was nie verplig om die mens te vergewe nie, maar Hy <u>het.</u> Daarom sê Joubert (2003:128) is die bloed van Christus nodig om die beradene te help om te vergewe soos Jesus in Luk. 23:24 gedoen het;
- **Intense negatiewe gevoelens** moet aan die die Heilige Gees oorgegee word. Hy sal 'n nuwe "vyandsbeeld" gee, en die persoon vul met God se liefde wat haat en woede oorwin (Van Niekerk, 2000:104–105);
- **Bekyk** die oortreder se dade / optrede vanuit sy / haar standpunt, afgesien van die verwerpte se geloof in die geldigheid daarvan al dan nie (Augsburger, 1988:34);
- **Waardeer** die persoon wat seergemaak het – hy is nie tè laag, waardeloos óf onbeminbaar vir Christus nie, en daarom kan God hom / haar deur die beradene liefhê (Augsburger, 1988:35);
- **Gaan oor tot aksie.** Die beradene moet 'n lys maak van die mense wat hom die meeste seergemaak het, asook sy ouers se ongeregtighede (Evans & Billington, 1994:35). Die beradene moet:
  - neerskryf waarom hy sy ouer(s) verkwalik;
  - neerskryf waarom dit vir hom moeilik is om sy ouer(s) te vergewe;
  - sy naamlys na God neem; vir elke persoon daarop vir vergifnis bid; die persoon / persone loslaat vanuit die tronk van oordeel / wraak; en hom / haar in God se hande oorgee (Anderson, 1993:166; Evans & Billington, 1994:84);
  - sy oortreder(s) seën volgens Luk. 6:27-28. Dán word die bitterheid omskep in medelye en sy devaluerende houding verander in Goddelike respek (Evans & Billington, 1994:84);

- God dank vir die geleerde lesse en volwassenheid wat hy verkry het as gevolg van die oortredinge en die besluit om te vergewe (Rom. 8:28,29) (Anderson, 1993:166).
- **Versoen** met die oortreder. Vergifnis is onvoltooid tot die gebroke verhouding herstel is (Augsburger, 1988:28). Die krag van die kruis gaan oor alle grense heen, selfs oor die grense van die dood. Die liefde van God is groter as die een wat moet vergewe. As dissipel van Jesus moet jy sý liefde gee (Joh. 13:5) (Van Niekerk, 2000:90,92)
- Omdat die geestelike en emosionele "reis" lank mag wees, en baie krag gaan vra, kan dit nie sonder **volgehoue gebed** tot God aangepak word nie (Van Niekerk, 2000:106).

**5.2.5.6.2 Betrokkenheid en nuwe verhoudings**

Die beradene moet begelei word om betrokke te raak by dié wat hom seergemaak het (indien moontlik) en selfs by diè wat hom nog mag seermaak –'n verskuiwing moet plaasvind van selfbeskerming na liefdevolle betrokkenheid. Die gee van liefde sal persoonlik verrykend wees (Fil. 4:17; Kol. 3:14). Hierdie betrokkenheid is vir die gespreksgenote baie belangrik om uit hulle kokon van selfbeskerming te kom.

Aanvaarding deur die Hemelse Vader vind volgens Prince (1993:81) uitdrukking in verhoudings met mede-gelowiges/die medemens, want alle gelowiges het 'n plek in God se gesin (Rom. 12:4-5; Efes. 2:19; 1 Joh. 4). Met God se aanvaarding en goedkeuring benodig die verwerpte nie meer ander s'n nie, maar in die lig van Christus, kan hy in interafhanklikheid met mede-gelowiges lewe (Sorge, 1999:26, 35). Die skrywer sê dat hy:

- vry sal wees om ander lief te hê soos Jesus (Joh. 13:1), ten spyte van hulle oortredinge teenoor hom;
- eerder ander sal loof en opbou;
- mense in dankbaarheid en as 'n seëning van God sal ontvang in plaas van hulle lof / goedkeuring.

McGee, *et al* (1993:216) stel voor dat die beradene 'n lys maak van die belangrikste verhoudings in sy lewe. Hy moet homself afvra:

- Hoe behandel hierdie mense hom?
- Hoe behandel hy hulle?
- Hoe behoort hy op hulle te reageer?
- Hoe kan hy minder eise / voorwaardes stel met betrekking tot sy aanvaarding van hulle?

Volgens Joubert (2003:128–130) help dit nie om te sê dat oortreders vergewe word as nog negatief oor, van en met hulle gepraat word nie. Die skrywer reken dat 'n nuwe, "geestelike woordeskat" verkry moet word. Die beradene moet goeie dinge oor sy oortreders sê; hulle behandel as die belangrikste mense op aarde; en hulle beskou as Godgeskapenes en daarom regte mense (en nie monsters nie).

Thurman (1999:280) beklemtoon dat gemeenskap met ander Christene op 'n gereelde basis, onontbeerlik is ter wille van die persoon se selfopenbaring en hulle ondersteuning.

#### 5.2.5.7 Samevatting

Aan die einde van Fase 3 moet geëvalueer word tot watter mate die beradene gemotiveerd was ten opsigte van die strategieë; hoe suksesvol die persoon was in die implementering van die strategieë; en of daar nog verdere veranderings aangebring moet word.

### 5.2.6 Fase 4: Beloftes (Seën of verydeling)

Naas Fase 1 – 3 ag die navorser dit noodsaaklik om ook aan die beradene die beloftes van God te bedien. God verbind bepaalde beloftes vir die hede en die toekoms aan die gehoorsaamheid of versuim van sy eise (Combrink, 1986:96-98). Vervolgens word riglyne gegee vir die bediening van God se oordeels- en seënbeloftes aan die beradene.

#### 5.2.6.1 Oordeelsbeloftes

Die beradene kan weier om Christus te aanvaar en voortgaan met sy sondige gedagtes en gedrag teenoor God én ander. Jak. 4:17 waarsku dat dit sonde is as iemand weet wat die regte ding is om te doen en dit nié doen nie. Ná berading behoort dit vir die kliënt duidelik te wees dat heling nét in Christus moontlik is.

In sy verhandeling verwys Combrink (1986:82-83) na Adam se woorde oor sonde, naamlik dat dit ongehoorsaamheid is aan God en sy Woord; opstand teen Hom; 'n verwerping van sy Woord; en 'n versuim om eie verantwoordelikheid te neem. Combrink beklemtoon dat omstandighede nóóit sonde regverdig nie. Daarom kan die verwerpte nóóit sy pyn, verontregting en seer voorhou as verskoning vir sy sondige houding en gedrag teenoor mense nie. Coetzee (1984:6) praat van God se "skrikwekkende beloftes", naamlik dat Hy

seën, vergewe en die ewige lewe belowe, maar ook oordeel, straf en vervloeking belowe waar die persoon hom nié tot God bekeer nie.

#### 5.2.6.2 Seënryke beloftes

Springle (1993:145) praat van "riviere in die woestyn". God kan selfs die mees agterlosige, misbruikende, verwerpende ouers gebruik om lewenssterktes te kweek (Rom. 8:28). Springle noem vyf sterktes: medelye met ander; afhanklikheid van God; waarneming van en sensitiwiteit vir ander se hartseer / nood; reflekteringsvermoë (die vra van vrae, verkryging van oplossings en aangaan tot sukses behaal is); effektiwiteit – die wete dat: God 'n doel met 'n persoon het en dat Hy die probleem sal gebruik om diepte, karakter en vaardighede te ontwikkel (vergelyk 4.6.7).

Evans (2004:231–233) beskou nie die wonde en letsels van verwerping as tekens van neerlaag nie, maar as 'n uitdaging tot oorwinning. Die Christen moet net wag dat God se plan sal ontvou, naamlik die geestelike volwassenheid en produktiwiteit (Joh 7:38) en die strome van lewende water wat hy in Christus sal ervaar (Joh. 4:13-14; 7:38).

Uit persoonlike ervaring sê Peretti (2002:131, 135) dat God se plan vir 'n mens se lewe groter is as één faset, en oorspan baie méér as een seisoen van swaarkry. Die skrywer meen die rede vir die "moeilike seisoen" is ter wille van groei. Die persoon wat deur berading verander het is 'n getuienis van God se genesing en kan gebruik word om:

- Christus se heling en verlossing met sorgsaamheid en teerheid aan ander gewondes te verkondig;
- Jesus se liefde aan mede-reisigers in die wêreld, te wys. Peretti voeg by dat wysheid en perspektief oor die nodigheid van moeilike tye later sal kom. Intussen is God se genade en liefde elke môre nuut en genoeg om 'n mens daagliks te dra (Klaagl. 3:22–23).

Hepden (1993:64–65) stel voor dat die nagmaal-viering deur die beradene gebruik word as 'n wonderlike oomblik vir oorweging van sy verwerping, maar ook van sy aanvaarding en bevestiging in die lig van die kruis. Omdat Jesus Christus opgestaan het, het Hy deur sy Gees vir elkeen die gesag gegee om in vryheid te lewe met volle sekerheid oor sy identiteit, sekuriteit en agting in verhouding met God.

Uiteindelik sê Sorge (1999:10–16) dat God verwerping toelaat vir 'n Goddelike doel in sy soewereine plan. Met die regte reaksie daarop, sál Hy dit gebruik om die persoon te vorm en te omvorm tot die beeld van Christus. Die verwerping is volgens Sorge God se spesialiteitsgereedskap vir karakterontwikkeling. Die pynlikhede van die lewe kan in 'n pêrel van groot waarde en skoonheid omskep word.

Sonder geestelike groei kan geen herstel plaasvind nie. Hemfelt, *et al* (1997:270) stel voor dat die beradene moet besluit:

- Watter rol wil hy hê moet God in sy genesing speel?
- Wat benodig hy van God?
- Watter onvervulde behoeftes moet God vervul?
- Hoe kan God dit vervul?

Daaglikse meditasie, Bybelstudie en gebed is nodig; asook memorisering van sleuteltekse in verband met die beradene se strydpunte. Bybel-gefundeerde boeke oor onderwerpe wat hom kan help, sal ook nuttig wees.

Die Here se belofte in Jer. 17:7-8 is dat dit goedgaan met die mens wat op die <u>Here</u> vertrou. Só 'n mens sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels na die stroom uitstoot. **Uiterlike** omstandighede soos hitte beïnvloed nie die teenwoordigheid van immergroen blare nie en droogte verhinder nie die opbrengs van vrugte nie.

God belowe 'n <u>nuwe lewe</u>, byvoorbeeld:

- Jer. 29:11 – *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here, voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*
- Jes. 43:18–19 – *"Moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk Ek gaan iets nuuts doen..."*

Springle (1993:145) se slotsom is treffend: God kan hoop produseer uit wanhoop; medelye uit pyn; vreugde uit bitterheid en sterkte uit swakheid (vergelyk 4.6.7). Die navorser is daarvan oortuig dat God sy kinders troos met beloftes van <u>genesing</u> in Ps. 147:3, 6 – *"Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde; die Here laat die hulpeloses weer opstaan."* Enigeen wat vasgekluister is deur die seer van verwerping, is 'n gevangene en benodig bevryding wat alleen God kan gee.

## 5.3 SLOT

In hierdie hoofstuk is praktykteoretiese riglyne neergelê vir die pastorale berading van die volwasse man / vrou wat in hul kinderjare ouerverwerping ervaar het. In die volgende hoofstuk word die navorser se finale gevolgtrekkings en ander terreine van studie bekyk.

# HOOFSTUK 6
# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

## 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word samevattende gevolgtrekkings gegee van die navorsing oor die verband tussen volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings en die ouer-verwerping wat hulle in hul kinderjare ervaar het, asook van die pastorale riglyne wat gebied kan word om sodanige persone te begelei. Die gevolgtrekkings geskied vanuit die navorser se vertrekpunt as Christen en word volgens die hoofstukindeling van die navorsingsverslag aangebied. Enkele moontlikhede vir verdere navorsing word ten slotte aangedui.

## 6.2 HOOFSTUK 2: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT LITERATUUR-NAVORSING

Uit die metateoretiese navorsing van relevante literatuur kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Vroeë verbondenheid aan en interaksie met ouers beïnvloed die kind se latere sosiale en kognitiewe gedragspatrone, asook sy toekomstige interpersoonlike verhoudings. 'n Gelukkige gesinslewe en 'n ondersteunende, liefdevolle verhouding met ouers voorspel oor die algemeen suksesvolle portuur- en vriendskapsverhoudings.

Volgens die literatuurstudie voorspel ouerverwerping, -verwaarlosing en –mishandeling dikwels misdaad en aggressie by kinders. Die ouer-kind verhouding én latere sosiale verhoudings word deur ouerverwerping benadeel.

Die ouer(s) se afwesigheid en die kind se verlange na menseverhoudings verhoog sy kwesbaarheid vir bendebetrokkenheid en misdaad. Ouerverwerping is egter geen regverdiging vir misdaad en / of aggressie nie, want hierdie reaksies / optredes is 'n persoonlike keuse. Wanneer Christus 'n persoon hervorm, word die misdadiger óók 'n nuwe mens wat met God versoen is.

Die kind se selfwaarde en selfbeeld ontwikkel op grond van sy gevolgtrekkings oor die self na aanleiding van geliefdes (byvoorbeeld ouers) se aanvaarding van en optrede

teenoor die kind. Sonder selfaanvaarding waardeer, respekteer en ag die kind later as volwassene nie sy medemens nie. Tog is die ouer se negatiewe gedrag nie 'n beslissende faktor van 'n kind se selfbeeld en disfunksionele sosiale verhoudings nie. Die beskadigde self én ontwrigte sosiale verhoudings kan herstel word as die verwerpte sy identiteit in Christus aanvaar. Dán sal hy lewe soos die aanvaarde, geliefde kind van God, en nié volgens sy ouer/s se spieëlbeeld nie.

Volgens die literatuurnavorsing laat aktiewe en passiewe ouerverwerping 'n gaping in die kind se lewe wat lewenslank kan voortduur. Wanneer ouers 'n boodskap van liefde, omgee en agting aan 'n kind oordra, voel hy waardevol, geborge en vermoënd. Hierdie besef van persoonlike identiteit, asook liefdevolle ervarings met ouers, vorm die basis van latere sosiale verhoudings.

Kinderjare vol verwerping het 'n negatiewe uitwerking op die persoon se verhouding met God en sy medemens. Die kind wat liefde en waarde moet verdien by openlik verwerpende ouers, sal dikwels in volwassenheid ook goedkeuring en aanvaarding by mense soek.

Die kind se gedragstyle, gevorm in die kinderjare, beïnvloed alle latere verhoudinge. Twee basiese reaksies kom voor: vyandigheid óf 'n soeke na aandag en liefde. Die navorser aanvaar nie die deterministiese benadering dat ouerverwerping die oorsaak van bepaalde houdings en gedrag is nie. Negatiewe omstandighede en ervarings is nié die bepaler of baas van 'n mens se lewe of optredes nie. Elke mens het 'n keuse om met sy sondige gewoontes en optredes voort te gaan óf Christus se reddende genade te aanvaar. In Hom is bevryding van die slawejuk (Gal. 5:1) – ook van die verlede wat knel en bind.

Baie redes word verskaf waarom ouers hul kinders verwerp, maar ouers kan nie hulle verwerping van hulle kinders regverdig nie. Andersyds kan die volwassene nie sý disfunksionele sosiale gedrag aan die ouerverwerping in sy kinderjare toeskryf nie. Hy het die **keuse** om God se heling van valse denke, gevoelens en gedrag te aanvaar en die verlede te oorwin.

'n Algemene opvatting in die literatuur is dat verwerping en ander slegte behandeling deur ouers sogenaamde neurotiese gedrag en interaksiepatrone by die kind skep. Regressiewe gedrag wat as verdediging in die kinderjare gedien het, misluk in volwasse situasies en verhoudings. Die genesing lê egter by Christus wat diep-gewortelde vleeslike gedagtepatrone kan verander. Die depressiewe persoon dink negatief, veral oor die beskikbaarheid van mense. Christus kan egter sy waardigheid en vertroue in mense herstel.

## 6.3 HOOFSTUK 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT EMPIRIESE NAVORSING

Die disfunksionele sosiale verhoudings van die drie gespreksgenote toon die nadelige invloed van ouerverwerping op menseverhoudings. Ouers se negatiewe woorde en uitsprake is geïnternaliseer; elkeen het daarvolgens gelewe en opgetree; en die gevolge was destruktief vir hulle sosiale verhoudings.

Berading op vyf vlakke is nodig met betrekking tot die wil, gevoel, denke, gedrag en verhoudings. Met 'n nuwe identiteit in Christus is heling van die seer en losmaking van die verlede vir al drie moontlik.

## 6.4 HOOFSTUK 4: BASISTEORETIESE (SKRIF)PERSPEKTIEWE

Die model van 'n vader en moeder in die Ou en Nuwe Testament toon 'n warmte-dimensie van onvoorwaardelike liefdesaanvaarding en koestering. God se spesiale bemoeienis met 'n kind, reeds voor geboorte, toon diepe deernis, belangstelling en omgee. Diegene wat 'n kind benadeel word ernstig daarteen gewaarsku.

Die Bybel gee duidelike riglyne met betrekking tot Godsgeïnspireerde, Godsgerigte kinderopvoeding: wys, doelmatig, ferm, beheersd, regverdig, konsekwent, motiverend, opbouend en aanmoedigend, maar nooit afkrakend nie.

Kinders word in die Bybel beveel om hulle ouers te eer en te gehoorsaam, ten spyte van laasgenoemde se swakhede / tekortkominge. Kinders moet hulle ouers vreugdevol en vrywillig gehoorsaam eerder as op 'n gedwonge manier.

Die **medemens** het die bron van mense se emosionele voorsiening - liefde, sekuriteit, goedkeuring en aanvaarding - geword. Volgens Matt. 19:19, moet die naaste **gedien** en **bemin** word, nie selfsugtig gebruik / benodig word nie. God, wat bo alles bemin moet word, is die enigste Een wat die mens innerlike rus, vervulling en vrede kan gee.

Die duiwel slaag daarin om verwerpte mense te bind en te verslaaf deur middel van 'n vals selfbeeld. Sodoende bly God se lewensplan vir hulle onvervuld. Die mens se verdediging en beskerming teen verwerping verhinder dikwels verbinding en uitreik na ander, asook God se genesing.

Die grondbeginsels van oueropvoeding word in die Woord gevind. Ouers wat God ken, volgens sy Woord lewe, en sélf innerlike heling vir hulle probleme ontvang het, sal hulle kinders doeltreffend opvoed. Ouers se destruktiewe gedrag kan van een geslag na die ander oorgedra word. Net God se waarheid kan herstel en bevryding bring.

Alhoewel die verwerpte persoon sy tipe optrede **kies**, word hy sterk beïnvloed deur ouers se liefdeloosheid, onbetrokkenheid, inkonsekwentheid, swak ouerlike voorbeeld en vaderlike hoofskap. Die Bybel wys egter daarop dat elke mens aanspreeklik gehou sal word vir sy woorde en dade. Blaamverskuiwing omseil die verantwoordelikheid vir verkeerde optrede. Negatiewe ervarings in die verlede is géén verskoning vir sondige houdings en gedrag nie, want **God** bied genesing en bevryding daarvan.

## 6.5 HOOFSTUK 5: PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

Uit die meta- en basisteoretiese navorsing het dit geblyk dat verwerping veral in die gees en siel belewe word. Daarom is die wils-, gevoels- en denkvlak in die pastorale riglyne vir bediening aangespreek. Omdat die verwerpte volwassene se disfunksionele gedrag dikwels sosiale verhoudings ruïneer en belemmer, is die gedrags- en verhoudingsvlak ook aangespreek. Vergifnis en versoening is juis op die verhoudingsvlak noodsaaklik.

'n Vier-fase model word vir die pastorale bediening aanbeveel: Fase 1: eksplorasie; Fase 2: visie en keuse; Fase 3: strategieë; Fase 4: beloftes. In die eerste fase word die probleem ondersoek met die oog op begrip daarvan. In die tweede fase kry die persoon 'n blik op 'n veranderde toekoms; maak 'n keuse tot verandering; neem verantwoordelikheid daarvoor en wy homself daaraan toe. In die derde fase word

strategieë aanbeveel met die oog op veranderinge op die konatiewe (wilsvlak), gevoelsvlak, kognitiewe (denkvlak), gedragsvlak en verhoudingsvlak. In die vierde fase word die beradene gewys op God se oordeelsbeloftes, asook sy seënryke beloftes.

## 6.6 FINALE BEVINDING

Al ís die verwerpte persoon innerlik stukkend en skeefgetrek, en al hét sy menseverhoudings vasgeval in 'n disfunksionele chaos, is Christus die antwoord. Hy omskep 'n geredde mens in 'n nuwe skepsel met:

- nuutgemaakte, Godsgerigte **gedagtes** (Rom. 12:2; 2 Kor.10:5; Fil.4:7; Kol. 3:2);
- positiewe **gevoelens** vol innerlike vrede (Joh.14:27) sonder vreesagtigheid (2 Tim.1:7);
- **'n begeerte om God te behaag** (Ps.40:9), in plaas van mense;
- **gedrag** bepaal deur die Gees (Gal. 5:22, 25);
- **die vrug van die Gees** (Gal.5:22) in plaas van die werke van die vlees (Rom.7:18-20; Gal.5:19-20; Ef.2:3).

Omdat Jesus die weg, die waarheid en die lewe is, is Hý die Geneser en enigste Genesingsbron van die grooste seer, óók van verwerping. Die negatiewe impak van ouerverwerping sal uitgewis word wanneer die persoon liefde, aanvaarding en geborgenheid in God, die Vader, waarde en 'n nuwe geestelike identiteit in Christus; en vermoë en krag deur die Heilige Gees vir sinvolle intermenslike verhoudings vind.

## 6.7 MOONTLIKE VERDERE NAVORSINGSTEMAS

Die volgende navorsingstemas kan moontlik vir toekomstige pastorale navorsing oorweeg word:

- Die pastorale begeleiding van kinders wat deur hulle ouers verwerp word.
- Die pastorale begeleiding van ouers wat hulle kinders verwerp.
- Die vernuwing van denke van 'n persoon wat ouerverwerping beleef het.
- Die verband tussen die kind se geslag en sy / haar reaksie op ouerverwerping, veral in volwassenheid.
- Die verband tussen die kind (en latere volwassene) se temperament en die hantering van ouerverwerping.
- Styg volwassenes bo ouerverwerping uit as gevolg van of ten spyte van ouerverwerping?

- Kan die uitwerking van ouerverwerping getemper word as die kind op akademiese en / of sportgebied uitstekend / uitsonderlik presteer?
- Kan 'n besondere talent, byvoorbeeld skryf / musiek / beeldhouwerk, 'n uiting bied vir die seer van ouerverwerping en gevolglik die effek daarvan verminder?
- Kan die teenwoordigheid van 'n liefdevolle substituutouer(s) soos byvoorbeeld grootouer(s) / oom(s) en tante(s) die uitwerking van ouerverwerping verminder / uitwis?
- Watter invloed het ouerverwerping in die kinderjare op die volwassene se latere huweliksverhouding?

## OPSOMMING

## DIE VERBAND TUSSEN DISFUNKSIONELE SOSIALE VERHOUDINGS BY VOLWASSENES EN VERWERPING DEUR HULLE OUERS IN HULLE KINDERJARE. 'N VERKENNING MET DIE OOG OP PASTORALE BERADING

Die doel van hierdie studie was om te bepaal of 'n verband bestaan tussen volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings en die ouerverwerping wat hulle in hul kinderjare ervaar het.

Die studie is gedoen aan die hand van:

- die metateorie met betrekking tot raakvlakke met die menswetenskappe;
- die empiries deur middel van onderhoude en vraelyste;
- Skrifperspektiewe (basisteoreties);
- praktykteoretiese riglyne vir die volwassene wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het.

Die empiriese navorsing met drie jong volwassenes, het getoon dat daar wél 'n verband bestaan tussen volwassenes se disfunksionele sosiale verhoudings en die ouerverwerping wat hulle in hul kinderjare ervaar het.

Oueropvoeding wat God se model van ouers navolg, sal liefdevol, aanvaardend en doelmatig wees. Sonder hierdie eienskappe in die ouer-kind verhouding, sal oueropvoeding faal en die kind se menseverhoudings kan beskadig / belemmer word. Ouerliefde is die sleutelwoord in kinderopvoeding, asook ouers se belangstelling, betrokkenheid en beskikbaarheid.

Praktykteoretiese riglyne is daargestel om volwassenes wat ouerverwerping in hul kinderjare ervaar het, te begelei om:

- die ware vryheid in Jesus Christus te vind;
- Sy onvoorwaardelike liefde te aanvaar;
- die oorvloedige lewe te geniet wat Jesus Christus vir elkeen belowe.

**SLEUTELTERME:**

- Disfunksionele sosiale verhoudings
- Volwassenes
- Ouerverwerping (verwerping deur ouers.)
- Pastorale berading

## ABSTRACT

### THE CONNECTION BETWEEN THE DYSFUNCTIONAL SOCIAL RELATIONSHIPS OF ADULTS WHO EXPERIENCED REJECTION FROM THEIR PARENTS IN CHILDHOOD. AN EXPLORATION WITH A VIEW TO PASTORAL COUNSELING

The purpose of this study was to determine whether a connection exists between the dysfunctional social relationships of adults and the parental rejection they experienced in childhood.

The study was done according to:

- The metatheoretical using tangent planes with the human sciences;
- the empirical by means of interviews and questionnaires;
- Scriptural perspectives (basic theoretical);
- practical theoretical guidelines for the adult who experienced parental rejection in childhood.

The empirical study with three young adults indicated that a connection does exist between the dysfunctional social relationships of adults and the parental rejection they experienced in childhood.

Parental education, which imitates God's model of parents, will be loving, accepting and purposeful. Without these characteristics in the parent-child relationship, the parental education will fail and the child's interpersonal relationships might be damaged / impeded. Parental love is the keyword in childhood, as well as parental interest, involvement and availability.

Practical theoretical guidelines were established to facilitate adults who experienced parental rejection in childhood so that they can:

- Find freedom in Jesus Christ;
- discover their identity in Him;
- accept His unconditional love;
- enjoy the abundant life, which Jesus Christ promises everyone.

**KEYWORDS**

- Dysfunctional social relationships
- Adults
- Parental rejection
- Pastoral counseling

# BRONNELYS


AALDERS, G.CH. 1981. Genesis. Vol II. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

ADAMS, J.E. 1972. Christian Living in the Home. Grand Rapids: Baker Book House.

ADAMS, J.E. 1981. Competent to Counsel. Grand Rapids: Baker Book House.

ADAMS, J.M. & JONES, W.H. eds. 1999. Handbook of Interpersonal Commitment and Relationship Stability. New York: Kluwer Academic / Plenum Publishers.

AITKEN, K.T. 1986. Proverbs. Edinburgh: The St. Andrews Press.

ALLEN, J. 2000. Soos 'n mens dink. Vereeniging: CUM

AMATO, P.R. & FOWLER, F. 2002. Parenting Practices, Child Adjustment and Family Diversity. *Journal of Marriage and Family,* 64:703-716.

ANDERSON, N.T. 1993. 'n Lewe van oorwinning. Vereeniging: CUM.

ANDERSON, N.T. 2002. Bevryding van kettings. Vereeniging: CUM.

ANDERSON, N.T. & PARK, D. 2003. Overcoming Negative Self-image. California: Gospel Light Ventura.

ANGENENT, H. & DE MAN, A. 1996. Background Factors and Juvenile Delinquency. New York: Peter Lang.

ANON. 1983. Venster op die gesin. Openhartige gesprekke met ouers, kinders en familie. Potchefstroom: PU vir C.H.O. Instituut vir reformatoriese studie.

ANON. 2002. Filadelfia Bybelse Berading. Mod. 2 Bloemfontein: Filadelfia Opleidingsentrum.

ANON. 2003. This Brain on Rejection. *Time,* 162, 16:81.

ARAUJO, K; RYST, E. & STEINER, H. 1999. Adolescent Defense Style and Life Stressors. *Child Psychiatry and Human Development,* 30(1):19-27.

ARBONA, C. & POWER, T.G. 2003. Parental Attachment, Self-Esteem, and Antisocial Behaviours among African American, European American, and Mexican American Adolescents. *Journal of Counseling Psychology,* 50 (1):40-51.

AUGSBURGER, D. 1988. The Freedom of Forgiveness. Chicago: Moody Press.

AUGUST, K.T. 2000. The Challenges of Global Developmentally Issues for the Church and Theology: Toward a Hermeneutics of People-Centred Participatory Development in Theological Education. *Practical theology in South Africa*: 15(1).6.

AUSUBEL, D.P. & KIRK, D. 1977. Ego Psychology and Mental Disorder. A Developmental Approach to Psychopathology. New York: Grune & Stratton.

BALDWIN, J. 1988. 1 & 2 Samuel. An Introduction and Commentary. Leicester: Intervarsity Press.

BALDWIN, M.W. & SINCLAIR, L. 1996. Self-Esteem and "If ... then" – Contingencies of Interpersonal Acceptance. *Journal of Personality and Social Psychology*, 71(6).

BARLOW, H.D. & FERDINAND, T.N. 1992. Understanding Delinquency. New York: Harper Collins Publishers.

BARON, R.A. & RICHARDSON, D.R. 1994. Human Aggression. New York: Plenum Press.

BATH, M. & BLANKE, H. 1994. Colossians. A New Translation with Introduction and Commentary. New York: The Anchor Bible.

BAUMEISTER, R.F. & LEARY, M.R. 1995. The Need to belong: Desire for Personal Attachment as a Fundamental Human Motivation. *Psychological Bulletin*, 117 (3):505-522.

BERK, L.E. 1998. Development through the Lifespan. Needham Heights: Allyn & Bacon.

BERK, M.S. & ANDERSON, S.M. 2000. The Impact of Past Relationships on Interpersonal Behaviour: Behavioral Confirmation in the Social-Cognitive Process of Transference. *Journal of Personality and Social Psychology*.79 (4):546-562.

BERNT, T.J. 1992. Child Development. Orlando: Harcourt Brace Jovanovich.

BEVERE, L. 1998. Mens, wat is jou waarde? Springs: VG Uitgewers.

BIRTSCHNELL, J. 1993. How Humans relate. A New Interpersonal Theory. Westport: Praegar Publishers.

BLUNT, S.H. 2000. The Gap no one wants: Baby-Boomer Parents and their Teens reconcile at The CallDC. *Christianity Today*, 44(12):16.

BOCK, D.L. 1996. Luke. Vol. I & II. Baker Exegetical Commentary on the New Testament. Grand Rapids: Baker Books.

BOICE, J.M. 1976. The Gospel of John. Vol. 2. An Expositional Commentary. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

BOICE, J.M. 1978. The Gospel of John. Vol. 4. An Expositional Commantary. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

BOLGER, K.E.; PATTERSON, C.J. & KUPERSMIDT, J.B. 1998. Peer Relationships and Self-Esteem among Children who have been maltreated. *Child Development*, 69(4):1171-1197.

BOOYENS, M.J. 1982. Huwelik en gesin in die Skrif. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

BRASSARD, M.R.; GERMAIN, R. & HART, S.N. 1987. Psychological Maltreatment of Children and Youth. New York: Pergamon Press.

BRATCHER, R.G. & REYBURN, W.D. 1991. A Translator's Handbook on the Book of Psalms. New York: United Bible Societies.

BREWER, M.B. & HEWSTONE, M. 2004. Self and Social Identity. Oxford: Blackwell Publishing Ltd.

BRINK, V. & BRINK, T. 1999. Ouerskap in die millenium. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

BRODIE, T.L. 1993. The Gospel according to John. A Literary and Theological Commentary. New York: Oxford University Press.

BROWN, C.T. & VAN RIPER, C. 1973. Communication in Human Relationships. Illinois: National Textbook Co.

BUNGE, M. 2001. The Child in Christian Thought. Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

BURMAN, E. 1994. Deconstructing Developmental Psychology. London: Routledge.

BYBEL. 1983. Nuwe vertaling. Roggebaai: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CARR, J.B. 1988. Crisis in Intimacy. California: Brooks / Cole Publishing Co.

CARSON, D.A. 1991. The Gospel according to John. Leicester: Inter-Varsity Press.

CASSIDAY-SHAW, A.K. 2002. Family Abuse and the Bible. The Scriptural Perspective. New York: The Haworth Pastoral Press.

CHARLESWORTH, R. 1992. Understanding Child Development. U.S.A.: Delmar Publishers, Inc.

CHIPMAN, S.; OLSEN, S.F.; KLEIN, S.; HART, C.H. & ROBINSON, C.C. 2000. Differences in Retrospective Perceptions of Parenting of Male and Female Inmates and Non-Inmates. *Family Relations*, 49:5-11.

CLARKE, A.M. & CLARKE, A.D.B. eds. 1976. Early Experience: Myth and Evidence. New York: The Tree Press.

CLIFFORD, R.J. 1999. Proverbs. A Commentary. Louisville: Westminister John Knox Press.

CLONINGER, S.C. 1996. Personality. Description, Dynamics and Development.

COCKRAINE, R. & SOBOL, M. 1980. Life Stresses and Psychological Results. (*In* Psychological problems. The Social Context. Feldman, P. & Orford, J. eds. Chichester: John Wiley & Sons.

COETZEE, C. 2006. Die groot soeke na die super-ouer. *Huisgenoot*, 6 April:136-137.

COETZEE, J.C. 1984. Drie wesentlike elemente van egte prediking: indikatief, imperatief en belofte. Potchefstroom: PU vir CHO. (Aantekening: klasdiktaat).

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: Hermeneutiese reëls. (*In* Die Skrif en die wetenskap, Floor, L. & Coetzee, J.C. Potchefstroom: PU vir C.H.O. Wetenskaplike bydraes van die PU vir C.H.O. Reeks J3, Studiestukke, no. 22).

COMBRINK, V. 1986. Skrifgebruik in pastoraat: Die standpunt van Jay E. Adams. Potchefstroom: Dept. Sentrale Publikasies.

CONGER, R.D.; CUI, M.; BRYANT, C.M. & ELDER, Jr. G. H. 2000. Competence in Early Adult Romantic Relationships: a Developmental Perspective on Family Influences. *Journal of Personality and Social Psychology*, 79(2):224-237.

CONWAY, G.E. 2001. Giving Good Gifts. The Spiritual Journey of Parenthood. Louisville: Westminister John Knox Press.

COOK, M. 1980. Self-perception, Perception of others and Social Personality. (*In* Psychological Problems, The Social Context. Feldman, P. & Orford, J., eds. Chichester: John Wiley & Sons).

COVITZ, J. 1986. Emotional Child Abuse. The Family Curse. Boston: Sigo Press.

CRABB, L. 1987. Understanding People. London: Marshall Pickering.

CRABB, L. 1997. Connecting. A Radical New Vision. Nashville: Abingdon Press.

CRADDOCK, F.B. 1990. Luke. Interpretation. A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Louisville: John Knox Press.

CRADDOCK, J. 1993a. Bonding with God. (*In* Your Parents and You. McGee, R.S., Springle, P. & Craddock, J. Houston: Rapha Publishing, pp. 79-86).

CRADDOCK, J. 1993b. Lookin' for Love. (*In* Your Parents and You. McGee, R.S., Springle, P. & Craddock, J. Houston: Rapha Publishing, pp. 17-24).

CRADDOCK, J. 1993c. Metamorphis. (*In* Your Parents and You. McGee, R.S., Springle, P. & Craddock, J. Houston: Rapha Publishing, pp. 117-121).

CRADDOCK, J. 1993d. The Shaping of a Child. (*In* Your Parents and You. McGee, R.S. Springle, P. & Craddock, J. Houston: Rapha Publishing, pp. 3-7).

CRISWELL, W.A. 1974. Ephesians, an Expostition. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

CROFT, J. 1990? Spritual Self-Acceptance. (*In* Total Acceptance. Prince, D. Key, D., Reid, J. & Croft, J. Alabama: Integrity Publications.)

CUI, M., CONGER, R.D., BRYANT, C.M. & ELDER, Jr. G.H. 2002. Parental Behaviour and the Quality of Adolescent Friendship: A Social Contextual Perspective. *Journal of Marriage and Family,* 64:676-689.

CULLINGFORD, D.C. 1999. The Causes of Exclusion. Home, School and the Development of the Young Criminal. London: Kagan Page.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG F. J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking toegepas op 1 Petrus 2:1-12,18-25.

DE WET, F.W. 2006. Inleiding tot Pastorale Studies. Studiegids vir pastoral 121 AB. Potchefstroom: NWU.

DIE BYBEL. 1983. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

DOWNEY, G. & LEBOLT, A. 1998. Rejection Sensitivity and Children's Interpersonal Difficulties. *Child Development*, 69(4):1084-1091.

DRANE, J. & FLEMING-DRANE, O.M. 2004. Family Fortunes. Faithful Caring for Today's Families. London: Longman & Todd Ltd.

DREYER, Y. 1999. 'n Besinning oor meta- en basisteoretiese aannames in die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 14(1):46-60.

DU PLESSIS, I.J. 1990. Brief aan die Kolossense. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

DUBOWITZ, H. (ed). 1999. Neglected Children. Research, Practice and Policy.

DUNN, J.D.G. 1996. The Epistles to the Colossians and Philemon. Grand Rapids: William Eerdmans Publishing Co.

EGAN, G. 1994. The Skilled Helper. California: Brooks / Cole.

ELLENSON, A. 1973. Human Relations. New York: Prentice-Hall, Inc.

EVANS, C.F. 1993. Saint Luke. London: S.C.M. Press.

EVANS, D.G. 2004. Healed without Scars. New Kensington: Whitaker House.

EVANS, D.W. & SEAMAN, J.L. 2000. Developmental Aspects of Psychological Defenses: Their Relation to Self-Complexity, Self-Perception and Symptomatology in Adolescents. *Child Psychiatry and Human Development,* 30(4):237-254.

EVANS, J. & BILLINGTON, A. 1994. Freedom from Your Past. Amarillo: Majestic Media.

EVANS, M.J. 2002. New International Biblical Commentary. 1 & 2 Samuel. Massachusetts: Hendricksen Publishers.

EVOY, J.J. 1981. The Rejected: Psychological Consequences of Parental Rejection. U.S.A.: Pennsylvania State University Press.

FARRELL, R.A. & SWIGERT, V.L. 1988. Social Deviance. California: Wadsworth Publishing Co.

FELDMAN, P. & ORFORD, J., eds. 1980. Psychological Problems. The Social Context. Chichester: John Wiley & Sons.

FERNANDEZ, R. 1977. The I, the Me and You. An Introduction to Social Psychology. New York: Praegar Publishers.

FERRARI, M. 1998. Being and becoming self-aware. (*In* Self-Awareness Its Nature and Development. Ferrari, M. & Sternberg, R.J., eds. New York: The Guilford Press).

FIRESTONE, R.W. & CATTLETT, J.C. 1989. Psychological Defenses in Everyday Life. New York: Human Sciences Press, Inc.

FLOOR, L. 1990. Die Skrif en die wetenskap: is die Skrif 'n kernbron? *Wetenskap en Woord*, 1984, Studiestuk vir PU vir C.H.O. no. 22:1-14.

FLOYD, K. & MORMAN, M.T. 2005. Fathers' Affectionate Communication: Implications of a Naïve Theory of Affection. *Journal of Social and Personal relationships*, 22(1):99-109.

FORWARD, S. 1989. Toxic Parents. New York: Bantam Books.

FOULKES, F. 1989. The Letter of Paul to the Ephesians. An Introduction and Commentary. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Co.

FOX, M.V. 2000. Proverbs 1-9. A New Translation with Introduction and Commentary. New York: Doubleday.

FRANCO, N. & LEVITT, M.J. 1998. The Social Ecology of Middle Childhood: Family Support, Friendship Quality and Self-Esteem. *Family Relations*, 47(4):315-321.

GARLAND, D.E. 1988. Colossians and Philemon. The N.I.V. Application Commentary. From Biblical Text to Contemporary Life. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

GASKELL, G. 2000. Individual and Group Interviewing. (*In* Bauer, M.W. & Gaskell, G. Qualitative Researching with Text Image and Sound. London: Sage Publications Ltd.).

GERSHOFF, E.T.; MILLER, P.C. & HOLDEN, F.W. 1999. Parenting Influences from the Pulpit: Religious Affiliation as a Determinant of Parental Corporal Punishment. *Journal of Family Psychology*, 13(3):307-320.

GIBSON, J.C.L. 1982. Genesis. Vol. 2. Edinburgh: The Saint Andrew Press.

GIBSON, N. & GIBSON, P. 1992. Excuse me ... Your Rejection is showing. Kent: Sovereign World.

GILBERT, P. 1992. Depression. The Evolution of Powerlessness. New York: The Guilford Press.

GORDON, R.P. 1986. 1 & 2 Samuel. A Commentary. Australia & South Africa: The Paternoster Press.

GOTLIB, I.H. & HAMMEN, C.L. 1992. Psychological Aspects of Depression. Toward a Cognitive – Interpersonal Integration. Chichester: John Wiley & Sons.

GRAYSTON, K. 1990. The Gospel of John. Peterborough: Epworth Press.

GREEN, G.L. 2002. The Letters to the Thessalonians. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Co.

GREVEN, P. 1990. Spare the Rod. New York: Alfred A. Knopf.

GRIFFIN, K. & PATTON, B.R. 1976. Fundamentals of Interpersonal Communication. New York: Harper & Row Publishers.

GSCHWEND-BOSCH, E. 2000. Praktiese Bybelse Berading. Pietermaritzburg: Plumline Publishing.

GULOTTA, T.P.; ADAMS, F.R. & MONTEMAYOR, R. 1988. Delinquent Violent Youth. California: Sage Productions.

GUTHRIE, D. 1983. The Letter to the Hebrews. An Introduction and Commentary. Leicester: Inter-Varsity Press.

HAMILTON, M. 1992. Family Matters – A Guide to Christian Family Living. Dublin: Four Courts Press.

HAMILTON, V.P. 1995. The Book of Genesis (18-50). Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Co.

HAMARMAN, S. & BERNET, W. 2000. Evaluating and Reporting Emotional Abuse in Children: Parent-Based Action-Based Focus Aids in Clinical Decision-Making. *American Academy of Child Adolescent Psychiatry*, 39(7):928-930.

HANDEL, G. ed. 1988. Childhood Socialization. New York: Aldine de Gruyter.

HARTLEY, J.E. 2000. Genesis. New International Biblical Commentary. Massachusetts: Hendrickson Publishers, Inc.

HAWKINS, J.D. ed. 1996. Delinquency and Crime. Cambridge: Cambridge University Press.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. History Theory Action Domains. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

HEMFELT, R.; MINIRTH, F. & MEIER, P. 1997. Love is a Choice. Crowborough: Monarch Publications.

HENDRICKSON, W. 1972. New Testament Commentary. Exposition of Ephesians. Grand Rapids: The Banner of Truth Trust.

HENRY, C.S.; SAGER, D.W. & PLUNKETT, S.W. 1996. Adolescents' Perceptions of Family System Characteristics, Parent-Adolescent Dyadic Behaviours, Adolescent Qualities and Adolescent Empathy. *Family Relations*, 45:283-292.

HEPDEN, S. 1992. Explaining Rejection. Kent: Sovereign World Ltd.

HERBERT, M. 1980. Social Skills. (*In* Psychological Problems. The Social Context. Feldman, P. & Orford, J., eds. Chichester: John Wiley & Sons).

HERBERT, M. 1980. Socializing for Problem Resistance. (*In* Psychological Problems. The Social Context. Feldman, P. & Orford, J., eds. Chichester: John Wiley & Sons).

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in Praktiese Teologie. Menlo Park: Gnosis Boeke & Uitgewers Bk.

HILLS, M.J. 2000. Die jy in jou. Pretoria: Henkos Drukkers.

HINKLEY, K. & ANDERSON, S.M. 1996. The Working Self-Concept in Transference: Significant-Other Activation and Self Change. *Journal of Personality and Social Psychology*, 71(6):1279-1295.

HOLMES, S.E.; SLAUGHTER, J.R. & KASHANI, J. 2001. Risk Factors in Childhood that lead to the Development of Conduct Disorder and Antisocial Personality Disorders. *Child Psychiatry and Human Development*, 31(3):185-187.

INGLIS, R. 1978. Sins of the Fathers. New York: St Martin's Press.

JAMES, O. 1995. Juvenile Violence in a Winner-Loser Culture. Socio-Economical and Familial Origins of the Rise in Violence against the Person. Free Association Books.

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1995. Perspektiewe op 'n kontemporêre Gereformeerde bediening. *In die Skriflig*, 29(4)623-644.

JANZEN, J.J. 1993. Abraham and all the Families of the Earth. A Commentary on the Book of Genesis (12-50). Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

JENSEN, K.B. 2002. The Qualitative Research Process. (*In* Jensen, K.B., ed. A Handbook of Media and Communication Research. London: Routledge).

JOUBERT, D. 1992. Reflections on Social Value. Pretoria: Human Science Research Council Publishers.

JOUBERT, P. 2006. Inligtingstuk oor die verband tussen psigiatrie, psigologie en pastoraal.

JOUBERT, S. 2003. Beheer God jou denke? Vereeniging: CUM.

KAGAN, J. 1998. Is there a Self in Infancy? (*In* Self-Awareness Its Nature and Development. Ferrari, M. & Sternberg, R.J., eds. New York: The Guilford Press).

KAIL, R.V. 1998. Children and their Development. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

KAIL, R.V. & CAVANAUGH, J.C. 2002. Human Development. A Lifespan View. U.S.A: Wordsworth.

KEY, D. 1990? Self-acceptance. (*In* Total Acceptance. Prince, D., Key, D., Reid, J. & Croft, J. Alabama: Integrity Publications.)

KNIGHT, G.A.F. 1983. The Psalms, Vol. 2. Edinburgh: The Saint Andrew Press.

KRUGER, S.F. & VENTER, C.J.H. 1996. Selfliefde: 'n Skrifondersoek met die oog op die omlyning van basisteoretiese perspektiewe vir die pastoraat. *In die Skriflig*, 30(3):365-381.

LAUFS, R. 1983. Ons huis, 'n ware tuiste. (*In* Venster op die gesin. Openhartige gesprekke met ouers, kinders en familie. Potchefstroom: PU vir CHO. Instituut vir reformatoriese studie.)

LEARY, M.R. 2003. Commentary on Self-Esteem as an Interpersonal Monitor: The Sociometer Hypothesis (1995). *Psychological Inquiry*, 14(3&4):270-274.

LESSE, S. ed. 1988. What we know about Suicidal Behaviour and how to treat it. Northvale: Jason Aronson Inc.

LIEBMAN, J.L. ed. 1972. Psychiatry and Religion. New York: books for Libraries Press.

MACARTHUR, J. JR. 1982. The Family. Chicago: Moody Press.

MAC DONALD, M.Y. 2000. Colossians and Ephesians. Sacra Pagina Series. Vol. 17. Collegeville: The Liturgical Press.

MALINA, B.; JOUBERT, S & VAN DER WALT, J. 1995. Vensters wat die Woord laat oopgaan. Halfway House: Orion Uitgewers.

MARSCHAK, M. 1980. Parent-Child Interaction and Youth Rebellion. New York: Gardner Press, Inc.

MARSHALL, I.H. 1983. 1 & 2 Thessalonians. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

McGEE, R.S. 1993a. And you shall know the Truth. (*In* Your Parents and You. McGee R.S., Springle, P. & Craddock, J. Houston: Rapha Publishers, pp.123-132).

McGEE, R.S. 1993b. The Need to forgive. (*In* Your Parents and You. McGee, R.S., Springle, P. & Craddock, J. Houston: Rapha Publishing, pp. 67-75).

McGEE, R.S. 1993c. Your Parents and You. (*In* Your Parents and You. Houston: Rapha Publishing, pp.9-16).

McGEE, R.S. 1998. The Search for Significance. Nashville: W. Publishing Group.

McGEE, R.S., SPRINGLE, P. & CRADDOCK, J. 1993. Your Parents and You. Houston: Rapha Publishing.

McMENAMIN, C. 2000. Letting God fulfil Your Emotional Needs. Oregon: Harvest House Publishers.

McMINN, M.R. 1996. Psychology, Theology and Spirituality in Christian Counseling. Wheaton, Ill: Tyndale House Publishers.

MILLER, A. 2002. Against Spanking. *Tikkuni*, 15(2):17.

MINIRTH, F.B. 1977. Christian Psychiatry. New Jersey: Fleming H. Revell Co.

MOHANTY, J.N. 2000. The Self and its Other. New York: Oxford University Press.

MOULE, H.C.G. 1977. Studies in Ephesians. Grand Rapids: Kregel Publications.

MUSSEN, P.H.; CONGER, J.J.; KAGAN, J. & HUSTON, A.C. 1990. Child Development and Personality. New York: Harper & Row Publishers.

NAIRNE, J.S. 2006. Psychology. U.S.A.: Thomson Wadsworth.

NEUMAN, W.L. 2000. Social Research Methods. Needham Heights: MA Allyn & Bacon.

O'BRIEN, P.J. 1999. The Letter to the Ephesians. Grand Rapids: William Eerdmans.

ORFORD, J. 1980. The Home Context. (*In* Psychological Problems. The Social Context. Feldman, P. & Orford, J., eds. Chichester: John Wiley & Sons.)

PARKES, C.M.; STEVENSEN-HINDE, J. & MARRIS, P. 1991. Attachment across the Lifecycle. London: Tavistock / Routledge.

PATZIA, A.Y. 1984. New International Biblical Commentary. Ephesians, Colossians and Philemon. Peabody: Hendrickson Publishers.

PAYNE, L. 1996. Restoring the Christian Soul. Grand Rapids: Baker Books.

PEARCE, C.M.; MARTIN, G. & WOOD, K. 1995. Significance of Touch for Perceptions of Parenting and Psychological Adjustment among Adolescents. *American Academy of Child Adolescent Psychiatry*, 34(2):160-167.

PERDUE, L.G. 2000. Proverbs. Interpretations. A Bible Commentary for teaching and preaching. Louisville: John Knox Press.

PERETTI, F. 2002. Die gewonde gees. Vereeniging: CUM.

PETERS, R.; MAHON, R.J. & QUINSEY, V.L. eds. 1992. Aggression and Violence through the Lifespan. Newbury Park: Sage Publications.

PIETERSE, H. 1993. Praktiese Teologie as Kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN-Uitgewers.

PLUMER, W.S. 1975. Psalms. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

PRINCE, D. 1990? From Rejection to Acceptance. (*In* Total Acceptance. Prince, D. Key, D. Reid, J. & Croft, J. Alabama: Integrity Publications.)

PRINCE, D. 1993. God's Remedy for Rejection. U.S.A.: Whitaker House.

PRINCE, D., KEY, D., REID, J. & CROFT, J. 1990? Total Acceptance. Alabama: Integrity Publications.

PRINGLE, M.K. 1985. The Needs of Children. London: Hutchinson.

RAGIN, C.C. 1994. Constructing Social Research. Thousand Oaks: Pine Forge Press. Rejection Theory. Beverley Hills: Sage Publications.

RENN, D. 1989. Emotional Abuse of the Child. San Diego: Libra Publishers.

RETIEF, Y. 1999. Lag weer oor die dag wat kom. Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

RICHARDS, L.O. 1975. A Theology of Christian Education. Grand Rapids: Zondervan.

ROBERTS, J.H. 1990. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

ROHNER, R.P. 1975. They love, they love me not. U.S.A.: HRAF Press.

ROHNER, R.P. 1986. The Warmth Dimension-Foundation of Parental Acceptance-Rejection Theory. Beverly Hills: Sage Publications.

ROHNER, R.P.; BOURQUE, S.L. & ELORDI, C.A. 1996. Children's Perceptions of Corporal Punishment, Caretaker Acceptance, and Psychological Adjustment in a Poor, Biracial Southern Community. *Journal of Marriage and the Family*, 58:842-852.

ROZENBERG, M.S. & ZLOTOWITZ, B.M. 1999. The Book of Psalms. New Jersey: Jason Aronson, Inc.

SAUL, L.J. 1977. The Childhood Emotional Pattern: the Key to Personality, its Disorders and Therapy. New York: Van Nostrand Reinhold Co.

SAUL, L.J. 1979. The Childhood Emotional Pattern and Maturity. New York: Van Nostrand Reinhold Co.

SAUL, L.J. 1980. The Childhood Emotional Pattern and Human Hostility. New York: Van Nostrand Reinhold Co.

SCHEURICH, I.J. 1997. Research Method in the Postmodern. London: The Falmer Press.

SCHICKEDANZ, J.A.; SCHICKEDANZ, D.J.; FORSYTH, P.D. & FORSYTH, G.A. 1998. Understanding Children and Adolescents. Boston: Allyn & Bacon.

